DIE KERKORDE

AANVULLENDE BEPALINGE

EN

REGLEMENTE

Leerbaarheid Vertroue Deernis Openheid

VIR GEBRUIK IN DIE

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

2007

Die Kerkorde

en

Aanvullende Bepalinge

en

Reglemente

vir gebruik in die

NG Kerk in Oos-Kaapland

soos onderskeidelik vasgestel deur die

Algemene Sinode in Junie 2007

en die Sinode van Oos-Kaapland in November 2007

INHOUDSOPGAWE

1 KERKORDE EN AANVULLENDE BEPALINGE 3

Hoofstuk 1 – Die belydenis en orde van die Kerk 3
Hoofstuk 2 – Die ampte van die Kerk 4
2.1 Algemene Bepalinge 4
2.2 Die bedienaars van die Woord 4
2.3 Ouderlinge en diakens 20
Hoofstuk 3 – Die vergaderinge van die Kerk 24
3.1 Algemene Bepalinge 24
3.2 Besondere Bepalinge 27
3.2.1 Die kerkraad 27
3.2.2 Die ring 34
3.2.3 Die sinode 38
3.2.4 Die Algemene Sinode 45
Hoofstuk 4 – Die arbeid van die Kerk 48
4.1 Die openbare erediens 48
4.2 Die sakramente 49
4.3 Jeugbediening 51
4.4 Herderlike sorg 53
4.5 Gemeentebediening 53
4.6 Sending/Getuienis 56
4.7 Diens van Barmhartigheid 57
4.8 Die dienswerk van die gelowiges 59
4.9 Leer en Aktuele Sake 59
4.10 Rentmeesterskap 59
Hoofstuk 5 – Kerklike opsig en tug 62
Hoofstuk 6 – Betrekkinge van die Kerk na buite 70
6.1 Kerk en staat 70
6.2 Kerk, maatskappy en vrye vereniging 70
6.3 Kerk en onderwys 70
6.4 Kerk en ekumeniese betrekkinge 70

2 REGLEMENTE 77

OOS-KAAP
1 Orde 79
2 Reëling van 'n sinodale vergadering 89
3 Skriba 91
4 Kassier 92
5 Aktuarius van die Sinode 93
6 Direkteur Administrasie van die Sinode 94
7 Die kerkkantoor 96
8 Kerklike fondse en die beheer daarvan 98
9 Reglement vir die Direkteur Begeleiding van die Sinode 105

10 Argief en museum 106
10(A) Reglement vir die hantering van Registers 111
11 Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika 120

ALGEMENE SINODE

AS1 Reglement: Moderamen van die Algemene Sinode (ASM)
AS2 Reglemente vir Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk
AS3 Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente 121
AS4 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Bybelvertaling, –verklaring en –verspreiding (ATBV)
AS5 Reglement vir die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis (ADD)
AS6 Reglement vir vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes 126
AS7 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Fondse (ATF)
AS8 Reglement vir die Algemene Diensgroep Gemeente-Ontwikkeling (ADGO)
AS9 Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse 132
AS10 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Kerklike Media (ATKM)
AS11 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (ATLAS)
AS12 Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van Evangeliedienaars 140
AS13 Reglement van Orde
AS14 Reglement vir die Algemene Taakspan Regte (ATR)
AS15 Reglement vir die Sending/Getuienis van die NG Kerk 149
AS16 Reglement vir Tentmakerbediening 154
AS17 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Teologiese Opleiding (ATTO)
AS18 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en ander Christelike kerke en groepe 156
AS19 Reglement vir die verlof van predikante en sinodale amptenare 159
AS20 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Diensverhoudinge (ATDV)
AS21 Reglement vir die Vrouelessenaar

3 VORMS VIR KERKLIKE GEBRUIK 161

1 Doopseel 162
2 Verkorte Doopseel 163
3 Aansoek om wysiging of laatinskrywing in doopregister 164
4 Aansoek om wysiging of laatinskrywing in lidmateregister 166
5 Attestaat 168
6 Reisattestaat 169
7 Verklaring vir die ondertekening deur lidmate van ander erkende kerke 170
8 Bewys van lidmaatskap 171
9 Verklaring insake lidmaatskap 172
10 Plegtige Legitimasie-verklaring 173
11 Akte van Legitimasie 174
12 Beroepsbrief vir leraars 175
13 Akte van Bevestiging 176
14 Akte van Demissie 177
15 Akte van Demissie by emeritaat 179
16 Geloofsbrief vir Ring en Sinode 180
17 Afstigtingsvorm 181
18 Vorm vir die indiening van klagtes by die kerkraad 182
19 Vorm vir die oproep van aangeklaagdes 183
20 Vorm vir die oproep van getuies 184
21 Konsepooreenkoms vir gebruik deur kerkrade binne die familie van NG Kerke in geval van gelyktydige diens van die leraar in twee gemeentes 185
22 Ander vorms 186

4 RIGLYNE EN FUNKSIONELE BESLUITE 187

1 Beginsels, besluite, riglyne en handleidings 188
2 Riglyne vir die beslegting van kerklike geskille 188
3 Riglyne vir die bediening van die nagmaal buite die erediens 189
4 Riglyne vir samewerking met ander sendingorganisasies 189
5 Riglyne vir die bevoegdheid van leraars van NG Kerk wat saam met ander organisasies of kerke werk 189
6 Riglyne vir arbeidsverhoudinge 190
7 Riglyne vir vergoeding aan werkgewers 190
8 Bediening van dooplidmate in skoolkoshuise 190
9 Bediening van sakramente deur proponente 190
10 Beroepbaarheid van leraars binne die familie van NG Kerke 191
11 Bybel 191
12 Doop 193
13 Geloftedag as Versoeningsdag 195
14 Kapelane 195
15 Kerklied 196
16 Kerklike lidmaatskap 196

17 Legitimasie met beperkte opdrag 198
18 NG Kerkseel 199
19 Nagmaal 199
20 Omruiling van standplase 201
21 Outeursreg en sangbundels 202
22 Predikante 203
23 Buitelandse bediening 204
24 Kerkhereniging 204
25 Homoseksualiteit 209
26 Die NG Kerk en die Grondwet 209
27 Nagmaalwyn 209
28 Beroepbaarheid en die Belharbelydenis 209
29 Misbruike rondom die beroepstelsel 210
30 Besluite oor die funksionering van die Algemene Sinode 210
31 Kerklike tug – groter erns met toepassing 211
32 Amptelike verklarings namens die kerk 211
33 Die gee van tiendes 211
34 Egskeiding en hertrou 212
35 Vrymesselary 212
36 Riglyne vir persoonlike kerkvisitasie 212
37 Lys van spesiale kollektes en bydraes wat deur gemeentes oorweeg kan word 216

5 ALFABETIESE SAKEREGISTER 217

INLEIDING

Die sinode sou kon volstaan met die Kerkorde as die riglyn vir hoe in die Kerk gehandel moet word. Uit die praktyk blyk dit egter te vaag te wees vir talle konkrete situasies wat in die gemeentes, ringe en by die sinode ontstaan. Daarom word daar bepalinge en reglemente opgestel sodat die beginsels van die Kerkorde meer praktiese waarde verkry.

Die gevaar by die Bepalinge en Reglemente is tweeledig. Aan die een kant kan dit wetties word. Dan raak dit so ingewikkeld en riskant dat die meeste leraars en kerkrade wegskram van die gebruik daarvan. Aan die ander kant kan dit so algemeen bly dat dit nie in praktiese situasies grondvat nie.

Indien die Bepalinge en Reglemente egter weer vir elke praktiese situasie voorsiening probeer maak, is daar 'n hele aantal voorskrifte wat nie in 'n bepaalde gemeente van toepassing is nie. Dan moet die kerkraad besluit watter bepalinge vir hom geld en watter kan hy ignoreer. Die gevolg hiervan is dat die Bepalinge en Reglemente dan relatief raak en sy gesag inboet.

Die formaat waarin hierdie weergawe gegiet is, is 'n poging om by die gevare en probleme verby te kom. Elke kategorie het 'n eie funksie en moet daarvolgens aangewend word. So kan die Bepalinge nie fungeer sonder die Artikels van die Kerkorde nie en probeer dit nie in die plek daarvan kom nie. Die twee moet saam gelees word. Ter verduideliking geld dan die volgende:

Die Artikels is die Kerkorde van die Algemene Sinode en stel die beginsels waarvolgens die orde in die NG Kerk gehandhaaf word. Die Algemene Sinode het ook by sommige artikels omskrywende besluite geneem wat dieselfde gesag dra as die bepalinge. Hierdie besluite is met 'n "b" in die nommers aangedui.

Die Bepalinge is die sinode se uitwerk van die Kerkorde sodat dit uitgevoer kan word in die sinodale gebied. Elke lidmaat en kerkvergadering is gebind aan die Kerkorde (Artikels) en Bepalinge.

Die Aantekeninge is 'n praktiese weg waarlangs uitvoering aan die Artikel en Bepalings gegee kan word, maar is nie die enigste moontlikheid nie. Die aantekeninge kan dus gebruik word as **'n handleiding by die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente** sonder dat dit die bindende gesag van eersgenoemde het. Die aantekeninge gee dan ook die ruimte om soms 'n verduideliking of kommentaar by die artikel en bepaling te voeg.

Die Reglemente is Bepalinge wat rondom 'n onderwerp, funksie of amp saamgevoeg is om dit makliker te vind. Reglemente het dieselfde bindingsgesag as die Bepalinge. Verwysings na Reglemente van die Algemene Sinode word met AS voor die reglementnommer aangedui, andersins verwys dit na reglemente van die Sinode van Oos-Kaapland.

Goedgekeur en onderteken deur die Sinodale Regskommissie 2007:

Ds AC vd Westhuizen (Voorsitter)

Ds DF Oelofse (Skriba)

Ds WA van Zyl (Aktuarius)

Ds WPM van Niekerk

Oudl JCH Greyling

Oudl JZ du Plessis



P Cilliers (Regsgeleerde)

DIE KERKORDE EN AANVULLENDE BEPALINGE

HOOFSTUK 1 - DIE BELYDENIS EN ORDE VAN DIE KERK

Artikel 1

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Bepaling 1

Algemene belydenisskrifte wat deur die Kerk erken word, is die historiese belydenisskrifte van die Christelike Kerk:

1.1 die Apostoliese Geloofsbelydenis

1.2 die Geloofsbelydenis van Nicea

1.3 die Geloofsbelydenis van Athanasius.

Artikel 2

2.1 Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor 14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die Kerk met die oog op die volbrenging van sy taak en roeping ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Belydenis.

2.2 Hierdie bepalinge handel oor die ampte in die Kerk, die vergaderinge van die Kerk, die werksaamhede van die Kerk, regering en tug van die Kerk en die betrekkinge van die Kerk na buite.

2.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk reël sy eie interne orde op grond van sy onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as kerk van Jesus Christus en ook op grond van sy reg tot vryheid van godsdiens.

-oo0oo-

HOOFSTUK 2 - DIE AMPTE VAN DIE KERK

2.1 ALGEMENE BEPALINGE

Artikel 3

3.1 Dienswerk is deelname aan die werk wat God die Vader in Christus deur sy Gees in die wêreld doen om Sy koninkryk te vestig.

3.2 Elke lidmaat is deur God tot diens in die gemeente en wêreld geroep.

3.3 Lidmate kan afgesonder word om op 'n besondere wyse in een of meer van die gemeente se bedieninge diensbaar te wees.

3.4 Die volgende ampte word onderskei om amptelik leiding te neem:

- *** Dié van lerende ouderling of bedienaar van die Woord[1]**
- *** Dié van regerende ouderling**
- *** Dié van diaken**

3.5 Dié ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei.

Artikel 4

Niemand mag in die kerk van Christus in een van die besondere ampte dien sonder dat hy/sy

- *** op wettige wyse beroep (of verkies) is,**
- *** die nodige approbasie verkry het, en**
- *** bevestig is nie.**

2.2 DIE BEDIENAARS VAN DIE WOORD

Artikel 5

5.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:

5.1.1 'n geskiktheid vir die amp;

5.1.2 'n deeglike teologiese opleiding en

5.1.3 die ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.

5.2 Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied.

5.3 Die sorg vir, asook die beheer en toesig oor die opleiding van evangeliedienaars word deur 'n kuratorium behartig.

5.3.1 Wanneer meer as een sinode om historiese of ander redes by ‘n kuratorium betrokke is, reël die betrokke sinodes onderling die wyse waarop die kuratorium saamgestel word. Ander sinodes het die reg om op eie koste elk een verteenwoordiger in die kuratorium te benoem.

5.3.2 Die kuratorium is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van teologiese studente. Hierdie verantwoordelikhede kan namens die kuratorium deur ('n) kommissie(s) van die kuratorium behartig word.

[1] In die *Kerkorde* verwys “leraar”, “evangeliedienaar” en “predikant” na “bedienaar van die Woord” en het die begrippe ooreenstemmende betekenisse.

5.3.3 Die raad van dosente is meer bepaald vir die akademiese opleiding van die studente verantwoordelik.

5.3.4 Een lid van die raad van dosente het met adviserende stem sitting in die kuratorium.

5.4 Ten opsigte van universiteite waar daar nie 'n teologiese fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk bestaan nie, geskied die keuring, begeleiding en toesighouding oor studente wat met die eerste fase van die opleiding vir die evangeliebediening besig is, deur 'n sinodale kommissie vir begeleiding wat deur die betrokke sinode benoem word.

5.5 Die kuratorium benoem 'n eksamenkommissie wat bestaan uit soveel lede as wat hy nodig ag uit bevoegde persone voorgelê aan die kuratorium deur die onderskeie sinodes en wat nie noodwendig lede van die kuratorium hoef te wees nie. Die eksamenkommissie het as opdragte:

5.5.1 Die keuring en aanbeveling by die kuratorium van kandidate na voltooiing van hul teologiese studies.

5.5.2 Die afneem van *colloquium doctum.*

Artikel 6

Die verlening van ampsbevoegdheid as bedienaar van die Woord in al sy gestaltes (KO art. 9) of die wegneem daarvan geskied deur die Algemene Taakspan Regte namens die Algemene Sinode.

Artikel 7

7.1 'n Bedienaar van die Woord vir 'n plaaslike gemeente word deur die kerkraad van die gemeente met goedkeuring van die gemeente en die ring, beroep. Voordat die beroepsbrief afgestuur word, moet

7.1.1 die goedkeuring van die gemeente deur afkondiging verkry word;

7.1.2 die Ring (of sy gevolmagtigde Kommissie) skriftelik bevestig dat daar aan al die kerklike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is. Indien nie aan die vereistes voldoen is nie, word die beroep deur die Ring of sy gevolmagtigde Kommissie ongeldig verklaar.

7.1.3 Besware teen 'n beroep of beroepene word by die betrokke ring of ringskommissie ingedien wat dit volgens die Bepalinge van die betrokke sinodale gebied hanteer.

7.2 Bedienaars van die Woord in diens van die kerkverband (Ring, Sinode of Algemene Sinode (sien Regl. 3: 2.3.1 en 2.3.2)) word deur die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde kommissie beroep. Voordat die Beroepsbrief afgestuur word, moet

7.2.1 die goedkeuring van die kerkverband verkry word deur bekendmaking van die beroep in die Kerkbode en

7.2.2 die betrokke Sinodale Regs-/Kerkordekommissie of sy gevolmagtigde skriftelik bevestig dat daar aan al die kerklike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is. Indien nie aan die vereistes voldoen is nie, word die beroep deur die betrokke Sinodale Regs-/Kerkordekommissie of sy gevolmagtigde na die kerkvergadering terugverwys vir regstelling, of, indien nodig, die beroep ongeldig verklaar.

7.3 Die beroepsvergadering stel die beroepsbrief op.

7.3.1 *'n Verteenwoordiger van die Ringskommissie, wat nie lid van die betrokke gemeente is nie, adviseer die kerkraad.*

7.3.2 In gevalle van beroepe deur die kerkverband, word die advies deur die betrokke Sinodale Regs-/Kerkordekommissie of sy gevolmagtigde gegee.

7.4 Die beroepsbrief is die diensaanbod wat aan die hand van KO art. 9 die diensopdrag en na aanleiding van KO art. 13 die diensvoordele van die beroepene omskryf. In gevalle van beroepe deur die kerkverband, word die nodige aanpassings gemaak ten opsigte van die diensopdrag en diensvoordele.

7.5 Binne die raamwerk van die *Kerkorde* en die sinodale besluite van toepassing is die bepalinge in die beroepsbrief onderhandelbaar by oorweging van die beroep.

7.6 Na oorweging van die bepalinge van die beroepsbrief en enige onderhandelinge daaromtrent, word die diensooreenkoms waarvolgens die bedienaar van die Woord in diens van die gemeente of die kerkverband gaan tree, finaal opgestel.

7.7 Die finale diensooreenkoms met 'n gemeenteleraar word deur die Ring (of sy gevolmagtigde Kommissie) en in geval van 'n Bedienaar van die Woord in diens van die kerkverband deur die betrokke Sinodale Regs-/Kerkordekommissie of sy gevolmagtigde goedgekeur. Hierna word die finale ooreenkoms deur beide partye onderteken en kan die bevestiging plaasvind met in agneming van die ander vereistes vir bevestiging (sien KO art. 8).

7.8 Hierdie diensooreenkoms kan van tyd tot tyd gewysig word met instemming van beide partye en skriftelike goedkeuring van die Ring (of sy gevolmagtigde Kommissie) in die geval van 'n gemeenteleraar, en die betrokke Sinodale Regs-/Kerkordekommissie of sy gevolmagtigde in die geval van 'n leraar in diens van die kerkverband.

Besluite by Artikel 7

7b1 Proforma vir 'n beroepsbrief en die finale diensooreenkoms.

7b1.1 Identifikasie van die partye.

7b1.2 Aanhef.

7b1.3 Diensomskrywing: Algemene diensverpligtinge (Artikel 9) met gepaardgaande spesifieke verwagtinge.

7b1.4 Vergoeding en byvoordele (Artikel 13).

7b1.5 Die wedersydse erkenning deur die partye dat hulle geskrewe ooreenkoms onderhewig is aan die bepalinge van die Kerkorde en die besluite van die Algemene Sinode en die betrokke sinode soos van tyd tot tyd gewysig.

7b1.6 Aanvangsdatum (a) in die geval van leraars in diens van gemeentes of in diens van die kerkverband, die datum van demissie. (b) in ander gevalle waar 'n beroep aanvaar is, is die aanvangsdatum die datum van bevestiging of 'n datum soos ooreengekom.

7b1.7 'n Verklaring deur die beroepene dat daar geen hangende of dreigende tughandeling teen hom/haar is nie en dat hy/sy aan die plegtige legitimasie-verklaring getrou sal bly.

7b1.8 Die partye se handtekeninge met getuies en datum van ondertekening as aanvaarding dat 'n diensooreenkoms tussen die partye tot stand kom.

7b2 Besluit ter verduideliking van Art. 7.1:

7b2.1 Hierdie beroeping vind plaas vanuit 'n groslys wat saamgestel is op die volgende wyse:

7b2.1.1 Die kerkraad van die beroepende gemeente stel die groslys saam en elke kerkraadslid het die reg om soveel name op die groslys te plaas as wat daar vakatures is EN/OF

7b2.1.2 Die kerkraad kan ook geskikte name van die ringskommissie en die Algemene Taakgroep vir Predikantebediening aanvra om die groslys aan te vul EN

7b2.1. 3 Die lidmate van die gemeente moet versoek word om by die skriba van die kerkraad/pre-advieskommissie name in te gee vir plasing op die groslys EN/OF

7b2.1.4 Die kerkraad kan die naam van die beroepende gemeente en die datum van die beroepsvergadering onder amptelike berigte in die Kerkbode plaas. Leraars en proponente kan dan indien hulle wil, vertroulik daarop reageer deur hulle name tesame met 'n curriculum vitae aan die kerkraad voor te lê. Kerkrade van beroepende gemeentes kan aan leraars op die groslys 'n vraelys uitstuur waarin uitdruklike bedieningsgerigte vrae gestel word.

7b2.1.5 Die kerkraad het die reg om 'n curriculum vitae aan te vra van enige leraar of proponent wie se naam op die groslys verskyn. Beroeping geskied in die strengste vertroulikheid volgens die bepalings van elke sinode.

7b2.2 Indien die kerkraad van 'n pre-advieskommissie gebruik maak, word die beskikbare name aan die kommissie voorgelê wat daaruit minstens drie name kies en dit in alfabetiese volgorde aan die kerkraad voorlê tesame met al die ander name op die groslys. Enige lid van die kerkraad het die reg om 'n verdere naam op die groslys te plaas.

7b3 Besluit ter verduideliking van Art. 7.5:

Enige vorm van onderhandeling met iemand wie se naam op die groslys verskyn, kan slegs plaasvind nadat 'n beroep op hom/haar uitgebring is. Kerkrade word daarop gewys dat hulle in hierdie verband nie verder kan gaan as wat die besluite van die Algemene Sinode voor ruimte laat nie.

Bepaling 7

Beroeping van bedienaars van die Woord

7.1 Vakatures

7.1.1 Die **aanvulling van vakatures** geskied so spoedig moontlik. Indien dit nie binne drie maande kan geskied nie, moet die toestemming van die ring/ringskommissie verkry word om die beroep uit te stel.

Aantekening

1 Vakatures bestaan vanaf die datum waarop die leraar bedank, geskors of afgesit is, demissie ontvang, sterf of 'n nuwe gemeente gestig is.

7.1.2 By **langdurige vakatures** of na skorsing of bedanking van 'n leraar adviseer die ringskommissie indien nodig, die kerkraad met betrekking tot die geestelike bearbeiding van die gemeente.

7.2 Die **beroepbaarheid** van persone word bepaal deur Reglement AS3.

Aantekening

In hierdie verband het die Algemene Sinode die volgende besluite geneem wat van toepassing is:

1 Verandering van standplaas binne drie jaar

Die Algemene Sinode het besluit "dat dit in die reël nie ten bate van die Evangelie is indien lerende ampsdraers wat positiewe diens lewer, binne drie jaar hulle standplaas ontruim nie."

2 Omruiling van standplaas

a) Leraars wat weens buitengewone omstandighede daartoe verplig word of wat 'n omruiling van standplaas begeer, kan in oorleg met die betrokke kerkrade reëlings tref vir die omruiling van hulle standplase.

b) Sodanige reëlings moet in geskrewe ooreenkoms deur die betrokke kerkrade goedgekeur word waarna dit vir goedkeuring aan die ring/ringskommissie voorgelê word.

c) Hierdie ooreenkoms tot omruiling moet eers deur die betrokke ring/ringskommissie goedgekeur word voordat uitvoering daaraan gegee mag word.
d) Kennisgewing hiervan word in die amptelike blad van die Kerk gegee.
e) Die bepalings ten opsigte van die bevestiging van 'n leraar in 'n gemeente is ook hier van toepassing (AS 1994).

3 Dieselfde vakature

'n Leraar wat vir 'n beroep bedank het, mag nie weer vir dieselfde vakature beroep word nie (AS 1966).

4 Ongeldig verklaarde beroep

Indien 'n leraar se beroep ongeldig verklaar word omdat vir hom/haar propaganda gemaak is, mag sy/haar naam nie tydens die betrokke vakature weer op die groslys geplaas word nie (AS 1966).

5 Kapelane wat verplaas word

Die volgende prosedure word gevolg:
a) Eers besluit die kerkraad of hy gewillig is om die kapelaan as medeleraar met spesiale en beperkte opdrag ooreenkomstig sy/haar werk as staatsbesoldigde te aanvaar.
b) Indien die kerkraad toestem, word soos by 'n gewone beroep die kieskollege opgeroep om 'n beroep uit te bring.
c) Die beroepende liggaam word gevra om per geslote stembrief "Ja" en "Nee" te stem. Daarmee word uitdrukking gegee aan die vryheid van keuse.
d) As 'n volstrekte meerderheid "Ja" stem, word die beroep soos gewoonlik afgekondig, en word daar verder insake die goedkeuring van die beroep, ens, soos die Bepalinge voorskryf, gehandel (AS 1990).

7.3 Die **beroeping van leraars** geskied deur 'n gekonstitueerde kerkraadsvergadering wat ook die traktement bepaal en die beroepsbrief onderteken (vgl Art 7.3).

Aantekening

1 Omdat die gemeente betrokke is by die beroeping is dit noodsaaklik dat die gemeente vooraf kennis dra van die uitbring van 'n beroep. Dit is voldoende as die beroepsvergadering op twee opeenvolgende Sondae by die openbare erediens afgekondig word. Indien die beroepsvergadering by voorbaat belê word, wagtende 'n bedanking, is een afkondiging genoeg.
2 Gemeentes in kombinasie beroep volgens ooreenkoms soos in Reglement AS6.
3 Leraars in diens van die kerkverband word benoem deur die betrokke (sinodale kommissie wat daartoe opdrag het.
4 Prosedure by stemming

a) Elke lid stem per geslote stembrief vir een naam uit die vasgestelde groslys.
b) Die leraar op wie die volstrekte meerderheid van stemme uitgebring is (meer as die helfte van die teenwoordige lede), word as die beroepene verklaar (Reglement 1:15.1 en 3).
c) Behaal niemand die volstrekte meerderheid in die eerste stemming nie, vind daar 'n tweede stemming plaas uit die name wat die hoogste getal stemme verkry het en saam 'n volstrekte meerderheid vorm.

d) Behaal niemand die volstrekte meerderheid in die tweede stemming nie, word 'n tweetal gevorm uit die name wat die hoogste getal stemme gekry het. Indien twee of meer name dieselfde aantal stemme gekry het, sodat dit nie dadelik duidelik is wie in die tweetal moet kom nie, word daar gestem tussen diegene wat eweveel stemme verkry het om vas te stel wie die tweetal vorm.

e) Die finale stemming geskied uit die tweetal wat so gevorm is.

f) Indien die stemme staak beslis die lot nadat die Naam van die Here aangeroep is.

5 Indien die konsulent beroep word en tydens die vergadering daarvoor bedank, kan die vergadering dadelik 'n volgende beroep uitbring.

7.4 Die voorsitter

7.4.1 sien toe dat daar geen ooreenkoms of afspraak by die beroep is nie (vgl Legitimasieverklaring, Vorm 10). Kerkraadslede is verplig om enige ongerymdheid onder die aandag van die voorsitter te bring;

7.4.2 sien toe dat die beroepsbrief volledig ingevul en deur al die lede van die beroepsvergadering onderteken is;

7.4.3 gee dadelik aan die beroepene kennis van die beroep en versend die beroepsbrief aan hom/haar;

7.4.4 gee dadelik kennis aan die *Kerkbode* van die beroep (en die aanname of bedanking daarvan); en

7.4.5 sien toe dat die beroep op twee opeenvolgende Sondae aan die gemeente bekend gemaak word.

7.5 Besware teen 'n beroep

7.5.1 kan skriftelik deur 'n ongesensureerde lidmaat ingedien word by die voorsitter van die kerkraad tot op die aand van die dag van die tweede afkondiging;

7.5.2 kan deur die konsulent of 'n lid van die ringskommissie gemaak word deur te weier om die beroep kerklik goed te keur; en

7.5.3 word skriftelik en duidelik gedoen op grond van die leer en/of wandel van die beroepene of op grond van onreëlmatighede by die uitbring van die beroep.

7.6 Hantering van besware

7.6.1 Alle besware word aan die voorsitter van die ring besorg vir behandeling deur die appèlkommissie van die ring (Besluit 23b2.1).

7.6.2 Die appèlkommissie ondersoek en beslis oor besware insake onreëlmatighede ivm die uitbring van die beroep gee berig aan die kerkraad en verslag aan die ring.

7.6.3 Die appèlkommissie verwys besware teen die leer of wandel van die beroepene na die ring onder wie se toesig die beroepene staan.

7.6.4 Beslis die appèlkommissie dat die beswaar ongegrond is, kry die kerkraad kennis om met die beroep voort te gaan. Is die beswaar gegrond, word die ring opgeroep om te besluit of die beroep verval.

7.6.5 Die ring dra sy besluit aan die kerkraad oor. Die voorsitter van die kerkraad berig aan die beroepene en belê, indien nodig, dadelik 'n beroepsvergadering.

7.7 Onmiddellik nadat die gemeente se goedkeuring verkry is, lê die voorsitter van die beroepende vergadering die volgende amptelike verklaring aan die ring/rings-kommissie voor:

- dat die beroeping in alle opsigte volgens kerklike bepalinge geskied het;
- dat die beroepsbrief behoorlik voltooi en deur 'n kworum van die kerkraad onderteken is en dat die emolumente daarin gewaarborg in ooreenstemming is met die besluite van die sinode en Algemene Sinode;
- dat geen wettige beswaar ingedien is nie; en
- dat die pensioenbydrae van die be-roepende gemeente in orde is.

Aantekening

1 Die voorsitter kan berig dat die verklaring versend is.

2 Die kerkraad kan sy leraar van amptelike advies bedien wanneer hy/sy 'n beroep ontvang.

3 Die diensverhoudingkommissie van die kerkraad [vgl Besluit 12b1.1] onderhandel met die beroepene oor die finale diensooreenkoms [Artikel 7.4 en 7.5].

Artikel 8

8.1 Die bevestiging van ’n gemeenteleraar geskied nadat:

8.1.1 die Ring (of sy gevolmagtigde Kommissie) skriftelik bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is.

8.1.2 ’n Akte van demissie uit die vorige werkkring of in die geval van evangeliedienaars wat in ’n nie-kerklike betrekking gestaan het, ook ’n getuigskrif van eervolle ontslag en ’n attestaat uit die vorige gemeente aan die Ring of sy gevolmagtigde kommissie voorgelê en by die beroepende kerkraad ingedien is.

8.1.3 In die geval van proponente moet

8.1.3.1 die akte van legitimasie getoon word;

8.1.3.2 'n attestaat by die beroepende kerkraad ingelewer word en;

8.1.3.3 geskied die bevestiging met oplegging van hande waarna predikantsbevoegdheid verkry word.

8.2 Die bevestiging van 'n leraar in diens van die kerkverband vind plaas nadat:

8.2.1 Die betrokke Sinodale Regs-/Kerkordekommissie of sy gevolmagtigde skriftelik bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is;

8.2.2 'n Akte van demissie uit die vorige werkkring, of in die geval van evangeliedienaars wat in 'n nie-kerklike betrekking gestaan het, ook 'n getuigskrif van eervolle ontslag en 'n attestaat uit die huidige gemeente aan die Sinodale Regs-/Kerkordekommissie of sy gevolmagtigde voorgelê is.

8.2.3 In die geval van proponente, moet die akte van legitimasie aan die Sinodale Regs-/Kerkordekommissie of sy gevolmagtigde voorgelê word en geskied die bevestiging met die oplegging van hande waarna predikantsbevoegdheid verkry word.

8.2.4 Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke kerkvergadering in wie se diens die leraar/proponent is om onverwyld kennis aan die ATR te gee van enige verandering wat mag intree ten opsigte van standplaas en/of bevoegdheid.

Bepaling 8

8.1 Prosedure by bevestiging van bedienaars van die Woord

8.1.1 Demissie word verleen nadat die beroepene skriftelik aan die voorsitter van die kerkraad te kenne gegee het dat hy/sy die beroep aanneem (vgl Bepaling 13.1).

Aantekening
1 Die datum waarop die betrekking met die gemeente losgemaak word, word bepaal in oorleg met die kerkraad (en konsulent).

8.1.2 Demissie word verleen deur die konsulent (of ander leraar van die ring deur die konsulent daartoe versoek) in 'n behoorlik gekonstitueerde kerkraadsvergadering.

Aantekening
1 Dit word by wyse van die Akte van Demissie (Vorm 14) aan hom/haar oorhandig by die laaste erediens waar hy/sy optree.

2 Aan proponente en leraars in tydelike diens word 'n getuigskrif by vertrek oorhandig.

8.2 Die ring/ringskommissie benodig die volgende stukke om **goedkeuring tot bevestiging** te verleen: die beroepsbrief, skriftelike aanname; Akte van Demissie en by proponente die Akte van Legitimasie.

Aantekening
1 Om vertraging te voorkom, kan goedkeuring tot bevestiging gegee word met skriftelike bevestiging daarna.

8.3 Die **bevestiging vind plaas** so spoedig moontlik op die datum en plek soos tussen die beroepene en die kerkraad ooreengekom.

8.4 Die **voorsitter van die kerkraad,** konsulent of ander leraar van die ring deur hom/haar daartoe versoek, behartig die bevestiging nadat hy/sy hom/haar vergewis het dat die vereistes van Bepalinge 7.7 en 8.2 nagekom is.

8.5 Die **bevestiging van proponente** geskied met handoplegging

Aantekening
1 Al die leraars van die ring word in die Kerkbode hiertoe opgeroep.
2 Diensdoenende leraars of emeriti van erkende kerke mag deel in die handoplegging.
3 Die beroepene kan in oorleg met die kerkraad enige leraar uit die NG Kerk nooi om die bevestigingsrede te hou.
4 Proponente wat na die sendingveld gestuur word, word bevestig as leraar van die sendende gemeente(s).
5 Proponente wat beroepe na ander kerke aanvaar, word bevestig in en volgens die bepalinge van daardie kerk.

8.6 Die voorsitter van die beroepende vergadering gee dadelik kennis van die bevestiging aan die ringskriba. Lg gee kennis van die bevestiging van alle leraars aan die *Kerkbode* en die Direkteur Administrasie en van die bevestiging van proponente aan die aktuarius van die sinode.

Aantekening
1 Die Direkteur Administrasie benodig die vorige en huidige adresse van die bevestigde leraar vir kennisgewing aan die registrateur van huwelike en ten opsigte van proponente vir die aansoek om aanstelling as huweliksbevestiger.

2 Die aktuarius benodig die datum van bevestiging, die naam van die bevestiger, die volle name en adres van die bevestigde proponent vir die uitreiking van 'n Akte van Bevestiging (Vorm 13).

8.7 Op grond van die **Akte van Demissie** word die naam van die leraar en sy/haar gesin in die **lidmateregister** ingeskryf. Die datum van demissie word aangeteken as die datum van vertrek. Proponente dien hulle attestaat in by die gemeente waar hulle bevestig word.

Artikel 9

9.1 Die fokus van die amp van die predikant is die bediening van die Woord (in al sy gestaltes) en van die sakramente, sowel as die toerusting van gelowiges vir die deelname van die kerk aan die werk van God in sy wêreld.

9.2 Die predikant is geroep om die Woord van God te bestudeer, onderrig daarin te gee en dit oral te verkondig; om die sakramente te bedien en om saam met en vir die gemeente te bid en 'n navolger van Christus te wees op so 'n manier dat ander hom/haar kan navolg.

9.3 Die amp van predikant funksioneer binne 'n gemeente of as deel van dienswerk van die kerkverband in die wêreld.

9.4 In gemeentes aanvaar die predikant veral verantwoordelikheid vir prediking en die bediening van die sakramente. Die predikant is, saam met die ander ampte, verantwoordelik vir:

- **die diens van die gebede,**
- **eredienste,**
- **onderrig en toerusting,**
- **opbou van die gemeente,**
- **die gemeente se dienswerk in die wêreld;**
- **leiding en organisering van die gemeente;**
- **uitoefening van Christelike liefde en tug,**
- **pastorale versorging.**

Kerkrade onderskei, saam met die predikant, oor die wyse waarop dié roeping en verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in 'n diensooreenkoms.

9.5 Die predikant neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.

9.6 As deel van die dienswerk van die kerkverband aan die wêreld tref die kerkverband reëlings oor wyses waarop die predikant deelneem aan die werk wat God in Christus deur sy Gees in die wêreld doen.

Bepaling 9

Ampspligte van die bedienaar van die Woord

9.1 Naas die omskrywing in Artikel 9 dien gelet te word op:

die verkondiging van die Woord op Christelike feesdae by die bevestiging van huwelike en die lei van begrafnisse

Aantekening

1 Daarby kom ook:

a) die sistematiese prediking aan die hand van die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofs-belydenis Dordtse Leerreëls en die lydensgeskiedenis van Christus;

b) die hou van voorbereidings- en dankseggings-dienste mbt die Nagmaal
c) die prediking oor die betekenis van die doop en die herdenking van die Kerkhervorming;
d) die verantwoordelikheid vir die kategeseskool afneem van belydenisaflegging en jeugbediening en
e) die bevestiging van kerkraadslede

f) In die geval van langdurige of buitengewone afwesigheid uit die gemeente sorg die leraar dat sy dienswerk tot bevrediging van die kerkraad waargeneem word. Die kerkraad gee kennis hievan aan die voorsitter van die ring.
g) Is die verlof vanweë siekte van die leraar sorg die kerkraad vir die behoorlike vervulling van sy dienswerk Die ring kan hierin help (Besluit by Artikel 12 – 12b2.2.1 en Reglement AS22.2).

Artikel 10

'n Bedienaar van die Woord mag geen ampspligte (Artikel 9) uitoefen binne die grense van 'n ander gemeente sonder die toestemming van daardie kerkraad nie.

Besluit by Artikel 10 (2002):

10b1 Die behartiging van herderlike sorg by ingeskrewe lidmate van 'n gemeente wat in 'n ander gemeente se grense woon, mag wel geskied in ooreenstemming met die besluit van die sinode dat lidmate ook buite 'n gemeente se geografiese grense mag woon.

Artikel 11

11.1 Predikante kan die kerkdiens slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Hulle hou op om predikant te wees indien hulle hulle gemeente of werkkring in die kerkverband verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar. Hulle kan egter vooraf van die ATR verlof ontvang om hulle bevoegdheid as proponent te behou.

11.2 Sodanige behoud van die bevoegdheid kan alleen verleen word indien die betrekking wat hulle aanvaar, 'n geestelike karakter dra wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word.

11.3 Indien daar ander gewigtige redes is, kan sodanige behoud van die bevoegdheid alleen verleen word indien die ATR, op grond van aanbevelings van die kerkraad en die ring, oordeel daar genoegsame *bona fide*[2] redes is om 'n ander betrekking[3] te aanvaar.

[2] *Bona fide* redes is wanneer 'n leraar bedank uit sy werkkring sonder dat daar enigsins sprake is van dissiplinêre en/of tug optredes teen die predikant. Redes kan inhou dat die leraar vir die huidige nie sy weg oopsien om voort te gaan met die bediening nie.

[3] Met die toekenning van proponent bevoegdheid, kan die volgende ook oorweeg word, naamlik "dra die ander betrekking 'n geestelike karakter wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word.

Besluit by Artikel 11

11b1 *Dit staan kerkrade vry om predikante vir ’n bepaalde termyn en vir ’n bepaalde taak te beroep in gevalle waar dit nie gaan om ’n permanente pos nie, maar om die gemeente se bedieningsbehoeftes.*

11b2 *'n Emeritus, ouer as 65 jaar maar jonger as 70 jaar, kan met die goedkeuring van die ring, vir 'n bepaalde termyn en 'n bepaalde taak beroep word.*

11b3 *Die termynbepaalde pos word geskep met approbasie/goedkeuring van die Ring/ Ringskommissie wat die meriete daarvan moet oorweeg.*

11b4 *Aan die einde van die termyn behou so 'n persoon die bevoegdheid wat hy/sy gehad het voor hy/sy in die pos bevestig is.*

Aantekening

1 Vir tentmakerbediening vgl Reglement AS16.

Artikel 12

12.1 Predikante word vir die uitvoering van hulle amp of bediening deur ’n kerkvergadering (kerkraad, ring, sinode, Algemene Sinode) beroep en in diens gestel.

12.2 'n Predikant is, as geroepene van die Here deur Sy kerk, aan die Here én aan die betrokke kerkvergadering verantwoording verskuldig.

12.3 Die kerkvergadering gee aan die predikante die respek en ondersteuning wat hulle as geroepenes van die Here en sy kerk in staat kan stel om hulle amp en bediening effektief uit te voer.

12.4 Indiensneming en diensbeëindiging geskied deur die betrokke kerkvergadering soos bepaal deur die *Kerkorde* en ander geldende besluite.

12.5 Slegs persone wat die nodige ampsbevoegdheid het (vgl. KO art. 6) kan in 'n gemeente of in die kerkverband as predikant dien (vgl. voetnoot 1 by KO art. 3 en ook Reglement AS3).

12.6 'n Predikant se dienste word met onmiddellike effek beëindig by verlies van ampsbevoegdheid ingevolge die Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente.

12.7 Die betrokke kerkvergadering, soos bepaal deur die *Kerkorde* en ander geldende besluite, kan die dienste van 'n predikant in die volgende gevalle beëindig:

12.7.1 op grond van wangedrag (vgl. *Kerkorde*, hoofstuk 5);

12.7.2 op grond van onbekwaamheid of ongeskiktheid (vgl. *12b 2.2*);

12.7.3 op grond van die gemeente op kerkverband se finansiële onvermoë (vgl. *12b 2.3* en en *12b 2.4.2*).

Besluite by Artikel 12

12b1 Algemene uitgangspunte

12b1.1 Elke kerkvergadering het 'n kommissie wat die diensverhouding tussen hom as werkgewer en sy werknemers bestuur. Die kommissie kan kundiges betrek.

12b1.2 In alle gevalle van diensbeëindiging ingevolge Artikel 12.7 word aan die Algemene Taakspan Regte kennis gegee van die predikant se diensbeëindiging.

12b1.3 Werkgewers moet vir elke predikant se diensbeëindiging 'n rekord hou waarin die aard van optrede ingevolge Artikel 12, die optrede van die werkgewer en die redes vir die optrede aangedui word.

12b1.4 Vir die diensverhouding tussen gemeentes en die kerkverband met ander werknemers as predikante sien Artikel 58.

12b2 Prosedures (wyses van optrede)

12b2.1 ***Wangedrag***

In geval van wangedrag deur predikante tree die toesighoudende ring volgens die prosedure vir kerklike tug op.

12b2.2 ***Gebrekkige bedieningsvaardigheid of dienslewering***

Indien 'n kerkraad of die betrokke ring as toesighoudende liggaam, oordeel dat ‘n formele ondersoek na die bekwaamheid of geskiktheid van 'n predikant nodig is, word die saak op die agenda van die kerkraad geplaas vir hantering aan die hand van die volgende prosedure met verslag aan die ring.

12b2.2.1 Die betrokke kerklike vergadering versoek sy kommissie wat die diensverhouding tussen predikant en gemeente/kerkverband hanteer, bygestaan deur die Ringskommissie of ten minste drie lede van die laaste ringsvergadering deur die Ringskommissie aangewys, om die bekwaamheid of geskiktheid van die predikant formeel te ondersoek. Die vereistes vir 'n formele ondersoek is dieselfde as die vereistes wat geld vir 'n tugondersoek (vgl. KO Art 63) soos aangepas vir die formele ondersoek na bekwaamheid of geskiktheid.

12b2.2.2 Tydens die ondersoek kry die predikant geleentheid om sy/haar kant van die saak te stel en om hom/haar te verweer teen die besware teen sy/haar diens. Die predikant kan deur 'n medelidmaat bygestaan word.

12b2.2.3 Die besware oor ongeskiktheid of onbekwaamheid wat formeel ondersoek gaan word, moet skriftelik onder die aandag van die predikant gebring word.

12b2.2.4 Indien bevind word dat die predikant onbevredigende diens lewer, moet die redes vir die onbevredigende diens en die vereistes waaraan hy/sy moet voldoen, in oorleg met hom/haar en skriftelik onder sy/haar aandag gebring word.

12b2.2.5 Die kommissie doen alles in sy vermoë om deur toepaslike evaluering, toerusting, begeleiding (leiding en advies) en berading die betrokke predikant te help om bevredigende diens aan die gemeente te lewer.

12b2.2.6 ‘n Redelike tyd word toegelaat vir die predikant om sy/haar dienste te verbeter en te voldoen aan die vereistes wat die kerkraad aan hom/haar gestel het.

12b2.2.7 Die kerkraad oorweeg ander wyses buiten diensbeëindiging om die aangeleentheid reg te stel.

12b2.2.8 Indien die kommissie tot die gevolgtrekking kom dat die onbekwaamheid of ongeskiktheid nie uit die weg te ruim is nie, kan die kerkraad die predikant uit diens van die gemeente ontslaan met behoud van bevoegdheid en die uitreiking van ‘n akte van demissie.

12b2.2.9 In gevalle waar die predikant in diens van die kerkverband is, versoek die kerkvergadering sy kommissie wat die diensverhouding tussen die predikant en die kerkvergadering hanteer, om in samewerking met die Sinodale Regs/Kerkordekommissie of sy gevolmagtigde die bekwaamheid of geskiktheid van die predikant formeel te ondersoek. Dieselfde prosedure soos uiteengesit in 12.2.2.2 – 12.2.2.8 soos aangepas, word gevolg.

12b2.3 ***Die gemeente/kerkverband se finansiële onvermoë (bedryfsvereistes)***

Indien 'n gemeente of die betrokke ring as toesighoudende liggaam, oordeel dat ‘n gemeente om finansiële redes nie meer 'n predikant kan bekostig nie, word die saak op die agenda van die kerkraad geplaas vir hantering aan die hand van die volgende prosedure met verslag aan die ring.

12b2.3.1 Die kerkraad versoek sy finansiële kommissie om in samewerking met die ring se kommissie vir fondse en oorleg met sy kommissie wat die diensverhouding tussen predikant en kerkraad hanteer, die saak formeel te ondersoek.

12b2.3.2 Die kommissie bepaal die omvang van die finansiële probleem en wend daadwerklike pogings aan om oplossings te soek.[4]

12b2.3.3 Indien diensbeëindiging die enigste oplossing blyk te wees, pleeg die kommissie oorleg met die predikant(e) wat waarskynlik deur die beoogde diensbeëindiging geraak sal word.

12b2.3.4 Die oorlegplegende partye poog om eenstemmigheid te bereik oor:

12b2.3.4.1 geskikte maatreëls om die diensbeëindiging te vermy, dit tot die minimum persone te beperk, die tydsberekening daarvan te verander en die nadelige gevolge daarvan te versag;

12b2.3.4.2 die metode van selektering van die predikant (e) wie se dienste beëindig gaan word;

12b2.3.4.3 voorsiening by diensbeëindiging (uittreeloon of skeidingspakket).

12b2.3.5 Die kommissie voorsien skriftelik aan die predikant (e) met wie oorleg gepleeg word:

12b2.3.5.1 die redes vir die beoogde diensbeëindiging;

12b2.3.5.2 alternatiewe wat oorweeg is voordat diensbeëindiging voorgestel is en die redes waarom elk van die alternatiewe verwerp is;

12b2.3.5.3 die aantal predikante wat waarskynlik geraak gaan word;

12b2.3.5.4 die voorgestelde metode van selektering van welke predikant(e) se diens beëindig moet word;

12b2.3.5.5 die datum waarop die diensbeëindiging waarskynlik van krag sal word;

12b2.3.5.6 die voorgestelde voorsiening by diensbeëindiging (uittreeloon of skeidingspakket);

12b2.3.5.7 enige bystand wat die kerkraad beoog om aan te bied;

12b2.3.5.8 die moontlikheid van 'n toekomstige beroep.

12b2.3.6 Die betrokke predikant (e word geleentheid gebied om vertoë te rig oor enige aangeleentheid waaroor oorleg gepleeg word, en die kommissie oorweeg die vertoë en reageer daarop. Indien die kommissie nie daarmee eens is nie, verstrek die kommissie redes daarvoor.

12b2.3.7 Die kommissie selekteer die predikant (e) wie se diens beëindig gaan word volgens maatstawwe waaroor die oorlegplegende partye ooreengekom het of wat, indien daar nie eenstemmigheid is nie, billik en objektief is.

12b2.3.8 By bereiking van 'n ooreenkoms en na ondertekening daarvan deur die oorlegplegende partye, beëindig die kerkraad die diens van die predikant(e) met behoud van bevoegdheid en die uitreiking van 'n akte van demissie Indien daar nie eenstemmigheid is nie, besluit die werkgewer op billike en objektiewe wyse in die lig van die voorgeskrewe voorsiening.

12b2.4 ***Voorsiening***

In gevalle van diensbeëindiging geld die volgende reëling met betrekking tot billike voorsiening:

12b2.4.1 ***Diensbeëindiging weens wangedrag***

12b2.4.1.1 Die uitbetaling van alle uitstaande verlof ingevolge die bepalings van die Reglement vir die verlof van predikante en sinodale amptenare (Reglement AS19).

12b2.4.1.2 In gevalle van summiere ontslag word behuisingsvoordele vir 30 dae na die ontslag voorsien.

12b2.4.1.3 In gevalle van ontslag op 'n datum soos besluit deur die kerkraad word lewensonderhoud, toelaes en behuisingsvoordele voorsien soos ooreengekom tot op dié datum.

[4] Voorbeelde is: voorgesette diens teen verminderde diensvoordele en -verpligtinge, tentmakerbediening, aanstelling in 'n ander pos, standplaasruiling en kombinasie.

12b2.4.2 ***Diensbeëindiging weens onbekwaamheid of ongeskiktheid***

12b2.4.2.1 In gevalle van diensbeëindiging weens onbekwaamheid 'n uittreeloon/skeidingsloon gelyk aan ten minste twee weke se lewensonderhoud en toelaes vir elke voltooide jaar van aaneenlopende diens by die betrokke werkgewer, asook reëlings in verband met pensioendekking en die werkgewer se bydraes tot die mediese fonds en groepversekering vir hierdie periode. In dié verband geld 'n minimum van 4 weke en 'n maksimum van 26 weke.

12b2.4.2.2 Die uitbetaling van alle uitstaande verlof ingevolge die bepalings van die Reglement vir die verlof van predikante en sinodale amptenare (Regl. AS19)

12b2.4.3 ***Diensbeëindiging weens mediese ongeskiktheid***

12b2.4.3.1 In gevalle van mediese ongeskiktheid ontvang die predikant toelae van die betrokke reglement.[5]

12b2.4.3.2 In gevalle waar 'n reglement wat ongeskiktheidsvoordele reël nie van toepassing is nie, 'n uittreeloon/skeidingsloon gelyk aan ten minste 2 weke se lewensonderhoud en toelaes vir elke voltooide jaar van aaneenlopende diens by die betrokke werkgewer, asook reëlings in verband met pensioendekking en die werkgewer se bydraes tot die mediese fonds en groepslewensversekering vir hierdie periode. In dié verband geld 'n minimum van 4 weke en 'n maksimum van 26 weke.

12b2.4.3.3 Die uitbetaling van alle uitstaande verlof ingevolge die bepalings van die Reglement vir die verlof van predikante en sinodale amptenare (Regl. AS19).

12b2.4.4 Diensbeëindiging weens finansiële onvermoë

12b2.4.4.1 In gevalle van diensbeëindiging weens die gemeente/kerkverband se finansiële onvermoë, 'n uittreeloon/skeidingsloon gelyk aan ten minste twee weke se lewensonderhoud en toelaes vir elke voltooide jaar van aaneenlopende diens by die betrokke werkgewer, asook reëlings in verband met pensioendekking en die werkgewer se bydraes tot die mediese fonds en groepsversekering vir hierdie periode.

12b2.4.4.2 Die uitbetaling van alle uitstaande verlof ingevolge die bepalings van die Reglement vir die verlof van predikante en sinodale amptenare (Regl. AS19).

12b.3 Appèl

12b3.1 In alle geval van diensbeëindiging het die predikant die reg van appèl ingevolge Artikel 23. By diensbeëindiging ingevolge Artikel 12.7 word die predikant oor die rede ingelig en herinner aan die reg van appèl.

12b3.2 In geval van die verlies van bevoegdheid het 'n predikant reg van appèl na die Moderamen/Algemene Sinode.

Artikel 13

Die gemeente, kerkverband of instansie in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, moet omsien na sy/haar geestelike, emosionele en fisiese behoeftes en beroepsontwikkeling en is verantwoordelik vir sy/haar lewensonderhoud (of in geval van deeltydse bediening vir die kontraktuele deel van die lewensonderhoud en toelaes).

[5] Kerkrade moet hulle voor die beëindiging van diens weens mediese ongeskiktheid vergewis van die bepalinge van die betrokke reglement.

Bepaling 13

Die lewensonderhoud van leraars

13.1 Die **verantwoordelikheid** van die beroepende gemeente begin vanaf die datum van die leraar se demissie uit sy/haar vorige werkkring, maar by proponente vanaf die datum van bevestiging.

Aantekening
1 Dit geld ook indien hy/sy voor sy/haar bevestiging sou aftree of sterf (vgl Bepaling 8.1.1).

13.2 Elke leraar ontvang:

13.2.1 'n **Lewensonderhoud** volgens die salarisskaal van die Algemene Sinode of sy Fondsekommissie 'n Leraar se eerste diensjaar strek vanaf sy/haar bevestiging tot aan die einde van die boekjaar in die volgende kalenderjaar.

Aantekening
1 Wanneer hierdie skaal nie gehandhaaf kan word nie, moet volgens Besluit 12b2.4.4 gehandel word.

13.2.2 'n **motor- of vervoertoelaag** minstens volgens Oos-Kaapse sinodale besluit;

13.2.3 'n **vry woning** waarby water en ligte, krag en huishoudelike brandstof ingesluit is, of die toekenning van 'n woningstoelae wat hiermee gelykstaan;

13.2.4 'n **telefoon** vir amptelike gebruik;

13.2.5 'n **jaarlikse vakansiebonus** volgens Oos-Kaapse sinodale besluit;

13.2.6 die inbetaling van inleggelde en jaarlikse premies verbonde aan die **Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika** deur die kerkraad ten behoewe van die leraar; en

13.2.7 die betaling van 50% van die premie van 'n **mediese hulpskema.**

Aantekening
1 Die sinode verwag dat alle predikante in die sinodale gebied aan 'n mediese skema behoort.

13.3 Vervoerkoste

13.3.1 Die gemeente wat beroep het, sorg vir die vervoer van die beroepene se goedere en betaal die reiskoste vir hom/haar en sy/haar gesin volgens sinodale skaal.

13.4 Verlof van predikante

Sien **Reglement AS19** - Reglement vir die verlof van predikante en sinodale amptenare.

Artikel 14

Wanneer bedienaars van die Woord weens verswakte gesondheid of ouderdom of andersins uit die diens tree en as hulle daarvoor kwalifiseer, moet hulle toelae ontvang volgens die bepalinge van die betrokke reglement. Daar behoort ook voldoende voorsiening gemaak te word vir die weduwees en wese van die bedienaars van die Woord.

Bepaling 14

Emeritering, bedanking of afsterwe van 'n bedienaar van die Woord

14.1 Aftree-ouderdom

Die verpligte aftree-ouderdom van alle leraars is 65 jaar. Die minimum aftree-ouderdom word bepaal in oorleg met die kommissie in beheer van die pensioenfonds.

Aantekening

1 Hierdie aftree-ouderdom is van toepassing op leraars in kerklike diens, in diens van inrigtings, ens.

2 'n Leraar mag vir hoogstens ses maande na sy/haar vyf en sestigste verjaardag en met die toestemming van die betrokke kerkraad/kommissie in sy diens aanbly (AS 1986). (Vgl ook Besluit by Artikel 11)

3 In normale omstandighede behoort 'n predikant nie voor sy/haar sestigste verjaardag te emeriteer nie.

14.2 Die verlening van demissie by emeritering

14.2.1 By emeritering word demissie deur beide die kerkraad en die ring verleen na skriftelike aansoek by beide en die afkondiging daarvan op twee opeenvolgende Sondae in die gemeente.

Aantekening

1 Die aansoek behoort minstens drie maande voor beoogde emeritering ingehandig te word.

2 Dieselfde prosedure geld vir 'n leraar wat uit die gemeente bedank nadat hy/sy by die Algemene Taakspan Regte verlof tot die behoud van sy/haar bevoegdheid verkry het.

3 In geval van beswaar kan die ringskommissie voorlopig demissie weier en verslag doen aan die eersvolgende vergadering van die ring wat na bevinding van sake handel.

14.2.2 Die ringskommissie win inligting in by die saakgelastigde van die NG Kerk in Suid-Afrika oor die pensioenposisie van die aftredende leraar en doen daaroor 'n verklaring aan hom/haar by die uitreiking van die Akte van Demissie.

Aantekening

1 Indien nodig gee die ringskommissie aan die konsulent kennis van die verlening van demissie.

14.2.3 Nadat die ringskommissie ingestem het, word demissie deur die kerkraad verleen in 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die kerkraad.

14.2.4 Die Akte van Demissie (Vorm 14) onderteken deur die ringskommissie word deur die kerkraad aan die aftredende leraar oorhandig.

Aantekening

1 Dit geskied verkieslik by die laaste erediens waar hy/sy optree as leraar van die gemeente.

14.2.5 Die ringskriba gee onverwyld kennis van die emeritering, bedanking of afsterwe van 'n leraar aan die Direkteur Administrasie van die NG Kerk in Oos- Kaapland en die saakgelastigde van die NG Kerk in Suid-Afrika. Wanneer 'n leraar uit die bediening bedank en sy/haar bevoegdheid as predikant verloor, gee die skriba ook kennis aan die aktuarius van die Sinode van Oos-Kaapland.

Aantekening

1 Die Direkteur Administrasie benodig die inligting om die betrokke staatsdepartement dienooreenkomstig te verwittig tov sy/haar posisie as huweliksbevestiger.

2 Indien 'n emeritus sy/haar aanstelling as huweliks-bevestiger wil behou, moet sy/haar aansoek en nuwe adres die kennisgewing vergesel.

3 Die saakgelastigde van die NG Kerk in Suid-Afrika benodig die inligting en 'n afskrif van die Akte van Demissie tov die emeritus se pensioen.

4 Die aktuarius benodig die inligting om die Akte van Legitimasie in te vorder en die verlies van bevoegdheid by die Algemene Taakspan Regte te finaliseer.

14.2.6 Hertoelating van emeriti

14.2.6.1 Die ring wat aan hom/haar demissieverleen het, oorweeg sy/haar aansoek waarby 'n getuigskrif van die gemeente waarin hy/sy woon en 'n mediese sertifikaat van geskiktheid ingesluit is.

14.2.6.2 Indien die aansoek slaag, stel die ringskriba die aktuarius daarvan in kennis sodat hy/sy die leraar in die *Kerkbode* weer beroepbaar kan stel.

14.3 Afsterwe van 'n bedienaar van die Woord

14.3.1 Die kerkraad gee dadelik kennis aan die konsulent indien daar nie 'n medeleraar is nie.

14.3.2 Sy/haar eggenoot en/of afhanklike kinders ontvang vir ses maande na sy/haar dood sy/haar gewone traktement Hulle het ook vir drie maande na sy/haar dood vrye en onbelemmerde inwoning van die pastorie.

Aantekening
1 Indien hy/sy 'n eie huis bewoon en toelae ontvang, ontvang die eggenoot en/of afhanklike kinders dit vir drie maande na sy/haar dood.

14.4 Predikante Pensioenfonds

Elke kerkraad wat 'n leraar beroep of sinodale kommissies wat leraars benoem, is verplig om voorsiening te maak vir pensioenvoorregte volgens die reglement van die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika.

14.4.2 Waar 'n **tentmakerspos** geskep word, moet die advies van die saakgelastigde van die NG Kerk in Suid-Afrika eers verkry word.

2.3 OUDERLINGE EN DIAKENS

Artikel 15

15.1 Ouderlinge en diakens onderskryf met hulle bevestiging deur hulle handtekening hulle instemming met die belydenis van die kerk.

15.2 Daar behoort 'n gereelde aftrede van ouderlinge en diakens te wees. Elke sinode bepaal die dienstermyn van ouderlinge en diakens.

Bepaling 15

Die verkiesing van kerkraadslede

15.1 Tot ouderlinge en diakens word verkies die toegewydste en kundigste lidmate van die gemeente.

Aantekening
1 Daar word gepoog om so af te wissel dat die meeste lidmate moontlik die geleentheid het om as kerkraadslede te dien.

15.2 Kerkraadslede word verkies deur 'n gekonstitueerde kerkraadsvergadering behalwe wanneer die stigtingsvergadering van 'n afgestigde gemeente die kerkraadslede verkies.

Aantekening
1 Die byeenroeping en afkondiging van 'n gewone en buitengewone kerkraadsvergadering word behandel in Bepaling 27.2 en die verkiesing van kerkraadslede in 'n nuwe gemeente in Reglement AS6 pt 1.1.7.

15.3 Die prosedure

15.3.1 Elke stemming geskied met geslote stembriewe.

15.3.2 Eers word 'n groslys gevorm deurdat elke stemgeregtigde nie meer name op een stembrief plaas as die getal persone wat gekies moet word nie.

Aantekening

1 Indien die kerkraad van 'n kommissie van pre-advies gebruik maak, verhinder dit nie lede om name op die groslys te plaas nie.

15.3.3 Hierdie groslys word gesuiwer volgens Bepaling 15.1. Daarna kan die voorsitter nie-propagandistiese inligting in verband met die genomineerdes verstrek.

Aantekening

1 Die mededeling van inligting moet positief, saaklik, beheers en tot feite beperk wees.

15.3.4 Uit hierdie groslys word vir die vereiste aantal ouderlinge of diakens gestem.

Aantekening

1 Indien daar nie genoeg name op die groslys is om 'n keuse tussen persone te maak nie, word die keuse uitgeoefen deur vir elke naam "Ja" of "Nee" te stem.

2 Slegs met die verlof van die vergadering mag 'n lid buite stemming bly (vgl Reglement 1.15.3). Dan word die volstrekte meerderheid bepaal deur die getal stemme wat uitgebring is.

15.3.5 Word die **volstrekte meerderheid nie** by hierdie stemming verkry nie, vind daar 'n nuwe stemming plaas uit die name op die groslys wat die meeste stemme verkry het en saam 'n volstrekte meerderheid van stemme op hulle verenig het.

15.3.6 Kry twee of meer name 'n **gelyke aantal stemme** sodat meer name verkry is as wat vereis word, word die benodigde aantal name deur herstemming gevind. As die stemme staak, beslis die lot na aanroeping van die Naam van die Here.

Aantekening

1 By die verkiesing van kerkraadslede vir nuut afgestigte gemeentes word gehandel volgens Reglement AS6.

15.4 Kennisgewing van die verkiesing geskied skriftelik en sonder versuim aan die verkosenes.

Aantekening

1 Daar moet op gelet word dat die verkiesing nie geldig is voordat die goedkeuring van die gemeente verkry is nie. Gemeentes volg gewoonlik een van twee prosedures.

a) Die kennisgewing meld dat die verkiesing onderworpe is aan die goedkeuring van die gemeente; of

b) 'n Aanvanklike mondelinge kennisgewing word na die tweede afkondiging opgevolg met die amptelike skriftelike kennisgewing.

15.5 Die verkosenes reageer binne agt dae na die tweede afkondiging skriftelik op die verkiesing en indien die reaksie negatief is, met 'n duidelike opgawe van redes.

Aantekening

1 Die kerkraad oordeel oor elke bedanking Indien die redes vir bedanking grondig is, aanvaar hy dit en kies weer iemand om die vakature aan te vul. Indien die redes nie grondig is nie, tree die kerkraad pastoraal of broederlik vermanend op.

15.6 Skriftelike beswaar kan by die voorsitter van die kerkraad gemaak word teen een of meer van die verkosenes deur enige ongesensureerde lidmaat voor of op die dag van die tweede afkondiging

Aantekening

1 By ontvangs van die beswaar belê die voorsitter so spoedig moontlik 'n kerkraadsvergadering of verwys die beswaar na die kerkraad se gevolmagtigde kommissie om die beswaar te oorweeg.

2 Bevind die kerkraad of sy gevolmagtigde die beswaar ongegrond, vind die bevestiging plaas (tensy die beswaarde hom/haar op die ring beroep).

3 Bevind die kerkraad die beswaar gegrond, verval die verkiesing van die betrokke persoon en word so spoedig moontlik 'n ander in sy/ haar plek gekies.

4 Is die besware van so 'n aard, word verder gehandel volgens die voorskrifte van die tug.

15.7 Die **bevestiging** vind slegs plaas indien die lidmaatskap van die verkosene in die register ingeskryf is.

Aantekening

1 Die bevestiging geskied so spoedig moontlik op versoek van die kerkraad deur iemand wat kragtens Reglement AS3.2 die bevoegdheid daartoe het.

2 Dienende kerkraadslede bly in diens totdat hulle opvolgers bevestig is tensy die kerkraad 'n bedanking onvoorwaardelik aanvaar.

3 Herkose kerkraadslede word weer bevestig vir die nuwe termyn.

15.8 Die **dienstermyn** van 'n kerkraadslid is twee opeenvolgende jare.

Aantekening

1 Indien 'n diaken tot ouderling (of andersom) verkies word voordat sy/haar termyn verstryk het en hy/sy dit aanvaar, word hy/sy vir 'n nuwe termyn bevestig.

2 Die termyn van 'n plaasvervanger word deur die kerkraad bepaal. Elke verkosene word vir sy/haar eie termyn bevestig.

15.9 Om die **balans te behou** tussen die getal kerkraadslede wat aftree en die getal wat na die volgende jaar aanbly, kan kerkrade met toestemming van die ring 'n aantal lede vir 'n termyn van een jaar verkies.

15.10 Alle **vakatures** word so spoedig moontlik gevul.

Artikel 16

16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike leiding, bestuur en toesig, en omvat

16.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;

16.1.2 die regering van die gemeente;

16.1.3 die doen van huisbesoek;

16.1.4 die uitoefening van opsig en tug;

16.1.5 waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer;

16.1.6 medeverantwoordelikheid vir die kategetiese onderwys;

16.1.7 die roeping om ander na Christus te lei;

16.1.8 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 16.1.

16.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van 16.1.1 tot 16.1.8 die bedieningsverant-woordelikheid van elke ouderling.

Bepaling 16

Naas wat in Artikel 16 genoem word, is dit ook die verantwoordelikheid van die ouderling om in afwesigheid van die leraar die godsdiensoefeninge te behartig deur die voorlees van 'n preek geskryf deur 'n leraar van die NG Kerk; die waarneem van bidure

Aantekening

1 Vgl Artikel 9.4 vir die verantwoordelikheid van die ouderlingten opsigte van die regering, organisasie, leiding en bestuur van die gemeente en die opsig en tug oor die gemeente.

waar nodig; die toesig oor die voorbereiding vir en aflê van belydenis van geloof die getroue besoek van die siekes, die vertroosting van bedroefdes, die een-sames, die weduwees en wese; die opspoor en bearbeiding van kerkvervreemdes en kerkloses; die toesig oor die lewenswandel van die leraar; en om saam met die diakens te sorg vir die middele tot die instandhouding van die erediens en die administrasie van die fondse en eiendomme van die gemeente.

Artikel 17

17.1 Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk. Dit begin in die erediens en gaan vandaar uit na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef. Die diakenamp omvat

17.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;

17.1.2 die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens benodig;

17.1.3 die insameling en besteding van middele wat vir die diakonale werk nodig is;

17.1.4 die organisering en leiding van die barmhartigheidsbediening van die gemeente;

17.1.5 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 17.1.

17.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van 17.1.1 tot 17.1.5 die bedieningsverantwoordelikheid van elke diaken.

Aantekening

1 Vgl Artikel 9.4 vir die verantwoordelikheid van die diaken ten opsigte van die regering, organisasie, leiding en bestuur van die gemeente en die opsig en tug oor die gemeente.

-oo0oo-

HOOFSTUK 3 - DIE VERGADERINGE VAN DIE KERK

3.1 ALGEMENE BEPALINGE

Artikel 18

Daar is vier kerkvergaderinge: Kerkraad, Ring, Sinode en Algemene Sinode.

Artikel 19

Die opsig oor, die regering van en die tug in die Kerk word aan hierdie vergaderinge toevertrou.

Artikel 20

20.1 Hierdie vergaderinge het, elkeen na sy eie aard, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen.

20.2 Die gesag van die ring oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode oor die ring en van die Algemene Sinode oor die sinode.

Artikel 21

Die kerkvergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse.

Artikel 22

22.1 In meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar tuishoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge en wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie.

22.2 'n Meerdere vergadering kan optree indien 'n kerkraad of ring nie meer bestaan nie of nie kan konstitueer nie.

Artikel 23

23.1 Die besluite van vergaderinge of hulle gevolmagtigde kommissies is bindend, maar daaroor kan in appèl na 'n meerdere vergadering of die meerdere vergadering se gevolmagtigde kommissie gegaan word[6].

23b2 Lidmate, ampsdraers en amptenare van die Nederduitse Gereformeerde Kerk mag hulle nie tot die burgerlike hof wend in hulle beswaar teen 'n kerkvergadering se besluit(e) nie, voordat hulle nie éérs die kerklike middele aangewend en uitgeput het nie.

Besluite by Artikel 23

*23b1 **Algemene Bepalings ten opsigte van Appèlprosedures***

23b1.1 Benewens die weg van revisie vir lede van kerkvergaderings, kan die weg van kerklike appèl deur enige lidmaat gevolg word.

23b1.2 In die hantering van appèlle kan enige vergadering wat dit moet hanteer die saak éérs vir bemiddeling en versoening verwys (vgl. Riglyne vir die beslegting van kerklike geskille – Funksionele besluite bls. 188)

Indien hierdie proses nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die appèl amptelik voort.

6 Indien 'n kerkvergadering van 'n appèlkommissie gebruik maak, wys hy die kommissie aan na goeddunke.

23b2 ***Appèl teen besluite van kerkrade***

23b2.1 As eerste instansie neem die ring of sy gevolmagtigde appèlkommissie die appèlle van kerkrade, kerkraadslede en lidmate teen die besluite van kerkrade in behandeling.

23b2.2 Kennis van appèl teen besluite van ’n kerkraad asook die appèlstukke word gestuur aan die skriba van die ring of sy appèlkommissie.

23b3 ***Appèl teen besluite van ringe en ringsappèlkommissies***

23b3.1 Appèl teen die besluite van ‘n ring of ringsappèlkommissie mag deur 'n lidmaat of kerkvergadering wat deur die besluit van ’n ring of ringsappèlkommissie verontreg voel, of wat meen dat die besluit in stryd is met die Skrif, die Belydenis of die Kerkorde, by die skriba van die sinode of die sinodale appèlliggaam aangeteken word.

23b3.2 Kennis van appèl teen besluite van ’n ring asook die appèlstukke word gestuur aan die skriba van die betrokke sinode of die skriba van sy gevolmagtigde appèlkommissie.

23b4 ***Appèl teen besluite van sinodes***

23b4.1 Kennis van appèl teen ‘n besluit van 'n sinode word aan die skriba van die sinode of sy gevolmagtigde appèlkommissie gestuur.

23b4.2 Die beslissing van die sinodale appèlliggaam is finaal ten opsigte van daardie aangeleenthede wat tot sy bevoegdheid behoort.

23b4.3 Benewens die reg van appèl kan 'n lidmaat of 'n kerkvergadering wat beswaar op grond van die Skrif, die Belydenis of die Kerkorde teen 'n besluit van 'n sinode het, die beswaar by wyse van 'n gravamen/beswaarskrif aan die ring/ringskommissie waaronder hy/syressorteer voorlê. Die ring of ringskommissie oorweeg die beswaar en indien dit aanvaar word, word dit by wyse van 'n beskrywingspunt aan die sinode vir oorweging voorgelê.

23b5 ***Appèl teen besluite van 'n Algemene Sinode***

23b5.1 Appèl teen 'n besluit van 'n Algemene Sinode mag deur 'n lidmaat of kerkvergadering wat deur 'n besluit van 'n Algemene Sinode veronreg word, of wat meen dat die besluit in stryd is met die Skrif, die Belydenis of Kerkorde, gemaak word by die skriba van die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde appèlkommissie.

23b5.2 Kennis van appèl teen besluite van ‘n Algemene Sinode asook die appèlstukke word gestuur aan die skriba van die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde appèlkommissie. Die appèlkommissie dien die volgende Algemene Sinode of die Algemene Sinodale Kommissie met ‘n aanbeveling.

23b5.3 Teen ‘n besluit van die Algemene Sinode kan ook ‘n gravamen/beswaarskrif ingedien word by die skriba van die beswaarde se sinode vir deursending na die Algemene Sinode indien dit deur die betrokke sinode, sinodale kommissie of moderamen aanvaar word.

23b5.4 Ingevolge Artikel 44.3 van Die Kerkorde kan sake in verband met leergeskille of geskille tussen sinodes onderling of tussen sinodes en mindere vergaderinge by wyse van appèl/beroep voor die Algemene Sinode of sy appèlkommissie dien. Dieselfde voorskrifte vir alle appèlle is ook met betrekking tot die behandeling van appèlle voor die Algemene Sinode of sy appèlkommissie van toepassing.

23b6 ***Bepalings in verband met appèlle en beswaarskrifte wat geld vir alle kerkvergaderings wat appèlle en beswaarskrifte hanteer***

23b6.1 Vergaderings wat appèlle aanhoor, is geslote vergaderings.

23b6.2 ‘n Lidmaat of ‘n kerkvergadering wat hom/haar deur die beslissing van ‘n kerkvergadering veronreg voel, of wat meen dat ‘n besluit in stryd is met die Skrif, die Belydenis of Die Kerkorde, mag binne 30 dae nadat hy/sy kennis geneem het van die besluit van die vergadering, kennis gee van appèl of beswaar (in die geval van 23b4.3) by die skriba van die rings- of sinodale appèlliggaam binne wie se gebied die besluit geneem is.

23b6.3 Die appellant gee ook skriftelik kennis van die appèl aan die skriba van die kerkvergadering teen wie se besluit geappelleer of beswaar aangeteken word. (Vgl Artikel 23b2 en Artikel 65 van die Kerkorde).

23b6.4 Die appellant moet binne 30 dae nadat hy/sy kennis van appèl of beswaar gegee het die skriba van die appèlliggaam van 'n skriftelike uiteensetting van die gronde/redes van die appèl of beswaar (ter sake dokumentasie kan ingesluit word) anders verval die reg op appèl.

23b6.5 Die skriba van die appèlliggaam verkry by die kerkvergadering teen wie se besluit geappelleer of beswaar aangeteken word hulle skriftelike reaksie op die appèlgronde/redes (ter sake dokumentasie, waaronder alle dokumente, notules, bandopnames, ensovoorts, moet ingesluit word) en besorg dit aan die lede van die appèlliggaam wat die appèl of beswaar sal hanteer.

23b6.6 Die indiener van 'n appèl of 'n beswaarskrif word by die indiening van die appèl of beswaarskrif in kennis gestel dat die uiteindelike koste van die saak van hom/haar gevorder mag word indien die betrokke appèlvergadering so besluit. Die indiener van die appèl/beswaarskrif moet dan skriftelik instemming met die reëling betuig.

23b6.7 Die appèlliggaam vergader so spoedig moontlik en beslis oor die appèl na aanleiding van die stukke voor hom.

23b6.8 Hoewel die appèlondersoek op grond van die skriftelike uiteensetting van die appèlgronde (en ter sake dokumentasie) deur die appellant en die skriftelike reaksie van die kerkvergadering op die appèlgronde (en ter sake dokumentasie) gedoen word, kan die appèlliggaam self versoek of verlof gee dat mondelinge getuienis deur die appellant en/of 'n verteenwoordiger(s) van die betrokke kerkvergadering voor hom gelewer word.

23b7 ***Middele tot beskikking van 'n appèlliggaam***

23b7.1.1 Na oorweging van die appèl kan die appèlliggaam, behalwe in 'n geval wat onder 23b7.2 val, die appèl op een van die volgende wyses hanteer:

23b7.1.2 Die appèl geheel of gedeeltelik toestaan en die besluit van die kerkvergadering ter syde stel of wysig;

23b7.1.3 Die appèl in geheel of gedeeltelik afwys en die besluit van die kerkvergadering in geheel of gedeeltelik bekragtig;

23b7.2 Waar die appèl berus op wesenlike onreëlmatighede tydens die vergadering wat die besluit geneem het, stel die appèlliggaam die besluit van die betrokke kerkvergadering ter syde en verwys die aangeleentheid terug na die betrokke kerkvergadering om die aangeleentheid van nuuts af te hanteer. Die betrokke kerkvergadering kan 'n ander soortgelyke kerkvergadering vra om die aangeleentheid van nuuts af te hanteer.

23b8 ***Besluit van die appèlliggaam***

Die appèlliggaam kom tot 'n besluit oor die appèl wat hy saam met sy redes daarvoor notuleer. Skriftelike kennis hiervan word aan die partye gegee.

Artikel 24

Die handelinge van elke vergadering word daagliks met Skriflesing en gebed begin en met danksegging beëindig.

Artikel 25

Elke vergadering moet 'n voorsitter hê wat verantwoordelik is vir die leiding en ordelike verloop van die vergadering, en 'n skriba wat die handelinge van die vergadering opteken.

Aantekening
1 In alle kerkvergaderinge en vergaderinge van kerklike kommissies word daar gehandel volgens die Reglement van Orde (Reglement 1).

3.2 BESONDERE BEPALINGE

3.2.1 DIE KERKRAAD

Artikel 26

26.1 Elke gemeente het 'n kerkraad aan wie die opsig oor, die regering van en die tug in die gemeente toevertrou is.

26.2 Die kerkraad bestaan, uit die bedienaars van die Woord asook die ouderlinge en diakens wat as kerkraadslede dien. Daar kan ook bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens wees wat nie in die kerkraad dien nie.

Riglyne by Artikel 26.2

A - Algemeen

Die agtergrond van Kerkorde (KO) Artikel (Art.) 26.2 is dat nie alle ouderlinge en diakens noodwendig op die kerkraad hoef te dien nie. In die oorweging van die grootte van die kerkraad speel plaaslike bedieningsbehoeftes 'n deurslaggewende rol. Voordat 'n kerkraad besluit op verkleining in terme van artikel 26.2 of nie, moet hy die saak goed oorweeg. Terwyl daar baie vir en teen 'n kleiner kerkraad in 'n groot gemeente gesê kan word, skep 'n groter kerkraad die moontlikheid van 'n breër deelname aan besluite én daarby 'n groter/breër aanvaarding van eienaarskap daarvoor.

By die bepaling van die grootte van so 'n kerkraad kan sake soos 'n breë verteenwoordiging van die gemeente, van die ampte, van gemeente-aksies en van hoe om in die bepaalde gemeente te verseker dat die kerkraad oor insette oor 'n breë front in die gemeente beskik, in ag geneem word. 'n Kerkraad behoort nie te klein wees nie, omdat dit afstand en verwydering tussen kerkraad en gemeente kan veroorsaak. Waar moontlik behoort ook 'n gelyke aantal ouderlinge en diakens op die nuwe kerkraad te dien en hierdie twee ampte moet die aantal predikante in getal oortref. Oorlegpleging tussen die kerkraad en daardie ouderlinge en diakens wat nie op die kerkraad dien nie, is wenslik en noodsaaklik. Hierin kan 'n inligtingsvergadering/kontakvergadering help terwyl die kerkraad dit ook kan oorweeg om sy notules aan hierdie ouderlinge en diakens vir kennisname deur te gee.

Omdat alle gemeentepredikante as bedienaars van die Woord 'n sleutelrol in die gemeente speel, is dit wenslik dat hulle op die kerkraad dien.

Die beginsel dat geen amp bo of belangriker as 'n ander is nie, word gehandhaaf in die feit dat geen onderskeid gemaak word tussen ouderlinge en diakens as kerkraadslede en hulle wat nie op die kerkraad dien nie. Dit moet ook hier gaan om die gawes wat die Here aan sy gemeente gee. Alle leraars, ouderlinge en diakens in elke gemeente oefen dus steeds hulle ampspligte uit in terme van KO Art. 9, 16 en 17 onder leiding van en met verantwoording aan die kerkraad. Kerkrade kan egter, waar omstandighede dit vereis, die bestaande kerkraad verklein volgens die prosedure hieronder, en na hiérdie ampsdraers word verwys as ouderlinge- en diakens-kerkraad, en aan húlle word die opdragte soos vervat in KO Art. 26-28 toevertrou.

B – Prosedure indien 'n kerkraad op die implementering van KO art. 26.2 besluit

Die bestaande kerkraad besluit formeel om die kerkraad só saam te stel dat nie alle ouderlinge en diakens daarin dien nie, asook hoeveel ouderlinge en diakens daar in die gemeente en op die kerkraad onderskeidelik moet dien.

Die bestaande kerkraad verkies die lede van die nuwe kerkraad en lê die name vir approbasie aan die gemeente voor.

Ten einde moontlike (gemeenregtelike) regsprobleme te voorkom, word die lede van die huidige/bestaande kerkraad wat nie tot die nuwe kerkraad verkies word nie, versoek om as kerkraadslede (maar nie as ampsdraers nie) te bedank. Indien hulle nie wil nie, kan hulle hulle huidige termyne uitdien.

Die toekomstige kerkraad verkies voortaan alle ouderlinge en diakens in die gemeente met approbasie van die gemeente.

C – Afvaardiging na meerdere vergaderings

Afgevaardigdes na meerdere vergaderings (vgl. KO Art. 30 en 33) word uit die korpus van alle ouderlinge en diakens in die gemeente gekies.

Bepaling 26

26.1 Wykskerkrade mag bepaalde funksies namens die kerkraad behartig solank dit nie bots met die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente of besluite van die Algemene Sinode of Sinode van Oos-Kaapland nie.

Aantekening

1 'n Wykskerkraad bestaan gewoonlik uit die wyke wat deur een van die leraars bedien word en kan op besluit van die kerkraad afsonderlik vergader.

2 Die wykskerkraad het die bevoegdheid van 'n kommissie van die kerkraad en vervang nie die kerkraad nie. Wykskerkraadslede woon dus ook die kerkraadsvergadering by.

26.2 Elke NG Gemeente bestaan uit:

26.2.1 die **belydende lidmate** wat binne die bepaalde grense, soos deur die ring vasgestel, woonagtig is en wie se lidmaatskap deur die kerkraad in ooreenstemming met die kerklike bepalinge daaromtrent erken en aangeteken is;

Aantekening

1 Dit is moontlik dat lidmate om bona fide *redes tot 'n ander gemeente wil behoort as die gemeente in wie se grense hulle woon.*

2 Die volgende dien as riglyn vir die ordelike hantering van lidmaatskap oor gemeentegrense heen:

a) 'n Lidmaat wat verkies om by 'n ander gemeente in te skakel, vra skriftelik verlof daartoe by die kerkraad van die gemeente waar hy/sy woon.

b) Indien die kerkraad tevrede is met die bona fides *van die versoek, gee hy skriftelik verlof aan die lidmaat om by 'n ander gemeente aansoek te doen om daar lidmaat te word.*

c) Die lidmaat doen met voorlegging van die skriftelike verlof van sy/haar gemeente aansoek om lidmaatskap by die ander gemeente.

d) Die ander gemeente oorweeg die aansoek en vergewis hom van die lidmaat se motivering en bereidheid om volledig by die gemeente in te skakel en sy/haar verantwoordelikhede as lidmaat na te kom, asook sy/haar bereidheid om hom/haar aan die opsig en tug van die ge meente te onderwerp. Die gemeente is nie verplig om so 'n aansoek te aanvaar nie.

e) Indien laasgenoemde kerkraad besluit om die lidmaat wel te aanvaar, stel hy die oorspronklike gemeente skriftelik daarvan in kennis dat hy die aansoek aanvaar het en dat hy, by ontvangs van die lidmaat se attestaat/bewys van lidmaatskap volle verantwoordelikheid van die lidmaat se versorging sal aanvaar.

3 Gemeentes en kerkrade weerhou hulle daarvan om lidmate binne ander gemeentes se grense te werf (AS 1994).

4 Vergelyk ook Riglyne en Funksionele Besluite nr 16.

26.2.2 die **dooplidmate** binne die gemeentegrense;

Aantekening

1 Dooplidmate wie se ouers lidmate van die gemeente is en ander dooplidmate wie se domisilie in die gemeente is tel tot die gemeente.

26.2.3 die nog **ongedoopte kinders** van belydende lidmate wat kragtens die verbond van God in betrekking tot die gemeente staan.

26.3 Lidmaatskap van die gemeente verval wanneer:

26.3.1 iemand van die gemeente **afgesny** word deur middel van die tug

Aantekening

1 Indien die kerkraad oordeel dat iemand hom/haar deur woord en daad duidelik van die Kerk afskei, moet die saak eers ondersoek word.

26.3.2 iemand die betrekking met die Kerk **skriftelik opsê**;

26.3.3 iemand in teenwoordigheid van twee kerkraadslede **mondeling** bevestig dat hy/sy die verband met die Kerk verbreek het en dit deur die kerkraad bekragtig is.

Aantekening

1 Lidmaatskap verval wanneer iemand uit die gemeente vertrek. Dit word behandel onder 26.5.

26.4 Die **kerkraad** verklaar die lidmaatskap van sodanige persone formeel as vervalle, doen 'n afkondiging daaroor by die erediens en laat dit in die lidmateregister aanteken.

Aantekening

1 Vgl die reglement vir die oordrag van lidmaatskap en erkenning van ander kerke (Reglement AS18).

26.5 Lidmaatskap van 'n lidmaat wat vertrek het, verval in daardie gemeente sodra hy/sy uit die gemeente verhuis en word hy/sy lidmaat van die gemeente waar hy/sy hom/haar gevestig het.

26.5.1 Totdat sy/haar bewys van lidmaatskap ingehandig en aanvaar is, geniet hy/sy geen lidmaatsregte in die nuwe gemeente nie. Die kerkraad is egter kragtens die kerkverband geroep om amptelike sorg aan hom/haar te bestee.

26.5.2 Indien 'n lidmaat versuim om binne ses maande sy/haar attestaat of bewys van lidmaatskap in te handig, het die kerkraad die reg om sy/haar bewys van lidmaatskap aan te vra.

26.6 Die **attestaat** (Vorm 5) word op sy/haar aanvraag uitgereik aan 'n belydende lidmaat deur die kerkraad of 'n kommissie van die kerkraad binne ses maande na sy/haar vertrek uit die gemeente.

Aantekening

1 Sodanige attestaat moet binne drie maande na uitreiking ingelewer word anders verloor dit sy geldigheid (AS 1974).

2 'n Duplikaat van die attestaat moet as duplikaat gemerk word.

3 Die aandag van lidmate moet van tyd tot tyd by wyse van aankondiging op die tydsgeldigheid van 'n attestaat gevestig word, asook op die feit dat 'n lidmaat geen lidmaatsregte kan uitoefen alvorens sy of haar attestaat ingedien is nie (AS 1974).

26.6.1 Reisattestate (Vorm 6) kan op aansoek van lidmate wat nie onder tug staan nie en in die buiteland op reis gaan aan hulle uitgereik word.

26.7 'n **Bewys van lidmaatskap** (Vorm 8) word uitgereik wanneer die lidmaat langer as ses maande uit die gemeente vertrek het of waar besware bestaan teen die uitreiking van 'n attestaat.

Aantekening

1 'n Duplikaat moet duidelik so gemerk word.

2 Dit is wenslik dat bewyse van lidmaatskap direk aan kerkrade gestuur word en nie aan persone afgegee word nie

3 'n Bewys van lidmaatskap wat ouer is as ses maande na uitreiking, of wat langer as ses maande na die vertrek van die persoon uit die gemeente uitgereik word, behoort nie aanvaar te word sonder 'n behoorlike ondersoek deur die kerkraad nie (AS 1974).

26.7.1 Indien 'n **vertrekkende lidmaat** onder tug is of 'n tugsaak teen hom/haar ondersoek word, word 'n attestaat nie uitgereik nie maar 'n bewys van lidmaatskap met 'n begeleidende brief aan die kerkraad oor die omstandighede.

Aantekening

1 Indien iemand hom/haar nie aan die kerklike tug onderwerp nie onder die voorwendsel dat sy/haar lidmaatskap nog nie by die gemeente is nie, vra die kerkraad dit aan vanaf die gemeente waar dit ingehandig is en gaan na ontvangs daarvan voort met die tughandeling

26.7.2 Indien 'n **lidmaat hom/haar van die gemeente afskei** ten einde tug te ontduik, ondersoek die kerkraad die saak en indien hy/sy skuldig is, word dit aan die gemeente bekend gemaak dat hy/sy hom/ haar skuldig gemaak het en die kerk verlaat het. Dit word ook so in die lidmateregister aangeteken.

26.7.3 Ingeval van kerkverlating word slegs 'n verklaring insake lidmaatskap (Vorm 9) aan die betrokkene gegee, en afkondiging daarvan geskied by 'n erediens (AS 1974).

26.7.4 In **geval van afstigting** gee die betrokke kerkraad(e) 'n saamgestelde atte-staat/lidmaatsertifikaat so spoedig moontlik aan die nuwe gemeente.

Aantekening

1 Dit is 'n volledige lys van al die lidmate wat tot nog toe aan die gemeente behoort het en nou binne die grense van die nuwe gemeente is.

Artikel 27

27.1 'n Kerkraad mag desentraliseer en aan gedesentraliseerde kerkrade duidelik omskrewe bevoegdhede gee wat aan die ring vir goedkeuring voorgelê word.

27.2 Vir die behartiging van die besondere werksaamhede aan die onderskeie ampte verbonde, mag die ouderlinge en diakens gereeld afsonderlik vergader.

Bepaling 27

Vergadering en werksaamhede vir die kerkraad

27.1 Samestelling

27.1.1 Die **kerkraad word saamgestel** uit minstens een leraar, drie ouderlinge en drie diakens. Waar meer leraars in 'n gemeente is, moet daar minstens twee maal soveel ouderlinge as leraars wees.

Aantekening

1 Die kerkraad kan sy getal uitbrei deur die toevoeging van ouderlinge en/of diakens.

2 Die kerkraad kan bevoegde lidmate nooi om adviserend sitting op vergaderings te neem tydens die behandeling van sake, met uitsondering van sake rakende tug of geskil.

27.1.2 By **ontstentenis** van die kerkraad tree die ring/ringskommissie in sy plek op.

27.2 Vergadering

27.2.1 Gewone vergaderinge van die kerkraad geskied na afkondiging by die erediens op twee opeenvolgende Sondae of na 'n skriftelike kennisgewing van minstens tien dae voor die tyd aan al die lede.

Aantekening

1 Waar die gemeente se kerkraadsvergaderinge op 'n kalender aangedui word, gee die metode van tien dae skriftelike kennisgewing die moontlikheid om van alle kerkraadsvergaderings gewone vergaderings te maak.

2 Indien die kerkraad nog buitengewone vergaderings wil gebruik, moet hy sy eie bepalings opstel tov die voorwaardes tot die hou van, die metode van kennisgewing en die omvang van die sakelys vir 'n buitengewone vergadering.

27.2.2 'n **Kworum** vir kerkraadsvergaderings is die volstrekte meerderheid van die getal diensdoenende kerkraadslede.

27.2.3 Huishoudelike bepalinge vir sy vergaderinge, werksaamhede, kommissies en amptenare word deur die kerkraad self opgestel mits dit nie in stryd is met die Woord van God, die Kerkorde en sinodale besluite nie.

27.3 Tot die **taak van die kerkraad** behoort:

die leiding van die gemeente in die diens van die Here; die reëling van die openbare godsdiensoefeninge en insonderheid die nagmaal en die doop; die toesig oor die belydenis en wandel van die lidmate en die handhawing van kerklike orde en tug; die toesig oor die onderwys in die gemeente; die bevordering van getuieniswerk, ook vir die hou van bidure vir die uitbreiding van die koninkryk van God; die behartiging van barmhartigheidsdiens deur middel van die diakonie; die reëling van die kerklike bevestiging van huwelike, die versorging van die leraar;

Aantekening

1 Van die pligte van die kerkraad wat hier genoem word, word elders vollediger omskryf:
diakonie - Artikel 7;
versorging van die leraar - Bepaling 13;
beheer oor eiendom en fondse - Reglement 8 en AS9;
insameling en versending - Reglement 7.6, 8.2.5 en 8.5.2 (vgl ook Vorm A).

die beheer oor die eiendomme en fondse van die gemeente; die hou van 'n volledige beskrywing van die fondse en goedere onder sy beheer; die insameling en versending van sinodale dankoffers en kollektes en verpligte bydraes; die hou van notules van sy vergaderings en die bewaring van korrespondensie; die bewaring van gemeentelike argiewe; en die voorlegging aan die gemeente van die herderlike brief van die ring na aanleiding van die persoonlike kerkvisitasie

2 Die Algemene Sinode (1986) het besluit dat huwelike wat kerklik bevestig is vir bewaring in die kerkargief aangeteken moet word. 'n Huweliksklad-register is vir die doel beskikbaar.
3 Kerkrade kan na goeddunke handel wat honoraria by huweliksbevestigings betref.
4 Veranderinge in kerklike registers word gedoen volgens Reglement 10(A)pt 2, met Vorms 3 en 4 en die voorlegging van die nodige bewysstukke.
5 Waardevolle stukke van kerkrade en gemeentes moet by die betrokke argiewe ingelewer word, omdat dit gebeur het dat waardevolle dokumente en ander kerklike stukke as gevolg van nalatigheid en ondoeltreffende bewaringsmetodes verlore gegaan het (AS 1970) (vgl Reglement 10).
6 Die volgende stukke behoort in die kerkargiewe bewaar te word: notuleboeke, registers, afkondigingsboeke, potrette van leraars en kerkhistoriese geleenthede, waardevolle korrespondensie (ivm gemeentestigting, grensbepalings, kerkbou, ens), gemeentegedenkboeke en -blaaie, ou kerk- en sendingblaaie en ander stukke waaroor die kerkargivaris geraadpleeg behoort te word (AS 1970).
7 Voordat ou briewe en verslae vernietig word, moet kommissies, kerkrade en ringe eers die argivaris raadpleeg (AS 1970).
8 Die skenking van stukke aan die argief is 'n voorwaardelike ooreenkoms waarmee die gemeente afstand doen van die eiendomsreg op voorwaarde dat daarmee gehandel word volgens die reëls van die argief. Wil die kerkraad weer van die stukke gebruik maak, geskied dit volgens die reëls wat die argief vir alle gebruikers het (AS 1974).

27.4 Die **sensusdatum** vir gemeentestatistiek is die laaste dag van die finansiële jaar, naamlik die laaste dag van Februarie (AS 1974).

27.5 Kerkraad en ring

27.5.1 Aan elke **gewone vergadering van die ring** voorsien die kerkraad 'n geloofsbrief vir sy afgevaardigdes (Vorm 16), afskrifte van die doop- en lidmateregister van die betrokke kerkjaar en behoorlik voltooide Vorm A en B.

Aantekening
1 Die afskrifte staan in die sinodejaar oor na die volgende jaar.

27.5.2 Die kerkraad **keur die geloofsbrief** en al die vorms goed waarna dit deur die voorsitter en skriba onderteken word, behalwe die afskrifte van die registers wat deur 'n kommissie van die kerkraad goedgekeur en onderteken kan word.

27.5.3 Vorm A en B word jaarliks voor 31 Mei aan die ring se voorsitter van die Kommissie vir Administrasie of die ringskriba gestuur wat dit voor 15 Junie aan die Direkteur Administrasie versend.

27.6 Teenoor die sinode het die kerkraad die verantwoordelikheid om maandeliks die sinodale dankoffers te versend; om sinodale kollektes op te neem en dit kwartaaliks teenoor die Direkteur Administrasie te verantwoord; om die geloofsbrief vir sy afgevaardigdes te voorsien en die verpligte bydrae per afgevaardigde te versend.

Aantekening

1 Die geloofsbrief is vervat in Vorm 16.

2 Die kerkraad stuur beskrywingspunte en versoekskrifte na die sinode.

27.7 Die kerkraad stel die amptenare aan wat die gemeente nodig het.

Aantekening

1 Dit is gewoonlik 'n skriba/kassier (Regl 3 en 4), orrelis en koster.

2 Lidmate van die gemeente behoort voorkeur te kry by hierdie aanstellings.

Artikel 28

28.1 Die kerkraad vergader minstens vier keer per jaar.

28.2 Die kerkraad kies jaarliks 'n voorsitter uit die leraar(s) en ouderlinge.

28.3 Buitengewone vergaderinge van die kerkraad word deur die voorsitter byeengeroep na oorlegpleging met die leraar(s) indien die voorsitter nie 'n leraar van die gemeente is nie.

28.4 Indien die plaaslike leraar(s) nie by 'n gewone of buitengewone kerkraadsvergadering teenwoordig kan wees nie, moet die konsulent of 'n ander leraar deur die ring daartoe goedgekeur, die vergadering adviserend namens die ring bywoon met verslag aan die ring. Die persoon kan ook op versoek van die kerkraad as voorsitter optree.

Bepaling 28

28.1 Die **konsulent** word deur die ring aangewys en tree op versoek van die kerkraad op. Die ringskommissie vul tussentydse vakatures.

28.2 Dit is die **plig van die konsulent** om in samewerking met die kerkraad sorg te dra vir die voortgang van die eredienste en die herderlike sorg in die vakante gemeente.

Aantekening

1 Die konsulent het nie stemreg op kerkraadsvergaderings nie, maar vervul in alle ander opsigte die rol van die plaaslike leraar.

2 Kerkraadsvergaderings vind bv nie plaas sonder sy/haar medewete nie. Indien hy/sy nie teenwoordig kan wees nie, tree 'n ander ringsleraar (deur hom/haar of die ringskommissie versoek) op.

28.3 Hy/sy lewer verslag van sy/haar konsulentswerk aan die ring.

28.4 Die **konsulent se reis- en verblyf-koste**, soos deur die ring besluit asook noodsaaklike administratiewe kostes, word deur die kerkraad van die vakante gemeente vergoed.

Aantekening
1 Die kerkraad besluit in oorleg met die ring op 'n honorarium vir die konsulent.

3.2.2 DIE RING

Artikel 29

As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, word naburige gemeentes onderling gegroepeer tot ringe. Hierdie groepering van gemeentes word van tyd tot tyd deur die sinode gedoen. Die ring vergader een maal per jaar of soos deur die betrokke sinode bepaal.

Bepaling 29

29.1 Die **(her)indeling van ringe** geskied deur die sinode waarna die ringe onmiddellik konstitueer.

Aantekening
1 Vir hierdie geleentheid is die gemeente se afgevaardigdes na die sinode ook sy afgevaardigdes na die ring.

29.2 Gemeentes wat tussen die ver-gaderinge van die sinode **afstig**, behoort aan die ring waarby die moedergemeente gegroepeer is, of, wanneer meer as een ring betrokke is, soos Reglement AS6 bepaal.

Artikel 30

30.1 Die ring word saamgestel uit die leraar(s) en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die ringsgebied. Waar die predikantspos vakant is, kan 'n ouderling/diaken vir die predikantspos afgevaardig word.

30.2 As 'n gemeente meer as een predikantspos het, het die kerkraad die reg om nog een ouderling/diaken vir elke bykomende predikantspos af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. Waar in sodanige gemeente 'n predikantspos vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig.

30.3 Vir elke afgevaardigde word 'n sekundus aangewys. 'n Ouderling/diaken mag as sekundus vir 'n leraar optree.

30.4 Alle afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees.

Bepaling 30

30.1 Die **ring word saamgestel** deurdat die kerkraad vir elke predikant wat hy afvaardig ook 'n ouderling/diaken afvaardig.

Aantekening
1 Die afgevaardigde bly afgevaardig totdat 'n volgende afvaardiging aangewys word - al is hy/sy nie meer kerkraadslid nie - tensy hy/sy die gemeente verlaat.

30.2 Kennisgewing van 'n ringsverga-dering geskied deur die ringskriba aan die betrokke kerkrade soos deur die ring bepaal.

Aantekening
1 Sommige ringe onderskei tussen 'n gewone vergadering waarvoor twee maande kennisgewing vereis word en buitengewone vergaderinge waarvoor veertien dae kennis vereis word. Sommige ringe besluit van vergadering tot vergadering vooruit op die plek en datum van die volgende vergadering.
2 Ringe besluit self oor prosedure van kennisgewing, tyd en plek van vergaderings.

30.3 Ringsvergaderings vind jaarliks plaas voor 31 Oktober.

Aantekening
1 Die ring besluit of hy in die sinodejaar vergader.

30.4 Die **geloofsbriewe** (Vorm 16) moet voor die tyd in die hande van die skriba van die ring wees.

Aantekening
1 Die ring besluit oor 'n praktiese periode in sy omstandighede.

30.5 Die **voorsitter van die vorige ringsvergadering** of die voorsitter van die ringskommissie open die vergadering en handel volgens Regl 1 pte 8 tot 10 en Regl 2.2.

Aantekening
1 Reglemente 1 en 2 gee 'n duidelike uiteensetting van hoe by meerdere kerkvergaderings gehandel word.

30.6 Die **skriba/kassier** word deur die ringsvergadering vir 'n termyn van drie jaar gekies. Hy/sy handel volgens Regl 3 en 4 en ontvang elke jaar 'n honorarium soos deur die ring bepaal.

Aantekening
1 Indien die skriba (vir 'n tyd lank) nie met sy/haar werk kan voortgaan nie, kry die voorsitter die boeke by hom/haar en wys een van die lede van die ringskommissie aan om met die werk voort te gaan.

Artikel 31

Tot die werksaamhede van die ring behoort:

31.1 kerkvisitasie;

31.2 die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;

31.3 advies en hulp aan kerkrade;

31.4 die stigting van nuwe gemeentes of ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade en die reëling van gemeentelike grense;

31.5 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf in beroep voor die ringsvergadering gebring word;

31.6 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal;

31.7 die opsig en tug oor alle ouderlinge, diakens en predikante, wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (sien Art. 62.2).

Bepaling 31

31.1 Kerkvisitasie geskied aan die hand van die riglyne wat deur die sinode goedgekeur is (vgl RFB 36).

31.2 Opsig en tug sluit in die handhawing van goeie orde en kerklike dissipline volgens die kerklike bepalinge.

Aantekening
1 Die ring se funksies van opsig, advies en hulp sluit meer in as net tughandelinge.

2 Die ring kan ook in pastorieë, en in die verhouding tussen pastorieë, kerkrade en gemeentes pastorale leiding gee.

3 Die ring kan dit doen deur middel van die visitatore en/of die ringskommissie.

31.3 Hulpverlening aan gemeentes word allereers deur die ring hanteer. Die ring gee aandag aan gemeentes wie se selfstandigheid en voortbestaan as gevolg van ontvolking of ander faktore bedreig word en bied advies en leiding aan die betrokke kerkrade.

31.4 Grenswysiginge tussen gemeentes geskied deur die ring op aansoek van of met goedkeuringvan die betrokke kerkrade.

Aantekening
1 Met aansoeke om die afstigting van nuwe gemeentes word volgens Reglement AS6 gehandel.

31.5 Die **ring is verantwoordelik** vir die aanwysing van 'n konsulent vir elke gemeente; die aanwysing van verteenwoordigers op sinodale kommissies wat so saamgestel word; en onderneem enige werksaamheid wat binne sy vermoë is en tot die bevordering van die koninkryk van God binne die ringsgebied kan dien.

31.6 Die **ring kan na goeddunke kommissies** aanwys om die werk wat gemeentes doen te bevorder deur motivering, koördinering en toerusting of op versoek van gemeentes sekere projekte te koördineer.

31.6.1 Die ring kies 'n **ringskommissie** bestaande uit die skriba en twee lede (met drie sekundi) om:

Aantekening
(Vgl Bepaling 35.8.1 en Aantekening 5)

31.6.1.1 die opdragte van die ring uit te voer;

31.6.1.2 spoedeisende sake te hanteer;

31.6.1.3 aandag te gee aan sake rakende die beroeping van leraars (vgl Bepaling 7.5) en langdurige vakatures (vgl Bepaling 7.1.2);

31.6.1.4 aandag te gee aan tugsake (Hoofstuk 5);

31.6.1.5 hanteer die stigting/ontbinding van gemeentes (Reglement AS6);

31.6.1.6 keur aansoeke om verandering in registers goed;

31.6.1.7 belê die vergaderinge van die ring (Bepalling 30);

31.6.1.8 vul vakatures in die kommissies van die ring aan;

31.6.1.9 vul vakatures in die Sinodale Kommissie wat ringsgewys saamgestel word met die nodige kennisgewing aan die skriba van die sinode; en

31.6.1.10 doen skriftelik verslag aan die ring van al sy werksaamhede.

31.6.2 Die ring kan ook 'n **Kommissie vir Administrasie** benoem waarvan die skriba ampshalwe lid is om:

31.6.2.1 ondersoek in te stel na die salaris, motortoelaag en vakansiebonus van leraars (Bep 13);

31.6.2.2 Vorm A en B na te gaan en aan die ring verslag te doen en om die vorms voor 15 Junie aan die Direkteur Administrasie te stuur;

31.6.2.3 die verantwoording van gemeentefondse na te gaan;

31.6.2.4 aanbevelings aan die ring te doen oor toestemming tot die oprigting van noodsaaklike geboue vir die eerste keer;

31.6.2.5 aanbevelings aan die ring te doen oor aansoeke van gemeentes vir die aangaan van skuld wat 12,5% of meer van die vorige boekjaar se berekende inkomste beloop;

31.6.2.6 die jaarlikse ouditering van die ringsfonds en verslag daaroor by die ring en by die sinodale kommissie (voor of op 30 September) te behartig;

31.6.2.7 die state vir sinodale dankoffers te ontvang en aan die ring voor te lê; en

31.6.2.8 kerkrade en kassiers aan te spoor om verpligtinge maandeliks aan die Direkteur Administrasie te verantwoord.

31.6.3 Die ring benoem by elke gewone vergadering 'n **Argiefkommissie** (Kommissie vir Afskrifte) om:

31.6.3.1 die afskrifte van die dooplidmate en lidmateregisters, soos deur die kerkrade opgestuur, na te gaan; en

31.6.3.2 seker te maak dat notuleboeke en registers van die plaaslike gemeentes behoorlik gehou word en saam met ander stukke van geskiedkundige waarde behoorlik versorg en bewaar word.

31.7 Die **koste van kommissies** deur die ring benoem, word eers vir goedkeuring aan die ringskommissie voorgelê en daarna deur die ringskassier uit die ringsfonds uitbetaal.

31.8 Die **ampsdraers en kommissies** van die ring bly in funksie totdat die ring by 'n volgende gewone vergadering ander opdragte toeken.

Aantekening

1 In die geval van nuutgestigde gemeentes, word die aansoek oorweeg op grond van 'n gesertifiseerde uittreksel uit die boeke van die moedergemeente(s) wat die inkomste uit die wyke wat afgestig het, oor die voorafgaande drie jaar aantoon en verder van 'n projeksie van die verwagte finansiële groei van die gemeente oor die volgende vyf jaar.

3.2.3 DIE SINODE

Artikel 32

Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies ’n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke Sinode(s)/Sinodale Kommissie(s)[7].

Artikel 33

33.1 Sinodes word op een van die volgende maniere - waaroor elke sinode self besluit - saamgestel:

33.1.1 ’n Gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens uit elke gemeente in die sinodale gebied as afgevaardigdes van elke kerkraad. Waar ’n predikantspos vakant is, kan ’n ouderling/diaken vir die predikantspos afgevaardig word. Die sinode besluit op die aantal afgevaardigdes per gemeente; of

33.1.2 ’n Gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens uit elke ring in die sinodale gebied. Die sinode besluit op die wyse van afvaardiging en die aantal afgevaardigdes per ring.

33.2 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur een lid van die personeel van die Teologiese Fakulteit Stellenbosch en/of die Teologiese Fakulteit Pretoria en/of die Teologiese Fakulteit Bloemfontein.

33.3 Vir elke afgevaardigde word ’n sekundus aangewys. ’n Ouderling/diaken mag as sekundus vir ’n leraar optree.

33.4 Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees.

Bepaling 33

33.1 Die **sinode word saamgestel** uit ten minste een leraar en 'n gelyke getal kerkraadslede as afgevaardigdes per gemeente.

33.2 Die Direkteur Begeleiding en Direkteur Administrasie het sitting in adviserende hoedanigheid.

33.3 'n Afgevaardigde bly afgevaardigde van die gemeente, al dien hy/sy nie meer op die kerkraad nie totdat 'n nuwe afvaardiging aangewys word, tensy hy/sy die gemeente verlaat.

Artikel 34

Die sinode vergader ten minste elke vier jaar, sover moontlik in die jaar na die gewone vergadering van die Algemene Sinode.

Bepaling 34

34.1 Vergadering

34.1.1 Die **skriba van die sinode** roep die sinode drie maande voor die tyd op deur 'n kennisgewing in die *Kerkbode.*

[7] Verskillende sinodes het verskillende name (bv Moderamen, Diensraad, Sinodale Dienskommissie) vir ‘n liggaam wat die funksies van die Sinodale Kommissie verrig.

34.1.2 'n **Biddag op die Sondag**, vier weke voor die samekoms van die sinode word met die oog op die vergadering in die verskillende gemeentes gehou.

34.2 'n **Buitengewone vergadering** van die sinode, byeengeroep met 'n maand skriftelike kennisgewing deur die skriba aan al die kerkrade, vind plaas op 'n plek en datum soos deur die Sinodale Kommissie gereël.

Aantekening

1 Die kerkraad kan met sy afvaardiging na die vorige sinodevergadering volstaan of 'n nuwe afvaardiging aanwys.

2 'n Nuwe afvaardiging vereis die inhandiging van 'n nuwe geloofsbrief.

3 Die prosedures vir die vergadering word uitgespel in Reglement 1 en 2.

34.3 Die **moderatuur** van die sinode bestaan uit die moderator, die assessor, die aktuarius en 'n addisionele lid met die Direkteur Begeleiding in adviserende en uitvoerende hoedanigheid.

Aantekening

1 Die skriba handel volgens Artikel 25 en Reglement 3 en 9 en die aktuarius volgens Reglement 5.

34.3.1 Die **lede** van die moderatuur mag nie vir meer as twee opeenvolgende gewone vergaderinge van die sinode in dieselfde amp gekies word nie.

34.3.2 Die **lede** van die moderatuur dien na afloop van die vergadering op die Sinodale Kommissie en sy dagbestuur.

34.3.3 Wanneer daar 'n **hulpskriba(s)** nodig is, word dié deur die vergadering gekies.

Artikel 35

Tot die taak en bevoegdhede van die sinode behoort:

35.1 die opstel en wysiging van bepalinge en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die *Kerkorde* in stryd is nie;

35.2 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, met inagneming van Artikel 22 en daarom ook Artikel 26, 31 en 43 van die Kerkorde. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die sinode self bepaal;

35.3 die opleiding van evangeliedienaars soos deur Artikel 5 bepaal;

35.4 die opbou van die nodige fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansiering van die Algemene Sinode volgens 'n aanvaarde formule;

35.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;

35.6 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode.

Bepaling 35

35.1 Die sinode dra sorg vir die handhawing van die belydenis van die Kerk, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en die orde van die erediens.

35.2 Die **besluite** van die sinode is beslissend met betrekking tot sake wat deur mindere vergaderinge behandel en in geval van beroep voor hom gebring is.

35.3 'n **Versoekskrif** mag deur enige ongesensureerde lidmaat by die meerdere vergadering ingedien word, dog sonder om dit vooraf te publiseer of dit onder lede van die vergadering te versprei.

35.4 Beskrywingspunte aan die sinodevergadering word gestuur deur die Sinodale Kommissie, ringe, kerkrade en kommissies van die sinode.

35.4.1 Beskrywingspunte moet drie maande voor die vergadering in die hande van die skriba wees.

35.4.2 Redaksionele wysiginge aan ingestuurde beskrywingspunte is beperk tot styl en taal.

35.4.3 Vir **veranderinge in die Bepalinge en Reglemente** moet beskrywingspunte, voorstelle en amendemente in die vorm wees waarin dit in die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente opgeneem kan word.

35.4.4 Beskrywingspunte moet netjies getik of op rekenaaruitdruk na die skriba van die sinode gestuur word en van 'n opskrif voorsien wees.

35.5 Die **verslae** van sinodale kommissies en amptenare moet die skriba van die sinode minstens drie maande voor die sitting bereik.

35.6 Die **skriba van die sinode** gee aan die Kommissie van Orde insae in die stukke waaroor die kommissie die sinode moet adviseer en laat die sakelys druk sodat dit minstens 'n maand voor die sitting aan die afgevaardigdes besorg kan word.

35.7 Die volgende **tydelike kommissies** word voor die sinodesitting deur die Kommissie van Orde uit die afgevaardigdes benoem:

35.7.1 Tydelike Regskommissie bestaande uit vier leraars en vier kerkraadslede.

Aantekening
1 Beskrywingspunte wat bedekte klagtes behels, is nie ontvanklik nie.

Aantekening
1 Die formaat van die verslae word deur die skriba van die sinode bepaal, soos byvoorbeeld dat dit in MS Word gedoen word en elektronies versend word vir opname in die vergaderingstukke.

Aantekening
1 Die kommissie se taak is om:
a) klagskrifte, appèlsake, beskrywingspunte met regsaspekte en ander sake wat na hom verwys word grondig te oorweeg;
b) klaers, beklaagdes en getuies aan te hoor (die reg van die sinode om dieselfde te doen, word nie daardeur aangetas nie); en
c) 'n verslag vir die sinode op te stel waarin die kommissie se bevindings, die gronde daarvoor en 'n uitspraak aanbeveel word.

35.7.2 Tydelike Fondsekommissie bestaande uit een leraar en een ouderling/diaken uit elke ring.

Aantekening
1 Die taak van die kommissie is om:
a) die boeke, verslae en kasgelde van die verskillende fondse onder beheer van die Direkteur Administrasie te ondersoek, die ouditering daarvan te kontroleer en verslag aan die vergadering te doen;
b) voorstelle met finansiële implikasie, wat na hom verwys is, te oorweeg en die sinode daaroor te adviseer;
c) alle voorstelle met finansiële implikasies word eers na die kommissie verwys voordat die sinode daaroor besluit; en
d) aan lede van die vergadering op aanvraag, met opgaaf van redes, insae te gee in die rekeninge van die verskillende fondse.

35.7.3 Kommissie vir Reiskoste bestaande uit twee leraars en twee ouderlinge/diakens.

Aantekening
1 Die taak van die kommissie is om die reiskoste en daggelde van die afgevaardigdes te bereken.

35.7.4 Kommissie vir Skakeling met die Media bestaande uit twee afgevaardigdes.

Aantekening
1 Die kommissie versorg berigte aan en skakel met die Kerkbode, die SAUK, TV en die openbare pers.

35.7.5 Kommissie vir Algemene Sake saamgestel deur die Kommissie van Orde na goeddunke.

Aantekening
1 Die kommissie oorweeg sake van algemene belang wat na hom verwys word en doen daaroor aanbevelings aan die sinode.

35.7.6 Ander tydelike kommissies kan deur die Kommissie van Orde benoem word in die lig van ingekome beskrywingspunte.

35.8 Kommissies van die Sinode

35.8.1 Die **Sinodale Kommissie** bestaande uit die moderatuur van die sinode en 'n leraar en 'n ouderling/diaken uit elke ring. Die Direkteur Begeleiding en Direkteur Administrasie dien adviserend op die kommissie.

Aantekening
1 Deskundige lede kan wanneer nodig bygeroep word.

2 Behalwe vir die moderator en assessor word 'n sekundus vir elke lid aangewys.
3 Die afgevaardigdes uit elke ring benoem tydens die sinode die lede en sekundi op die Sinodale Kommissie.
4 Vakatures uit die ring op die Sinodale Kommissie word deur die ring/ringskommissie aangevul.
5 Die leraarverteenwoordiger dien ook op die ringskommissie van sy/haar eie ring.

35.8.1.1 Die **Sinodale Kommissie** vergader ten minste jaarliks en word deur die skriba byeengeroep.

Aantekening
1 Die skriba van die sinode is ook skriba van die Sinodale Kommissie.

2 Normaalweg stuur hy/sy 'n agenda van die vergadering ten minste 14 dae voor die vergadering aan die lede daarvan.
3 Die Sinodale Kommissie kan egter ook tydens die sinode vergader soos bv wanneer hy konstitueer.

35.8.1.2 'n **Meerderheid** van die lede moet teenwoordig wees vir die kommissie om te konstitueer of enige sake te behandel.

35.8.1.3 Die Sinodale Kommissie het die **bevoegdheid** om in die uitvoering van sy pligte inligting te vra van kerklike instansies. en indien nodig, persone op te roep.

35.8.1.4 Die **werksaamhede** van die Sinodale Kommissie is om:

35.8.1.4.1 uitvoering te gee aan alles wat die sinode aan hom toevertrou;

35.8.1.4.2 te let op die nakoming en toepassing van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente;

35.8.1.4.3 spoedeisende sake wat tot die bevoegdheid van die sinode behoort, te behandel;

35.8.1.4.4 te beslis in sake van kerklike tug en appèl voor hom gebring;

35.8.1.4.5 die **administrasie** van die fondse, finansies, goedere en eiendomme van die sinode te behartig (vgl Regl 8/AS9) waarvoor hy

35.8.1.4.5.1 kundige persone koöpteer wat hom ten minste oor die volgende finansiële en administratiewe sake adviseer: belegging van sinodale fondse; die bestuur van ander sinodale bates en laste; ouditering van die sinode se boeke; die sinode se finansiële jaarstate; die sinode se jaarlikse begroting; die bestuur van projekte; en toepaslike reglemente, trusts en bemakings en ander noodsaaklike aangeleenthede

35.8.1.4.5.2 die **Direkteur Administrasie** aanstel om te handel volgens Regl 6; en die **Direkteur Begeleiding** om te handel volgens Regl 9;

35.8.1.4.5.3 die **administratiewe personeel** vir die kantoor van die Direkteur Administrasie aanstel;

35.8.1.4.6 die naam, plek en bedieningstydperk in Oos-Kaapland van elke leraar wat in die sinodale gebied te sterwe kom vir die sakelys van die volgende sinodevergadering te versorg;

35.8.1.4.7 vakatures aan te vul in kommissies wat deur die sinode benoem is;

35.8.1.4.8 die **indeling** van ringe te behartig;

35.8.1.4.9 buitengewone sinodale vergaderinge byeen te roep wanneer sake van groot gewig dit vereis;

35.8.1.4.10 inligting rakende die NG Kerk in Oos-Kaapland te voorsien;

35.8.1.4.11 die **statistiek** van die Kerk te verkry en te bestudeer;

35.8.1.4.12 met die **SABC** te skakel in verband met godsdienstige uitsendings en verwante sake;

35.8.1.4.13 Bybelverspreiding, kerklike tydskrifte en Bybelkor te bevorder;

35.8.1.4.14 op aanvraag **ringe te hulp** te kom wanneer gemeentes te lomp word of wanneer gemeentes se voortbestaan in gedrang kom;

Aantekening

1 Dit is soms vir 'n kerkraad moeilik om tot die finale besluit te kom tot afstigting of ontbinding van die gemeente. Die ring kan met motivering die hulp van die Sinodale Kommissie inroep om die kerkraad te oorreed. Die besluit kan egter nie op die kerkraad afgedwing word nie.

35.8.1.4.15 in **sake te handel wat die familie van NG Kerke raak** en om uit sy lede persone te benoem om te dien in die oorkoepelende Skakel/Beplanningskommissie van die familie van NG Kerke; en

Aantekening

1 In sake wat spesifiek op die terrein van een van die kommissies van die sinode lê, skakel die kommissie self met die ooreenstemmende kommissie van die ander kerk in die familie van NG Kerke.

35.8.1.4.16 verslag te doen van al sy vergaderings en werksaamhede aan die sinode.

35.8.1.4.17 Die Sinodale Kommissie bestuur die Sinode se **skakeling met ander liggame.**

35.8.1.5 Die **Dagbestuur van die Sinodale Kommissie** bestaan uit die moderatuur van die sinode en vier lede deur die Sinodale Kommissie aangewys waarvan een die portefeulje van finansies en administrasie moet beklee. Hierdie lid kan ook van buite die geledere van die Sinodale Kommissie aangewys word. Die Direkteur Administrasie en Direkteur Begeleiding dien adviserend op die dagbestuur.

Aantekening

1 Die Sinodale Kommissie wys sekundi aan vir die vier addisionele lede en die Regskommissie vir die aktuarius. Indien daar nie 'n hulpskriba gekies is nie, wys die Sinodale Kommissie 'n sekundus vir die skriba aan. Indien die moderator of assessor vervang moet word, doen die Sinodale Kommissie dit uit sy eie lede.

35.8.1.6 Die dagbestuur handel in alle **spoedeisende sake;**

35.8.1.6.1 voer alle opdragte uit wat deur die Sinodale Kommissie na hom verwys word;

35.8.1.6.2 bepaal wanneer vergaderinge van die Sinodale Kommissie gehou word;

35.8.1.6.3 eis, ingeval die skriba of aktuarius om enige rede verhinder word om sy/haar pligte na te kom, al die stukke op en oorhandig dit aan 'n diensdoenende leraar om waar te neem; en

35.8.1.6.4 doen verslag van sy werksaamhede aan die Sinodale Kommissie.

35.8.1.7 Die dagbestuur fungeer ook as **Kommissie van Orde** om die sinodale vergadering vooraf te beplan en te reël.

Aantekening

1 Dit behels die datum, program, tydrooster, broederlike onderhoude, verblyf en verversings van afgevaardigdes, ens

35.8.1.8 Sittingsreg op die Sinodale Kommissie word nie geraak wanneer ‘n kerkraadslid sy/haar kerkraadstermyn uitgedien het nie, maar indien iemand wat op die Sinodale Kommissie dien wat op ringsbasis saamgestel is, die ringsgebied verlaat, verloor hy/sy sittingsreg op die betrokke kommissie.

35.8.2 Die **Sinodale Regskommissie**, bestaande uit sewe lede (met sekundi), waarvan ten minste een 'n regsgeleerde is en waarvan die aktuarius lid is, word deur elke sinodevergadering benoem om:

35.8.2.1 elke nuwe uitgawe van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente vir korrek te onderteken;

35.8.2.2 uitsluitsel te gee oor onnoukeurighede in die publikasie van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente;

35.8.2.3 op aanvraag mindere vergaderinge met raad en voorligting te dien;

35.8.2.4 alle beskrywingspunte rakende die Bepalinge en Reglemente na te gaan en die sinode daaroor te adviseer; en

35.8.2.5 namens en op koste van die sinode regsadvies in te win.

35.8.3 Die **Sinodale Kommissie vir Begeleiding**, bestaande uit drie leraars (met sekundi) uit die ring waarin die universiteit geleë is en die twee sinodale verteenwoordigers op die kuratoria van die teologiese fakulteite om

35.8.3.1 in sy gebied toesig te hou oor die aard van die kursus met die oog op die vereistes van teologiese opleiding, en

35.8.3.2 die studente wat die oog op die bediening het van tyd tot tyd te ontmoet.

Aantekening
1 Hierdie kommissie staan ook in vir die begeleidingskommissies van die onderskeie kuratoria (vgl Reglement AS12 pt 2.3.2).

35.8.4 Die **Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge**

35.8.4.1 ***Samestelling en ampstermyn van lede***

35.8.4.1.1 Die kommissie bestaan uit die ondervoorsitter van die Sinodale Kommissie en ‘n lid van die SRK, en

35.8.4.1.2 personeellede kan by die kommissie op ad hoc-basis gekoöpteer word.

35.8.4.2 ***Funksies en bevoegdhede***

35.8.4.2.1 Die kommissie tree namens die Sinodale Kommissie, die werkgewer, op teenoor sinodale werknemers.

35.8.4.2.2 Hanteer alle werknemer-werkgewer aangeleenthede met verslag aan die Sinodale Kommissie.

35.9 Sinodale verteenwoordigers (met sekundi) word by elke gewone vergadering van die sinode benoem.

35.10 Die **sinode vaardig** ten minste 30 lede af na die Algemene Sinode.

Aantekening

1 Die verteenwoordigers van die sinode by die verskillende instansies doen gereeld verslag aan die betrokke kommissie op wie se voorstel hulle benoem is.

Aantekening

1 Vgl Artikel 38

2 Die formule waarvolgens die afvaardiging saamgestel word, is 'n leraar en 'n ouderling/diaken vir elk van die 13 ringe, deur die ring self benoem; die 4 moderatuurslede en nog 4 lede om die balans tussen leraars en ouderlinge/diakens te behou; en 'n sekundus vir elk van bogenoemde. Die ander agt word aan die diskresie van die Sinodale Kommissie oorgelaat.

3 Die Sinodale Kommissie vul vakatures wat ontstaan, wanneer dit 'n ringsbenoeming is, op voordrag van die betrokke ring.

Artikel 36

Die samestellende kerke of sinodes behou volle seggenskap oor hul eiendomme, finansies, werksaamhede, ensovoorts, wat hulle voor toetreding tot die algemene sinodale verband gehad het of daarna verwerf, behalwe dié wat volgens die *Kerkorde* aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word, of deur die Algemene Sinode in trust gehou word.

Artikel 37

Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.

3.2.4 DIE ALGEMENE SINODE

Artikel 38

38.1 Die Algemene Sinode bestaan uit ’n maksimum van 400 lede wat saamgestel word uit afgevaardigdes van die sinodes.

38.2 Die afvaardiging van elke sinode moet uit ’n gelyke getal predikante en ouderlinge/diakens bestaan en word soos volg saamgestel:

38.2.1 ’n Vaste komponent van 10 predikante en 10 ouderlinge/diakens; en

38.2.2 ’n Proporsionele komponent waarvolgens 100 afgevaardigdes aangewys word volgens ’n formule gebaseer op die aantal gemeentes en 100 afgevaardigdes gebaseer op die aantal lidmate. Dit word telkens ’n jaar voor die vergadering van die Algemene Sinode deur die Moderamen bereken.

38.2.3 Sinodes het die reg om minder afgevaardigdes te stuur.

38.3 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur een lid van die personeel van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein.

38.4 Elke afvaardiging moet van 'n geloofsbrief voorsien wees.

Artikel 39

Die Moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit ’n moderator, ’n assessor, ’n aktuarius en ’n addisionele lid, lei die Sinode (artikel 25).

Artikel 40

40.1 Voor die verdaging van die Algemene Sinode word ’n Moderatuur verkies en ’n Moderamen van die Algemene Sinode saamgestel.

40.2 Lede van die Moderatuur kan vir meer termyne in dieselfde posisie verkies word.

Besluit by Art 40.2
Indien die huidige 2 jaar-siklus verander word na ’n 3 of 4 jaar-siklus, kan die moderatuur vir 2 termyne in dieselfde posisie verkies word. Indien die huidige 2 jaar-siklus behou word, kan die moderatuur vir 3 termyne in dieselfde posisie verkies word. Die persoon mag daarna wel in een van die ander posisies verkies word.

Artikel 41

Die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, gaan op die Algemene Sinode voor totdat die moderator gekies is.

Riglyn by art. 41
In die lig van art. 39 open die leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, die Algemene Sinode. Daarna lei die Moderatuur die vergadering.

Artikel 42

42.1 Die Algemene Sinode besluit self wanneer die volgende Algemene Sinode byeenkom, met dien verstande dat die Algemene Sinode nie langer as vier jaar uitmekaar vergader nie.

42.2 Die Algemene Sinodale Kommissie roep 'n buitengewone Algemene Sinode byeen indien hy dit nodig ag, óf op eie inisiatief, óf op versoek van een of meer sinodes.

Artikel 43

Tot die taak van die Algemene Sinode behoort:

43.1 Wat kerklike roeping en standpunte betref:

43.1.1 die formulering van die roeping / leidende beginsels / standpunte in sake van gemeenskaplike belang soos gereformeerde teologiese oortuigings, Bybels-etiese uitgangspunte en ekklesiologiese verantwoordelikhede en –praktyke, wat deur alle kerkvergaderings kragtens hulle deelname aan die verband gevolg moet word.

43.1.2 die behartiging van die openbare getuienis van die Ned Geref Kerk in sy breedste verband;

43.1.3 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;

43.1.4 die vasstelling van die Belydenisskifte ooreenkomstig Artikel 44, die *Kerkorde*, die liturgiese formuliere en gebruike, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;

43.1.5 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienaars van die Woord;

43.1.6 die bepaling op algemene sinodale terrein van verhoudinge en ooreenkomste met die staat en ander nie-kerklike lewenskringe;

43.2 Wat werksaamhede betref:

43.2.1 die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode;

43.2.2 die koördinering/netwerk van sake wat voortvloei uit Artikel 43.1.1

43.2.3 die behartiging van die ekumeniese belange van die Kerk op sy terrein;

43.2.4 die beheer oor algemene kerklike media;

43.2.5 die hantering van appèlsake.

Besluit by Art 43.1.2 en 43.1.6

43b.1 Met betrekking tot Kerkorde Artikel 43.1.2 en 43.1.6 besluit die Algemene Sinode dat ’n sinode wat in ’n staat buite die Republiek van Suid-Afrika funksioneer (bv Namibië), die openbare getuienis en die verhouding en ooreenkomste met die staat en ander lewenskringe, namens die kerkverband (Algemene Sinode), in daardie gebied kan behartig.

Artikel 44

44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met ’n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met ’n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het..

44.2 Artikel 44.1 en 44.2 word gewysig nadat elke sinode afsonderlik met 'n twee-derdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het en die Algemene Sinode daarna met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit.

44.3 Die Algemene Sinode mag, met uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2, die Kerkorde wysig of aanvul met 'n tweederdemeerderheidstem.

44.4 Sake in verband met leertug, leergeskille of geskille tussen sinodes en mindere vergaderinge kan by wyse van appèl voor die Algemene Sinode dien. In gevalle van leertug en leergeskille word 'n tweederdemeerderheidsbesluit vir die bekragtiging van die uitspraak van die Algemene Sinode vereis (vgl Artikel 65.2).

44.5 Indien 'n tweederdemeerderheid nie verkry word nie, mag enige van die partye 'n verdere beroep op die afsonderlike sinodes doen. Die gesamentlike volstrekte meerderheid van stemme van die afsonderlike sinodes is dan beslissend.

Artikel 45

45.1 Die Algemene Sinode kan vir sy vergaderings en diensgroepe/kommissies/ taakspanne reglemente opstel.

45.2 Die Algemene Sinode mag artikels van die Kerkorde, met die uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2, met ’n tweederdemeerderheidstem óf opskort óf daarvan vrystelling verleen.

Artikel 46

Die Algemene Sinode mag diensgroepe/kommissies/taakspanne benoem om hom van advies te bedien of om besluite en opdragte uit te voer.

Artikel 47

Die Algemene Sinode kan deur die Algemene Taakspan vir Fondse kerkkantore organiseer en personeel aanstel om die kantore te beman.

-oo0oo-

HOOFSTUK 4 - DIE ARBEID VAN DIE KERK

4.1 DIE OPENBARE EREDIENS

Artikel 48

48.1 Die erediens is, onder die genadige werking van die Heilige Gees, die openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die heiliges onder leiding van die besondere ampte en deur die bediening van die Woord, die bediening van die heilige sakramente, die gebed, kerklied en dankoffers.

48.2 Die inrigting van die eredienste word deur die kerkraad vasgestel met gebruikmaking van Bybelvertalings wat vir amptelike gebruik aanvaar is, die liturgiese orde van die erediens, asook die liederebundel(s) en die liturgiese formuliere, soos deur die Algemene Sinode vasgelê.

48.3 Die leiding van eredienste berus by een van die volgende persone:

48.3.1 die bedienaar van die Woord van die plaaslike gemeente, of in sy/haar afwesigheid;

48.3.2 die konsulent;

48.3.3 'n ander bevoegde evangeliedienaar van gereformeerde belydenis wat deur die kerkraad daartoe uitgenooi is; [8]

48.3.4 'n student van 'n teologiese fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Artikel 5.2) wat, óf in ooreenstemming met die vereistes van die betrokke fakulteit en met toestemming van die kerkraad, deel van sy praktiese opleiding in die gemeente ontvang, óf na voltooiing van sy praktiese werk deur 'n kerkraad uitgenooi is;

48.3.5 'n ouderling van die betrokke gemeente wat 'n leesdiens waarneem.

48.4 Prediking

48.4.1 Met die oog op die verkondiging van die volle raad van God moet die prediking deurgaans volle reg aan die kerklike jaar en die belydenisskrifte laat geskied.

48.4.2 Die inhoud van die prediking moet steeds 'n verklaring en toepassing van die Heilige Skrif wees.

48.4.3 Die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls moet deurentyd sistematies in die prediking aan die orde gestel word.

Bepaling 48

48.1 Christelike feesdae, Adventstyd, Lydenstyd en Pinkster moet gebruik word om die heilsfeite in die verkondiging van die Woord in die erediens te herdenk.

Aantekening

1 Die leesdiens deur 'n ouderling waargeneem veronderstel dat hy/sy 'n preek, geskryf deur 'n leraar van gereformeerde belydenis, voorlees.

[8] Onder ‘n bevoegde bedienaar van die Woord wat eredienste kan lei, word verstaan ‘n persoon met ampsbevoegdheid in die NG Kerk of ‘n ander kerk van gereformeerde belydenis. Wanneer die kerkraad aan ‘n persoon wat nie sodanig bevoeg geag word nie ‘n uitnodiging rig om ‘n erediens te lei, word daar strydig met die *Kerkorde* gehandel (vgl Handelinge Algemene Sinode 1998, p.409, 1.19.2.2).

4.2 DIE SAKRAMENTE

Artikel 49

49.1 DIE DOOP

Die heilige doop word, behalwe by hoë uitsondering, in 'n erediens deur 'n bedienaar van die Woord bedien met gebruikmaking van ‘n goedgekeurde liturgiese formulier.

Besluite by Artikel 49.1

49.1b1 Wanneer geeneen van die ouers geregtig is om op die doopvrae te antwoord nie, kan die kerkraad in oorleg met die ouers ‘n doopgetuie(s) vind wat genoegsame waarborg kan bied vir ‘n christelike opvoeding van die dopeling.

Aantekening

1 Doopouers se attestate of lidmaatskap moet in die gemeenteregisters ingeskryf wees voordat hulle kan laat doop.

2 Indien een van die ouers nie by Besluit 49.1b1 in terme van kerklidmaatskap ingesluit is nie, kan hy/sy na die dooponderhoud by die doop bystaan sonder dat die vrae aan hom/haar gestel word of hy/sy daarop reageer.

3 Doopgetuies is nie 'n vereiste nie, maar ongesensureerde lidmate van die NG Kerk of 'n erkende Protestantse Kerk mag as doopgetuies bystaan.

49.1b2 Die kerkraad moet toesien dat die doop van verbondskinders so gou as moontlik aangevra en bedien word.

49.1b3 By die doop van ‘n kind ouer as sewe jaar en voor belydenisaflegging:

49.1b3.1 moet die kerkraad daarvan oortuig wees dat die ouers/doopgetuies se gesindheid en meelewing tans reg is, en die kind wat gedoop moet word, moet in staat wees om, na gelang van die kind se bevatlikheid, ‘n eenvoudige belydenis van instemming met die Christelike waarheid af te lê, tesame met ‘n getuienis aangaande liefde tot en geloof in Jesus Christus.

49.1b3.2 Die eenvoudige belydenis word deur die kind slegs by die dooponderhoud afgelê.

49.1b3.3 Tydens die dooponderhoud word die kind voorberei op die vrae en antwoord slegs met ‘n “ja”. Die vrae lui soos volg:

- *Glo jy dat die Bybel die Woord van God is?*
- *Glo jy dat God, die Vader, die Skepper van hemel en aarde is?*
- *Glo jy dat die Here Jesus Christus vir jou sondes gesterf het en dat Hy uit die dood opgestaan het, en het jy Hom lief?*
- *Glo jy dat die Heilige Gees in jou woon en jou lewe nuut maak?*

49.1b4 Persone sestien jaar en ouer wat nie gedoop is nie kan gedoop word na openbare belydenis van geloof.

49.1b5 Die doop van iemand uit ‘n ander kerkverband word erken as dit geskied het in die Naam van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees; met water bedien is; en deur ‘n persoon met bevoegdheid in die betrokke kerkverband bedien is

Bepaling 49

Reëlings in verband met die doop

49.1.1 Ouers wat die doop vir hulle kinders begeer moet vooraf persoonlik by die leraar aanmeld.

Aantekening

1 Elke kerkraad tref self die ordereëlings in hierdie verband. Verkieslik voer die leraar en een of meer ouderlinge met hulle 'n gesprek oor die betekenis en die erns van die doop.

2 Dit word verwag dat die geboortesertifikaat/identiteitsdokument van die dopeling getoon word.

49.1.2 Besware teen die doop van 'n dopeling van die kant van die leraar of ouderling moet aan die doopouers meegedeel word, so spoedig moontlik aan die kerkraad voorgelê word en na besluit van die kerkraad gehandel word.

Aantekening

1 Besware teen die doop raak die oortreding van die sewende gebod en administratiewe aangeleenthede rondom lidmaatskap.

2 Meelewing en erediensbywoning moet los van van die doop bearbei word.

49.1.3 Skriftelike verlof, nadat die doop-onderhoud gevoer is, deur die leraar, konsulent of kerkraad is 'n vereiste om in 'n ander gemeente te laat doop.

49.1.4 'n **Doopseel** word tydens die doop-geleentheid aan die doopouers oorhandig.

49.2 DIE NAGMAAL

49.2.1 Die heilige nagmaal word minstens vier maal per jaar in elke gemeente gevier (vgl Funksionele besluit 22).

49.2.2 Tot die heilige nagmaal word toegelaat

49.2.2.1 belydende lidmate van die gemeente;

49.2.2.2 dooplidmate van die gemeente wat deur die kerkraad toegelaat is tot die heilige nagmaal (vgl Funksionele besluit 22);

49.2.2.3 besoekers uit ander NG gemeentes;

49.2.2.4 besoekers uit ander kerke (vgl. Reglement 21: 3.2.2.1 en 3.2.2.2).

Aantekening

1 Die volgende algemene riglyne word deur die kerkraad gehandhaaf in die bediening van die nagmaal buite die erediens:

a) Die kerkraad evalueer die meriete van elke aansoek.

b) Die Woord moet bedien word.

c) Die ware betekenis van die nagmaal word verduidelik sodat bygeloof uitgeskakel kan word hetsy deur die formulier of andersins.

d) Minstens een ampsdraer, verkieslik die wyksouderling, woon die nagmaalbediening by. Waar moontlik word gereël dat ander medegelowiges dit ook bywoon sodat die gemeenskapskarakter van die nagmaal bewaar kan bly (AS 1994).

2 Besoekers uit ander gemeentes mag die nagmaal gebruik na vooraf aanmelding by en verlof van die leraar of 'n ouderling of op uitnodiging namens die kerkraad vanaf die kansel (AS 1986).

3 Interkommunie met kerke met 'n gereformeerde belydenis is geoorloof mits dit langs die weg van onderlinge oorlegpleging deur kerkrade plaasvind. Waar dit gaan oor nie gereformeerde, maar tog erkende Protestantse kerke en die onderskeie nagmaalsopvattings dus onderling verskil, kan interkommunie slegs by wyse van uitsondering onder besondere omstandighede veroorloof word. In die geval van nie-erkende kerke kan daar nie sprake wees van interkommunie nie (AS 1974).

4 Voorbereiding en danksegging kan beklemtoon word deur aparte dienste, maar kan ook as komponente van die aksiediens hanteer word.

5 Meer gereelde gebruik van die nagmaal as die gewone word sterk onderskryf.

6 Die lees van die hele formulier is noodsaaklik vir die bediening van die nagmaal (AS 1990).

7 Waar die nagmaal meer dikwels as die gebruiklike vyf keer per jaar gevier word, mag by wyse van afwisseling, slegs een van die instellingsberigte (Mt, Mk, Lk, 1 Kor) plus die selfondersoek (1 Kor 11:27-32) gelees word (AS 1990).

4.3 JEUGBEDIENING

Artikel 50

50.1 Die jeug as wesenlike deel van die gemeente is die verantwoordelikheid van die Kerk en hierdie verantwoordelikheid is onvervreembaar en onoordraagbaar.

50.2 Die bediening aan die jeug as verbondsjeug is 'n geïntegreerde deel van die omvattende gemeentelike bediening waarin God deur sy Woord tot die jeug kom deur verkondiging, onderrig, toerusting, herderlike sorg en dienswerk. Hierdie gemeentelike bediening geskied onder die leiding van die ampte aan en deur die jeug.

50.3 Die kinders van die gemeente, asook alle buitekerklikes wat belydende lidmate van die gemeente wil word, moet onderrig word in die Woord van God en die leer van die Kerk. Hierdie onderrig geskied met die oog op belydenisaflegging waardeur hulle deel in die volle regte en verantwoordelikhede van belydende lidmate.

50.4 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem

Bepaling 50

Uitvoering van Jeugbediening

50.1 Jeugkommissies word in kerkraads- en ringsverband vir die besinning oor, die beplanning van en uitvoering van ‘n eietydse en dinamiese jeugbediening benoem. Hierdie jeugkommissies bestuur die totale jeugbediening in sy omgewing met inagneming van Skrifbeginsels, die Belydenisskrifte, die Kerkverband se riglyne, die unieke eise van plaaslike omstandighede en die unieke eise van die tyd.

50.2 Jeugkommissies mag versoeke tot advies en begeleiding tov jeugbediening aan die Sinodale Kommissie rig, wat dit op sy beurt weer, indien dit nodig geag word, kan verwys na ‘n spesialis op die terrein waaroor advies of begeleiding gevra word.

50.2.1 Die spesialis mag ander kundige persone nader om hom/haar te help met die proses van advisering of begeleiding. Die spesialis moet aan die Sinodale Kommissie ‘n tydsraamwerk, ‘n konsepbegroting en die name van sy hulpkragte voorlê.

50.2.2 Nadat die Sinodale Kommissie, of sy gevolmagtigde, hierdie voorlegging goed-gekeur het, word amptelik opdrag gegee aan die spesialis om voort te gaan met die projek. Na afhandeling van die projek word terugvoer gegee aan die Sinodale Kommissie wat die resultaat aan al die gemeentes van die kerkverband deurgee

50.3 Die **Sinodale Kommissie** gee binne die sinodale gebied deurlopend aandag aan die effektiewe bediening aan die jeug as verbondsjeug en die toerusting van jeugleiers deur:

50.3.1 kundige persone by bepaalde projekte te betrek en

50.3.2 kundige persone te benoem om te skakel met die Algemene Jeugkommissie.

50.4 Kategese is die taak van elke gemeente in aansluiting by die verbondsonderrig van die ouers.

50.4.1 Die plaaslike gemeente gebruik vir **kategetiese onderrig** die amptelik goed-gekeurde leermateriaal van die kerkverband.

50.5 Die ondersoek van **toelating tot bely-denisaflegging** behels die getuienis oor die doop, ‘n persoonlike onderhoud met die leraar en die ondersoek deur die kerkraad.

Aantekening

1 Dooplidmate word van die vroegs moontlike ouderdom onderrig met die oog op uiteindelike belydenisaflegging

Aantekening

1 Vir statistiese doeleindes word dooplidmate wat in koshuise inwoon en net sekere naweke huis toe gaan, gereken as dooplidmate van die gemeente in wie se grense die koshuis val.

2 Dooplidmate wat in koshuise inwoon en elke naweek huis toe gaan, word gereken as dooplidmate van die gemeente waarvan hulle ouers lidmate is.

Aantekening

1 ‘n Inskrywing in die register van dooplidmate van die gemeente of dan ‘n doopseel vanaf ‘n ander gemeente, deur die katkisant ingehandig, dien as bevestiging dat hy/sy gedoop is.

2 Ongedoopte katkisante word gedoop by die geleentheid wanneer hulle belydenis van geloof aflê.

3 Katkisante wat nie bewys van hulle doop kan lewer nie, word gedoop met gebruikmaking van die formulier vir die bediening van die doop aan volwassenes by die belydenis van geloof. Hulle lê nie weer belydenis van geloof af nie.

Die formulier vir die openbare belydenis van geloof en die bediening van die doop aan volwassenes (1990) kan gebruik word wanneer sommige van die katkisante nie gedoop is nie.

50.5.1 Die kerkraad sien toe dat toelating tot belydenisaflegging nie outomaties geskied nie.

50.5.2 Katkisante uit ander gemeentes kan slegs met skriftelike verlof van hulle leraar/-kerkraad tot die ondersoek of die aflegging van belydenis toegelaat word.

50.6 Alle persone wat nog nie in die kerkverband ingesluit is nie, maar wel tot die kerkverband wil toetree, word deur middel van kategetiese onderrig in die Woord van God en die leer van die kerkverband onderrig.

4.4 HERDERLIKE SORG

Artikel 51

Die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens moet deur die behartiging van getroue huisbesoek die herderlike sorg uitstrek tot alle lidmate van die gemeente, in besonder behoeftiges, siekes en oues van dae. Hulle moet besoek, bemoedig, vertroos en ondersteun word. Voorts moet lidmate voortdurend gewaarsku word teen valse leringe en dwalinge, teen wêreldsgesindheid en goddelose lewenspraktyke.

4.5 GEMEENTEBEDIENING

Artikel 52

52.1 Die Kerk rig hom deur middel van gemeentebediening tot die lidmate ten einde die gemeente op te bou tot vervulling van sy dienswerk.

52.2 Die Kerk rig hom deur intensiewe gespesialiseerde gemeentebediening tot kerkvervreemdes wat formeel nog lidmate is teneinde hulle daadwerklik te bereik en hulle tot gemeenskap met Christus te bring.

52.3 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem

Bepaling 52

52.1 Die diensterreine van gemeentebediening

Die diensterrein van gemeentebediening behels in die besonder die vier bedienings van die gemeente, naamlik leitourgia, kerugma, koinonia en diakonia.

52.1.1 Die bediening van **leitourgia** het te make met al die aanbiddingsaktiwiteite van die gemeente. Deur die liturgiese handelinge verskyn die gemeente voor die aangesig van God om tot Hom te bid en haar volle wese op Hom te rig.

52.1.2 Die **kerugmatiese** bediening het te make met al die aktiwiteite van die gemeente wat verband hou met die verkondiging van die boodskap van die Bybel. Dit sluit in die verkondiging aan die lidmate van die gemeente, die kerkvervreemdes en alle mense wat nog nie die Boodskap gehoor het nie.

52.1.3 Die **koinoniale** bediening het te make met al die aktiwiteite van die gemeente wat uitvoering gee aan die opdrag van Jesus Christus dat ons mekaar moet liefhê en na mekaar moet omsien. As liefdesgemeenskap leef die gemeente die liefde van Jesus Christus sodanig uit, dat mense daardeur tot die Evangelie aangetrek sal word.

52.1.4 Die **diakonale** bediening het te make met al die aktiwiteite van die gemeente wat verband hou met dienslewering aan mense binne en buite die gemeente. Verder rig die gemeente haarself op die handhawing van reg en geregtigheid in die samelewing.

52.2 Die uitvoering van gemeentebediening

52.2.1 Die kerkraad kan 'n kommissie of taakspan of verteenwoordigers vir gemeentebediening benoem.

Aantekening

1 Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers neem verantwoordelikheid vir effektiewe bediening op die vier terreine van gemeentebediening.

2 Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers identifiseer die gemeente se besondere behoeftes en stel aksies in werking om die bediening te bevorder.

3 Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers raadpleeg die ring indien daar behoeftes is wat nie op plaaslike vlak hanteer kan word nie.

52.2.2 Die ring kan 'n kommissie, of taakspanne, of subkommissies, of verteenwoordigers vir gemeentebediening benoem, om aan opdragte van die gemeentes uitvoering te gee.

Aantekening

1 Tydens ringsvergaderings doen gemeentes verslag oor hulle liturgiese-, kerugmatiese-, koinoniale- en diakonale bedieninge.

2 Tydens ringsvergaderings voer die ring bespreking oor die suksesse en probleem-areas wat deur die gemeentes aangemeld word en besin oor die mees effektiewe maniere waarop die vier bedieninge in die betrokke gemeentes uitgevoer kan word, na gelang van die plaaslike omstandighede.

3 Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers voer opdragte uit wat deur die gemeentes aan die ring gegee word. Die opdragte hou verband met die bevordering van die vier bedieninge op die terrein van gemeentebediening.

4 Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers bevorder die onderlinge samewerking van die gemeentes op die terrein van gemeentebediening.

5 Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers motiveer gemeentes om onderling verantwoordelikheid vir mekaar te neem en deel hulle kundigheid, gawes en bronne met mekaar ter bevordering van die vier bedieninge in die ring en gemeentes afsonderlik.

6 Die ring pak gesamentlike projekte aan waar gemeentes dit nie afsonderlik kan behartig nie en stel taakspanne of verteenwoordigers aan om hieraan uitvoering te gee.

7 Die ring raadpleeg die Sinodale Kommissie indien die gesamentlike projekte nie deur die ring alleen behartig kan word nie. Die Sinodale Kommissie se hulp aan ringe geskied in die vorm van kundigheid en finansiële hulp.

8 Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers dien as wedersydse skakel tussen die Sinodale Kommissie en die gemeentes op die terrein van gemeentebediening.

9 Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers doen navorsing oor die eiesoortige omstandighede van gemeentebediening in die ringsverband en gee hulle behoeftes en suksesse aan die Sinodale Kommissie se deskundige lid vir gemeentebediening deur.

52.2.3 Die Sinodale Kommissie benoem 'n deskundige lid vir gemeentebediening.

Aantekening

1 Die deskundige lid dien as sinodale verteenwoordiger vir gemeentebediening in die breër kerkverband en gee noodsaaklike inligting vanaf die breër kerkverband deur aan ringe en gemeentes.

2 Hy/sy doen navorsing in die veld van gemeentebediening asook oor die plaaslike omstandighede in gemeentes en ringe. Hy/sy maak gebruik van navorsingsgroepe in die uitvoering van hierdie pligte.

3 Hy/sy stimuleer debatte en gesprek oor die wese en inhoud van gemeentebediening ter bevordering van die bediening in gemeentes en ringe.

4 Hy/sy is verantwoordelik om taakspanne saam te stel soos deur die Sinodale Kommissie versoek ten einde die behoeftes van gemeentes en ringe te bedien.

5 Hy/sy dien as skakel tussen ringe en bevorder die onderlinge samewerking.

6 Hy/sy koördineer die werk van die taakspanne in samewerking met die Sinodale Kommissie.

52.2.4 Bediening aan vrouelidmate

52.2.4.1 Hierdie bediening is gerig op die eie aard en belange van die vrouelidmate en het onder andere die volgende terreine in gedagte:

- Vroue word aangemoedig om aktief werksaam te wees tot opbou van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die koninkryk van God.
- Vroue word ondersteun in die rol wat hulle in die samelewing moet speel.
- Bediening aan die predikant se vrou.
- Behartig die belange van die Christenvrou, waar die behoefte mag ontstaan.

52.2.4.2 Die Sinodale Kommissie wys 'n deskundige lid aan vir die bediening aan vrouelidmate.

Aantekening

1 Die deskundige lid dien as sinodale verteenwoordiger vir bediening aan vrouelidmate in die breër kerkverband en gee noodsaaklike inligting vanaf die breër kerkverband deur aan ringe en gemeentes.

2 Sy doen navorsing oor die behoeftes van predikantsvroue en vrouelidmate.

3 Sy stel taakspanne saam om die behoeftes van die predikantsvroue en vrouelidmate te bedien.

4 Sy dien as skakel tussen ringe en bevorder die onderlinge samewerking.

5 Sy koördineer die werk van die taakspanne in samewerking met die Sinodale Kommissie.

6 Die publikasie van Brandpunte, die vroueblad wat drie keer per jaar verskyn, ressorteer onder haar bedieningsveld.

52.2.4.3 Die ring kan 'n verteenwoordiger vir die bediening aan vrouelidmate aanwys.

Aantekening

1 Sy dien as skakel tussen gemeentes en die deskundige lid.

2 Sy bepaal behoeftes en bevorder die belange van die vrouelidmate in die gemeentes.

4.6 SENDING/GETUIENIS

Artikel 53

53.1 Sending is die heilshandeling van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, waardeur Hy uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader.

Deur dié gemeente

- **laat God sy Woord aan die gevalle wêreld verkondig,**
- **bring Hy die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies tot stand en**
- **laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,**
- **laat Hy sy opdrag om die skepping te bewaar en te bewerk sigbaar tot uitdrukking kom, en**
- **word sy geregtigheid aan die samelewing en wêreld verkondig.**

So laat Hy sy koninkryk kom tot aan die voleinding van die wêreld.

53.2 Deur sending bedien die kerk die evangelie in al sy dimensies aan mense buite die kerk.

53.3 Sending is die roeping van elke lidmaat asook die kerkraad. Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband van ring en sinode onderneem.

Bepaling 53

Uitvoering van die getuienistaak

53.1 Die **kerkraad** kan 'n getuieniskommissie benoem.

Aantekening

1 Die getuieniskommissie

a) kweek by lidmate belangstelling in en wek 'n sendingroeping op na binne en buite;

b) bevorder en beplan hierdie aksie in die gemeente;

c) neem deel aan sending met ander kerke van die familie van NG Kerke, ander erkende kerke en goedgekeurde organisasies;

d) raak betrokke by wêreldsending;

e) verleen regstreekse hulp aan hulpbehoewende gemeentes van ander kerke binne die familie van NG Kerke;

f) bou goeie verhoudinge met ander kerke;

g) beplan die terugwin van afgedwaaldes en buitekerklikes;

h) gee aandag aan die bearbeiding van buitekerklike andertaliges waarby Jode ingesluit is.

53.2 Die **ring** kan uit sy geledere 'n getuieniskommissie benoem.

Aantekening

1 Die ringsgetuieniskommissie

a) adviseer gemeentes in getuienisbeplanning;

b) hanteer behoeftes en probleme tov sending binne die grense van die ring;

c) hanteer gemeentelike verslae tov sending en doen verslag aan die ring; en

d) vestig die aandag van die ring op die getuieniswerksaamhede van gemeentes in die ringsgebied.

53.3 Die **Sinodale Kommissie** gee binne die sinodale gebied deurlopend aandag aan effektiewe bediening tov sending

53.3.1 Die **Sinodale Kommissie** benoem 'n kundige persoon, wat die sinode in breër verband kan verteenwoordig tov getuienisaangeleenthede.

53.3.2 Die persoon kan ander kundige lede op vrywillige basis betrek wat hom/haar bystaan met:

53.3.2.1 die toerusting en begeleiding van gemeentes tov die hantering van getuienis op gemeentevlak; en

53.3.2.2 die reël van spesiale getuienisprojekte.

53.3.3 Die databasis en administratiewe werk rondom sending, word deur die kantoor van die Direkteur Administrasie hanteer.

4.7 DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Artikel 54

54.1 Die Kerk moet met priesterlike bewoënheid omsien na die armes en ander sorgbehoewendes deur hulle te help, te troos en geestelik op te hef.

54.2 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, onderneem die gemeentes in kerkverband van ring en sinode barmhartigheidsbediening.

Bepaling 54

Uitvoering van die diens van barmhartigheid

Aantekening

1 Die wese van die diens van barmhartigheid is die vestiging en uitbreiding van die Koninkryk van God.

2 Die doel van die diens van barmhartigheid is dat die kerk, gedring deur die liefde van God, die omvattende verlossing in Jesus Christus deur barmhartige lewens aan mekaar en die wêreld bedien, sodat mense tuiskom in die versorgende gemeente wat die genade van God vier.

54.1 Die **kerkraad** kan 'n kommissie vir diens van barmhartigheid benoem.

Aantekening

1 Die werksaamhede van die kommissie kan die volgende behels:

a) om genoegsame middele te versamel met die oog op die lewering van doeltreffende barmhartigheids-diens, sowel binne as buite die gemeente;

b) om die gawes wat tot beskikking van die diens van barmhartigheid gestel is, met verantwoording aan die gemeente te beheer; en

c) om met blymoedigheid, opreg, versigtig en oplet-tend barmhartigheidsdiens te lewer aan almal wat versorging nodig het.

54.2 Die **ring** kan 'n ringskommissie vir diens van barmhartigheid benoem.

Aantekening

1 Die werksaamhede van die ringskommissie vir die diens van barmhartigheid is die volgende:

a) Hy bevorder belangstelling in die diens van barmhartigheid op, behartig die belange van die diens van barmhartigheid in die algemeen en neem die nodige stappe om fondse vir die werk te vind; en

b) hy doen aan die ring verslag met aanbevelings oor al sy werksaamhede en vestig die aandag op sake in verband met die diens van barmhartigheid in die alge-meen.

54.3 Die **Sinodale Kommissie** gee deurlopende aandag aan die Diens van Barmhartigheid op breër- en interkerklike verband deur:

54.3.1 die benoeming van ‘n kundige per-soon as verteenwoordiger by die ADD;

54.3.2 die aanwysing van ‘n koördineerder om barmhartigheidsprojekte te hanteer op versoek van die ringe;

54.4 Die Sinodale Kommissie hanteer enige fondse wat toegeken is of word vir barm-hartigheidswerk in die sinodale gebied van die Oos-Kaap deur:

Aantekening

1 Uit hierdie fondse kan onderskeidelik begroot word vir ‘n verteenwoordiger van die CM Raad en Komitee van Inrigtings by vergaderings en werkswinkels in breër- en interkerklike verband. Die betrokke organi-sasies wys hulle verteenwoordiger aan.

54.4.1 twee persone plus sekundilede te koöpteer wat gesamentlik die ondersoeke sal doen na die verdienstelikheid van aansoeke en

54.4.2 hierdie persone se aanbevelings oor die aanwending van sodanige fondse vir goedkeuring voor te lê.

4.8 DIE DIENSWERK VAN DIE GELOWIGES

Artikel 55

55.1 Dit is noodsaaklik dat die lidmate van die gemeente geaktiveer word om werksaam te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die Koninkryk van God.

5.2 Hierdie dienswerk van die gelowiges kan ongeorganiseerd en spontaan geskied, maar behoort ook ter wille van die groter krag en doeltreffender funksionering daarvan kerklik georganiseer te word. Sodanige organisasie moet egter altyd geskied met toepaslike verantwoording aan die kerkraad, ring en sinode.

Die Kerk het die onvervreembare reg om sy eie lidmate vir bepaalde werksaamhede te organiseer deur kommissies van die kerkraad, ring óf sinode óf te laat organiseer deur organisasies wat van die Kerk daartoe opdrag gekry het.

55.3 Waar daar kerklike organisasies vir bepaalde dienswerk bestaan in sinodale en algemeen-sinodale verband, behoort alle georganiseerde dienswerk op daardie terrein daarby in te skakel.

55.4 Organisasies wat in hierdie verband tot stand kom, lê hulle bepalinge aan die betrokke kerkvergadering vir goedkeuring voor. Die voorlegging geskied deur die kerklike kommissie wat verantwoordelik is vir die afdeling van die Kerk se werk waarby die organisasie die nouste betrokke is.

4.9 LEER EN AKTUELE SAKE

Artikel 56

Die Kerk beywer hom vir Skrifgefundeerde beskouinge ten opsigte van aktuele, leerstellige en etiese aangeleenthede en die bevordering van 'n sedelik gesonde openbare lewe.

Bepaling 56

56.1 Die **kerkraad** kan 'n Kommissie vir Leer en Aktuele Sake benoem.

56.2 Die **ring** kan 'n Kommissie vir Leer en Aktuele Sake benoem.

56.3 Die **Sinodale Kommissie** gee deurlopend aandag aan aktuele, leerstellige en etiese aangeleenthede en die bevordering van ‘n sedelik gesonde openbare lewe deur kundige persone met die oog op bepaalde navorsings- en ander projekte te betrek.

Aantekening

1 Die kommissie

a) adviseer kerkrade en ringe in verband met alle sake rakende die leer en leerstellig-etiese kwessies van aktuele belang in die lewe en getuienis van die Kerk in hierdie wêreld;

b) bestudeer die Protestantse erfenis en kweek deur woord en geskrif by ampsdraers en lidmate 'n groter liefde en gehegtheid aan die Protestantse erfenis en gereformeerde waarhede soos uitgedruk in die belydenisskrifte van die Kerk;

c) bestry sekularisasie in die samelewing deur die getuienis aangaande die evangelie van Jesus Christus op alle terreine van die samelewing te laat hoor; en

d) beklemtoon die sosiale roeping van die Kerk.

4.10 RENTMEESTERSKAP

Artikel 57

Elke kerkvergadering maak die nodige voorsiening vir die sorgvuldige beheer van die stoflike aangeleenthede van die Kerk en doen jaarliks verslag van sy rentmeesterskap aan die gemeente, ring, sinode of Algemene Sinode, soos die geval mag wees.

Bepaling 57

57.1 Die kerkraad kan 'n **kommissie vir administrasie** benoem waarvan die skriba/kassier verkieslik ampshalwe lid en skriba is.

Aantekening

1 Die kommissie vir administrasie en die eiendomskommissie (vir die versorging van die gemeentelike eiendomme) kan een of twee kommissies wees.

2 Die werksaamhede van die kommissie behels

a) die nagaan van die gemeentelike finansiële toestand met die oog op verslag en leiding aan die kerkraad;
b) leiding gee aan die kerkraad in verband met die jaarlikse begroting;
c) die uitvoering van opdragte van die kerkraad in verband met insameling, versorging en aanwending van gemeentelike fondse; en
d) verslaggewing aan elke gewone kerkraadsvergadering.

3 Die beheer van kerklike goedere en fondse word omskryf in Reglement 8 en AS9.

57.2 Die **ringskommissie vir administrasie**.

Aantekening

1 Bepaling 31.6.2 beskryf die samestelling en werksaamhede van die kommissie

57.3 Die **kerkkantoor** onder leiding van die Direkteur Administrasie, is onder beheer van die Sinodale Kommissie en is verantwoordelik vir die administrasie van die fondse, finansies, goedere en eiendomme van die sinode (Reglement 7).

Aantekening

1 Die koste verbonde aan kerklike vergaderinge word gereël volgens Reglement 8.

57.4 Pensioenfonds

57.4.1 Die NG Kerk in Oos-Kaapland is deelhebber van die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika wat onder beheer is van 'n Raad van Trustees waarop die Sinode twee verteenwoordigers met sekundi het, wat op aanbeveling van die Sinodale Kommissie as volg verkies word:

Aantekening

1 Die sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland kan skriftelik aanbevelings tot die fonds doen.

57.4.1.1 een as verteenwoordiger vir die werknemers deur die lede uit eie geledere; en

57.4.1.2 een as verteenwoordiger vir die werkgewer deur die sinode.

57.4.1.3 In die reses, indien nodig, wys die Sinodale Kommissie verteenwoordigers aan.

57.4.2 Elke **kerkraad** is verplig om 'n jaarlikse bydrae te maak vir elke leraar in die gemeente soos bepaal in die Reglement vir die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in SA.

57.4.3 Elke **leraar** is verplig om volgens die reglement van die fonds aan die hand van 'n vasgestelde basis by te dra tot die fonds.

Aantekening

1 Leraars in sinodale diens maak ook hierdie bydrae, terwyl die kommissie in wie se diens hulle is, verantwoordelik is vir die bydrae wat die kerkraad andersins maak.

57.5 Argief

57.5.1 Die NG Kerk in Oos-Kaapland is deelhebber aan die argief van die NG Kerk in Suid-Afrika wat onder beheer van die argivaris en onder toesig van die Argiefkommissie van die NG Kerk in Suid-Afrika is.

57.5.2 Die **NG Kerk in Oos-Kaapland** het een verteenwoordiger met 'n sekundus in die Sinodale Argiefkommissie van die NG Kerk in Suid-Afrika wat deur die Sinodale Kommissie benoem word.

Artikel 58

58.1 Werknemers anders as predikante in diens van ‘n gemeente of die kerkverband se diensverhouding, word per diensooreenkoms gereël.

58.2 Vir die diensverhouding van predikante sien Art. 12.

58.3 In geval van wangedrag deur werknemers, anders as predikante, tree die verantwoordelike kerkvergadering op in gevolge die diensooreenkoms en indien nodig, die prosedure van die kerklike tug.

-oo0oo-

HOOFSTUK 5 – KERKLIKE OPSIG EN TUG

Artikel 59

59.1 Kerklike opsig word gehou en kerklike tug uitgeoefen

59.1.1 tot eer van God;

59.1.2 tot heil van die Kerk;

59.1.3 tot behoud van die sondaar;

59.2 volgens voorskrifte van

59.2.1 die Woord van God;

59.2.2 die Belydenisskrifte;

59.2.3 die Kerkorde en ander bepalinge van die Kerk.

Artikel 60

60.1 Die kerklike opsig en tug dra 'n geestelike karakter en pas by die kerk as 'n geloofs- en liefdesgemeenskap. Opsig en tug word dus op 'n kerklike wyse en met geestelike middele uitgeoefen.

60.2 Die amptelike uitoefening van die tug deur kerkvergaderings of hulle gevolmagtigdes vervang nie die roeping van die gelowiges tot onderlinge vermaning nie, maar vul dit aan.

60.3 Amptelike kerklike opsig en tug is pastoraal-kerkregtelik van aard en moet uit 'n Bybelse en geestelike oogpunt billik en regverdig toegepas word.

Bepaling 60 (AS 1998)

Ooreenkomstig Art 58.2 en om gestalte te gee aan Art 59.3 moet kerkvergaderings of hulle gevolmagtigdes aan die volgende uitvoering gee tydens die tugondersoek:

60.1 dat alle betrokkenes (klaer[s], aangeklaagde[s], en getuies) by 'n tugondersoek voldoende geleentheid kry om hulle saak te stel;

60.2 dat niemand met enige persoonlike of finansiële belang by die saak wat ondersoek word, deel van die vergadering sal wees wat die ondersoek doen en besluite neem nie: die vergadering word dus gesuiwer van persone soos die partye (die klaer[s] en aangeklaagde[s]), hulle getuies, persone wat in die eerste of tweede graad aan die partye verwant is en ander persone wat een of ander persoonlike belang by die saak het;

60.3 dat die bevindinge en tugmaatreëls van kerkvergaderings of hulle gevolmagtigdes met 'n opgaaf van redes gepaard gaan.

Artikel 61

Tugwaardige sondes

61.1 Tugwaardige sondes is sondes wat indruis teen die Woord van God en die belydenis van die Kerk.

61.2 Sondes wat openbare aanstoot gee of wat na aanleiding van die voorskrifte van Matteus 18:15-17 onder die aandag van die Kerk kom, stel die oortreder(s) bloot aan 'n amptelike tugondersoek.

61.3 Wangedrag deur werknemers van die Kerk in terme van diensverhoudinge kan ook tugwaardige sondes wees.

61.4 Die kerklike opsig gaan oor die hele lewenswandel (leer en lewe) van al die lidmate (doop en belydend) van die gemeente, ampsdraers ingesluit.

Artikel 62

62.1 Alle doop- en belydende lidmate van die gemeente val onder die opsig en tug van die kerkraad.

62.2 Alle ouderlinge, diakens en predikante, wat emeriti en proponente insluit, staan onder die opsig en tug van die ring, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (vlg. Art. 31.7).

62.3 Predikante in diens van die kerkverband (waarby teologiese dosente ingesluit word), staan wat hulle leer en lewe betref onder die opsig en tug van die ring binne wie se gebied hulle lidmaat is van ‘n gemeente.

Artikel 63

Die amptelike ondersoek

63.1 Die Ondersoekliggaam

63.1.1 Amptelike ondersoeke van beweerde tugwaardige sondes word deur 'n ondersoekliggaam gehanteer wat of die kerkvergadering self kan wees of 'n gevolmagtigde kommissie van die kerkvergadering.

63.1.2 Elke kerkvergadering met tugverantwoordelikheid, besluit of die vergadering self tugondersoeke gaan doen en of daar van 'n gevolmagtigde kommissie gebruik gemaak gaan word.

63.1.3 Indien 'n kerkraad van 'n gevolmagtigde kommissie as ondersoekliggaam gebruik maak om 'n amptelike tugondersoek te hanteer, wys hy 'n kommissie van ten minste vyf lede aan. Hierdie kommissie word saamgestel uit minstens drie ouderlinge van die gemeente. Ander kundige lidmate van binne of buite die gemeente kan ook telkens na behoefte op die kommissie gekoöpteer word as volwaardige lede.

63.1.4 Indien 'n ring van 'n gevolmagtigde kommissie gebruik maak as ondersoekliggaam, wys hy ‘n kommissie van ten minste vyf lidmate aan waarvan ten minste drie lede van die ringsvergadering moet wees. Ander kundige lidmate van binne of buite die ring kan ook telkens na behoefte op die kommissie gekoöpteer word as volwaardige lede.

63.1.5 Indien 'n kerkvergadering (kerkraad of ring) besluit om self as amptelike ondersoekliggaam op te tree, kan kundige lidmate van binne of buite die gemeente na behoefte as volle lede van die ondersoekliggaam benoem word.

63.1.6 'n Lid van 'n ondersoekliggaam wat aan 'n ondersoek deelneem, behou sittingsreg in die vergadering tot die ondersoek voltooi is al sou die lid se ampstermyn in die betrokke kerkvergadering tydens die duur van die ondersoek verstryk.

63.1.7 As 'n situasie ontstaan waardeur of die ondersoekliggaam of die geïmpliseerde voel dat 'n regverdige en billike ondersoek nie kan plaasvind met die huidige samestelling van die ondersoekliggaam nie, het beide die reg om, met opgaaf van redes, aansoek te doen dat 'n ander ondersoekliggaam die ondersoek doen.

63.1.7.1 In geval van 'n ondersoek deur die kerkraad of sy gevolmagtigde kommissie wend hulle hul tot die ring/ringskommissie.

63.1.7.2 In geval van 'n ondersoek deur die ring of sy gevolmagtigde kommissie wend hulle hul tot die Sinodale Kommissie/die moderatuur om 'n ander ondersoekliggaam aan te wys.

63.2 Aanmelding van ‘n klag, gerug of 'n verslag

63.2.1 Die sondes waarna Artikel 61.2 verwys, kom op een van drie maniere voor die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde:

63.2.1.1 deur ’n nadelige gerug of

63.2.1.2 ’n skriftelike klag of

63.2.1.3 ’n verslag aan die kerkvergadering wat voortvloei uit amptelike werksaamhede.

63.3 Aanvanklike hantering van ‘n klag, gerug of verslag

63.3.1 By ontvangs van 'n klag, gerug of verslag en vóórdat besluit word om dit amptelik in behandeling te neem:

63.3.1.1 Word die kerkvergadering of die gevolmagtigde kommissie gesuiwer van die persone oor wie die klag, gerug of verslag gaan asook van die klaer of aanbringer van die gerug of verslag;

63.3.1.2 Stel die kerkvergadering of sy gevolmagtigde kommissie, eers vas of die klag, gerug of verslag tot 'n amptelike ondersoek van beweerde tugwaardige sonde sou kon lei;

63.3.1.3 'n Kerkvergadering of sy gevolmagtigde kommissie kan eers probeer om, waar toepaslik, die saak deur herderlike sorg, versoeningsaksie, of die hantering daarvan as 'n geskil, op te los. Indien so 'n proses nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die ondersoek amptelik voort;

63.3.1.4 Indien besluit word om 'n beweerde tugwaardige sonde nie amptelik te ondersoek nie, moet die klaer of aanbringer van die gerug of verslag, asook die persoon oor wie die klag of gerug gaan, waar nodig skriftelik in kennis gestel word;

63.3.1.5 'n Klag, gerug of verslag wat ontvang word, word nadat dit ter tafel geneem is, die besit van die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde kommissie en kan nie sonder toestemming van die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde kommissie teruggetrek word nie.

63.3.1.6 Indien besluit word om die beweerde tugwaardige sonde amptelik te ondersoek, word die inhoud op skrif gestel.

63.3.1.7 Indien ’n ampsdraer voor of tydens ‘n ondersoek na aanleiding van ‘n tugklag of gerug teen hom/haar bedank, gaan die bevoegde kerkvergadering voort om die ondersoek te hanteer en die nodige besluit(e) te neem.

63.4 Opskrifstelling van ’n klag, gerug of verslag

63.4.1 Die aangewese ondersoekliggaam is verantwoordelik vir die opskrifstelling van die gerug.

63.4.2 In die geval van 'n klag kan die ondersoekliggaam die klaer adviseer met betrekking tot die formulering van die klag. Dit geskied met goedkeuring van die klaer.

63.4.3 In die geval van 'n verslag formuleer die ondersoekliggaam self die beweerde sonde wat ondersoek moet word.

63.4.4 'n Geformuleerde klag wat ondersoek word moet skriftelik die aard, plek en tyd van die beweerde sonde vermeld.

63.5 Besorging van klag of gerug

Die inhoud van die geformuleerde klag of gerug moet 'n redelike tyd vóór die ondersoek daarvan, skriftelik aan die aangeklaagde of geïmpliseerde besorg word.

63.6 Die moontlikheid van stuiting

63.6.1 By beweerde ergerlike wangedrag[9] deur 'n ampsdraer (vgl. Art. 61) mag die ring of sy gevolmagtigde kommissie na ontvangs van die klag, die verslag, of na kennisname van die gerug, die betrokkene in die diens stuit. Die betrokke vergadering moet die geïmpliseerde ampsdraer vooraf skriftelik kennis gee van die voorneme om hom/haar in die amp te stuit. Hierdie kennisgewing moet 'n bondige uiteensetting bevat van die beweerde ergerlike wangedrag en die betrokkene uitnooi om skriftelike vertoë te rig voordat 'n besluit tot stuiting gefinaliseer word.

63.6.2 Hierdie stuiting geskied met kennisgewing aan die betrokkene en die instansie in wie se diens hy/sy staan.

63.6.3 Kerklik gesproke is stuiting nie 'n tugmaatreël nie. Stuiting dien tot beskerming van die gemeente en/of individu(e) wat betrokke is in die ondersoek en die maatreël het betrekking op die uitoefening van ampsbevoegdhede tydens die ondersoek.

63.7 Die moontlikheid van 'n voorlopige ondersoek

63.7.1 Die ondersoekliggaam kan 'n voorlopige ondersoek deur van sy lede laat doen.

63.7.1.1 Die lede wat die voorlopige ondersoek doen, berei 'n verslag voor vir die ondersoekliggaam wat tot 'n bevinding(e) moet kom.

63.7.1.2 Die verslag moet slegs feitelike inligting betreffende die voorlopige ondersoek bevat, dws:

63.7.1.2.1 'n beskrywing van die inhoud en verloop van die ondersoek;

63.7.1.2.2 stawende materiaal (notules, dokumente ens.)

63.7.1.3 Die verslag mag geen bevinding(e) na aanleiding van die ondersoek of aanbevelings betreffende skuld of onskuld en moontlike tugmaatreëls bevat nie.

63.7.2 Die verslag van die voorlopige ondersoek dien voor die vergadering van die ondersoekliggaam wat 'n bevinding(e) moet maak en besluite moet neem betreffende die skuld of onskuld en moontlike tugmaatreëls.

63.7.3 Die vereistes vir die voorlopige ondersoek is dieselfde as dié vir die ondersoekliggaam wat tot 'n bevinding(e) en besluite moet kom.

63.7.4 Deelname aan so 'n voorlopige ondersoek ontneem die lede nie van sittingsreg aan die ondersoekvergadering wat die saak hanteer nie.

63.8 Vereistes vir 'n tugondersoek

Ooreenkomstig Art. 59.2 en om gestalte te gee aan Art. 60.3, moet kerkvergaderings of hulle gevolmagtigdes aan die volgende uitvoering gee tydens die ondersoek:

[9] Ergerlike wangedrag kan onder meer die volgende behels: owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meineed, diefstal en leerdwaling.

63.8.1 Suiwering van die ondersoekliggaam

Niemand met ’n botsende belang ten opsigte van die saak wat ondersoek word, mag deel wees van ’n liggaam wat ’n tugondersoek doen en besluite daaroor neem nie. Die ondersoekliggaam moet dus gesuiwer word van persone soos die partye (die klaer(s) en die aangeklaagde(s)), hulle getuies, persone wat in die eerste of tweede graad aan die partye verwant is en ander persone wat een of ander persoonlike belang by die saak het.

63.8.2 Vergaderings wat tugondersoeke doen, is geslote vergaderings.

63.8.3 Klaer(s), aangeklaagde(s) en getuies moet voldoende geleentheid kry om hulle saak te stel.

63.8.4 Die partye is nie geregtig op iemand wat namens hulle optree nie, maar kan bygestaan word deur ’n lidmaat van die eie of ’n ander gemeente.

63.8.5 Die ondersoek van ’n beweerde tugwaardige sonde vind deurentyd plaas in die teenwoordigheid van die klaer(s) en die aangeklaagde(s). Vrae deur al die aanwesiges kan oor en weer gestel word. Die betrokke vergadering kan self ook getuies oproep en getuienis aanbied om tot ’n behoorlike bevinding in sy ondersoek te kom. Die partye self kan in die loop van die saak verdere getuienis aanbied om lig op die saak te werp.

63.8.6 Indien enige van die partye weier om voor die betrokke ondersoekliggaam te verskyn of die voortgang van die ondersoek verhinder kan die ondersoekliggaam met opgaaf van redes die ondersoek in sy/haar afwesigheid voortgesit.

63.8.7 Die lede van ‘n ondersoekliggaam wat tot ‘n bevinding(e) en besluite in ‘n tugsaak kom, moet almal vir die volle duur van die ondersoek teenwoordig wees.

63.8.8 Ná die ondersoek maak die gesuiwerde ondersoekliggaam in afwesigheid van die partye sy bevindinge en neem besluite.

63.8.9 Die bevindinge en besluite tot tugmaatreëls van kerkvergaderinge of hulle gevolmagtigde ondersoekliggame moet met opgaaf van redes gepaard gaan.

63.8.10 Die koste van ‘n tugondersoek kom op die rekening van die betrokke kerkvergadering, met dien verstande dat die partye self vir die koste van hulle getuies verantwoordelik is.

Artikel 64

Tugmaatreëls

64.1 Die onderstaande tugmaatreëls kan deur ondersoekliggame toegepas word.[10]

64.2 Dooplidmate

64.2.1 'n bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;

64.2.2 sensuur wat bestaan uit onthouding van die nagmaal en/of weerhouding van die aflegging van belydenis van geloof;

64.2.3 afsnyding van die gemeente deur die gebruik van die betrokke formulier.

64.3 Belydende lidmate

64.3.1 'n bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;

[10] Hoewel die maatreëls in hierdie Artikel vervat opeenvolgend toegepas kan word, sal dit nie in alle gevalle die aangewese weg wees nie.

64.3.2 sensuur wat bestaan uit die onthouding van die sakramente en die opskorting van ander lidmaatsregte; [11]

64.3.3 afsnyding van die gemeente nadat sensuur en voortgesette herderlike sorg nie tot berou gelei het nie, en deur die gebruik van die betrokke formulier.

64.4 Ouderlinge en diakens

64.4.1 'n bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;

64.4.2 skorsing met of sonder onthouding van die sakramente en met of sonder opskorting van lidmaatsregte totdat daar bewys van grondige berou is;

64.4.3 afsetting uit die diens met opskorting van lidmaatsregte en onthouding van die sakramente.

64.5 Evangeliedienaars

64.5.1 'n bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;

64.5.2 skorsing vir 'n vasgestelde tydperk met een of meer van die volgende maatreëls:

64.5.2.1 opskorting van lidmaatsregte;

64.5.2.2 onthouding van die sakramente;

64.5.2.3 gedeeltelike of volle weerhouding van lewensonderhoud en toelaes.

64.5.3 Indien die ondersoekliggaam nie oortuig is van die egtheid van die berou nie, kan hierdie skorsing verleng word. [12]

64.5.4 Ontslag met een of meer van die maatreëls: opskorting van lidmaatsregte en/of onthouding van die sakramente. Ontslag kan wees:

64.5.4.1 ontslag uit die diens van die gemeente of uit die diens van die kerkverband;

64.5.4.2 ontslag uit die diens van die gemeente of uit die diens van die kerkverband met die aanbeveling aan die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde kommissie dat die betrokke leraar se ampsbevoegdheid opgeskort word;

64.5.4.3 ontslag uit die diens van die gemeente of uit die diens van die kerkverband met die aanbevelings dat die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde kommissie die leraar se ampsbevoegdheid beëindig wat die nietigverklaring van die akte van legitimasie insluit.

---

[11] Lidmaatsregte wat deur hierdie tugmaatreël geraak kan word, behels onder meer die reg om verkies te word as kerkraadslid, die reg om as doopgetuie te staan, die reg om 'n attestaat te ontvang, die reg om belydenis van geloof af te lê, die reg om deel te neem aan 'n gemeentevergadering, in die geval van ampsdraers die reg om hulle ampspligte uit te oefen, in die geval van leraars ook die reg om beroep te word of om 'n ongekwalifiseerde akte van demissie te ontvang. Die reg op herderlike versorging van lidmate word nie deur hierdie tugmaatreël geraak nie.

[12] Ter wille van die bediening in die gemeente moet die skorsing nie onbepaald voortduur nie. Ringe moet toesien dat die gemeentebediening nie skade ly nie.

Artikel 65

Appèlle

65.1 Ooreenkomstig Artikel 23 kan daar teen die bevindinge en tugmaatreëls van tugliggame geappelleer word.

65.2 Oor leerstellige sake en bevoegdheidsaangeleenthede van gelegitimeerdes kan tot by die Algemene Sinode geappelleer word (vgl Art. 44.4).

65.3 Oor ander sake wat met die tug verband hou, kan daar nie verder as die sinode geappelleer word nie. [13]

Artikel 66

Opheffing van Tugmaatreëls

66.1 Tugmaatreëls het berou en inkeer ten doel en word, met inagneming van Artikel 59.1, opgehef in die geval van

66.2 Lidmate

66.2.1 Wanneer 'n belydende lidmaat berou betoon nadat hy/sy onder sensuur geplaas is, hef 'n ondersoekliggaam of kerkraad wat oortuig is van die egtheid van die berou, die sensuur op.

66.2.2 Wanneer belydenis van geloof weerhou is, laat die kerkraad die dooplidmaat toe tot belydenisaflegging wanneer die tugliggaam oortuig is van die egtheid van berou.

66.2.3 Wanneer 'n lidmaat wat van die gemeente afgesny is, berou betoon en verlang om weer in die gemeente opgeneem te word, neem die kerkraad, as hy oortuig is van die egtheid van die berou, die persoon weer in die gemeente op met die gebruik van die betrokke formulier. By dooplidmate kan hierdie stap gepaard gaan met belydenisaflegging.

66.3 Ouderlinge en diakens

As die ring of sy gevolmagtigde kommissie as ondersoekliggaam oortuig is van die egtheid van berou, kan die sensuur of skorsing van ouderlinge en diakens opgehef word. Ouderlinge en diakens wat afgesit is, kan dan weer verkies word tot die kerkraad.[14]

66.4 Evangeliedienaars

66.4.1 As die ring of sy gevolmagtigde kommissie as ondersoekliggaam oortuig is van die egtheid van berou, word die sensuur en skorsing as tugmaatreëls opgehef met verslag aan die Algemene Taakspan Regte.

66.4.2 By ontslag volgens Artikel 64.5.4.2 moet die ring of sy gevolmagtigde kommissie, as ondersoekliggaam, die sensuur ophef voor die Algemene Taakspan Regte die ampsbevoegdheid kan herstel.[15]

66.4.3 Herstel in diens van die gemeente kan alleen deur 'n beroep geskied of na 'n suksesvolle appél teen die ontslag-tugmaatreëls genoem in Artikel 64.5.4.1 - 64.5.4.3.

---

13 Vir die reëlings in verband met appèlle vergelyk Artikel 23 en toepaslike besluite.

14 Al hierdie maatreëls hoef nie almal of gelyktydig opgehef te word nie.

15 Al hierdie maatreëls hoef nie almal of gelyktydig opgehef te word nie.

66.4.4 Legitimasie na verlies van bevoegdheid van 'n predikant of proponent vind plaas deur die Algemene Taakspan Regte na *colloquium doctum* op aanbeveling van die sinode/sinodale kommissie na oorweging van die getuienis van die ring wat die aansoek om hertoelating hanteer (vgl Reglement 3:7).

66.4.5 In die geval van ontneming van bevoegdheid deur tughandeling as gevolg van ergerlike sondes soos owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meineed, diefstal of na afsetting as gevolg van leerdwaling, mag toestemming tot legitimasie alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke instansies ontvang is, deur die Algemene Sinode in sitting verleen word.

-oo0oo-

HOOFSTUK 6 – BETREKKINGE VAN DIE KERK NA BUITE

6.1 KERK EN STAAT

Artikel 67

67.1 In die lig van Romeine 13 erken die Kerk die staat as 'n dienaar van God tot ons beswil. Dit is God wat aan die staat die opdrag gegee het om die reg te handhaaf en die kwaaddoeners te straf.

67.2 Die Kerk erken dat die staatsowerheid wat deur sy fisiese swaardmag in beheer van 'n bepaalde staatsgebied is, deur God beskik is en as sodanig eerbiedig moet word. Die norm vir die Kerk se deelname aan die publieke regsverkeer en uitoefening van burgerlike regte is die Woord van God.

67.3 Christus is die Hoof van die kerk. Daarom beskou die Kerk sy reg op vryheid van godsdiens, wat sy Bybels-profetiese getuienis teenoor die staatsowerheid en die wêreld waarin hy staan, insluit, as onvervreembaar. In die uitoefening hiervan maak hy aanspraak op die regsbepaalde beskerming van die owerheid.

67.4 Die Kerk nader staatsowerhede op alle vlakke op 'n ordelike wyse. Hierdie skakeling word gedoen deur sy erkende kerkvergaderings of die kommissies wat hulle daarvoor aanwys. Skakeling oor sake wat die Kerk in sy algemene sinodale verband raak, geskied deur die Algemene Sinode of sy betrokke kommissie. Skakeling sonder 'n opdrag van die Algemene Sinode geskied deur die betrokke kommissie in oorleg met die Moderamen.

6.2 KERK, MAATSKAPPY EN VRYE VERENIGING

Artikel 68

Waar moontlik, verleen die Kerk steun aan maatskaplike, nie-kerklike organisasies wat op 'n positiewe Christelike basis georganiseer is en daarop gemik is om die koninkryk van God te bevorder. Hierdie steun geskied vanuit 'n kerklike perspektief en op 'n kerklike wyse. Die vraag of 'n bepaalde organisasie kan aanspraak maak op die steun van die Kerk, hang af van sy grondslag en doelstellings en die uitlewing daarvan in die praktyk.

6.3 KERK EN ONDERWYS

Artikel 69

69.1 Die Kerk beywer hom daarvoor dat die Woord van God en Protestants-Christelike norme en waardes rigtinggewend sal wees in onderwys- en opvoedkundige instellings en ook vir die kultuuridioom waarin die onderwys plaasvind.

69.2 Die Kerk erken die interne bevoegdheid van onderwysinstellings om tipiese onderwysaangeleenthede (standaarde, leerinhoude, ensovoorts) te finaliseer.

69.3 Die Kerk beywer hom vir Christelike opvoeding en onderwys vir sy kinders en jongmense. Hierdie onderwys moet verantwoorde standaarde en leerinhoude insluit.

6.4 KERK EN EKUMENIESE BETREKKING

Artikel 70

70.1 Die Kerk streef daarna om deur middel van sy vergaderinge op 'n verantwoorde wyse met ander Christelike kerke saam te werk, 'n gemeenskaplike boodskap uit te dra en saam te stry vir die behoud van Christelike lewensbeginsels.

70.2 Die Algemene Sinode bepaal die aard en graad van die betrekkinge met ander kerke of kerkgemeenskappe deur middel van 'n gewone meerderheidstem.

70.3 Die graad en wyse van samewerking word in elke geval bepaal deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkregering, erediens en die siening van die Christelike lewenswandel van die betrokke kerk.

70.4 Die besluit oor 'n aansoek of beëindiging van lidmaatskap van 'n ekumeniese organisasie word geneem met 'n tweederdemeerderheidstem van die Algemene Sinode.

Besluite by Artikel 70

EKUMENIESE BELEID

70b.1 UITGANGSPUNTE VIR DIE NG KERK MET BETREKKING TOT EKUMENIESE BETREKKINGE

Hierdie uitgangspunte moet saam gelees word met die volgende: (i) Die Reglement: Die NG Kerk en ander Christelike Kerke en Groepe (Kerkorde 1998, Reglement 21); (ii) Agenda Algemene Sinode 1994:66, punt 14.2.1-14.2.5; (iii) Die Ekumeniese Beleid. Agenda Algemene Sinode 1990:61-64, Handelinge Algemene Sinode, 1990:546-549.

70b.1.1 Die kerk van Christus is wêreldwyd één

70b.1.2 Die kerk van Christus is oor die grense van plek en tyd één

70b.1.3 Eenheid is 'n gawe aan en 'n roeping vir die kerk

Hierdie taak word veral ook op plaaslike vlak volvoer – hier word die kragtigste getuienis van eenheid tot stand gebring. Plaaslike kerke streef daarna om met die ware kerk van Christus (NGB art. 29) saam te aanbid, te getuig en te werk.

70b.1.4 Eenheid en verskeidenheid

Eenheid is nie eendersheid nie. Die verskeidenheid van volke, tale, gebruike en kulture moet erken word. Ook die gevolglike ryk verskeidenheid in aanbidding, konfessionele uitdrukkings, formuliere en kerkstrukture. Die verskeidenheid mag egter nie tot ***geskeidenheid*** *lei nie – dit is 'n verskeidenheid in die eenheid van Christus se kerk.*

70b.1.5 Eenheid in waarheid

Kerke streef daarna om saam die waarheid van die Woord van die Here, wat nie ter wille van eenheid prysgegee moet word nie, te soek.

70b.2 DIE NG KERK EN EKUMENIESE BETREKKINGE, BILATERAAL EN MULTI LATERAAL (EKUMENIES)

70b.2.1 *Die NG Kerk (Algemene Sinode) wil aktief bilaterale (een-tot-een) verhoudinge met ander Christelike kerke (denominasies) aanknoop, handhaaf en bevorder, beide op nasionale en internasionale vlak.*

70b.2.2 *Oor die kerke met wie bilaterale verhoudinge aangegaan word en die aard en graad van elke verhouding besluit die Algemene Sinode op onder meer aanbeveling van sy Ekumeniese Kommissie ('n subkommissie van die ASK).*

70b.2.3 *Die NG Kerk wil ook sy roeping tot die eenheid van die kerk bevorder en handhaaf deur in nasionale en internasionale ekumeniese organisasies en liggame op 'n multilaterale vlak (ekumenies) met ander kerke en organisasies in verhouding te tree.*

70b.2.4 *Oor die ekumeniese organisasies of liggame met wie in verbinding getree word, die aard en graad van die multilaterale betrekkinge besluit die Algemene Sinode op aanbeveling van onder meer sy Ekumeniese Kommissie.*

70b.3 BILATERALE KERKLIKE VERHOUDINGE

Bilaterale kerklike betrekkinge met ander kerke (nasionaal of internasionaal) kan bestaan uit:

** Volle verhoudinge*

** Gedeeltelike verhoudinge*

** Dialoogverhoudinge*

** Insidentele kontakverhoudinge*

70b.3.1 Volle verhoudinge

70b.3.1.1 Die omvang van volle verhoudinge

'n Volle verhouding met 'n ander kerk behels die volgende:

**1 Dit is 'n verhouding met 'n ander kerk van gereformeerde belydenis*

**2 Die volle verhouding behels:*

**2.1 die stuur van afgevaardigdes na mekaar se sinodes*

**2.2 die toelaat van leraars op mekaar se kansels*

**2.3 die toelaat van mekaar se lidmate tot die nagmaalstafel*

**2.4 gesamentlike optrede op terreine van gemeenskaplike verantwoordelikheid*

**2.5 kommunikasie met mekaar oor sake van gemeenskaplike belang en kommer*

**2.6 wedersydse opsig oor en sorg vir mekaar as kerke ten einde die eenheid van die kerk te bevorder*

**2.7 die pastorale versorging van mekaar se lidmate wanneer hulle binne die grense van mekaar se kerke vestig*

**2.8 die wedersydse erkenning van mekaar se teologiese opleiding en gevolglike oor-en-weer beroepbaarheid van leraars met inagneming van spesifieke vereistes wat 'n kerk kan stel.*

70b.3.1.2 Die Ekumeniese Kommissie sien toe dat die bepalings van 'n volle verhouding met 'n kerk namens die NG Kerk in 'n ooreenkoms neerslag vind en nagekom word.

70b.3.1.3 Die Ekumeniese Kommissie bly op hoogte van ontwikkelinge in dié kerke met wie die NG Kerk volle verhoudinge het en lig die Algemene Sinode gereeld daaroor in.

70b.3.1.4 Die Ekumeniese Kommissie adviseer die Algemene Sinode oor die kerke met wie volle verhoudinge aangegaan en volgehou kan word.

70b.3.1.5 Indien alle aspekte van 'n volle kerklike verhouding vanweë praktiese omstandighede nie gerealiseer kan word nie, kan volle betrekkinge ten opsigte van sommige aspekte aangegaan word. Die doel moet steeds volle betrekkinge ten opsigte van alle fasette wees.

70b.3.2 Gedeeltelike verhoudinge

70b.3.2.1 Die NG Kerk streef daarna om gedeeltelike kerklike verhoudinge na te streef en aan te gaan met kerke van gereformeerde oortuiging met wie die NG Kerk nie in volle verhouding staan nie.

70b.3.2.2 Voorwaardes vir die aangaan van 'n gedeeltelike kerklike verhouding is:

**1 Wedersydse erkenning van 'n gemeenskaplike basis in gereformeerde geloofsoortuiginge soos uitgedruk in reformatoriese belydenisskrifte.*

**2 'n Wedersydse begeerte om 'n kerklike verhouding aan te gaan.*

70b.3.2.3 'n Gedeeltelike verhouding word aangegaan met die veronderstelling dat dit tot 'n volle kerklike verhouding kan lei.

70b.3.2.4 Samewerkingsooreenkomste, gesamentlike optrede ten opsigte van gemeenskaplike verantwoordelikhede, voortgaande kommunikasie oor sake van gemeenskaplike kommer en wedersydse sorg vir mekaar se lidmate indien daartoe versoek, is moontlik met kerke met wie die NG Kerk in 'n gedeeltelike verhouding staan.

70b.3.2.5 Die Ekumeniese Kommissie identifiseer met verantwoording aan die Algemene Sinode die kerke met wie die NG Kerk gedeeltelike verhoudinge wil aangaan en is, indien nodig, namens die NG Kerk verantwoordelik vir die samewerkingsooreenkomste, gesamentlike optredes, voortgaande kommunikasie en die implementering van die wedersydse versorging van lidmate indien daartoe versoek.

70b.3.2.6 Die Ekumeniese Kommissie adviseer die Algemene Sinode wanneer 'n gedeeltelike verhouding kan oorgaan in 'n volle verhouding.

70b.3.3 Dialoogverhoudinge

70b.3.3.1 Die NG Kerk streef daarna om deur die Ekumeniese Kommissie in gereelde dialoog te tree met 'n wye verskeidenheid kerke wat nie noodwendig dieselfde belydenisgrondslag of standpunte het nie ten einde ingelig te word oor hulle kerklike lewe, verhoudinge en standpunte.

70b.3.3.2 Die Ekumeniese Kommissie identifiseer die kerke en voer die gesprekke op 'n gereelde basis met verantwoording aan die Algemene Sinode.

70b.3.3.3 Benewens dat die dialoog kan lei tot gedeeltelike of volle kerklike verhoudinge, kan die gesprekke ook op kort termyn die moontlikhede van samewerking, gesamentlike optredes en kommunikasie oor sake van gemeenskaplike kommer oorweeg en soos nodig verder voer.

70b.3.4 Kontakverhoudinge

70b.3.4.1 Die NG Kerk wil ook die roeping tot ekumene uitvoer deur na luid van behoeftes, omstandighede en geleenthede, insidentele kontak op te neem met ander kerke.

70b.3.4.2 Die kontakverhoudinge word deur die Ekumeniese Kommissie behartig met verantwoording aan die Algemene Sinode.

70b.4 MULTILATERALE KERKLIKE VERHOUDINGE

70b.4.1 Die NG Kerk wil sy ekumeniese roeping bevorder en uitbou deur:

70b.4.1.1 deel te wees van ekumeniese organisasies waar die Kerk met ander Gereformeerde Kerke kan saamwerk

70b.4.1.2 deel te neem aan ekumeniese organisasies, geselskappe en verenigings wat die kerk sal toelaat om die ekumeniese verantwoordelikhede wyd, effektief en doeltreffend na te kom

70b.4.1.3 verhoudinge met ekumeniese organisasies te ontwikkel.

70b.4.2 Oor die aard, graad en omvang van deelname aan ’n multilaterale ekumeniese organisasie, geselskap of vereniging, besluit die Algemene Sinode na ’n bestudering van die aard van ’n betrokke ekumeniese organisasie soos dit gevind en gedemonstreer word in die grondwet, basiese uitgangspunte, verklarings, aktiwiteite en optredes van elke organisasie. Die Ekumeniese Kommissie adviseer die Algemene Sinode hierin.

70b.4.3 Grade van betrokkenheid by multilaterale organisasies kan, wat die NG Kerk betref, die volgende behels:

1 **volle lidmaatskap – dit wil sê volle deelname, verkiesbaarheid tot ampte, aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir besluite en aksies.*

2 **waarnemerlidmaatskap – dit wil sê die kerk neem net die handelinge en optredes van die betrokke organisasie waar en aanvaar nie verantwoordelikheid vir besluite en optredes nie; is ook nie verkiesbaar tot enige ampte nie.*

70b.5 DIE EKUMENIESE KOMMISSIE

70b.5.1 Die Ekumeniese Kommissie word deur die Moderamen saamgestel en rapporteer aan die Algemene Sinode deur die ASK.

70b.5.2 Ooreenkomstig die uitgangspunte van die NG Kerk vir ekumeniese betrekkinge en ander besluite van die Algemene Sinode, dra die Algemene Sinode dit op aan die Ekumeniese Kommissie om belangstelling in en verhoudinge met die kerk van Christus wêreldwyd (nasionaal en internasionaal) te handhaaf en te bevorder.

70b.5.3 Die taak van die Ekumeniese Kommissie in bilaterale verhoudinge

70b.5.3.1 Die taak van die Ekumeniese Kommissie met betrekking tot kerke met wie die NG Kerk in volle verhouding is:

**1 Die Ekumeniese Kommissie identifiseer kerke met wie die Algemene Sinode in volle verhoudinge kan tree en adviseer die Algemene Sinode daaroor.*

**2 Die Ekumeniese Kommissie handhaaf noue en voortgesette verhoudinge met dié kerke met wie die Algemene Sinode besluit het om in volle verhouding te tree.*

**3 Die Ekumeniese Kommissie bly ingelig oor ontwikkelinge in dié kerke met wie die Algemene Sinode volle verhoudinge aangegaan het en lig ook die Algemene Sinode dienooreenkomstig in.*

**4 Benewens die normale spektrum van vol verhoudinge beveel die Ekumeniese Kommissie by die Algemene Sinode aan watter spesifieke soort vol verhoudinge met elke kerk aangegaan moet word.*

70b.5.3.2 Die taak van die Ekumeniese Kommissie met betrekking tot gedeeltelike verhoudinge

**1 Die Ekumeniese Kommissie identifiseer kerke met wie die NG Kerk gedeeltelike verhoudinge wil aangaan en adviseer die Algemene Sinode daaroor.*

**2 Die Ekumeniese Kommissie inisieer en/of maak kontak met kerke met wie die NG Kerk gedeeltelike verhoudinge sou kon aangaan. In hierdie proses kan van die volgende gebruik gemaak word:*

**2.1 uitnodigings dat daar wedersyds afgevaardigdes na mekaar se Algemene Sinodes (of die ekwivalent) gestuur word, waar die afgevaardigdes erken word en geleentheid kry om verteenwoordigers van die kerk te ontmoet. Die NG Kerk sou ook aan die afgevaardigde van die ander kerk geleentheid kon gee om kortliks groete oor te dra*

**2.2 indien daar nie van wedersydse ekumeniese afgevaardigdes gebruik gemaak word nie, kan daar per skrywe gekommunikeer word – verslag word aan die Algemene Sinode gedoen*

**2.3 daar kan ook wedersyds van persone of instellinge gebruik gemaak word wat per geleentheid by 'n kerk kan besoek aflê*

**2.4 die gereelde stuur van agendas, handelinge, die kerkorde en ander amptelike dokumente aan die ander kerk*

**2.5 die Ekumeniese Kommissie moet steeds ook weë bedink waarop die NG Kerk tot diens kan wees en dit onder die aandag van die ander kerk(e) bring soos byvoorbeeld geleenthede vir opleiding van leraars en ander werkkragte, beskikbaarheid van onderrigmateriaal, of enige ander vorm van diens wat die NG Kerk sou kon lewer. Daar moet ook kennis geneem word van die dienste wat kerke sou kon lewer.*

70b.5.3.3 Die taak van die Ekumeniese Kommissie met betrekking tot kerke met wie die NG Kerk in dialoog/kontak is.

In uitvoering van die standpunt van die NG Kerk om betrekkinge met ander kerke te bevorder en te handhaaf, gee die Ekumeniese Kommissie deur studie en kontak – soos die geleentheid hom voordoen – uitvoering aan die beleidstandpunt van die kerk. Dit gebeur deur dialoog of ander vorme van kontak met:

**1 kerke wat belangstel om een of ander vorm van betrekking aan te gaan*

**2 kerke wat spesifiek met die NG Kerk 'n betrekking wil aangaan*

**3 kerke wat hulle bande met die NG Kerk verbreek het of hulle om een of ander rede teruggetrek het uit 'n vorige verhouding*

**4 kerke van verskillende historiese of konfessionele agtergronde wat bereid is om sake van gemeenskaplike belang of oor sake wat opklaring verg, te praat of te kommunikeer.*

70b.5.3.4 Die taak van die Ekumeniese Kommissie met betrekking tot multilaterale verhoudinge

**1 Die Ekumeniese Kommissie dien as kontakliggaam van die NG Kerk met ekumeniese organisasies.*

**2 Die Ekumeniese Kommissie dien as die skakelligaam tussen die NG Kerk en dié ekumeniese liggame of organisasies met wie die NG Kerk betrekkinge het. Ten opsigte van hierdie liggame/organisasies moet die Ekumeniese Kommissie:*

**2.1 hulle aktiwiteite bestudeer en die Algemene Sinode met 'n verslag en aanbevelings dien;*

**2.2 persone identifiseer wat die NG Kerk by die onderskeie organisasies/liggame verteenwoordig.*

**3 Die Ekumeniese Kommissie stel ondersoek in na verskillende ekumeniese organisasies, neem dit waar, bestudeer dit en doen daaroor aan die Algemene Sinode verslag.*

70b.6 EKUMENE IN ANDER STAATKUNDIGE BEDELINGS

70b.6.1 Aan samestellende sinodes wat in state buite die Republiek van Suid-Afrika is, (bv Namibië) word die reg verleen om selfstandige ekumeniese verhoudinge aan te gaan en uit te bou binne die raamwerk van die besluite van die Algemene Sinode.

70b.6.2 In die aanwysing van afgevaardigdes na ekumeniese liggame, moet die Algemene Sinode rekening hou met die feit dat die algemene sinodale verband in verskillende state funksioneer.

70b.7 DIE STAND VAN SAKE VAN DIE NG KERK SE EKUMENIESE BETREKKINGE

Onderstaande is die stand van sake in Junie 2007. Die Algemene Sinode sal gereeld op hoogte gehou word van die toedrag van sake.

70b.7.1 Kerke met wie die NG Kerk in vol betrekkinge staan

70b.7.1.1 Die Familie van NG Kerke in Suid-Afrika

70b.7.1.2 Die NG Kerk staan in 'n besondere betrekking met die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, wat vir die huidige uitdrukking vind in die Tussenkerklike Raad.

70b.7.1.3 Die NG Kerk staan in 'n besondere betrekking met die lede van die NG Kerkfamilie buite SA wat vir die huidige uitdrukking vind in die Federale Raad.

70b.7.2 Ander Kerke met wie die NG Kerk in vol betrekkinge staan

70b.7.2.1 Christian Reformed Church in North America

70b.7.2.2 Christian Reformed Churches of Australia

70b.7.2.3 Reformed Church in Japan

70b.7.3 Kerke met wie die NG Kerk in dialoog is

70b.7.3.1 Evangelische Kirche Deutschland

70b.7.3.2 Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika

70b.7.3.3 Methodist Church

70b.7.3.4 Uniting Presbyterian Church in Southern Africa

70b.7.3.5 Rooms-Katolieke Kerk van Suid-Afrika
70b.7.3.6 Afrikaanse Protestantse Kerk
70b.7.3.7 Gereformeerde Kerke van die Nederlande
70b.7.3.8 Church of England in South Africa
70b.7.3.9 Church of the Province of Southern Africa
70b.7.3.10 Federasie van Switserse Protestantse Kerke

70b.6.4 Multilaterale verhouding

70b.6.4.1 Volle lidmaatskap

**1 Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER)*
**2 Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK)*
**3 Suid-Afrikaanse Bond van Gereformeerde Kerke (SABGK)*
**4 Federale Raad van die NG Kerkfamilie*
**5 Konvent van Reformatoriese Kerke*
**6 Tussenkerklike Raad (TKR)*
**7 Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK)*
**8 Alliance of Reformed Churches in Africa (ARCA).*
**9 The Evangelical Alliance (TEASA)*
**10 Council of Churches in Namibië*

-oo0oo-

REGLEMENTE

OOS-KAAP

1	Orde	79
2	Reëling van 'n sinodale vergadering	89
3	Skriba	91
4	Kassier	92
5	Aktuarius van die Sinode	93
6	Direkteur Administrasie van die Sinode	94
7	Die kerkkantoor	96
8	Kerklike fondse en die beheer daarvan	98
9	Direkteur Begeleiding	105
10	Argief en museum	106
10(A)	Reglement vir die hantering van Registers	111
11	Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika	120

ALGEMENE SINODE

'n Volledige lys van die Reglemente soos deur die Algemene Sinode 2007 (Kerkorde AS, p38 tot 129) goedgekeur word hier weergegee. Die reglemente in vetdruk is van toepassing in die Sinode van Oos-Kaapland en word volledig in hierdie Kerkordeboek opgeneem.

AS1	Reglement: Moderamen van die Algemene Sinode (ASM)	
AS2	Reglement vir Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk	
AS3	**Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente**	**121**
AS4	Reglement vir die Algemene Taakspan vir Bybelvertaling, –verklaring en –verspreiding (ATBV)	
AS5	Reglement vir die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis (ADD)	
AS6	**Reglement vir die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes**	**126**
AS7	Reglement vir die Algemene Taakspan vir Fondse (ATF)	
AS8	Reglement vir die Algemene Diensgroep Gemeente-Ontwikkeling (ADGO)	
AS9	**Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse**	**132**
AS10	Reglement vir die Algemene Taakspan vir Kerklike Media (ATKM)	
AS11	Reglement vir die Algemene Taakspan vir Leer en Akuele Sake (ATLAS)	
AS12	**Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars**	**140**
AS13	Reglement van Orde	
AS14	Reglement vir die Algemene Taakspan Regte (ARK)	

AS15 Reglement vir die Sending/Getuienis van die NG Kerk 149
AS16 Reglement vir Tentmakerbediening 154
AS17 Reglement vir die Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding (ATTO)
AS18 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en ander Christelike kerke en groepe 156
AS19 Reglement vir die verlof van predikante en sinodale amptenare 159
AS20 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Diensverhoudinge (ATDV)
AS21 Reglement vir die Vrouelessenaar

REGLEMENT 1 - REGLEMENT VAN ORDE

1 AARD VAN VERGADERING

1.1 Kerkraadsvergaderinge

Kerkraadsvergaderinge is geslote vergaderinge tensy die kerkraad anders besluit.

1.2 Meerdere vergaderinge

Alle rings- en sinodale vergaderinge word met oop deure gehou tensy die vergadering anders besluit.

1.3 Amptenare by kerkraadsvergaderinge

Die teenwoordigheid van noodsaaklike amptenare wat nie lid van die kerkraad is nie, sal nie die geslotenheid van die vergadering affekteer nie.

2 KENNISGEWING

Van kerkvergaderinge moet betyds aan alle lede kennis gegee word soos voorgeskryf in die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente (sien Bepalinge 27.2.1; 30.2; 34.1.2 en 34.2).

3 OPVOLGING VAN PRIMARIUS DEUR SEKUNDUS

Wanneer 'n primariuslid uit 'n rings- of sinodale gebied vertrek, neem die sekundus outomaties sy/haar plek in as primarius en word 'n nuwe sekundus so spoedig moontlik aangewys, met kennisgewing deur die skriba aan die betrokke instansies.

4 BYWONING

Die lede van vergaderinge is verplig om die vergadering by te woon.

5 VERLOF TOT AFWESIGHEID

Indien dit vir 'n lid onmoontlik is om die vergadering by te woon, moet hy/sy betyds daarvan skriftelik of mondelings kennis gee aan die voorsitter/skriba met opgaaf van redes. Die vergadering behou die reg om die geldigheid van sy/haar vermelde redes te beoordeel.

6 INSENDING VAN VERSOEKSKRIFTE, BESKRYWINGSPUNTE, VERSLAE EN APPÈLLE

6.1 Tydige indiening

Versoekskrifte, beskrywingspunte, verslae en appèlle moet aan die regte adres en binne die voorgeskrewe tydsbestek gestuur word (sien Bepaling 35.3-5).

6.2 Laat indiening

Wanneer sodanige stukke nie betyds by 'n meerdere vergadering ingedien is nie, kan dit met verlof en toestemming van die vergadering behandel word op 'n tyd soos deur die vergadering bepaal.

7 KLEREDRAG VAN AMPSDRAERS

Dit word van ampsdraers verwag om te alle tye geklee te wees in drag wat by die waardigheid van die geleentheid pas. Kerkrade mag hieroor huishoudelike bepalings maak.

8 OPENING

8.1 Op voorafbepaalde uur

Die vergadering begin presies op 'n voorafbepaalde uur.

8.2 Skriflesing, sang en gebed

'n Kerkvergadering word geopen met Skriflesing, sang en gebed.

9 KONSTITUERING

9.1 Presensielys

Direk na die opening van die vergadering word die name van lede wat afwesig is met verlof en wat afwesig is sonder verlof, notuleer. In die geval van meerdere vergaderinge word die geloofsbriewe gekontroleer en 'n volledige presensielys van die aanwesige lede in die notule opgeneem.

9.2 Kworum

9.2.1 Kerkraadsvergaderinge

'n Kworum by kerkraadsvergaderinge bestaan uit die meerderheid van die aantal dienende lede.

9.2.2 Meerdere vergaderinge

'n Kworum vir 'n meerdere vergadering bestaan uit 'n meerderheid van die aantal afgevaardigdes. By die behandeling van tugsake by 'n ringsvergadering moet egter twee derdes van die lede teenwoordig wees

9.2.3 Permanente kommissies

'n Kworum vir permanente kommissies van die ring en sinode bestaan uit 'n meerderheid van die aantal lede wat die kommissie uitmaak.

10 SAKELYS

Na die opening van die vergadering word die sakelys vasgestel en kan byvoegings gemaak word met verlof van die vergadering.

11 PLIGTE VAN DIE VOORSITTER

11.1 Reëling van die orde

Die voorsitter stel die sake wat behandel moet word aan die orde in die volgorde wat vir hom/haar die geskikste voorkom.

11.2 Hou by kerklike bepalinge

Die voorsitter moet toesien dat die vergadering hom hou by die geldende Kerkorde, Bepalinge en Reglemente asook ander sinodale voorskrifte.

11.3 Verstrek inligting

By die behandeling van sake verstrek hy/sy alle nodige inligting.

11.4 Gee wenke

As die saak dit vereis, doen hy/sy wenke aan die hand om die vergadering te help om tot 'n besluit te kom.

11.5 In onvoorsiene gevalle

In voorkomende gevalle wat betref die leiding en werksaamhede van die vergadering en waarvoor geen voorsiening in die Reglement van Orde gemaak is nie, handel die voorsitter na die gebruik en eie oordeel en indien die lede beswaar het teen die leiding van die voorsitter, beslis die vergadering.

11.6 Beslissende stem

In kerkvergaderinge het die voorsitter, wanneer die stemme staak, 'n beslissende stem, behalwe wanneer die konsulent as voorsitter optree.

11.7 Slegs een stem

By kommissievergaderinge het die voorsitter net een stem.

12 AFWESIGHEID VAN DIE VOORSITTER

12.1 By kerkraadsvergaderinge

Indien die plaaslike leraar(s) nie by 'n gewone of buitegewone kerkraadsvergadering teenwoordig kan wees nie, moet die konsulent of 'n ander ringsleraar deur hom/haar daartoe versoek, die vergadering adviserend namens die ring bywoon. Die konsulent kan ook op versoek van die kerkraad as voorsitter optree.

12.2 By ringsvergaderinge

By afwesigheid van die voorsitter kies die vergadering 'n voorsitter uit sy lede.

12.3 By sinodale vergaderinge

By afwesigheid van die voorsitter, tree die assessor op. Indien albei afwesig is, neem die oudste leraar die leiding en die vergadering wys 'n plaasvervangende voorsitter aan.

13 BEHANDELING VAN SAKE

13.1 Spreek die voorsitter aan

In die bespreking van sake wend elke lid hom/haar, hetsy by skriftelike of mondelinge voordrag, tot die voorsitter.

13.2 Aanspreekvorm van voorsitter

By alle kerkvergaderinge word die voorsitter aangespreek as "Voorsitter".

13.3 Verlof uit vergadering

Lede mag nie die vergadering verlaat sonder verlof van die voorsitter nie.

13.4 Reg tot spreekbeurt

By die behandeling van sake het elke lid van die vergadering die reg om sy mening oor elke saak uit te spreek.

13.5 Orde van spreekbeurte

As twee of meer lede gelyk opstaan, beslis die voorsitter wie eerste aan die beurt kom.

13.6 Een spreekbeurt

'n Lid van die vergadering mag nie meer as een maal oor dieselfde saak praat nie, behalwe wanneer hy/sy op 'n punt van orde 'n verdere verduideliking wil gee, of wanneer hy/sy die aandag van die vergadering wil vestig op 'n afwyking van die Reglement van Orde, of op 'n punt van inligting 'n vraag wil stel, of wanneer hy/sy as indiener van 'n voorstel van sy/haar reg tot repliek wil gebruik maak, of 'n amendement wil indien op die voorstel.

13.7 Geen name noem

As 'n lid op die opmerkinge van ander lede sinspeel, behalwe in kerkraadsvergaderinge, mag hy/sy geen name noem nie.

13.8 Waardigheid van vergadering

Elke lid onthou hom/haar van alles wat strydig is met die waardigheid van 'n kerkvergadering.

13.9 Onwaardige optrede

13.9.1 Apologie

Waar 'n lid van 'n kerkvergadering hom/haar volgens die oordeel van die voorsitter of volgens die besluit van die vergadering onordelik gedra, moet die voorsitter hom/haar tot orde roep en, as die vergadering so besluit, 'n apologie weens sy/haar woorde of gedrag van hom/haar eis.

13.9.2 Vergadering te verlaat

As hy/sy na die eerste vermaning voortgaan om die waardigheid van die vergadering aan te tas, en in geval van 'n vereiste apologie weier om hieraan te gehoorsaam, gelas die

voorsitter hom/haar om die vergadering te verlaat, en mag so 'n lid alleen terugkeer tot die vergadering op voorwaardes van die voorsitter in oorleg met die vergadering.

13.9.3 Tugmaatreëls

Indien daar by sodanige lid na drie maande geen positiewe reaksie kom nie, word die saak deur die bevoegde kerkvergadering ondersoek en, indien skuldig bevind, teen hom/haar opgetree as 'n wederstrewer van die kerkorde.

13.10 Sake rakende orde

Alles wat betrekking het op die orde by beraadslaginge, kry voorrang.

13.11 Voorstel voor bespreking

'n Saak wat aan die vergadering gestel is, mag alleen verder bespreek word nadat 'n voorstel daaroor gemaak is.

13.12 Aanbevelings in kommissieverslae

Aanbevelings in die verslae van permanente kommissies word as voorstel voor die vergadering beskou en word, behalwe in gevalle waar daar finansiële en regsimplikasies is, nie vooraf na 'n tydelike kommissie verwys nie. Hierdie aanbevelings word nie ook as beskrywingspunte opgestuur nie.

13.13 Aankondiging van orde van behandeling van sake

Voor die sluiting van elke sitting van 'n meerdere vergadering kondig die voorsitter aan watter sake volgende behandel gaan word.

14 VOORSTELLE EN AMENDEMENTE

14.1 Slegs een voorstel

Oor 'n saak wat aan die orde is, kan net een voorstel op 'n keer voor die vergadering dien.

14.2 Twee of meer voorstelle

Waar twee of meer voorstelle oor dieselfde saak voor 'n vergadering kom, is die eerste die voorstel en die ander die amendement of amendemente.

14.3 Indiening van amendemente

Amendemente kan op die voorstel ingedien word. 'n Amendement het ten doel, nie die vernietiging van die voorstel nie, maar 'n wysiging van, 'n byvoeging tot of 'n weglating uit die voorstel. Die voorsitter moet daarom 'n negatiewe amendement buite orde reël. Lede wat teen 'n voorstel is, kan daarteen praat en stem.

14.4 Gesekondeer, skriftelik en onderteken

Alle voorstelle en amendemente moet gesekondeer wees en in geval van meerdere vergaderinge, skriftelik en onderteken deur beide die voorsteller en die sekondant, ingedien word by die voorsitter.

14.5 Terugtrekking van voorstel of amendement

'n Voorstel of amendement kan alleen met verlof van die vergadering teruggetrek word, ook al is daar nog nie oor die voorstel gepraat nie.

14.6 Voorsteller afwesig sonder verlof

As die voorsteller sonder verlof afwesig is, verval sy/haar voorstel, tensy 'n ander lid van die vergadering dit oorneem.

14.7 Reg tot repliek

Die insender van 'n voorstel of 'n amendement wat in die plek van 'n voorstel gekom het, het reg tot repliek, maar nie insenders van amendemente nie.

14.8 Eerste amendement word voorstel

Waar 'n voorstel met verlof van die vergadering teruggetrek word, verval ook al die amendemente wat daarvan afhanklik is. Wanneer 'n voorstel egter met verlof van die vergadering teruggetrek word ten gunste van 'n amendement, word die eerste amendement die voorstel voor die vergadering.

15 STEMMING

15.1 Deur teenwoordige lede

Elke stemming in kerkvergaderinge geskied deur die lede wat teenwoordig is.

15.2 In adviserende hoedanigheid

Persone wat die vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, het die reg om aan die bespreking deel te neem, maar mag nie stem nie.

15.3 Verplig om te stem

Geen lid mag buite stemming bly nie, behalwe met verlof van die vergadering en om gewigtige redes wat deur die vergadering beoordeel moet word.

15.4 Geen name word genoem

As die voorstel en amendement(e) tot stemming gebring word, noem die voorsitter nie die name van die voorstellers nie.

15.5 Vir en teen stem

Oor elke saak moet afsonderlik vir en teen gestem word.

15.6 Staking van stemme

Wanneer daar oor 'n voorstel 'n staking van stemme kom, is die voorstel verwerp, tensy die voorsitter, as hy/sy 'n beslissende stem het, die voorstel met sy/haar beslissende stem laat aanneem of verwerp. Die voorsitter is egter nie verplig om sy/haar beslissende stem uit te bring nie.

15.7 Orde van stemming by voorstel en amendemente

Wanneer daar 'n voorstel sowel as amendement (e) voor die vergadering dien, word eers die amendemente tot stemming gebring, en wel so dat daar oor dié wat die laaste ingedien is, die eerste gestem word, en so vervolgens in opklimmende volgorde, en daarna oor die voorstel.

15.8 Beslissing

Vir die beslissing in 'n saak word die volstrekte meerderheid van stemme, dit wil sê meer as die helfte van die lede wat teenwoordig is, vereis. By die bepaling van die volstrekte meerderheid word lede wat verlof ontvang het om buite stemming te bly, nie bygereken nie.

15.9 Finale stemming

As die finale stemming oor 'n saak plaasgevind het en die voorsitter dit as besluit van die vergadering verklaar het, mag niemand om 'n tweede stemming vra nie.

15.10 Stemming oor gewone sake

Oor gewone sake word daar gestem met opsteek van hande, behalwe as die vergadering anders besluit.

15.11 Stemming oor persone

Wanneer daar vir persone gestem word, geskied dit met geslote stembriefies, behalwe by die verkiesing van kerkraadslede by 'n nuwe gemeente direk na afstigting, waar daar gestem word met opsteek van hande (sien Reglement AS6).

15.12 Beroeping van leraars

Vir die beroeping van leraars vergelyk Bepaling 7.

15.13 Verkiesing van kerkraadslede

Vir die verkiesing van kerkraadslede vergelyk Bepaling 15.

15.14 Stemming by tugsake

Vir die stemming by tugsake sien Hoofstuk 5 van die Kerkorde.

16 MOSIE EN PUNT VAN ORDE

16.1 Mosie van orde

16.1.1 Doel van ordemosie

'n Ordemosie behels óf 'n voorstel oor die volgorde waarin sake ter tafel kom, óf 'n voorstel om die bespreking van 'n bepaalde punt te beëindig, óf 'n voorstel om van 'n bepaalde saak af te stap.

16.1.2 Enige tyd

'n Ordemosie kan te eniger tyd gedurende die voortgang van die bespreking van 'n saak ingedien word.

16.1.3 Sonder bespreking

Oor 'n ordemosie word daar dadelik, sonder bespreking, gestem.

16.1.4 Oordeel van voorsitter

Die voorsitter het egter die reg om so 'n ordemosie te weier indien hy/sy oordeel dat dit ingedien word om 'n behoorlike bespreking van die saak te verhinder.

16.2 Punt van orde

'n Lid kan op 'n punt van orde praat slegs as hy/sy van oordeel is dat daar van die reëls van die orde afgewyk is, bv as iemand

16.2.1 uit sy/haar beurt praat;

16.2.2 twee maal praat;

16.2.3 van die punt af is;

16.2.4 die vergadering sonder verlof verlaat;

16.2.5 twee maal gestem het of glad nie gestem het nie;

16.2.6 nie behoorlik geklee is nie;

16.2.7 onwelvoeglike taal gebruik;

16.2.8 oor sy tyd praat;

16.2.9 oor 'n saak praat wat *ultra vires* is.

Geen bespreking word onder 'n punt van orde toegelaat nie.

17 BESLUIT EN REVISIE

17.1 Wanneer besluit van vergadering

Die voorstel of amendement wat die hoogste getal stemme kry en daarby die volstrekte meerderheid behaal, word dit die besluit van die vergadering en as die besluit deur die voorsitter aangekondig.

17.2 Meer as een amendement aanvaar

Ingeval meer as een amendement aanvaar word, word wanneer nodig die een wat die hoogste getal stemme kry, die besluit van die vergadering.

17.3 Aantekening van naam

Dit staan enige lid vry om sonder of met opgaaf van redes te laat aanteken dat hy/sy teen 'n bepaalde voorstel of amendement gestem het, of dat hy/sy nie teenwoordig was toe 'n bepaalde besluit geneem is nie, en het die reg om by die verdere behandeling van die saak te stem.

17.4 Revisie van besluite

17.4.1 Kennisgewing van revisie

Besluite wat eenmaal geneem is, mag nie anders as na voorafgaande kennis in revisie geneem word nie.

17.4.1.1 By kerkraadsvergaderinge

By kerkraadsvergaderinge kan 'n besluit in dieselfde vergadering waarin dit geneem is in revisie geneem word indien geen beswaar daarteen ingebring word nie, of anders deur kennisgewing by 'n voorafgaande vergadering, of na vooraf skriftelike kennis aan al die lede van die vergadering.

17.4.1.2 By meerdere vergaderinge

By 'n meerdere vergadering geskied die kennisgewing deur 'n vooraf gepubliseerde sakelys, of kennis in die vergadering dat revisie aan die einde van die sakelys aangevra sal word. By die sinodale vergadering word die versoek om revisie eers na die Tydelike Regskommissie verwys vir rapport aan die vergadering.

17.4.2 Prosedure by die behandeling van die revisie

17.4.2.1 Motivering

By die behandeling van die revisie moet die aansoeker vir die revisie eers 'n motivering gee waarom die revisie nodig geag word. Bv dat in die bespreking van die saak waarom dit gaan in die vergadering aan sekere aspekte daarvan glad nie of nie voldoende aandag gegee is nie of dat daar later inligting na vore gekom het wat die hersiening van die besluit noodsaaklik maak (KO AS 2002 Regl 15.8.3.1.1 en 2).

17.4.2.2 Verlof tot revisie

Na die motivering stem die vergadering eers of hy revisie wil toestaan. Indien die verlof gegee word, word die nuwe voorstel gemaak en bespreek. As die nuwe voorstel aanvaar word, verval die oorspronklike; word dit afgestem, bly die oorspronklike besluit staan.

17.4.3 Revisie en uitvoering van besluit

Kennisgewing van revisie kan nie verhinder dat 'n besluit intussen uitgevoer word nie.

18 WIE NIE MAG DEELNEEM AAN BEHANDELING VAN SAKE NIE

18.1 Naby familie en betrokkenes

By die behandeling van tugsake mag persone wat naby familie is of by die saak betrokke is, nie aan die behandeling van die saak deelneem nie (sien Bepaling 60.2).

18.2 Finansiële belang

Lede van 'n kerkvergadering mag nie deelneem aan die behandeling van 'n saak waarby hulle finansiële belang het nie.

18.3 Reeds uitsprake gegee het

Lede van 'n meerdere vergadering wat reeds as lede van 'n mindere vergadering oor dieselfde saak uitspraak gedoen het in tugsake, moet hulle aan die behandeling van die saak onttrek.

19 TYDELIKE KOMMISSIES

Lede van tydelike kommissies word, tensy anders bepaal, deur die voorsitter benoem, maar ingeval sy/haar voordrag nie die goedkeuring van die meerderheid van die vergadering wegdra nie, vind die kiesing van die lede van die kommissie plaas met geslote stembriefies op die gebruiklike wyse (sien Bepaling 15).

20 PERMANENTE KOMMISSIES BY SINODALE VERGADERINGE

20.1 Kommissie vir kommissies

Voor die sinodale vergadering benoem die Kommissie van Orde 'n Kommissie vir Kommissies wat opdrag kry om die permanente kommissies wat nie ringsgewys saamgestel word nie, saam te stel, en verteenwoordigers op verskillende instansies, soos deur die sinode goedgekeur en wat nie vir benoeming na permanente kommissies verwys is nie, vir goedkeuring van die sinode aan die einde van die sitting voor te lê.

20.1.1 Samestelling

Die Kommissie vir Kommissies bestaan uit die voorsitters van die permanente kommissies en een lid uit elke ring: die voorsitter van die ring/ringskommissie en as hy/sy reeds die voorsitter van 'n permanente kommissie is dan die skriba, en as die skriba ook reeds die voorsitter van 'n permanente kommissie is, dan enige ander lid van die ring.

20.2 Wie mag dien

Op hierdie kommissies mag alleen lede van die sinode dien, behalwe in gevalle deur die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente reeds bepaal, of deur die sinode of Sinodale Kommissie nodig geag.

20.3 Bly in funksie

Hierdie permanente kommissies bly in funksie tot by die volgende sinodale vergadering.

20.4 Mag nie ontslaan

Niemand van die benoemde persone kan ontslaan word nie tensy om gewigtige redes waaroor die vergadering moet oordeel.

20.5 Bly lid van permanente kommissie

Ingeval 'n leraar 'n beroep na 'n ander gemeente in dieselfde sinodale verband aanneem, bly hy/sy lid van die permanente kommissie waarin hy/sy dien, behalwe van die kommissies wat ringsgewyse saamgestel word, waarvan hy/sy slegs lid bly indien hy/sy na 'n ander gemeente in dieselfde ringsgebied vertrek.

20.6 Kommissies met administratiewe of finansiële aangeleenthede

By die samestelling van kommissies met administratiewe of finansiële aangeleenthede deur die sinode word toegesien dat een of meer lede nie leraars is nie.

20.7 Vulling van vakatures in permanente kommissies

Die vulling van vakatures in permanente kommissies geskied op voordrag van die betrokke ring/ringskommissie wat daarvan aan die skriba van die Sinodale Kommissie kennis gee vir goedkeuring deur die Sinodale Kommissie of sy dagbestuur.

20.8 Opdragte aan permanente kommissies

Die sinode gee opdragte aan 'n kommissie van die sinode. Die kommissie mag dit na sy dagbestuur verwys.

20.9 Opdragte aan meer as een kommissie

Wanneer 'n enkele opdrag aan twee kommissies gegee word, dui die sinode aan watter kommissie die sameroeper is. Indien dit nie gebeur nie, tree die kommissie wat eerste genoem word as sameroeper op.

21 NOTULE

21.1 Wat notule is

Die notule bestaan uit 'n bondige en onpartydige weergawe van wat op 'n vergadering verrig is en bevat:

21.1.1 alle voorstelle wat voor die vergadering gedien het, ook dié wat afgestem is, met vermelding van die naam van die kommissie of die naam van die voorstellers en sekondante wat die voorstel voor die vergadering gebring het;

21.1.2 besluite wat deur die vergadering geneem is;

21.1.3 verslae wat voor die vergadering gedien het;

21.1.4 belangrike reëlings wat deur die voorsitter getref is; en

21.1.5 alle sake wat die vergadering besluit om te notuleer.

Geen verslag word gegee van wat sprekers gesê het nie.

21.2 Verantwoordelikheid van skriba

Die skriba is verplig om op duursame papier onder deurlopende desimaal genumereerde paragrawe met aanduidende opskrifte, aan te teken wat in die vergadering behandel is, besluite woordeliks oor te neem, die notule vervolgens uit te brei en nadat dit goedgekeur

en onderteken is, die opdragte wat daaruit voortvloei uit te voer en die stukke te onderteken.

21.3 Goedkeuring van notule

21.3.1 Amptelike voorstel

Die notule van 'n kerkvergadering word op die volgende gewone vergadering deur 'n amptelike voorstel deur een van die lede uit die vergadering met 'n sekondant, goedgekeur.

21.3.2 Van kerkraadsvergaderinge

Die notule van 'n kerkraadsvergadering word op die volgende gewone vergadering goedgekeur, onmiddellik na die opening en konstituering van die vergadering.

21.3.3 Van buitengewone en beroepsvergaderinge

Die notule van 'n buitengewone of 'n beroepsvergadering word op die volgende gewone vergadering goedgekeur.

21.3.4 Van ringsvergaderinge

Die notule van ringsvergaderinge word op die volgende sittingsdag goedgekeur en die laaste dag se notule word na die ringskommissie verwys vir goedkeuring.

21.3.5 Van sinodale vergaderinge

Die notule van sinodale vergaderinge word deur die redaksiekommissie versorg en op die volgende sittingsdag goedgekeur, en die notule van die laaste dag word na die dagbestuur van die Sinodale Kommissie verwys vir goedkeuring.

21.3.6 Van sinodale en ringskommissies

Die notule van die permanente kommissies van die ring en die sinode word op hulle volgende vergadering goedgekeur. Dié van die Sinodale Kommissie kan deur sy dagbestuur goedgekeur word. Met die oog op 'n totale verandering van sy personeel moet die kommissie toesien dat sy laaste notule voor die sitting van die ring of sinode goedgekeur word.

21.3.7 Wysiging van notule

Die notule van 'n vergadering kan alleen gewysig word indien die vergadering toestem. Die wysiging word in die daaropvolgende notule aangeteken.

21.4 Ondertekening van notule

21.4.1 Van kerkraadsvergaderinge

Die notule van 'n kerkraadsvergadering word onderteken deur al die teenwoordige lede.

21.4.2 Van ringsvergaderinge

Die notule van die ringsvergadering word elke sittingsdag deur al die lede onderteken, behalwe die laaste dag se notule wat deur die ringskommissie onderteken word.

21.4.3 Van sinodale vergaderings

Die notule van elke sittingsdag word deur die vergadering goedgekeur en deur die moderatuur onderteken, en dié van die laaste sittingsdag deur die dagbestuur van die Sinodale Kommissie.

21.4.4 Van permanente sinodale en ringskommissies

Die notule van permanente kommissies van die ring en sinode word onderteken deur al die teenwoordige lede.

21.5 Na goedkeuring geen verdere bespreking

Nadat die notule deur die vergadering goedgekeur is, mag daar geen verdere bespreking oor die notule wees nie.

21.6 Afwesige lede

Lede van die vergadering wat afwesig was toe die besluit of besluite geneem is, kan geen beswaar daarteen laat aanteken as die notule geresumeer word nie.

21.7 Aantekening en protes

Dit staan lede wat afwesig was vry om in die notule te laat aanteken dat hulle by die bespreking afwesig was en, as hulle dit nodig oordeel, om protes daarteen te laat aanteken, met of sonder opgaaf van redes.

21.8 Uittreksel uit notule

Wanneer deur die betrokke kerkvergadering daartoe gelas, of wanneer die reg op sodanige uittreksel deur die bepalinge gegee of geïmpliseer word, reik die skriba volledige uittreksels uit die notule rakende 'n saak aan belanghebbendes uit.

22 KRAG VAN BESLUITE

22.1 Van kerkraadsvergaderinge

In die geval van 'n kerkraadsvergadering is die besluite, hoewel die notule eers op die volgende vergadering goedgekeur en onderteken word, dadelik van krag en mag die besluite onmiddellik uitgevoer word.

22.2 Van ringsvergaderinge

Die besluite van ringsvergaderinge tree in werking sodra die notule goedgekeur en onderteken is. Die ring kan egter bepaal dat 'n besluit onmiddellik van krag is. Sodanige besluit moet op skrif gestel en goedgekeur wees.

22.3 Van sinodale vergaderinge

Die besluite van die sinode tree in werking sodra die handelinge verskyn het. Die sinode kan egter bepaal dat 'n besluit onmiddellik van krag word.

22.4 Van sinodale kommissies

Die besluite van sinodale kommissies is onmiddellik van krag hoewel die notule eers op die volgende vergadering goedgekeur en onderteken word, tensy anders besluit.

23 UITVOERING VAN BESLUITE

Die besluite van kerkvergaderinge word so gou moontlik deur die skriba uitgevoer.

24 WAARDEVOLLE STUKKE

Elke kerkvergadering sien toe dat sy waardevolle stukke volledig, ordelik, netjies en op duursame materiaal en brandvry bewaar word en, sodra nie meer benodig nie, aan die argief in Kaapstad vir bewaring gestuur word (vgl Regl 2 van KO AS 1998).

25 AFSLUITING

'n Kerkvergadering word gesluit met gebed, meerdere vergaderinge ook met Skriflesing en sang.

REGLEMENT 2 - REGLEMENT VIR DIE REËLING VAN DIE SINODALE VERGADERING

1 OPENING

1.1 Die vergadering begin presies op die voorafbepaalde tyd, en word met Skriflesing en gebed geopen deur 'n afgevaardigde wat nie beskikbaar is op die moderatuur nie, vooraf deur die kommissie van orde daartoe versoek. Hierdie afgevaardigde tree as voorsitter op totdat die moderator gekies is.

1.2 Die plegtige opening van die vergadering met Woordverkondiging deur die voorsitter van die vorige vergadering, of by sy/haar ontstentenis deur iemand deur die Kommissie van Orde aangewys, vind plaas op 'n tyd en plek wat deur die Kommissie van Orde met goedkeuring van die vergadering bepaal is.

2 KONSTITUERING

2.1 Die afgevaardigdes neem hulle plekke in volgens die gemeentes wat hulle verteenwoordig in alfabetiese volgorde.

2.2 Die geloofsbriewe van afgevaardigdes, met vermelding van wie verskyn - die primarius of die sekundus - moet indien moontlik drie maande voor die vergadering in die hande van die skriba van die sinode wees. Saam met die Kommissie van Orde sien hy/sy dit na en doen aan die vergadering verslag. As die geloofsbriewe in orde bevind word, konstitueer die vergadering.

2.3 Onmiddellik na die konstituering van die vergadering word die moderatuur met geslote stembriefies gekies. Daar word dadelik tot stemming oorgegaan sonder dat daar vooraf 'n nominasielys gevorm word. Die opneem en die tel van stemme word aan 'n kommissie opgedra wat vooraf deur die Kommissie van Orde benoem is.

2.4 Wanneer 'n lid van die vergadering verhinder word om dit vir die volle duur daarvan by te woon, het sy/haar plaasvervanger (primarius/sekundus na gelang van wie met die konstituering verskyn het) met verlof van die vergadering reg van sitting vir die oorblywende deel van die vergadering, behalwe by die behandeling van tugsake.

3 BEHANDELING VAN SAKE

3.1 Die Kommissie van Orde stel die sakelys vir die vergadering op en dra sorg dat dit minstens vier weke voor die vergadering in die hande van die afgevaardigdes gestel word.

3.2 Die verslag van die Kommissie van Orde word eerste in behandeling geneem.

3.3 Die voorsitter dra sorg dat die bespreking beperk bly tot die saak onder behandeling en dat daar geen herhalings plaasvind nie.

3.4 Die inleier van 'n beskrywingspunt of indiener van 'n voorstel word beperk tot 10 minute met 5 minute tyd vir repliek, en ander sprekers tot 5 minute. Die vergadering mag in bepaalde gevalle van hierdie tydsbeperking afsien.

3.5 Die voorsitter het die reg om, wanneer na sy/haar oordeel die saak onder behandeling genoegsaam bespreek is, dit aan die vergadering te stel of hy nie tot stemming wil oorgaan nie. Hieroor word onmiddellik gestem sonder enige voorafgaande bespreking.

3.6 By die bespreking van verslae van kommissies mag in die reël nie meer as een lid van sodanige kommissie die verslag toelig nie, en indien nodig antwoord een op besware wat ingebring is.

4 KOMMISSIES

4.1 Die Kommissie van Orde benoem 'n aantal tydelike kommissies na wie die beskrywingspunte en ander sake verwys word. Hierdie tydelike kommissies kan desverkiesend deur die Kommissie van Orde opgeroep word om hoogstens drie dae voor die aanvang van die sinode te vergader.

4.2 Die benoeming van tydelike kommissies gedurende die sitting van die sinode geskied op voordrag van die moderatuur deur die vergadering.

4.3 Geen tydelike kommissie, behalwe dié wat deur die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente vereis of in spesiale gevalle nodig geoordeel word, word benoem om oor die verslae van permanente kommissies verslag te doen nie.

4.4 Aan die tydelike kommissies word tyd gegee om hulle opdrag uit te voer en indien nodig word daarvoor een of meer sittings afgestaan.

4.5 Ten opsigte van die benoeming van permanente kommissies word gehandel volgens Reglement 1.20.

5 SAKE VIR BEHANDELING

5.1 Beskrywingspunte en sake vir behandeling kan alleen ontvang word as dit in ooreenstemming is met Bepaling 35.4 en minstens drie maande voor die vergadering aan die skriba van die sinode gestuur is.

5.2 Verslae van kommissies (Bep 35.5) moet minstens drie maande voor die vergadering aan die skriba van die sinode gestuur word.

5.3 Al die sake van administratiewe aard wat goedskiks deur die ringe behandel kan word, word deur die sinode in behandeling geneem alleen in sover as wat ringe dit onder sy aandag gebring het.

5.4 Spoedeisende sake van besondere en algemene belang mag deur die vergadering in behandeling geneem word indien die vergadering sonder bespreking daartoe besluit, na raadpleging en aanbeveling van die moderatuur.

5.5 Kennisgewing van revisie

5.5.1 Elke kennisgewing van revisie word na die Tydelike Regskommissie verwys.

5.5.2 Die aansoeker stel die rede vir die aansoek om revisie aan die Tydelike Regskommissie.

5.5.3 Die Tydelike Regskommissie doen 'n aanbeveling aan die sinode ten opsigte van elke kennisgewing van revisie.

6 NAGMAAL

Gedurende die sitting van die sinode word die Heilige Nagmaal gevier op uitnodiging van 'n plaaslike kerkraad.

7 SINODALE AMPTENARE

7.1 Die Direkteur Administrasie en die Direkteur Begeleiding word deur die Sinodale Kommissie benoem.

7.2 Sinodale amptenare tree af by die bereiking van 65-jarige ouderdom.

8 SLUITING VAN VERGADERING

Die vergadering word deur Skriflesing en gebed deur die assessor afgesluit (sien Reglement 1.25).

REGLEMENT 3 - REGLEMENT VIR DIE SKRIBA

1 Die taak van die skriba is:

1.1 Die noukeurige notulering van die handelinge van elke vergadering ooreenkomstig Reglement 1.

1.2 Die hou van afskrifte van alle briewe wat deur die betrokke vergadering ontvang en geskrywe word.

1.3 Die nakom en uitvoer van die Argiefbeginsels ooreenkomstig Reglement 10 en 10(A).

1.4 Die uitvoering van opdragte van die vergadering met verslag daaraan.

2 Skriba van die kerkraad:

2.1 Reik in opdrag van die kerkraad afskrifte van doopseels en lidmaatsertifikate uit.

3 Skriba van die ring

3.1 Is belas met die opstel en instuur van beskrywingspunte van die ring aan die skriba van die sinode.

3.2 Voer Reglement 12 uit.

3.3 Gee kennis deur die amptelike kerkorgaan van die bevestiging van 'n leraar in die ringsgebied.

3.4 Gee verslag aan die Direkteur Administrasie van alle gevalle van emeritering, skorsing of afsterwe van leraars in die ring.

4 Skriba van die sinode

4.1 Handel ooreenkomstig Bepaling 35.4 en 35.5.

4.2 Tree as lid en skriba van die Sinodale Kommissie op.

4.3 As daar hindernisse ontstaan om sy/haar amp behoorlik waar te neem, handel die Dagbestuur sodat die boeke, dokumente ens wat tot hierdie pos behoort, aan ’n diensdoenende leraar as lid van die sinode oorhandig word wat waarneem totdat ’n opvolger deur die sinode gekies word.

REGLEMENT 4 - REGLEMENT VIR DIE KASSIER

1 Taak van die kassier:

1.1 Reik kwitansies uit vir alle gelde ontvang.

1.2 Deponeer so spoedig moontlik bedrae ontvang in die bankrekening van die betrokke vergadering met verslag by die volgende vergadering.

1.3 Doen alle betalings in opdrag van die vergadering sodat dit voldoen aan aanvaarde rekeningkundige praktyk. Ontvang hiervoor 'n kwitansie of bewysstuk.

1.4 Sien toe dat alle gelde, finansiële boeke en state, asook dokumente in veilige bewaring gehou word.

1.5 Voer Reglemente 8 en 14 uit waar toepaslik.

2 Die kassier van die kerkraad stuur jaarliks vorm A en B aan die Ringskommissie van Administrasie ooreenkomstig Bepaling 31.6.2.

3 Die kassier van die ring stuur jaarliks ‘n volledige stel geouditeerde state van die ring se fondse aan die sinodale kommissie ooreenkomstig Bepaling 31.6.2.6.

REGLEMENT 5 - REGLEMENT VIR DIE AKTUARIUS VAN DIE SINODE

Die aktuarius van die sinode

1 neem in behoorlike vorm al die besluite uit die handelinge van die sinodale vergadering rakende Bepalinge en Reglemente wat in druk bekend gemaak moet word oor, sodat dit deur die Sinodale Regskommissie geteken kan word om indien moontlik binne ses weke na die sluiting van die sinodale vergadering, in die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente opgeneem en verkrygbaar gestel kan word;

2 help tydens die sinodesitting dat die suiwere kerkregtelike beginsels gehandhaaf word en dat die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die sinode geïnterpreteer word;

3 gee tussen vergaderinge van die sinode aan alle persone en instansies wat daarom vra sy/haar persoonlike advies met betrekking tot allerlei kerkregtelike aangeleenthede en hou aantekeninge wat betref sinodale sake;

4 reik aan proponente wat met oplegging van hande bevestig is, na deursending van die vereiste besonderhede volgens Bepaling 8.6 deur die ringskriba, 'n akte van bevestiging volgens die voorgeskrewe vorm (Vorm 13) uit;

5 vra in alle gevalle van verlies van bevoegdheid die betrokke persoon se Akte van Legitimasie op en besorg dit aan die skriba van die Algemene Taakspan Regte;

6 verklaar emeriti wat, op aanbeveling van die ring wat aan hulle demissie verleen het, weer tot die bediening toegelaat is in die amptelike kerkorgaan weer beroepbaar; en

7 is lid van die Sinodale Regskommissie.

8 As daar hindernisse ontstaan om sy/haar amp behoorlik waar te neem, of in geval van dood, bedanking of ontsetting, eis die dagbestuur van die Sinodale Kommissie die boeke, dokumente, ens, wat tot hierdie betrekking behoort op en dra dit aan 'n diensdoende leraar wat lid van die sinode is oor, wat in alle betrekkings in sy/haar plek fungeer todat die sinode 'n opvolger gekies het.

REGLEMENT 6 - REGLEMENT VIR DIE DIREKTEUR ADMINISTRASIE VAN DIE SINODE

1 Die aanstelling van die Direkteur Administrasie geskied volgens Reglement 2.7 en die bepaling van sy/haar salaris volgens Reglement 7.13.

2 Hy/sy gee uitvoering aan alle besluite wat betrekking het op die sinode se eiendomme, fondse en aanverwante sake.

3 Hy/sy sien toe dat wat transporte van vaste eiendomme betref ooreenkomstig Reglement 13 gehandel word.

4 Hy/sy sien toe dat alle sinodale eiendomme verseker is en hou die polisse in bewaring.

5 Hy/sy is verantwoordelik vir die besteding en ontvangs van alle fondse en geld wat in die kerkkantoor hanteer word in ooreenstemming met opdrag van bevoegde en gevolmagtigde persone, deur hulle kommissie daartoe gelas en wat voldoen aan die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die NG Kerk in Oos-Kaapland.

6 Hy/sy hou alle korrespondensie, dokumente, rekeninge of enige ander bewysstukke wat betrekking het op bestede of ontvange geld veilig in bewaring.

7 Hy/sy vereffen die reiskoste van kommissielede en ander wat werk verrig op las van die sinode, ook ander onvermydelike uitgawes wat uit die sinodale kas vergoed moet word, nadat hy/sy hom van die geldigheid en wettigheid van die eis of skuld vergewis het. In onvoorsiene of onduidelike gevalle in die Bepalinge en Reglemente beslis die Sinodale Kommissie.

8 Hy/sy dra in oorleg met die Sinodale Kommissie sorg vir die sinodale aanslae, toekenning en verdeling van bydraes onder gemeentes en sorg vir die invordering van alle toegekende sinodale aanslae, sinodale en spesiale kollektes en alle ander verpligte sinodale fondse en erken ontvangs daarvan.

9 Hy/sy ontvang alle navrae en aanbevelings van ringe en gemeentes in verband met toegekende bydraes en handel in oorleg met die Sinodale Kommissie daarmee na bevind van sake.

10 Hy/sy deponeer alle ontvangstes sonder onnodige versuim in 'n bank soos goedgekeur en aanvaar deur die Sinodale Kommissie, en dra sorg dat daar te alle tye 'n genoegsame bedrag op lopende rekening beskikbaar is voordat fondse vir belegging beskikbaar gestel word.

11 Hy/sy neem die boekhouding van al die bestaande sowel as toekomstige fondse van die Kerk waar.

12 Hy/sy onderneem in opdrag van die Sinodale Kommissie die belegging van fondse en die tegeldmaking van beleggings, onderteken namens die kommissie alle dokumente met betrekking daartoe en kom alle pligspleginge in verband daarmee na.

13 Hy/sy dra sorg dat die Kerk se boeke en rekeninge jaarliks deur geoktrooieerde ouditeure, wat deur die Sinodale Kommissie goedgekeur is, geouditeer word.

14 Hy/sy ontvang jaarliks state soos genoem in Reglement 7.11.1 en oorhandig dit aan die ouditeure van die Kerk vir die opstel van 'n gekonsolideerde verslag om aan die Sinodale Kommissie by ontvangs voor te lê.

15 Hy/sy stel boeke, bewysstukke en state vir ondersoek oop aan die Sinodale Kommissie en voorsien hulle van state wat betrekking het op alle fondse wat behoort aan of onder beheer van die Kerk is.

16 Hy/sy behartig alle onderhoude in die kantoor en in verband met kerklike belange in die algemeen by die publiek en ander kommissies en instansies.

17 Hy/sy reël in oorleg met die Sinodale Kommissie die werksaamhede in die kerkkantoor en bepaal die pligte, voorwaardes, verlofreëlings en enige ander aangeleentheid wat betrekking het op die personeel.

18 Hy/sy moet gedek wees onder 'n waarborgpolis ooreenkomstig Reglement 7.12.

19 Hy/sy mag in kommissies van die Algemene Sinode dien, mits die Sinodale Kommissie daartoe toestem en hy/syself bereid is.

20 Hy/sy doen aansoek om aanstelling van predikante as huweliksbevestigers en voer alle korrespondensie wat voortvloei uit sulke aansoeke.

21 Hy/sy behartig die argiefbelange (Reglement 10) en Inligtingsburo-aangeleenthede in soverre dit die belange van die NG Kerk in Oos-Kaapland raak.

22 Hy/sy het aanspraak op ses weke gewone verlof per jaar wat in oorleg met die Sinodale Kommissie gereël word.

23 Die Direkteur Administrasie tree af soos bepaal in Reglement 2.7.2.

24 In geval van siekte en dood word gehandel in terme van Reglement 7.14.

REGLEMENT 7 - REGLEMENT VIR DIE KERKKANTOOR

1 Met uitsondering van sodanige reg van beheer as wat deur die sinode aan enige spesifieke kommissie opgedra is of opgedra mag word in die uitvoering van enige bepaalde taak of ten opsigte van enige inrigting, instituut, tehuis of hospitaal, het die Sinodale Kommissie beheer oor alle fondse wat aan die NG Kerk in Oos-Kaapland behoort.

2 Die kommissie mag beskikbare fondse belê:

2.1 by enige geregistreerde bank of gevestigde finansiële instelling wat, na die oordeel van die kommissie, sekerheid bied dat die kapitaal van die belegging nie sal verminder nie.

2.2 in vaste eiendom en die ontwikkeling daarvan met die oog op wins indien die kommissie oortuig is van die wenslikheid en veiligheid van sodanige belegging.

2.3 tot 'n maksimum van 20% (twintig persent) van die Sinodale Hulpfonds by ander instansies as die huidige ten einde kapitale groei te verkry.

3 Die Kommissie besit die bevoegdheid om toestemming te verleen tot kansellasie, sessie, ontheffing, substitusie en gedeeltelike afbetalings van verbande en ander sekuriteit. Alle dokumente wat hiertoe opgestel word, word deur die Direkteur Administrasie en die voorsitter van die Sinodale Kommissie namens die kommissie onderteken.

3.1 Alleen die Sinodale Kommissie besit die bevoegdheid om namens die NG Kerk in Oos-Kaapland as trustee op te tree ten opsigte van bemakings aan enige kommissie waaruit die kerk voordele mag trek en om met aandele te handel wat die Kerk deur bemaking mag bekom.

4 Die kommissie besit die bevoegdheid om namens die sinode enige regsproses in enige geregshof van die Republiek in te stel of te verdedig, en alle prokurasies en ander benodigde dokumente wat vir die instelling of verdediging van 'n regsproses nodig is en deur die Direkteur Administrasie en die voorsitter van die Sinodale Kommissie onderteken is, word as regsgeldig beskou. Alle regsprosesse waarby die sinode betrokke is, word deur die voorsitter van die Sinodale Kommissie verdedig. Alle regsstukke word op hom gedien. Die Direkteur Administrasie hanteer alle administratiewe handelinge in opdrag van die Sinodale Kommissie waar nodig.

5 Die boekhouding van die Sinodale fondse berus by die kerkkantoor.

6 Die kerkkantoor is belas met die invordering en administrasie van die sinodale kollektes wat jaarliks deur die Sinodale Kommissie bepaal word.

7 Die behartiging van alle kerklike belange by die publieke en ander kantore, en in alle voorkomende gevalle waar leraars en kerkrade hulp en raad benodig.

8 Die Sinodale Kommissie benoem 'n firma van ouditeure wat jaarliks al die sinode se bates, laste en die boeke en rekeninge van die Direkteur Administrasie nasien en vir hulle dienste vergoeding ontvang teen 'n bedrag wat met die ouditeure ooreengekom is.

8.1 Die sinode se boeke, rekeninge en finansiële state moet alle sinodale bates, laste, inkomste en uitgawes weergee wat deur die Direkteur Administrasie so dikwels as nodig aan die Sinodale Kommissie voorgelê moet word.

9 Vir die behoorlike verantwoording van geld moet minstens die Direkteur Administrasie en soveel ander lede van die personeel as wat hy/sy mag aanbeveel, deur veilige waarborgpolisse gedek wees. Die Sinodale Kommissie besluit oor die bedrae van die onderskeie polisse en keur die versekeringsmaatskappy goed. Die premies word uit die Administrasiefonds betaal.

10 Die salarisse, woningstoelae en ander toekennings van die kerklike sinodale amptenare word in oorleg met die Sinodale Kommissie vasgestel deur die kommissies onder wie se beheer die amptenare staan.

11 In gevalle waar daar onduidelikheid heers of verskil bestaan oor die regsgeldigheid van eise waarna in Reglement 6.8 verwys word, beslis die Sinodale Kommissie.

12 Vir buitengewone uitgawes soos bonusse, geskenke, voorskotte en lenings moet die toestemming van die Sinodale Kommissie verkry word.

13 Die aanstelling van die Direkteur Administrasie vind volgens die bepaling van Reglement 2.7 plaas. Sy/haar salaris en toelae word deur die kommissie bepaal.

14 By die ontstaan van hindernisse om sy/haar amp behoorlik waar te neem of in geval van die dood van die Direkteur Administrasie bestuur bogenoemde kommissie die sake van die kantoor totdat daar 'n opvolger deur die Sinodale Kommissie benoem is met verslag aan die sinode.

15 Die kommissie stel die personeel van die kerkkantoor aan en bepaal hulle salarisse en toelae. Hy hou toesig oor hulle werk en oor alle sake wat die administrasie raak. Hy tref die nodige maatreëls met die Direkteur Administrasie vir die veiligheid van alle geld, dokumente en boeke, asook vir die doelmatigheid van al die werksaamhede in die kantoor (vgl Bep 35.8.1.4).

REGLEMENT 8 - REGLEMENT VIR KERKLIKE FONDSE EN DIE BEHEER DAARVAN

1 ALGEMENE KERKLIKE FONDSE

1.1 Verskillende soorte fondse

Hierdie reglement is van toepassing vir die insameling en beheer van alle kerklike fondse. Die fondse word verdeel in gemeentelike, rings- en sinodale fondse.

1.2 Bindend

Hierdie reglement is bindend op al die gemeentes van die NG Kerk in Oos-Kaapland.

1.3 Skriftuurlik en pligmatig

Dit is Skriftuurlik en pligmatig om te verwag dat lidmate voorsiening sal maak vir alle kerklike uitgawes. Bydraes moet met dank en offervaardigheid geskied.

2 GEMEENTEFONDS

2.1 Doel van gemeentefonds

In elke gemeente is daar 'n gemeentefonds wat onder die beheer van die kerkraad staan. Uit hierdie fonds word lopende uitgawes in verband met die salaris van predikante en amptenare, die herstel van kerklike geboue, die onderhoud van die armes en die verpligte bydraes vir die sinodale fondse en ander gemeentelike uitgawes gedoen.

2.2 Begroting

Om skulde of tekorte te voorkom, word by kerkrade aanbeveel om aan die einde van elke boekjaar 'n begroting van inkomste en uitgawes op te stel. Sodanige begrotings hoef nie saam met die gemeente se finansiële jaarstate aan die Direkteur Administrasie gestuur te word nie en elke ring besluit of hy van die gemeentes binne die ringsressort sodanige begrotings verlang al dan nie.

2.3 Wyse waarop gemeentefonds gevind word

Die gemeentefonds word gevind deur:

2.3.1 kollektes by openbare eredienste;

2.3.2 vrywillige bydraes deur lidmate;

2.3.3 ander inkomste en bydraes.

2.4 Bepalinge insake die opeis van registrasiegelde

2.4.1 Attestate en sertifikate word vir kerklike doeleindes gratis uitgereik.

2.4.2 Doopseels vir lidmaatsbevestiging word gratis gegee.

2.5 Sinodale kollektes en dankoffers:

Alle sinodale kollektes, sinodale dankoffers en bydraes vir pensioenfondse is verpligtend. Die kerkraad sorg dat alle sinodale kollektes en verpligte bydraes geskied en dadelik aan die Direkteur Administrasie verantwoord word.

2.6 Koste kerkraadsvergadering

Die kerkraadsvergadering in elke gemeente, gewone sowel as buitengewone, word deur elke lid sonder betaling bygewoon.

2.7 Beheer van fondse

2.7.1 Die beheer van alle fondse berus by die kerkraad wat die reg het om soveel van sy regte as hy gerade ag, aan een of meer van sy lede oor te dra.

2.7.2 Alle stukke wat op geldelike administrasie betrekking het, soos die belegging van fondse, volmag om transporte en verbande te registreer en te kanselleer, die aanname van skenkings, kontrakte, prokurasies en ander dokumente berus by die kerkraad. Die voorsitter van die kerkraad of enige ander persoon deur die kerkraad daartoe gemagtig teken die stukke.

2.7.3 Die kerkraad moet toesien dat behoorlike finansiële boeke gehou word van alle fondse en moet jaarliks 'n finansiële staat van sulke fondse opstel, en dit deur 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur of 'n rekenkundige tegnikus of geoktrooieerde rekenmeester wat nie lid van die kerkraad is nie, laat nasien. Op grond van hierdie state en ouditeursrapport word 'n kort verslag opgestel wat ter insae van die gemeente voorgelê word (vgl Reglement 4).

2.8 Die kassier

Die kerkraad stel 'n kassier aan. Vir die pligte van die kassier vergelyk Reglement 4.

3 RINGSFONDSE

3.1 Insameling, doel en administrasie

Die ring bou 'n ringsfonds op. Die insameling daarvoor geskied deur kollektes of vaste bydraes van elke gemeente in sy gebied te vorder. Hierdie fonds word aangewend vir die koste in verband met administrasie, of enige onderneming van ringsbelang. Die kassier hou die fonds in bewaring en administreer dit volgens opdrag van die ring. By elke vergadering word 'n geouditeerde verslag van inkomste en uitgawes aan die ring en voor 30 September aan die sinodale kommissie voorgelê.

3.2 Verantwoordelikheid van ringe

Ringe sien toe dat gemeentes hul geldelike verpligtings ten opsigte van sinodale kollektes en verpligte bydraes nakom.

4 SINODALE FONDSE

4.1 Trustfondse

Sien Reglement 7 vir Kerkkantoor en Trustfondse. Dit is fondse wat vir besondere weldadige doeleindes bestem is en deur die sinode geadministreer word. Die sinode het geen ander beheer daaroor as die wat deur die reglement of trustee vir hom voorgeskryf word nie. Oor die fondse is die sinode slegs die trustee en hy moet volgens die voorskrifte van die trustakte of testament alleen ten behoewe van die bevoordeeldes handel.

5 INSAMELING EN BEHEER VAN SINODALE FONDSE

5.1 Begroting:

5.1.1 Die Sinodale Kommissie bestuur die sinode se fondse aan die hand van ‘n jaarlikse begroting.

5.2 Insameling

Die sinode vind sy fondse soos volg:

5.2.1 deur vrywillige bydraes;

5.2.2 deur sinodale kollektes;

5.2.3 deur toekenning van sinodale dankoffers.

5.2.3.1 Hierdie toekenning neem die bestaan, die getal belydende lidmate en die inkomste van die gemeente in aanmerking.

5.2.4 deur die Sinodale Bystandsfonds.

5.3 Beheer

5.3.1 Daar is een sentrale en administratiewe kantoor, naamlik die kerkkantoor. Alle geld en bydraes word deur gemeentes hier verantwoord en genoemde kantoor administreer alle fondse en gelde, en die toekennings geskied volgens die formule vir sinodale dankoffers.

5.3.2 Vir sake waarvoor daar nie begroot is nie, word geen uitbetalings gedoen nie, tensy die Sinodale Kommissie daartoe instemming gee. Dan moet ook aangetoon word uit watter bronne hierdie addisionele gelde gevind kan word.

5.4 Verantwoording

Elke gemeente verantwoord die sinodale dankoffers aan hom toegeken ten volle.

6 BEPALINGE VIR ADMINISTRATIEWE FINANSIES

6.1 Administratiewe uitgawes

Fondse kan aangewend word vir die bestryding van die koste van die kerkkantoor, gewone en buitengewone vergaderinge van die sinode, sinodale liggame en kommissies wat oor geen fondse beskik nie, soos byvoorbeeld die Sinodale Kommissie en sy dagbestuur en ander kommissies deur die sinode of Sinodale Kommissie benoem.

6.2 Vermyding van onnodige koste

Kerklike vergaderinge vermy, sover dit met behoud van die goeie orde kan geskied, onnodige koste.

6.3 Koste vir meerdere kerklike vergaderinge

Die koste vir die meerdere kerklike vergaderinge sluit in:

6.3.1 Reiskoste van die buitelede.

6.3.2 Daggeld vir al die lede.

6.3.3 Kleiner koste van die vergadering, soos skryfbehoeftes, posgeld, ensovoorts.

6.3.4 Sodanige ander koste soos besluit deur die Sinodale Kommissie.

6.4 Koste van buitengewone vergaderinge volgens tarief van gewone vergadering

Die rekeninge van die afgevaardigdes na die buitegenwone vergaderinge is volgens die tarief van die gewone vergadering. In besondere gevalle staan dit die vergadering egter vry om te oordeel en na gelang van omstandighede te handel.

6.5 Honoraria en kosteberekening

Honoraria en kosteberekening word van tyd tot tyd deur die Sinodale Kommissie ten opsigte van die volgende bepaal.

6.5.1 Honoraria ampsdraers

Moderator van die sinode;

Assessor van die sinode;

Skriba van die sinode;

Aktuarius van die sinode;

Assistent-skriba van die sinode (slegs vir elke sinodale vergadering)

6.5.2 Reiskoste sinode en sy kommissies

Die reisgelde vir elke afgevaardigde of kommissielid word soos volg bereken:

6.5.2.1 'n Toelaag per kilometer per voertuig heen en terug vanaf die woning van die afgevaardigde tot by die plek van vergadering. Die bedrag van die toelaag word van tyd tot tyd bepaal deur die Sinodale Kommissie; of

6.5.2.2 Die koste van 'n retoervliegtuigkaartjie vanaf die tuisdorp van die afgevaardigde tot by die plek van vergadering, indien sodanige vliegtuigkoste nie meer is as die reistoelaag in 6.5.2.1 bepaal, en sodanige ander koste soos besluit deur die Sinodale Kommissie.

6.5.2.3 'n Meereisende lid ontvang in geval van motoreise geen reisgeld nie.

6.5.3 Daggeld sinode en sy kommissies

Die daggeld van die sinode en sy kommissies word van tyd tot tyd bepaal deur die sinode of die Sinodale Kommissie.

6.5.4 Gemeentes wat sinodale verantwoordelikhede nie nakom nie.

Geen reis- of daggeld vir bywoning van sinodale of ringsvergaderings word uitbetaal aan verteenwoordigers van gemeentes wie se verpligtings vir sinodale dankoffers en sinodale kollektes ten opsigte van vorige boekjare nie tydens die vergadering óf van die sinode óf van die ring inbetaal word nie. In uitsonderlike gevalle kan die Sinodale Kommissie of ringskommissie op billikheidsgronde besluit om hierdie bepaling nie toe te pas nie.

6.5.5 Spesiale bydrae deur elke kerkraad

In die jaar waarin die sinode vergader, moet elke kerkraad 'n spesiale bydrae soos deur die Sinodale Kommissie bepaal per afgevaardigde voor 30 Junie in die administrasiefondse stort vir die bestryding van die koste van die sinode.

6.5.6 Algemene Sinode en sy kommissies

6.5.6.1 Vergadering Algemene Sinode

Aan afgevaardigdes na die vergadering van die Algemene Sinode word reis-en daggeld soos volg betaal:

6.5.6.1.1 Reisgeld soos van tyd tot tyd bepaal in terme van 6.5.2.1.en 6.5.2.2.

6.5.6.1.2 Daggeld soos van tyd tot tyd bepaal deur die Algemene Sinode.

6.5.6.2 Kommissie Algemene Sinode

In gevalle waar die Algemene Sinode nie voorsiening maak vir reiskoste en daggeld van verteenwoordigers in kommissies van die Algemene Sinode nie, word reiskoste en daggeld betaal soos in 6.5.2.1, 6.5.2.2 en 6.5.3 hierbo.

6.5.7 Vergadering buite grense van Oos-Kaapland

Uitbetaling van reis- en verblyfkoste aan lede wat konferensies buite die grense van Oos-Kaapland bywoon, geskied alleen nadat die toestemming van die Sinodale Kommissie daartoe verkry is.

6.5.8 Kommissies en inrigtings van Algemene Sinode met fondse

In gevalle waar kommissies en inrigtings van die Algemene Sinode oor fondse beskik, dra sodanige kommissies en inrigtingsbesture self hul koste.

6.6 Gemeentes waar vergaderinge gehou word.

Afgevaardigdes van die gemeente waar die vergadering gehou word, bring geen rekening vir reiskoste in nie. Daggeld word egter ook betaal aan lede van die sinode woonagtig op die plek waar die sinode vergader. Daggeld word ook vir Sondae betaal.

6.7 Reiskoste vir terugreis

Geen afgevaardigde, behalwe die wat tot aan en met die sluiting die sitting bywoon kan aanspraak maak op reiskoste vir sy terugreis nie, behalwe ingeval van siekte of dringende noodsaaklikheid, wat deur die vergadering beoordeel word.

6.8 Tik- en afrolwerk

Vir die tik en afrol van stukke of verslae vir kommissies deur die kerkkantoor of anders, geskied die vergoeding op grond van die koste van papier, tyd, arbeid en soos vasgestel deur die Sinodale Kommissie.

6.9 Beamptes

Die beamptes van die onderskeie vergaderinge ontvang vergoeding per dag soos deur die Sinodale Kommissie vasgestel.

6.10 Getuies

Aan getuies wat voor 'n kerklike vergadering geroep word, kan, as hulle dit verkies, reiskoste toegeken word, terwyl hul verblyfkoste na billikheid, en ooreenkomstig die beginsel van besparing, bereken moet word.

6.11 Koste deur ringskommissies

Die koste van ringskommissies word soos volg gereël:

6.11.1 Wanneer hulle gemeentes besoek, word dit gevind uit kollektes by daardie geleentheid ingesamel;

6.11.2 Wanneer hulle werk verrig in verband met spesiale werksaamhede van sodanige ringuit die fondse van daardie werksaamhede.

6.12 Sinodale ampsdraers

Die volgende koste word ook betaal:

6.12.1 Skriba van die sinode

Koste in verband met kantooruitrusting, skryfbehoeftes, telefoon en seëls ('n staat van uitgawes moet aan die Direkteur Administrasie voorgelê word).

6.12.2 Aktuarius van die sinode

Koste in verband met skryfbehoeftes en seëls nadat 'n staat van uitgawes aan die Direkteur Administrasie voorgelê is.

7 SINODALE HULPFONDS

7.1 Oorsprong en doel van die sinodale hulpfonds

7.1.1 Die sinode besluit om 'n hulpfonds tot stand te bring:

7.1.1.1 met die doel om kapitaal beskikbaar te stel aan ringe/gemeentes (Verwys na riglyne):

7.1.1.1.1 wat in 'n oorlewingstryd gewikkel is, ten einde hulle op die korttermyn finansieël te ondersteun;

7.1.1.1.2 wat verdienstelike projekte in diens van die Koninkryk aanpak;

7.1.1.2 Indien daar oorbruggingskapitaal benodig word, sal dit ook uit die Fonds voorsien word.

7.1.2 Befondsing sal soos volg geskied:

7.1.2.1 Gemeentes maak ‘n maandelikse verpligte bydrae tot die fonds soos van-tyd-tot-tyd volgens die betrokke formule aan hulle toegeken word (*sien Riglyne en Funksionele Besluite 26*).

7.1.2.2 Die groei van die fonds word stimuleer deur rentes wat daarop verdien word.

7.2 Riglyne

7.2.1 Die gemeente se aansoek:

7.2.1.1 'n Skriftelike aansoek onderteken deur die kerkraad wat vergesel word van:

7.2.1.1.1 'n uiteensetting van watter voorkomende stappe deur die kerkraad gevolg is om die probleem te hanteer;

7.2.1.1.2 'n Behoorlike motivering ter ondersteuning van die aansoek;

7.2.1.1.3 'n motivering waarom dit wenslik is dat die gemeente onafhanklik moet voortbestaan;

7.2.1.1.4 'n besluit deur die kerkraad:

7.2.1.1.4.1 dat die gemeente hulpbehoewend is;

7.2.1.1.4.2 met betrekking tot die aard en mate van hulp wat benodig word;

7.2.1.1.4.3 met betrekking tot die tydperk waarvoor die hulp vereis word;

7.2.1.1.4.4 dat die kerkraad oortuig is dat die gemeente waarskynlik na die tyd weer onafhanklik sal kan voortbestaan;

7.2.1.1.5 Die jongste finansiële state tesame met die huidige en die volgende jaar se begrotings.

7.2.2 Die ring se betrokkenheid

7.2.2.1 Die Ringskommissie oorweeg, in oorleg met die betrokke kommissie van die Ring (bv RKF en RKG), en na samesprekings met die kerkraad en/of gemeente, die aansoek, en maak 'n voorlegging aan die Sinodale Kommissie met betrekking tot:

7.2.2.1.1 die oorsaak vir die nood;

7.2.2.1.2 die optrede wat deur die Ring gevolg is om die probleem te hanteer, en waarom dit nie effektief was nie;

7.2.2.1.3 watter alternatiewe oorweeg is;

7.2.2.1.4 waarom dit wenslik is dat die gemeente bly voortbestaan;

7.2.2.1.5 die aard en mate van hulp wat aanbeveel word;

7.2.2.1.6 die verwagte effektiwiteit van enige korttermyn-ondersteuning.

7.3 Beginsels

7.3.1 By die oorweging van 'n aansoek behoort die Sinodale Kommissie onder andere die volgende beginsels in gedagte te hou:

7.3.1.1 Die Sinodale Kommissie behoort gemeentes in nood te help, maar dat hy hom alleenlik teenoor die Sinode kan verantwoord indien die hulp wat verleen word nie slegs vir krisis-bestuur nie, maar vir langtermynoplossings aangewend word.

7.3.1.2 Die Ring het altyd 'n bepaalde betrokkenheid ook in die beplanning en bestuur van gemeentes.

7.3.1.3 Die Sinodale Kommissie moet daarvan oortuig wees dat hierdie hulp die enigste en beste oplossing vir die gemeente se probleem is. Dit beteken dat indien daar enige alternatief is (bv samesmelting, samewerking, ens) hulp uit die Fonds beperk moet word.

7.3.1.4 Hulp uit die Fonds moet vir 'n beperkte termyn verleen word, sodat 'n gemeente nie daarvan afhanklik raak nie.

7.3.1.5 Hulp moet nie tot gevolg hê dat 'n gemeente kunsmatig aan die lewe gehou word nie, en behoort beperk te word tot onafwendbare krisisse, bv natuurrampe, ens.

7.3.1.6 Waar gemeentes ongebruikte of oortollige bates besit of oor beleggings beskik, behoort dit eers aangewend te word.

7.4 Interpretasies

7.4.1 Aanwending

7.4.1.1 Die Fonds mag sover moontlik nie vir die gewone bedryf van die sinode gebruik word nie en ook nie vir die oprigting en/of instandhouding van eiendomme nie.

7.4.1.2 Die beginsel om vir een jaar nie sinodale dankoffers te vorder nie, sal 'n verkeerde persepsie en 'n gevaarlike presedent skep.

7.4.2 Om kapitaal beskikbaar te stel aan ringe/gemeentes wat verdienstelike projekte in diens van die Koninkryk aanpak

8 DIE SINODALE BYSTANDSFONDS

8.1 Riglyne:

8.1.1 Die Sinodale Bystandsfonds (die fonds) mag slegs deur die Sinodale Kommissie, met verslag aan die sinode, aangewend word:

8.1.1.1 Doel:

8.1.1.1.1 Om die begroting van die sinode te befonds.

8.1.2 'n Maksimum van 85% van die rente op die Sinodale Bystandsfonds mag aangewend word vir die befondsing van sinodale werksaamhede.

8.1.3 Elke aansoek sal op meriete oorweeg word.

8.1.4 Geen fondse sal toegeken word vir die voortsetting van werksaamhede wat enige sinodale betrokkenheid in teenstelling met die sinode se beleid impliseer nie.

8.1.5 Die fonds sal gevoed word deur sy eie groei (rente en ander winste) en die oorskotte op die jaarlikse begroting.

8.1.6 Trustfondse mag nie as deel van die Sinodale Bystandsfonds aangewend word nie. 'n Trustfonds is 'n fonds wat in terme van die bepalinge van 'n geregistreerde trustakte of testamentêre bemaking bestuur moet word.

REGLEMENT 9 – REGLEMENT VIR DIE DIREKTEUR BEGELEIDING VAN DIE SINODE

9.1 Die beroeping, aanstelling en die dienskontrak van die DB word hanteer deur die Sinodale Kommissie.

9.2 Die vergoeding, mediese voordele, pensioen, behuising, verlof, ens word in onderhandeling tussen die DB en die Sinodale Kommissie gekontrakteer.

9.3 By enige onduidelikheid oor die dienskontrak word die DB as 'n predikant geag.

9.4 Die DB het 'n tweeledige taak:

9.4.1 die DB behartig die skribaat van die Sinode en die Sinodale Kommissie in ooreenstemming met Regl 3; en

9.4.2 die DB is die uitvoerende amptenaar wat die beplanning en besluite van die Sinode en Sinodale Kommissie by die ringe en gemeentes laat tuiskom.

9.5 Om uitvoering te gee aan 9.4.2, gee die DB leiding aan en bestuur hy/sy die navorsing- en begeleidingsnetwerk van die Sinode.

9.6 Die DB bestuur die kommunikasie tussen die sinodale kantoor (netwerke ingesluit) en die gemeentes in die sinodale gebied. Ten opsigte van administrasie aangeleenthede geskied dit in oorleg met die DA.

9.7 As uitvoerende amptenaar van die Sinode is die DB in adviserende hoedanigheid lid van die Sinode, moderatuur en Sinodale Kommissie. Die verhinder hom/haar nie om afgevaardig te word en ten volle lid te wees nie.

REGLEMENT 10 - ARGIEF EN MUSEUMREGLEMENT

1. BEGINSELS

1.1 In ooreenstemming met die karakter van die kerk, het sy argief- en museumarbeid primêr ’n Skriftuurlik-teologiese grondslag. Eerstens is dit dus op teologieswetenskaplike en daarna op sekulêr-wetenskaplike diens ingestel.

1.2 Hierdie arbeid bou die geheue van die kerk uit en stel die kerk in staat om sy funksies op ’n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse voort te sit. Die kerk se argief huisves gevolglik ook die skriftelike en ander getuienisse wat die kerk teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm.

1.3 Die versameling, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal beteken die hantering van getuienisse oor die handelinge van God Drie-enig in en deur Sy kerk in ’n bepaalde gebied.

1.4 As dienaar van die kerk, het die argief die taak om hierdie getuienisse deur die dienste van versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasie te verwerk.

1.5 Die argiefbewaarplek en museum is ’n gesistematiseerde inligtingsbron in diens van die kerk en sy verskillende kennisvelde, met besondere klem op die teologie en meer bepaald die ekklesiologie.

1.6 Dit dien vanweë sy ryke inligting, ook ander wetenskappe, beantwoord as akademiese instansie akademiese navrae en gee aan navorsers voorligting in die metodiek van navorsing en geskiedskrywing.

2. TERMINOLOGIE EN VERANTWOORDELIKHEDE

2.1 Argief- en museummateriaal beteken die dokumente of alle ander materiaal wat inligting oor gemeentes, ringe, sinodes en hulle kommissies, sowel as moontlike kerklike inrigtings binne hulle grense, bevat. Dit behels alle inligting deur alle middele oor die kerklike lewe in sy nouste en breedste verband binne ’n bepaalde gebied.

2.2 Vir doelmatige argief- en museumdienste het kerkrade, ringe, sinodes en ander argief en museumlewerende instansies die volgende verantwoordelikhede ten opsigte van kopieë vir bewaring:

2.2.1 die voorsiening van verstaanbare, noukeurige en taalkundig goed versorgde en gedokumenteerde inligting, sowel as die gevraagde museummateriaal;

2.2.2 duidelike rekenaaruitdrukke met hoë letterkwaliteit (verkieslik laserdrukwerk) of goeie tikwerk met ’n helder swart tiklint waar tikmasjiene nog gebruik word;

2.2.3 netjiese en leesbare skrif in ’n ink wat nie maklik verbleik of uitgewis kan word nie;

2.2.4 korrigeerlak (Tipp-Ex) mag onder geen omstandighede gebruik word nie;

2.2.5 die gebruik van duursame argiefpapier van A4-formaat van 100 gram per vierkante meter (dun en/of aaneenlopende rekenaarpapier mag onder geen omstandighede gebruik word nie);

2.2.6 tik- of skryfwerk of druk- of kopieerwerk verkieslik op albei kante van die papier met ’n oop ruimte van minstens 2,5 cm aan die binnekant van die teks met die oog op inbinding en 1,5 cm aan die oop kant;

2.2.7 die volledige datering, ondertekening en/of parafering en stempel van alle dokumente soos wanneer en waar wetenskaplike en gemeenregtelike argiefbeginsels dit vereis;

2.2.8 die inagneming van die noodsaaklikheid van ruimtebesparing in die argief deur die stelselmatige vernietiging van wegdoenbare materiaal soos deur die Algemene Sinode in sy beleid vir rekordbeheer beskryf en

2.2.9 die inlewering van argief- en museummateriaal by die betrokke sinodale bewaarplek onder die dekking van ’n behoorlike inventaris.

3. DIE KERKRAAD

3.1 Elke kerkraad benoem ’n argiefkommissie waarvan die saakgelastigde of administratiewe beampte lid is.

3.2 Hierdie kommissie sien toe dat:

3.2.1 die gemeente oor ’n doeltreffende en wetenskaplike argiefstelsel beskik, waarby ingesluit is ’n doeltreffende lêersisteem, asook die nodige geriewe daarvoor in ’n brandbestande kluis of -vertrek;

3.2.2 die kerkraad aan al die kerklike, juridiese, argivaliese en museumkundige vereistes vir die betrokke materiaal en dienste voldoen:

3.2.2.1 deur ’n inventaris wat voldoen aan die vereistes van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting [Wet 2 van 2000] op te stel en jaarliks by te hou vir deursending aan die Argief- en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk in Stellenbosch;

3.2.2.2 deur te voldoen aan die vereistes gestel in die Nasionale Erfeniswet [Wet 25 van 1999 en aangevul in Goewermentskennisgewing Nr 1313 van 25.10.2002]

3.2.2.2.1 wat alle strukture – of gedeelte daarvan – wat ouer is as 60 jaar, beheer en

3.2.2.2.2 wat bepaal dat geen “erfenis objek” [boeke, manuskripte, dokumente, argivalia, kaarte, afdrukke, foto’s, films, klankmateriaal en enige materiaal wat uniek is en wat die mondelinge geskiedenis van Suid-Afrika aanvul] sonder toestemming of ’n permit vervreem, vernietig, beskadig, bekrap, verander, gerestoureer of herstel mag word nie;

3.2.2.3 deur in samewerking met die Direkteur van die Argief- en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk aan die kerkraad leiding te gee met betrekking tot die ordening, instandhouding, bewaring en uitbouing van die gemeente-argief, die vernietiging van wegdoenbare stukke, die inlewering van gemeentelike argivalia by die sinodale argiefbewaarplek en alle ander verpligtinge ten einde te voldoen aan die vereistes gestel in die Kerk se beleid ten opsigte van rekordbeheer soos van tyd tot tyd aangepas en by die Argief- en Bestuurs-inligtingsdienste van die NG Kerk in Stellenbosch beskikbaar is;

3.2.3 die getekende en geparafeerde handelinge van die kerkraad, sy kommissies, diensaksies en ander gemeentelike vergaderings in ’n behoorlike, goed versorgde en argivalies aanvaarbare notuleboek of notulelêer aangeteken en die betrokke bylaes daarby gevoeg word;

3.2.4 lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate op datum gehou en versorg word;

3.2.5 regstellings, wysigings of versuimde inskrywings in die registers korrek aangebring word nadat die aansoeke, met die nodige bewysstukke, deur die kerkraad en die argivaris goedgekeur is;

3.2.6 alle ander belangrike argivalia soos konsistorieboeke, afkondigingboeke, duplikate van uitgaande briewe en die oorspronklike inkomende briewe, behoorlik versorg word;

3.2.7 gemeentelike verslae volgens die kerklike bepalings opgestel en op die bestemde tyd aan die ring besorg word.

3.2.8 jaarliks sorgvuldig gekontroleerde, gekorrigeerde, geparafeerde en ondertekende afskrifte van die lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate op voorgeskrewe wyse aangebring en na die sinodale argiefbewaarplek gestuur word;

3.2.9 alle stukke wat deur die sinodale argiefbewaarplek vir verbetering/aanvulling/vervanging na gemeentes terugverwys is, binne vier weke na die vergadering in die verlangde toestand aan die sinodale argiefbewaarplek besorg word;

3.2.10 alle argief- en museummateriaal waartoe ooreengekom is, vir veilige bewaring, versorging en oordeelkundige gebruik deur navorsers aan die sinodale argiefbewaarplek toevertrou word volgens besluit van die sinode;

3.2.11 skriftelike en mondelinge oorkondes wat ’n bydrae kan lewer tot die getuienis van die handelinge van God in Sy kerk, bewaar en aan die sinodale argiefbewaarplek besorg word;

3.2.12 museummateriaal versamel en versorg word en

3.2.13 die nodige besonderhede oor die gemeente jaarliks aan die Sinodale Kerkkantoor deurgegee word vir versending aan die hoofredakteur van die Jaarboek van die Ned Geref Kerke.

4. DIE RING

4.1 Die ring benoem ’n argiefkommissie.

4.1.1 Die argiefkommissie sien toe dat die ring oor ’n doeltreffende en wetenskaplike argiefstelsel beskik waarby ingesluit is afskrifte van die ring se behoorlik ondertekende notules, stukke in verband met die ring se administrasiefonds, ringskommissienotules en ’n doelmatige lêersisteem, asook die nodige geriewe daarvoor in ’n brandbestande kluis of –vertrek.

4.1.2 Die argiefkommissie sien toe dat die ring aan al die kerklike, juridiese en argivaliese vereistes vir dokumentêre materiaal en dienste voldoen (sien 3.2 hierbo).

4.1.3 Die argiefkommissie sien toe dat die ringskriba behoorlik ingelig is oor sy/haar verpligtinge soos beliggaam in die Argief- en Museumreglement, naamlik:

4.1.3.1 Agenda

4.1.3.1.1 alle verslae word voorsien van duidelike en volledige opskrifte met vermelding van die naam van die betrokke sinodale gebied, ring, gemeente, kommissie, diensaksie en dergelike meer en datum van vergadering en/of verslag;

4.1.3.1.2 oorspronklike verslae word behoorlik onderteken en in volgorde gebind;

4.1.3.1.3 volledige verduidelikings word verstrek waar verslae en ander dokumente nie volledig onderteken kon word nie;

4.1.3.1.4 alle oorspronklike verslae en bylaes by die ringskriba ingelewer, word vir bewaring na die argiefbewaarplek gestuur;

4.1.3.2 Ringsnotules

4.1.3.2.1 word korrek en deurlopend genumereer;

4.1.3.2.2 elke bladsy van notules word geparafeer, die laaste bladsy behoorlik onderteken deur die voorsitter en skriba en in volgorde gebind;

4.1.3.2.3 alle notules word voorsien van duidelike en volledige opskrifte met vermelding van die naam van die betrokke sinodale gebied, ring en datum van vergadering.

4.1.4 Die argiefkommissie sien toe dat die ring die volgende argief- en museummateriaal van die gasheergemeente by ringsittings nagaan:

4.1.4.1 notules (kerkraad, kerkraadkommissies en gemeentelike aksies);

4.1.4.2 verslae van kerkraadskommissies;

4.1.4.3 dooplidmate- en lidmateregisters;

4.1.4.4 attestate en lidmaatbewyse;

4.1.4.5 teenblaaie of rekenaarinskrywings van attestate/lidmaatbewyse en doopseels uitgereik;

4.1.4.6 doopaansoekvorms;

4.1.4.7 huweliksregisters;

4.1.4.8 konsistorieboeke en kerkraadsregisters;

4.1.4.9 aankondigingsboeke of -blaaie;

4.1.4.10 personeellêers: dienskontrakte en verlofregisters;

4.1.4.11 korrespondensie, liassering en liasseerstelsel;

4.1.4.12 foto’s, foto-albums en plakboeke;

4.1.4.13 museumuitstallings.

4.1.5 Die argiefkommissie sien toe dat die ring argivalia by die argiefbewaarplek inlewer.

4.1.5.1 Inlewer van ringstukke: die volgorde van die inventaris word gebruik.

4.1.5.2 Binne twee maande na elke ringsitting word die oorspronklike handelinge van die vergadering, asook alle bylaes en alle verslae en gemeentelike stukke wat voor die ring gedien het, onder dekking van die voorgeskrewe inventarisvorm aan die betrokke sinodale argiefbewaarplek gestuur.

4.1.5.3 Die notule en korrespondensie van alle ringskommissies, wat nie meer vir onmiddellike naslaan benodig word nie, moet aan die sinodale argiefbewaarplek gestuur word.

4.1.5.4 Alle argiefmateriaal, insluitend korrespondensie, moet van tyd tot tyd aan die sinodale argiefbewaarplek gestuur word.

4.1.5.5 Alle stukke wat vir verbetering/aanvulling/vervanging terugverwys is, moet so gou moontlik na ontvangs en noukeurige kontrole deur die ringskommissie, aan die betrokke argiefbewaarplek gestuur word.

4.1.6 Die argiefkommissie verleen hulp aan gemeentes. In samewerking met die Direkteur van die Argief- en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk word kerkrade begelei met die ordening, instandhouding, bewaring en uitbouing van die gemeente-argief; die vernietiging van wegdoenbare stukke; die inlewering van gemeentelike argivalia by die sinodale argiefbewaarplek; en alle ander verpligtinge ten einde te voldoen aan die vereistes gestel in die Kerk se beleid ten opsigte van rekordbeheer (Sien 6.2.7 hier onder).

4.1.7 Die argiefkommissie sien toe dat die nodige besonderhede oor die ring jaarliks aan die Sinodale Kerkkantoor deurgegee word vir versending aan die hoofredakteur van die Jaarboek van die Ned Geref Kerke.

4.1.8 Die argiefkommissie sien toe dat ’n besluiteregister tydens die ringsvergadering opgestel word en dat ’n indeks van ringsbesluite, waar moontlik, bygehou word.

5. DIE SINODE

5.1 Die Algemene Sinode benoem ’n Algemene Taakspan vir Argief- en Bestuursinligtingsdienste (ATABID) in ooreenstemming met die Reglement vir die Algemene Sinodale Taakspan vir Argief- en Bestuursinligtingsdienste (Reglement 2.1) om die NG Kerk in ooreenstemming met die Reglement vir Argief- en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk tot diens te wees.

5.2 Elke sinode wys sy eie kommissie/taakspan vir die argief aan om, in ooreenstemming met die Reglement vir Argief- en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk,

5.2.1 die nodige advies aan die sinode vir die voorsiening van ’n doelmatige sinodale argief en moontlike museumdiens en toereikende personeel te gee;

5.2.2 die nodige leiding aan die sinode in sake die versameling, versorging, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal en implementering en benutting van die rekenaar in die verband, te gee;

5.2.3 reëlings te tref vir die versameling van argief- en museummateriaal van kerkrade, ringe, sinodes, kerklike kommissies en -inrigtings met die oog op die bewaring daarvan in die sinodale argief;

5.2.4 belangrike teologiese (veral kerkhistoriese) geskrifte of publikasies vir die sinodale argief, ook by wyse van afskrifte, afdrukke of kopieë daarvan, te verkry;

5.2.5 toesig te hou oor die werk van die argivaris (as uitvoerende beampte) en die argiefpersoneel;

5.2.6 ’n verslag oor die werk in die sinodale argief, saam met ’n begroting van inkomstes en uitgawes, aan elke vergadering van die sinode op te stel;

5.2.7 finaal te beslis oor die moontlike vernietiging van efemere stukke;

5.2.8 belangrike kerkhistoriese en ander materiaal te oorweeg en te publiseer en

5.2.9 ’n in memoriam-verslag op te stel indien die sinode dit verlang.

6. INLEWERING VAN ARGIVALE BRONNE

6.1 Moderature, sinodale kommissies, ringskommissies, kerkrade en ander kerklike instansies

6.1.1 Moderatuurslede, skribas van alle sinodale kommissies, sinodale amptenare wat verantwoordelikheid beklee by diensaksies, verenigings, inrigtings, institute, byeenkomste, maatskappye, trusts, pensioenfondse, skemas, kerkkantore, rade, ensovoorts – en alle ander kerklike ampsdraers – moet van tyd tot tyd ingevolge beskikkingsmagtiging, en met

eerbiediging van alle argiefvereistes soos in hierdie reglement gestel, alle argivalia en gevraagde museummateriaal by die Argief- en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk te Stellenbosch [of die betrokke sinodale kerkargief] inlewer of daarmee handel soos skriftelik met die Direkteur van die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk ooreengekom. Dit behels behoorlik ondertekende, geparafeerde, gedateerde en genumereerde agendas, notules en bylaes, stelselmatig en argivalies korrek geliasseerde korrespondensie, aktes, registers, finansiële stukke, alle stukke wat betrekking het op die interne funksionering en kronologie van werksaamhede, statistiek en gegewens, manuskripte, aantekeninge, ensovoorts.

6.1.2 Die skriba van ’n sinode en die aktuarius het die verantwoordelikheid om so gou moontlik na elke sinodale vergadering die gepubliseerde (of gefotokopieerde) agenda, notule en Kerkorde aan die betrokke sinodale kerkargiefbewaarplek binne die NG Kerkverband vir bewaring en navorsing te besorg. Waar sinodale kerkargiefbewaarplekke ontbrekende stukke aanvra, moet die skriba/aktuarius in die aanvraag voorsien.

6.2 Rekordbeheer

6.2.1 Gemeentes beskik oor hulle eie argivalia en lewer dit by die betrokke argief in vir bewaring, volgens die riglyne in die Agenda van die Algemene Sinode 1998, p 142vv.

6.2.2 Kommissies van die kerk in breër verband lewer gereeld hulle argivalia (alle stukke ouer as tien jaar) by die betrokke argief in vir bewaring.

6.2.3 Waar ’n gemeente met ’n ander gemeente verenig, word alle gemeentestukke van die gemeente wat sluit, behalwe dokumente van die laaste 5 jaar en die gemeenteregisters, by die argief ingehandig vir bewaring voor datum van eenwording.

6.2.4 Gemeentes wat ophou bestaan, lewer voor datum van ontbinding alle argivalia by die betrokke argief in.

6.2.5 Argiefskeppende instansies en amptenare moet by die inlewering van argivalia, die argief adviseer met betrekking tot stukke wat gesluit behoort te word. Sulke stukke is vir navorsers gesluit en word alleen beskikbaar gestel met goedkeuring van die argiefskeppende instansie of indien die argief deur ’n hof daartoe gelas word.

6.2.6 Argiefskeppende instansies moet behulpsaam wees met die versameling en bewaring van ongepubliseerde verhandelinge (teologiese/historiese navorsing), gemeenteblaaie, fotomateriaal en akoestiese materiaal.

6.2.7 Vir doeltreffende rekordbeheer word die Riglyne vir die Bewaring van Kerklike Dokumente (Agenda van die Algemene Sinode 1998, p 142vv) aanvaar as beleid wat van tyd tot tyd aangepas word in ooreenstemming met wetgewing. Inligting hieroor is by die Argief- en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk te Stellenbosch beskikbaar.

REGLEMENT 10(A) – REGLEMENT VIR DIE HANTERING VAN REGISTERS

1. ALGEMEEN

1.1 Noodsaak van ’n lidmateregister

1.1.1 Elke gemeente moet ’n lidmateregister vir Doop- en Belydende lidmate hê – óf ’n handgeskrewe (of getikte) register óf ’n gerekenariseerde register óf albei.

1.2 Kontrolering

1.2.1 Kontroleer gegewens deeglik voor elke inskrywing in ’n register om te verseker dat name, vanne, gemeentename en datums korrek is. Die voorletters en vanne van leraars; die name en vanne van alle ander persone; die name van gemeentes; en alle datums moet volledig en korrek verstrek word.

1.2.2 Ten einde die juiste geboortedatum en die spelling van name vir inskrywing in die register te verseker, moet die ouer(s) by die aanmelding vir die doop die dokument toon wat by die registrasie van die kind se geboorte uitgereik is. Ongeregistreerde dooplidmate moet vóór belydenisaflegging ’n doopseel inlewer.

1.3 Afkortings

1.3.1 Die name en vanne van persone en die name van gemeentes moet volledig en korrek verstrek word. Afkortings soos BFN vir Bloemfontein en PE vir Port Elizabeth, en populêr-gebruikte maar nie-amptelike name soos “Groote Kerk” vir Kaapstad en “Bosmanstraat-kerk” vir Pretoria is ontoelaatbaar. Die korrekte name verskyn in die Jaarboek van die NG Kerke. (Vergelyk Standaard Afkortings. Sien Handelinge van die Algemene Sinode 1998, p 443.)

1.4 Skryfwyse van datums

1.4.1 Datums word volgens die agtsyferstelsel, in die orde van dag, maand, jaar geskryf en met punte verdeel. [Voorbeeld: 3 April 1992 word as 03.04.1992 geskryf]

1.5 Geen herhalingstekens

1.5.1 Geen herhalingstekens of woorde soos “do” of “ditto” is toelaatbaar nie.

1.6 Alfabetiese inskrywings

1.6.1 Inskrywings geskied in alfabetiese orde. Vanne soos Van der Merwe en Van Rensburg kom onder die letter V. ’n Van soos Janse(n) van Rensburg, waar die Janse(n) ’n deel van die van uitmaak en die betrokke persoon dit self so gebruik, kom onder J.

1.7 Ooplaat van reëls

1.7.1 Ter wille van ruimtebesparing word daar normaalweg geen reël tussen twee inskrywings in die lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate oopgelaat nie. Om dieselfde rede begin die inskrywings van elke volgende nuwe jaar of termyn nie telkens op ’n nuwe bladsy nie. Waar dit nodig geag word om ’n nuwe jaar of termyn aan te dui, kan ’n reël oopgelaat word, met toevoeging van die jaartal.

1.8 Opmerkingskolom

1.8.1 As algemene reël geld dat niks vermeld mag word wat lasterlik is of ’n stigma dra nie. Opmerkings soos “buite-egtelik”, “vader onbekend” of “enkelouer” is heeltemal ontoelaatbaar.

1.8.2 Inligting wat in die opmerkingskolom van die dooplidmateregister verstrek word, moet verklarend wees ten opsigte van buitengewone omstandighede wat die kerkregtelike posisie van die doopouers, dopeling of bedienaar van die doop raak, of wat op die wese en implikasie van die sakrament betrekking het.

1.8.2.1 Waar die vader of moeder byvoorbeeld nie ’n belydende lidmaat van ’n gemeente is nie, of om ’n ander rede nie by die doop teenwoordig is nie, moet die dooplidmateregister aandui dat die betrokke ouer nie die doopbelofte afgelê het nie. In so ’n geval word met die opmerking “Vader/Moeder lê belofte alleen af” volstaan. Waar by ’n registerinskrywing addisionele inligting van nut kan wees, mag dit – met eerbiediging van die gestelde riglyn – in die opmerkingskolom aangeteken word, selfs al maak die Reglement nie spesifiek daarvoor voorsiening nie.

1.8.2.2 In die geval waar iemand na belydenis gedoop, deur doopouers aangeneem, óf na ouderdom van 7 jaar gedoop word, word dit in die opmerkingskolom aangeteken met verwysing na die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeelde: “Na oud 7 gedoop. KR 10.02.2006” of “Gedoop na belydenis. KR 10.02.2006”]

1.8.2.3 Waar die kerkraad tevrede is dat ’n lidmaatbewys onopspoorbaar is en die lidmaat ’n verklaring ingedien het, word dit in die opmerkingskolom aangeteken met verwysing na die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: Verklaring ingl. KR 10.02.2006]

2. WYSIGINGS EN/OF AANVULLINGS

2.1 Begripsomskrywing

2.1.1 Rektifikasie [regstelling] beteken om ’n fout in die register, byvoorbeeld “Johannis” tot “Johannes” of 20.04.1967 tot 21.04.1967, reg te stel.

2.1.2 Naamsverandering beteken om ’n bepaalde voornaam of van, byvoorbeeld “Petrus” deur “Hermanus” of “Conradie” deur “Nienaber”, soos dikwels by aanneming gebeur, te vervang.

2.1.3 Versuimde registrasie is die aanvulling van inligting in die register vir doop- of belydende lidmate wat deur versuim direk na die gebeurtenis agterweë gebly het.

2.2 Vorms en adres

2.2.1 Aansoeke vir wysiging/aanvulling word in tweevoud op die voorgeskrewe vorm of in die voorgeskrewe formaat en met die nodige bewysstukke/stawende dokumente ingedien

2.2.1.1 by die kerkraad van die gemeente waar die doop plaasgevind het,

2.2.1.2 of in die geval van ’n belydende lidmaat, by die kerkraad van die gemeente waar die inskrywing versuim of foutief is

2.2.1.3 of, wanneer die oorspronklike inskrywing nie opgespoor kan word nie, waar die belydende lidmaat tans aangeteken is.

2.3 Bewysstukke

2.3.1 Ten opsigte van ’n rektifikasie en naamsverandering is die vereiste bewysstukke/stawende dokumente as volg:

2.3.1.1 In die lidmateregister: ’n identiteitsdokument of ’n geboortesertifikaat.

2.3.1.2 In die dooplidmateregister: ’n identiteitsdokument of ’n geboortesertifikaat.

2.3.1.3 In die dooplidmateregister vir ’n wettige aanneming: die aannemingsorder en ’n identiteitsdokument of ’n geboortesertifikaat. Die nommer en datum van die aannemingsorder moet agter die name van die aanneemouers geskryf word. Aangesien die moeder se nooiensvan nie op dié order verskyn nie, moet dit verkry en duidelik op die aansoekvorm ingevul word.

2.3.2 Vereiste bewysstukke/stawende dokumente vir ’n versuimde inskrywing van ’n doop:

2.3.2.1 Skriftelike verklarings van twee betroubare en ongesensureerde lidmate, doopouers uitgesluit, dat die betrokke persoon wel gedoop is

2.3.2.2 of ’n skriftelike verklaring deur die leraar wat die doop waargeneem het, vergesel van ’n afdruk van die betrokke bladsy in die doopkladboek en, indien beskikbaar, ’n doop- of lidmaatskapkaart/-boekie of ’n foto van die gebeurtenis.

2.3.3 Vereiste bewysstukke/stawende dokumente vir ’n versuimde inskrywing van ’n belydenisaflegging:

2.3.3.1 skriftelike verklarings verkry van twee betroubare en ongesensureerde lidmate dat die betrokke persoon wel belydenis van geloof afgelê het

2.3.3.2 of ’n verklaring deur die betrokke leraar vergesel van ’n afdruk van die betrokke bladsy in die lidmaatskapkaart/-boekie.

2.4 Prosedure

2.4.1 Tydens ’n kerkraadsvergadering gaan die kerkraad die aansoek na en keur dit goed.

2.4.2 Hierna word albei die voltooide aansoekvorms saam met die bewysstukke by die argivaris ingedien.

2.4.3 Die argivaris kontroleer of die aansoek aan al die vereistes voldoen, teken die wysiging/aanvulling in die betrokke registerafskrif aan en stel die kerkraad daarvan in kennis.

2.4.4 Die saakgelastigde van die kerkraad bring nou die goedgekeurde wysiging in die oorspronklike register aan.

2.5 Aantekening in registers

2.5.1 Geen skrapings in die registers is toelaatbaar nie. Die korrekte besonderhede word met rooi ink bo die foutiewe gegewens, wat in alle gevalle met rooi ink onderstreep word, ingeskryf. In die opmerkingskolom word daar, ook met rooi ink, aangeteken dat die argivaris dit goedgekeur het, met verwysing na die datum. Die amptenaar wat die wysiging aanbring, parafeer dit met vermelding van sy/haar amp. [Voorbeeld: Arg 10.02.2006 KM Saakgelastigde]

2.5.2 By versuimde registrasie word die inskrywing in rooi ink gedoen in die register van die jaar waarin en so naby moontlik aan die plek waar dit versuim is, met, indien nodig, ’n verwysingsnota.

2.5.2.1 In die opmerkingskolom word daar, ook in rooi ink, die nodige aantekening gemaak. Die amptenaar wat die wysiging aanbring, parafeer dit met vermelding van sy/haar amp. [Voorbeeld: Vers reg. Arg. 11.09.2006. ARB Saakgelastigde].

2.5.2.2 Indien die inskrywing nie by die spesifieke jaar waar dit versuim is, gedoen kon word nie, moet ’n verwysingsnota by die jaar waar die inskrywing moes plaasgevind het (byvoorbeeld 1983), aangebring word. [Voorbeeld: Jooste, Pieter N — sien 2006].

2.5.3 ’n Skryffout wat in die lopende jaar begaan is, moet dadelik (sonder aansoek om rektifikasie) reggestel word deur die fout met rooi ink te onderstreep en die regstelling in rooi ink daarbo in te skryf. Die saakgelastigde parafeer dit.

2.5.3.1 In die registerafskrifte word die korrekte besonderhede dan sonder meer oorgeskryf.

2.5.3.2 ’n Skryffout word gemaak wanneer die saakgelastigde wel die korrekte besonderhede ontvang het, maar ’n fout maak met die inskryf daarvan in die register en dit dadelik opmerk.

2.5.4 ’n Naamsverandering in die lopende jaar word hanteer soos in 2.5.1 hier bo.

2.5.5 Waar die persoon se van verander is, moet ’n verwysing in rooi ink gemaak word by die relevante plek. [Byvoorbeeld: “Van der Merwe, Pieter N — Sien by Jooste, Pieter N” moet by die V’s ingevoeg word as die persoon se van van “Jooste” na “Van der Merwe” verander is]

3. DOOPLIDMATEREGISTER

3.1 Van en voornaam

3.1.1 Die dopeling

3.1.1.1 Die dopeling word geregistreer onder die van soos dit op sy/haar identiteitsdokument verskyn met die name van die biologiese ouers voluit geskryf.

3.1.2 Die ouers

3.1.2.1 Slegs die nooiensvan van die moeder word saam met haar volle voorname ingeskryf en nie haar getroude van nie, maar as haar nooiensvan en haar getroude van dieselfde is, word “geb.” duidelikheidshalwe voor haar nooiensvan geskryf. [Byvoorbeeld: Louise geb. Dippenaar]

3.1.2.2 Alle voorname van ouers en dopelinge word voluit geskrywe.

3.1.2.3 Waar die vader of moeder nie ’n belydende lidmaat van ’n gemeente is nie, of om ’n ander rede nie by die doop teenwoordig is nie, moet die lidmateregister vir dooplidmate dit aandui dat die betrokke ouer nie die doopbelofte afgelê het nie (Sien 1.8.2.1 hierbo).

3.2 Buite-egtelike kind

3.2.1 Die dopeling word langs die gewone weg geregistreer.

3.2.2 Slegs die nooiensvan en voornaam van die moeder word ingeskryf. Indien dit ’n weduwee of geskeide vrou is, word haar getroude van in hakies langsaan aangebring [Byvoorbeeld:

"Susan Spies (nou Nel)"]. Die reël vir die vader se naam word oopgelaat. In die opmerkingskolom word aangebring: "Moeder lê belofte alleen af" (Sien ook 1.8.2.1 hierbo).

3.3 Aangenome kind

3.3.1 Waar 'n dopeling voor die doopbediening aangeneem is, word die dopeling onder die van van die aannemende ouers ingeskryf en word die name van die aannemende ouers voluit in die ouerkolom ingeskryf.

3.3.2 Indien die kind na die doopbediening aangeneem word en hy/sy 'n ander van kry, word die voorgeskrewe weg vir naamsverandering gevolg (Sien 2 hier bo). Onder geen omstandighede mag die naam van die oorspronklike ouers geskrap word nie. Ter wille van die alfabetiese orde moet 'n verwysing in rooi ink van die nuwe van na die ou van in die betrokke register gemaak word (Sien 2.5.5 hier bo).

3.3.3 Indien slegs die van van die kind verander is, sonder dat die kind wettiglik aangeneem is, kan die name van die ouers nie verander word nie.

3.3.4 By die uitreiking van 'n doopseel of 'n dooplidmaatskapsertifikaat word die volle name van die aannemende ouers sonder meer ingevul.

3.4 Kind in pleegsorg [Sien Funksionele Besluite 12.1]

3.4.1 Waar die dopeling voor die doopbediening in pleegsorg geneem is, word die dopeling onder sy/haar eie van ingeskryf, terwyl die naam van die pleegsorgouers voluit in die ouerkolom verskyn. In die opmerkingskolom word die datum van die kerkraadsbesluit aangeteken. [Voorbeeld: KR 26.02.2006]

3.4.2 Indien die kind na die doopbediening aangeneem word en hy/sy 'n ander van kry, word die voorgeskrewe weg vir naamsverandering gevolg (Sien 2 en veral 2.5.5 hier bo). Onder geen omstandighede mag die naam van die oorspronklike ouers geskrap word nie.

3.5 Doop van kinders ouer as sewe jaar [Sien Besluite by Artikel 49: 49.1b.3]

3.5.1 In die opmerkingskolom moet van die doop van 'n kind van sewe jaar en ouer rekenskap gegee word met vermelding van die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: KR 26.02.2006]

3.6 Doop van kinderhuiskinders ouer as 7 jaar [Sien Funksionele Besluite 12.2]

3.6.1 'n Ongedoopte kinderhuiskind van 7 jaar en ouer wie se kinderhuisplasing min of meer 'n permanente vorm aangeneem het, en wat dit begeer, kan gedoop word. Die implikasie is dat 'n persoon of persone naas die eie, pleeg- of aanneemouer by die doop op die formulier kan antwoord en vir die geestelike opvoeding van 'n kinderhuiskind verantwoordelikheid kan neem.

3.6.2 Die kinderhuis of gemeente kan nie korporatief as pleegouer optree vir doeleindes van die aflê van en die uitvoering van die doopbelofte nie. Kerkrade kan wel, nadat die biologiese ouers, waar moontlik, daaroor geraadpleeg is, lidmate van die gemeente wat bereid is om verantwoordelikheid te neem vir die verbondsopvoeding, aanwys om as doopgetuies of geestelike voogde op die formulier te antwoord by die bediening van die doop aan 'n kinderhuiskind van 7 jaar of ouer.

3.6.3. Die dopeling word in die Dooplidmateregister geregistreer onder die van soos dit op sy/haar identiteitsdokument/geboortesertifikaat verskyn met die name van die biologiese ouers voluit geskryf.

3.6.3.1 Indien die naam van een of albei van die biologiese ouers nie bekend is nie, word daar in die betrokke ouerkolom aangeteken: "Naam nie beskikbaar nie".

3.6.3.2 Indien die kinderhuiskind 'n buite-egtelike kind is, word slegs die voornaam en nooiensvan van die moeder ingeskryf. Indien die moeder 'n weduwee of geskeide vrou is, word haar getroude van in hakies langsaan aangebring [Byvoorbeeld: "Susan Spies (nou Nel)"]. Die reël vir die vader se naam word in hierdie geval dus oopgelaat (Sien ook 1.7 en 3.2.2 hier bo).

3.6.4 Die volle voorname en van van die doopgetuies wat as doopouers optree, kom voluit in die volgende twee reëls in die kolom vir die ouers. Die nooiensvan van 'n vrou word ingeskryf met haar getroude van in hakies.

3.6.5 In die opmerkingskolom moet van die doop van ’n kinderhuiskind ouer as sewe jaar rekenskap gegee word met vermelding van die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: KR 26.02.2006]

3.8 Doop in ’n ander gemeente

3.8.1 In die geval waar met toestemming van die plaaslike kerkraad die doop in ’n ander gemeente bedien word, registreer die saakgelastigde van die gemeente waar die doop bedien is, die doop in die dooplidmateregister, maar reik gelyktydig ’n bewys van dooplidmaatskap uit wat aan die gemeente waar die dopeling woonagtig is, gestuur word vir registrasie in dié gemeente se dooplidmateregister.

3.8.2 Die saakgelastigde wat die dooplidmaatskap oorplaas, teken in die opmerkingskolom aan van watter gemeente toestemming vir die doop ontvang is. [Voorbeeld: Toest. Maitland]

3.9 Doop van kinders uit ander kerke

3.9.1 In die opmerkingskolom moet van die doop van kinders uit ander erkende kerke rekenskap gegee word deur die kerk te vermeld in die opmerkingskolom. [Voorbeeld: Van RKK Kaapstad]

3.10 Doop van kinders uit buiteland

3.10.1 As lidmate wat net tydelik in die buiteland woon, hulle kind in ’n ander gemeente as hulle tuisgemeente in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hulle tuisgemeente verkry. Sien verder 3.8 hier bo.

3.10.2 Waar lidmate wat permanent in die buiteland woon en daar by ’n gemeente inskakel, hulle kind in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hulle gemeente in die buiteland verkry. Die doopgesprek word deur die leraar waar die kind gedoop gaan word, gevoer en na die doop registreer die saakgelastigde die doop in die dooplidmateregister, maar reik gelyktydig ’n bewys van dooplidmaatskap uit wat aan die gemeente waar die dopeling woonagtig is, gestuur word vir registrasie. Die opmerkingskolom word voltooi soos in 3.8.2 of 3.9.1.

3.10.3 Waar lidmate wat permanent in die buiteland woon en nie daar by ’n gemeente kan inskakel nie, hulle kind in Suid-Afrika wil laat doop, vra die kerkraad van die gemeente waar hulle wil laat doop, hulle attestate aan vanaf die gemeente waar hulle lidmate was voordat hulle geëmigreer het. Die doopgesprek word deur die leraar waar die kind gedoop gaan word, gevoer en na die doop registreer die saakgelastigde die doop in die dooplidmateregister.

3.11 Volwasse doop

3.11.1 Waar ’n volwassene na belydenis gedoop word, word die inskrywing in beide die dooplidmateregister en die belydende lidmateregister gedoen en word dit in die opmerkingskolom aangeteken met ’n verwysing na die datum van kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: Gedoop na belydenis. KR 12.03.2006]

3.11.2 Die name van die ouers word steeds voluit in die dooplidmateregister geskryf. Indien die name van die ouers onbekend is, word in die ouerkolom aangeteken: “Name nie beskikbaar nie”. Sien ook 1.8.1 hier bo.

3.11.3 Die doopinskrywing van ’n getroude vrou geskied onder haar nooiensvan met die huidige van tussen hakies. [Voorbeeld: Rossouw (nou Nel)]

3.12 Doop na moeder se hertroue

3.12.1 In die geval waar ’n weduwee of ’n geskeide vrou weer trou en die kinders uit die vorige huwelik nog gedoop moet word, word die kinders geregistreer onder die van van die natuurlike (biologiese) vader. Albei die natuurlike ouers se name moet steeds in die ouerkolom aangeteken word. In die opmerkingskolom word aangeteken dat die moeder die belofte alleen afgelê het en dat die vader oorlede is of dat die egpaar geskei is. [Voorbeelde: Vader oorlede op 12.12.1981. Moeder lê belofte alleen af / Geskei op 12.12.1981. Moeder lê belofte alleen af]

3.12.2 Alleen indien die kind se van langs geregtelike weë verander is, kan die kind by die doop onder die nuwe van geregistreer word en slegs indien bogenoemde ouer se nuwe man of vrou die kind wettiglik aangeneem het, kan sy /haar naam, in plaas van die biologiese ouer

s'n, in die ouerkolom aangeteken word. In so 'n geval moet die dokumentêre bewys (aannemingsorder in geval van wettige aanneming) aan die betrokke kerkraad voorgelê word. Verder word presies gehandel soos in 3.3.1 uiteengesit.

3.12.3 Indien so 'n aanneming eers na die doop plaasvind, moet langs die voorgeskrewe weg aansoek om naamsverandering in die dooplidmateregister gedoen word (Sien 2.3.1.3, asook 2.4 en 2.5).

3.13 Doopgetuies

3.13.1 Die inskrywing van die name van doopgetuies by 'n "normale doop" word ontmoedig omdat dit eintlik geen kerklike doel dien nie.

3.13.2 Die name van getuies wat as doopouers optree kom in die ouerkolom en wel onder die ruimte vir die ouers se name. Dit gebeur egter slegs wanneer die ouers nie self die dopeling ten doop kan bring nie. Sulke gevalle moet hoogs uitsonderlik wees en deur die kerkraad goedgekeur word en so in die opmerkingskolom aangeteken word [Voorbeeld: Doopgetuies lê belofte af. KR 26.02.2006]. Die naam van die wettige ouers word normaalweg in die ouerkolom geskryf.

3.13.3 Die voorname en van van die doopgetuies word voluit geskryf. Die nooiensvan van die vrou word ingeskryf met haar getroude van in hakies.

3.14 Oorgekom van en vertrek na 'n ander gemeente

3.14.1 Wanneer 'n dooplidmaat met of sonder sy/haar ouers na 'n ander gemeente vertrek, reik die saakgelastigde 'n bewys van dooplidmaatskap uit wat in die nuwe gemeente ontvang, afgelees en in die dooplidmateregister ingeskryf word. Die geboortedatum en datum van doop en die naam van die leraar wat die doop bedien het, moet ook op die uitgereikte bewys van dooplidmaatskap verskyn.

3.14.2 Die dooplidmateregister word verder net soos die lidmateregister voltooi. Sien 4.2.1 tot 4.2.5 hier onder.

3.15 Lidmaatskap oor gemeentegrense heen

3.15.1 Sien 4.5.1 hier onder.

4. DIE BELYDENDE LIDMATEREGISTER

4.1 Aflegging van geloofsbelydenis

4.1.1 Die datum van belydenisaflegging en die geboortedatum van die belydende lidmaat word in die betrokke kolom ingeskryf. Wanneer die belydende lidmaat na 'n ander gemeente vertrek, moet die geboortedatum op die uitgereikte attestaat/bewys van lidmaatskap verskyn.

4.1.2 Wanneer 'n vrou belydenis aflê, word dit onder haar nooiensvan in die register aangeteken en die van behou sy deurgaans in lidmateregisters vir belydende lidmate aan hoeveel gemeentes sy daarna ook al mag behoort en hoeveel male sy ook al mag trou. Dit kan alleen verander word as sy haar nooiensvan wettig laat verander en dan ook aansoek doen om naamsverandering in die lidmateregister vir belydende lidmate. Waar 'n vrou uit 'n ander gemeente of kerk kom en haar getroude van verskyn op die attestaat/bewys van lidmaatskap/verklaring, moet sy nogtans onder haar nooiensvan aangeteken word. Telkens word haar geldende getroude van in hakies bygevoeg. [Voorbeeld: Dippenaar (nou Odendaal)].

4.1.3 Sien 3.11.1 hier bo vir iemand wat na belydenis gedoop is.

4.2 Oorgekom van en vertrek na 'n ander gemeente

4.2.1 In die geval van 'n lidmaat wat by wyse van attestaat of bewys van lidmaatskap uit 'n ander gemeente kom, word die naam van die betrokke gemeente in die regte kolom ingeskryf. Die datum van inskrywing in die register geld as datum van aankoms in die gemeente.

4.2.2 In die geval van 'n vertrekkende lidmaat word die datum wanneer en die gemeente waarheen hy/sy vertrek, in die betrokke kolom ingeskryf op die plek waar die naam oorspronklik in die register ingeskryf is.

4.2.3 Waar 'n getroude vrou by wyse van attestaat of bewys van lidmaatskap van 'n ander gemeente (Sien 4.2.1) oorkom, word haar naam en nooiensvan soos dit op die attestaat of

bewys van lidmaatskap voorkom, in die register ingeskryf. Die huidige van word tussen hakies geskryf (Sien ook 4.1.2).

4.2.4 Aangesien ’n predikant se akte van demissieook sy/haar attestaat is, word sy/haar bevestigingsdatum as die datum van sy/haar oorkoms aangeteken.

4.2.5 Wanneer ’n persoon te sterwe kom, moet dit teen sy/haar naam in die opmerkingskolom aangeteken word. [Byvoorbeeld: Oorl 10.02.2006]

4.3 Oorkoms van ’n ander kerk of christelike groep

4.3.1 Waar ’n persoon uit ’n ander kerk wil oorkom, doen hy/sy self die nodige om te bedank/bewys van lidmaatskap van die vorige kerk te verkry.

4.3.2 Waar ’n persoon uit ’n ander kerk wil oorkom en – na die voorgeskrewe prosedure – lidmaat van die gemeente word (sien Reglement AS18), word die korrekte naam van die vorige kerk in die kolom “VAN WAAR” geskryf en in die opmerkingskolom die datum van die kerkraadsbesluit aangeteken.

4.3.2.1 Lidmate uit kerke wat die Drie Formuliere van Enigheid onderskryf:

4.3.2.1.1 Die kerkraad besluit oor die aansoek om lidmaatskap.

4.3.2.1.2 In die opmerkingskolom van die register word verwys na die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: KR 10.06.2003].

4.3.2.2 Lidmate uit ander kerke:

4.3.2.2.1 Die aansoeker voltooi Vorm 7 (Verklaring vir ondertekening deur lidmate van ander kerkgenootskappe). Nadat daar aan die vereistes voldoen is wat vir die betrokke persoon geld of bepaal is, besluit die kerkraad oor die aansoek om lidmaatskap. In die opmerkingskolom van die register word verwys na die betrokke vorm en datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: Vorm 6; KR 10.06.2003]

4.4 Vertrek na ’n ander kerk

4.4.1 Waar ’n persoon na ’n ander kerk wil oorgaan, bedank hy/sy self en beteken dit die beëindiging van lidmaatskap van die Ned Geref Kerk. Die prosedure van 4.6 hier onder word gevolg.

4.5 Lidmaatskap oor gemeentegrense heen [Funksionele Besluit 16.3]

4.5.1 In alle gevalle waar van die “kerkraad” sprake is in die Riglyne vir Praktiese Hantering van Lidmaatskap, moet die datum van die kerkraadsbesluit in die opmerkingskolom aangeteken word. [Voorbeeld: KR 10.02.2006]

4.6 Verlies van lidmaatskap en herregistrasie

4.6.1 Aangesien die NG Kerk geen interkerklike attestaat of bewys van lidmaatskap het nie en die oorgaan van lidmate by wyse van ’n “Verklaring insake lidmaatskap” (Vorm XX) moet geskied, moet verlies van lidmaatskap (byvoorbeeld: oorgaan na ’n nie-erkende kerk of afsnyding) en oorgaan na ’n erkende kerk (byvoorbeeld: om huweliksredes na ’n kerk met ’n gereformeerde belydenis) op presies dieselfde wyse hanteer word deur die uitreiking van ’n Vorm XX ná besluit deur die Kerkraad.

4.6.1.1 Indien verlies van lidmaatskap gedurende die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word dit in die opmerkingskolom aangeteken dat die lidmaatskap verval het. Die datum van die kerkraadsbesluit word ook vermeld. [Voorbeeld: Lm verval. KR 10.02.2006.]

4.6.1.2 Indien verlies van lidmaatskap buite die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word dit by die oorspronklike inskrywing in die opmerkingskolom, met verwysing na die datum van die kerkraadsbesluit, aangeteken. Met vermelding van die naam, jaar van inskrywing en datum van die kerkraadsbesluit, word die saak per brief aan die argivaris oorgedra vir aantekening in die betrokke registerafskrif.

4.6.1.3 Indien die naam van die kerk waarheen die persoon oorgegaan het, bekend is, moet dit ook in die opmerkingskolom aangeteken word. [Voorbeeld: Lm verval. Oor na RKK. KR 10.02.2006.]

4.6.1.4 Wanneer ’n persoon by wyse van belydenisaflegging of oorkoms weer lidmaat word, word dit so in die register aangeteken met verwysing na die kerk en die datum van die kerkraadsbesluit in die opmerkingskolom.

4.6.1.5 Waar ’n persoon ’n gemeente verlaat sonder om by ’n ander kerk aan te sluit en dan weer na berou na die kerk terugkeer, moet hy/sy weer belydenis van geloof aflê en dit moet so in die register aangeteken word. By verlating word in die opmerkingskolom aangeteken dat die lidmaatskap verval het.

4.7 Onopspoorbare bewys van lidmaatskap

4.7.1 Waar geen lidmaatinskrywing opgespoor kan word nie, maar die lidmaat ’n verklaring ingedien het dat hy of sy wel belydenis van geloof afgelê het in ’n Ned Geref gemeente en die kerkraad daarmee tevrede is, word die persoon in die lidmateregister ingeskryf. In die opmerkingskolom word aangeteken dat ’n verklaring ingelewer is asook die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: Verklaring ingel. KR 10.06.2003]

5. HUWELIKSREGISTER (OPSIONEEL)

5.1 In elke gemeente word die huwelike wat daar bevestig word in ’n huweliksregister aangeteken (gebruik die “Kerklike Huweliksaantekeningboek”, uitgegee deur Lux Verbi-BM).

5.2 Hierdie registers word sover moontlik ook deur die kerkraad se argiefkommissie gekontroleer en kom, net soos in die geval van ander registers, na die sinodale argief wanneer dit nie meer deur die gemeente benodig word nie.

6. REGISTERAFSKRIFTE

6.1 Alle afskrifte moet ’n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike registerinskrywings wees. Vertrekkende lidmate word nie aangeteken nie, behalwe as hulle vertrek het in dieselfde kerkjaar as wat hulle aangekom het.

6.1.1 As ’n register egter gebrekkig aangelê is, beteken dit nie dat die gebreke in die afskrifte herhaal moet word nie. Die gegewens in die register moet met ander woorde in hul korrekte vorm oorgeskryf of-getik word. Die kerkraad moet die afskrifte nagaan:

6.1.1.1 deur al die besonderhede in die lidmateregister vir dooplidmate met dié in die doopkladboek te vergelyk;

6.1.1.2 deur die name in die lidmateregister vir belydende lidmate met die attestate/bewyse van lidmaatskap en die lys van name van persone wat belydenis afgelê het, te vergelyk;

6.1.1.3 deur die teenblaaie van die lidmaatsertifikaat- en attestaatboek met die lidmateregisters vir belydende lidmate te vergelyk en

6.1.1.4 deur die besonderhede in die afskrifte noukeurig met dié in die lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate te vergelyk.

6.1.2 Die parafering en handtekening van die kommissie/persone deur die kerkraad aangewys, beteken dat die afskrifte nagegaan, waar nodig gekorrigeer en uiteindelik as korrek gesertifiseer is. Alle wysigings moet ook geparafeer word.

6.2 Voltooiing van die registerafskrifte

6.2.1 Op die voorblad verskyn slegs die naam van die gemeente en die tydperk waaroor die afskrifte strek. Die naam van die gemeente en die jaartal word verder op elke bladsy aangedui.

6.2.2 Lê die binneblaaie soos ’n boek oop. Begin met die inskrywings op die agterkant van die eerste blad en gaan dan voort soos dit in die register voorkom. Nommer die bladsy so dat wanneer die “boek” oop lê, die registrasieruimte op elkeen van die twee velle dieselfde nommer kry.

6.2.3 Daar mag geen bladsye tussenin oopgelaat word nie. Moet dus nie elke letter van die alfabet op ’n nuwe bladsy begin nie. Hoogstens mag daar tussen die name wat met verskillende letters van die alfabet begin, ’n reël oopgelaat word.

6.2.4 Geen gewone regstelling mag bo-oor ’n skryffout van die registerhouer aangebring word nie. Die fout moet met rooi ink onderstreep en die regstelling in rooi ink daarbo ingeskryf word. Alle regstellings word geparafeer. Let wel: ’n gewone regstelling of korreksie is geen wysiging of rektifikasie nie.

6.2.5 Op die laaste bladsy van die afskrifte en net onder die laaste inskrywing sertifiseer die kerkraad dat die afskrifte ’n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike register is. Elke binnebladsy word ook regs onder klein en netjies geparafeer.

6.2.6 Voltooide afskrifte moet nie opgerol of gevou word nie.

6.3 Gebrekkige registerafskrifte

6.3.1 Die kerkraad moet toesien dat alle stukke wat deur die argief vir verbetering, aanvulling of vervanging na hulle kerkraad terugverwys is, binne vier weke aan die Argivaris terugbesorg word. (Sien ook Reglement 2.2: 3.2.9 hierbo).

6.4 Registersrekenaar

6.4.1 Waar gemeentes hulle registers en/of registerafskrifte op rekenaar doen, geld al die voorskrifte soos reeds genoem. Sien veral 1.2 tot 1.6 hierbo.

6.4.2 Let ook op die volgende vereistes (Sien Reglement 2.2: 2.2.2 – 2.2.5):

6.4.2.1 Die papier wat gebruik word, moet duursame A4-papier wees wat 100 gram per vierkante meter weeg (ligter en/of aaneenlopende rekenaarpapier mag onder geen omstandighede gebruik word nie). Die huidige papier is in ongelinieerde formaat beskikbaar by Lux Verbi-BM.

6.4.2.2 Drukwerk moet met netjiese en leesbare lettertipes gedoen word met ink wat nie maklik verbleik of uitgewis kan word nie (gebruik verkieslik ’n laserdrukker). Ligte of vinnige druk (“draft” of “economy”) is nie aanvaarbaar nie.

6.4.2.3 Die spasiëring tussen lyne mag nie kleiner as die huidige spasiëring wees nie. Indien ongelinieerde papier gebruik word, moet lyne daarop aangebring word. Inskrywings moet steeds genommer word.

6.4.2.4 Daar moet voorsiening gemaak word vir presies dieselfde kolomme in dieselfde volgorde as in die huidige registers (dit hoef nie noodwendig dieselfde wydte te wees nie). Indien ongelinieerde papier gebruik word, moet kolomlyne daarop aangebring word.

6.4.2.5 Drukwerk moet op beide kante van die papier wees, met genoeg spasie vir inbinding (lê die binneblaaie soos ’n boek oop — die regterkantlyn van die linkerbladsy en die linkerkantlyn van die regterbladsy moet ten minste twee sentimeter wees).

6.4.2.6 Sommige van die rekenaar sagteware programme wat gebruik word om afskrifte van lidmateregisters te druk, kan nie al die vereistes van 6.4.2 hier bo nakom nie. Dit word egter wel onder bepaalde omstandighede deur die Argief aanvaar. Skakel asseblief vooraf met die Argief om te verneem of ’n bepaalde pakket se drukstukke vir die Argief aanvaarbaar is.

REGLEMENT 11 - REGLEMENT VIR DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NG KERK IN SA (PPF)

Sien Reglement van die NG Kerk in Suid-Afrika (Op aanvraag beskikbaar vanaf die Pensioenkantoor, NG Kerk in Suid-Afrika).

REGLEMENT AS3 - REGLEMENT VIR DIE REËLING VAN DIE BEVOEGDHEID VAN PREDIKANTE EN PROPONENTE

1 ALGEMENE UITGANGSPUNTE

1.1 Daar moet by elke aspek van die reëling van die bevoegdheid (wat verpligtinge en regte insluit) van predikante en proponente daarvan uitgegaan word dat dit Christus is wat sy kerk deur sy Woord en die Heilige Gees regeer en dat Hy dit doen deur persone wat Hy daartoe roep, toerus en in sy diens stel.

1.2 Die bevoegdheid vir die uitvoering van die werk van die bedienaar van die Woord is nie geleë in bepaalde vermoëns of besondere kwaliteite, of 'n aparte geestelike stand wat beklee is met 'n blywende eer of mag en wat deur daad van ordening verkry word nie. Daar bestaan nie so iets soos 'n ampstatus wat aan die persoon kleef en aan hom/haar sekere regte en bevoegdhede verleen sonder dat hy/sy sy/haar amp binne gemeentelike of kerkverband beklee nie.

1.3 Iemand kan slegs predikant wees indien hy/sy behoorlik beroep/benoem, approbasie verkry en bevestig is (KO Art 4). Die amp funksioneer binne gemeentelike verband met dien verstande dat persone in 2.3 genoem, naamlik die wat deur die kerkverband beroep is as dosente aan die teologiese opleidingsentra van die NG Kerk of in diens van ringe, sinodes of die Algemene Sinode, per ooreenkoms met 'n gemeente in 'n gemeente beroep en bevestig kan word. Predikante in diens van die Kerkverband en teologiese dosente het beperkte ampsbevoegdheid wat beperk is tot die bediening van Woord en sakramente tensy hulle, benewens hulle verbandswerk, ook per ooreenkoms met ‘n gemeente na die gemeente beroep en bevestig is as predikant. In laasgenoemde geval verkry hulle volle ampsbevoegdheid.

1.4 Die amp van die bedienaar van die Woord word in Art 9 van die *Kerkorde* omskryf.

2 DIE BEVOEGDHEID VAN PREDIKANTE

2.1 Vir die verkryging van die bevoegdheid van 'n predikant geld die volgende. Hy/sy is iemand wat:

2.1.1 die innerlike roeping van die Here ontvang het,

2.1.2 die teologiese opleiding volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode deurloop het,

2.1.3 aan 'n ondersoek ten opsigte van leer en lewe en die geskiktheid vir die bediening onderwerp is,

2.1.4 gelegitimeer en beroepbaar gestel is,

2.1.5 deur 'n gemeente of ander kerklike instansie beroep is, en

2.1.6 in die amp bevestig is.

2.2 Elke predikant wat in 'n gemeente bevestig is, beklee die amp soos omskryf in Art 9.

2.3 Persone wat vir diens in die kerkverband – ring, sinode of Algemene Sinode – beroep word, verkry beperkte ampsbevoegdheiden kan slegs die Woord, sakramente en die gebede bedien tensy hulle, benewens hulle verbandswerk, ook per ooreenkoms met ‘n gemeente na die gemeente beroep en bevestig word in welke geval hulle volle ampsbevoegdheid verkry. Hierdie persone is:

2.3.1 Persone wat deur die kerkverband geroep is om as dosente studente aan die teologiese opleidingsentra van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op te lei;

2.3.2 Predikante wat in diens van die kerkverband beroep is: hulle kan in diens van die ringe, sinodes of die Algemene Sinode wees of kan deur die Algemene Sinode beroep en beskikbaar gestel word vir diens namens die Ned Geref Kerk in instansies soos die Bybelgenootskap, die Kapelaansdienste of ander instansies wat deur die Algemene Sinode of die ASK, namens die Algemene Sinode, goedgekeur is.

2.4 'n Proponent wat vir enige van die poste wat onder 2.3.2 vermeld word, benoem word, bly 'n proponent.

2.5 Persone wat ingevolge Art 12.7.2 en 12.7.3 demissie ontvang het, behou die bevoegdheid om predikant te wees met dien verstande dat hulle hul jaarliks voor 30 Junie by die Algemene Taakspan Regte aanmeld met vermelding van redes waarom hulle steeds predikantsbevoegdheid moet behou.

2.5.1 Hierdie aanmelding moet vergesel wees van ‘n vertroulike aanbeveling oor die betrokkene se gemeentelike meelewing, uitgereik deur die kerkraad van die gemeente waar hy/sy lidmaat is.

2.6 Emeriti wat ingevolge KO Artikel 14 uit diens getree het, behou die bevoegdheid om predikant te wees. Ter wille van die behoorlike instandhouding van die Bevoegdheidsregister moet sodanige persone jaarliks voor 30 Junie kennis gee aan die ARK.

3 DIE BEVOEGDHEID VAN PROPONENTE

3.1 'n Proponent is iemand wat die vereiste teologiese opleiding deurloop het, deur middel van legitimasie vir die bediening van die Woord bevoeg verklaar is en beskikbaar is om 'n beroep te ontvang.

3.2 Proponente mag op uitnodiging van 'n kerkraad die Woord tydens eredienste en ander geleenthede verkondig.

3.3 Persone wat op grond van KO Artikel 11 óf vir verdere studie demissie ontvang het (Reglement 19 : 4.2 en 4.3), word weer proponente.

3.4 Alle proponente wat die ouderdom van 60 jaar bereik het en hulle voornemens om nie weer voltyds in die bediening te staan nie skriftelik aan die Algemene Taakspan Regte bekendgemaak het, word in die Kerkbode bekendgestel as "nie beroepbaar". Hulle behou egter net soos proponente wat 65 geword het preekvergunning en kan dus op uitnodiging preekbeurte waarneem. Hulle hoef egter nie weer jaarliks by die Algemene Taakspan Regte aan te meld nie. Persone wat reeds die ouderdom van 65 jaar by legitimasie bereik het, het die bevoegdheid om die Woord te bedien, alhoewel hulle nie beskikbaar is vir beroeping nie.

4 BEDIENINGSONTWIKKELING

4.1 ’n Gelegitimeerde persoon moet in die lig van die legitimasie-verklaring deelneem aan voortgesette teologiese opleiding.

4.2 Alle gelegitimeerdes moet, ter wille van hulle eie bedieningsontwikkeling en die beswil van die gemeente, inskakel by die mentorprogram van die NG Kerk.

5 VERANDERING VAN TOEGEKENDE BEVOEGDHEID VAN PREDIKANTE EN PROPONENTE

5.1 Persone aan wie die Algemene Taakspan Regte 'n sekere bevoegdheid as predikant of proponent toegeken het (2.3), behou hierdie bevoegdheid, ook al sou die Algemene Sinode hierdie reglement wysig, mits die oorspronklike voorwaardes wat in hulle geval gegeld het, dieselfde bly.

5.2 Predikante en proponente wat deur die NG Kerk gelegitimeer is en leraar wil word in 'n ander denominasie van gereformeerde belydenis, kan vooraf by die Algemene Taakspan Regte aansoek doen om beroepbaar te bly binne die NG Kerk terwyl hy/sy in die ander denominasie werk.

5.3 Predikante wat om *bona fide*[16] redes die bediening wil verlaat, kan 'n aansoek rig aan die ATR wat deur die leraar, die kerkraad en Ring gemotiveer is.

5.3.1 Die ATR hanteer die aansoek.

[16] *Bona fide* redes is wanneer 'n leraar bedank uit sy/haar werkkring sonder dat daar enigsins sprake is van dissiplinêre en/of tug optredes teen die predikant is nie. Redes kan inhou dat die leraar vir die huidige nie sy/haar weg oopsien om voort te gaan met die bediening nie.

5.3.2 Indien die aansoek suksesvol is, ontvang sodanige predikant verlof om bevoegheid as proponent te behou.

5.3.3 Vir die behoorlike instandhouding van die Bevoegdheidsregister moet sodanige persone jaarliks voor 30 Junie kennis gee aan die ATR.

6 VERLIES VAN BEVOEGDHEID

6.1 Persone hou op om predikant te wees indien hulle:

6.1.1 nie meer die werk soos in 2.2 en 2.3 omskryf, verrig nie behoudens bepaling 2.5;

6.1.2 in 'n politieke bestuursliggaam dien of hulle as politieke kandidaat in 'n verkiesing vir enige vlak van regering beskikbaar stel;

6.1.3 hulle deur woord of daad van 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente afskei;

6.1.4 wanneer hulle hulle bedanking by die betrokke kerkvergadering of kommissie indien en dit aanvaar word (vgl 6.5);

6.1.5 skriftelik aan die skriba van die Algemene Taakspan Regte kennis gee dat hulle die amp van predikant neerlê, met kennisgewing aan die ring onder wie se opsig hulle val; of

6.1.6 dit deur tughandeling verloor (KO Art 64.5.4.3).

6.2 Persone hou op om proponent te wees indien hulle:

6.2.1 in 'n politieke bestuursliggaam dien of hulle as politieke kandidaat in 'n verkiesing vir enige vlak van regering beskikbaar stel;

6.2.2 hulle deur woord of daad van 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente afskei;

6.2.3 skriftelik aan die skriba van die Algemene Taakspan Regte kennis gee dat hulle afstand doen van hulle bevoegdheid as proponent;

6.2.4 dit deur tughandeling verloor (Art 64.5.4.3).

6.3 Proponente moet hulle jaarliks voor 30 Junie by die Algemene Taakspan Regte aanmeld ten einde aan te dui of hulle steeds beskikbaar is vir beroeping.

6.3.1 Hierdie aanmelding moet vergesel wees van ‘n vertroulike aanbeveling oor die betrokkene se gemeentelike meelewing, uitgereik deur die kerkraad van die gemeente waar hy/sy lidmaat is.

6.4 Aangesien proponente onder die opsig en tug van die kerkraad staan, word dit van die kerkraad verwag om op die hoogte te bly met die posisie van proponente wat onder sy opsig val.

6.5 Wanneer 'n persoon ophou om predikant of proponent te wees, word die volgende prosedure gevolg:

6.5.1 Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke kerkvergadering om die skriba van die Algemene Taakspan Regte van die verlies van bevoegdheid in kennis te stel.

6.5.2 Iemand wat ophou om predikant of proponent te wees, moet sy/haar akte van legitimasie aan die Algemene Taakspan Regte *via* die skriba van die ringskommissie terugbesorg.

6.5.3 Die skriba van die Algemene Taakspan Regte gee in die amptelike blad van die NG Kerk kennis van elke persoon wat ophou om predikant of proponent te wees.

7 HERTOELATING TOT DIE BEDIENING

Eertydse predikante of proponente mag slegs langs die volgende weg weer gelegitimeer word:

7.1 Hulle moet skriftelik aansoek doen by die ring binne wie se gebied hulle woon.

7.2 Hierdie ring ondersoek die aangeleentheid met inagneming van Art 66.4.5. In die geval van 'n eertydse predikant word die getuienis ingewin van al die kerkrade en ringe binne wie se gebied hulle woonagtig was tydens en sedert hulle hulle bevoegdheid verloor het. Getuienis kan ook van kerkrade en ringe ingewin word waar hulle woonagtig was voordat hulle uit die bediening getree het. In die geval van 'n eertydse proponent word sover

moontlik die getuienis ingewin van al die kerkrade en ringe binne wie se gebied hulle woonagtig was voordat en nadat hulle opgehou het om proponent te wees.

7.3 Die ring voorsien die sinode/sinodale kommissie binne wie se gebied die ring val, van al die tersaaklike stukke, 'n verslag en aanbevelings.

7.4 Die skriba van die sinode/sinodale kommissie stuur die dokumentasie en die verslag aan die aktuarius van die Algemene Sinode met die oog op advies.

7.5.1 Wanneer ’n sinode/sinodale kommissie die aansoek behandel, word die applikant ingevolge Reglement 12 : 5.2. ter vergadering ondersoek met inagneming van Artikel 66.4.4 - 66.4.5 van die *Kerkorde*. Indien die uitslag positief is, word die persoon na ’n eksamenkommissie vir *colloquium doctum* verwys. In die geval van KO Artikel 66.4.5 word die applikant se saak na die Algemene Sinode verwys vir beslissing alvorens vir *colloquium doctum* aangemeld mag word (vgl. 8 hieronder).

7.5.2 Wanneer ’n aansoek voor ’n sinode self gebring word, mag die applikant tydens die vergadering deur ’n kommissie ondersoek word, met inagneming van al die vereistes hierbo gestel. Indien die uitslag positief is, word ’n aanbeveling dienooreenkomstig voor die vergadering gelê. Indien die aanbeveling van die kommissie negatief is, mag die betrokke applikant die aansoek voor die volle vergadering verdedig of by ’n volgende sinode ’n nuwe aansoek indien.

7.5.3 Indien die sinodale kommissie die aansoek weier, word dit met opgawe van redes skriftelik aan die applikant bekendgemaak. Teen die beslissing van die sinodale kommissie mag die applikant by die sinode appèl aanteken, of by 'n latere geleentheid 'n nuwe aansoek indien.

7.5.4 Indien 'n applikant om redes wat volgens die oordeel van die vergadering aanvaarbaar is, versoek om nie ter vergadering te verskyn nie, word die aansoek in sy/haar afwesigheid behandel.

7.6 Na bevredigende *colloquium doctum*by die eksamenkommissie, word die applikant by die Algemene Taakspan Regte vir legitimasie aanbeveel.

7.7 Eertydse predikante wat weer gelegitimeer word, word proponente. Bevestiging in 'n gemeente na die aanname van 'n beroep geskied weer met oplegging van hande.

7.8 Nadat ‘n kandidaat goedkeuring verkry het om aan te meld vir *colloquium doctum,* moet dit binne ‘n tydperk van 18 maande geskied.

8 HERTOELATING TOT DIE BEDIENING VAN PERSONE WAT IN ARTIKEL 64.4.5 GENOEM WORD

Waar 'n eertydse predikant of proponent in terme van Art 66.4.5 aansoek om hertoelating tot die bediening doen, word die volgende weg gevolg:

8.1 Daar moet duidelike getuienis van berou en bekering wees, dat die kerklike tug tot sy reg gekom het en dat die hertoelating tot die bediening sonder skade vir die NG Kerk gedoen kan word. Die tydsverloop, rugbaarheid, algemene ontevredenheid en die getuienis van die Kerk moet ook in aanmerking geneem word.

8.2 Die heil van die Kerk en die geskiktheid vir die bediening moet 'n deurslaggewende rol speel.

9 HERTOELATING TOT DIE BEDIENING VAN PERSONE WAT DIE NG KERK VERLAAT HET

Iemand wat na 'n ander kerk of godsdienstige groep oorgegaan het en weer lidmaat van 'n NG gemeente geword het en wens om weer tot die bediening in die NG Kerk toegelaat te word, moet dieselfde prosedure as in 7 hierbo volg. Die Eksamenkommissie wat *colloquium doctum* afneem, moet vasstel of aanvullende opleiding vereis word, en indien wel, van watter aard dit moet wees. Indien daar aanvullende opleiding vereis word, word die persoon na die kuratorium van 'n teologiese fakulteit verwys. Na die voltooiing van die aanvullende opleiding, word hy/sy langs die normale weg gelegitimeer.

10 TOELATING TOT DIE BEDIENING VAN PREDIKANTE UIT ANDER KERKE

'n Predikant van 'n ander kerk wat begeer om tot die bediening in die NG Kerk toegelaat te word, dien skriftelik 'n gemotiveerde aansoek in by die kuratorium van een van die teologiese fakulteite van die NG Kerk. Hierdie aansoek moet vergesel wees van die positiewe getuienis van die ring van die NG Kerk binne wie se grense hierdie persoon as predikant in die bediening is of woon (indien nie meer in die aktiewe bediening nie), of van die kerk of gemeente van waaruit hy/sy kom. Die kuratorium bepaal watter aanvullende opleiding nodig is, indien enige. Lidmaatskap van 'n gemeente van die NG Kerk word vereis voor enige verdere handeling. In die geval van aanvullende opleiding word so 'n persoon normaalweg saam met ander studente begelei en na suksesvolle voltooiing van die vereiste studie gelegitimeer. Indien geen verdere aanvullende opleiding vereis word nie, word die persoon na *colloquium doctum* op die gebruiklike wyse gelegitimeer.

11 VERTOË IN VERBAND MET AMPSBEVOEGDHEID

11.1 Persone wat ten opsigte van hulle posisie as predikant of proponent verontreg voel deur 'n beslissing van die ATR, kan hulle met voorlegging van nuwe gegewens beroep op 'n volgende vergadering van die Algemene Taakspan Regte.

11.2 Persone wat nog steeds verontreg voel na hulle saak ten opsigte van bevoegdheid deur die ATR of sy dagbestuur heroorweeg is, mag hulle na die Algemene Sinode/Moderamen wend.

11.3 Persone wat geraak word deur die aanbevelings van tugvergaderings wat betref die opskorting/verlies van hulle ampsbevoegdheid, kan hulle by wyse van skriftelike vertoë tot die ATR rig voordat die ATR 'n besluit neem.

12 BEVOEGDHEIDSREGISTER - FOOIE EN PUBLIKASIE

12.1 Benewens alle ander bepalings, moet elke persoon wat oor bevoegdheid wil beskik, jaarliks voor 30 Junie aansoek om bedieningsbevoegdheid doen. Elke aanmelding moet vergesel wees van 'n vertroulike aanbeveling van die kerkraad waar die persoon lidmaat is, asook vergesel wees van 'n bedrag soos deur die ATR bepaal.

12.2 Al die besonderhede van die bevoegdheidsregister word jaarliks in die Kerkjaarboek gepubliseer. Hierin word vir die volgende kategorieë voorsiening gemaak: diegene in die bediening, diegene met predikantsbevoegdheid (maar wat nie in 'n gemeente of in diens van die kerkverband is nie), diegene met proponentsbevoegdheid, diegene met emeritus bevoegdheid, diegene wat bevoegdheid verloor het op enige wyse (uitgetree het).

REGLEMENT AS6 - REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES

1 VERMEERDERING/AFSTIGTING VAN GEMEENTES

1.1 Algemene reëlings

1.1.1 Die uitbreiding van die kerk en die gevolglike vermeerdering van gemeentes is die roeping en plig van ’n groeiende en lewenskragtige kerk.

1.1.2 Indien ongesensureerde belydende lidmate oortuig is van die noodsaaklikheid van die stigting van ’n nuwe gemeente, moet hulle ’n skriftelike versoek tot die kerkraad rig. Die versoekskrif moet die volgende insluit: (1) ‘n ondersoek na die lewensvatbaarheid van ‘n nuwe gemeente, (2) moontlike plekke van aanbidding, (3) begroting, (4) voorstelle oor leierskorps vir die gemeente en die toerusting van leiers).

1.1.3 Indien die kerkraad oordeel dat daar genoeg rede vir die stigting van ’n nuwe gemeente is, gee hy verlof dat die lidmate wat die nuwe gemeente wil vorm, mag oorgaan tot gemeentestigting. Dit beteken ook dat die betrokke lidmate ‘n ooreenkoms met die kerkraad onderteken om die nuwe gemeente te stig.

1.1.3.1 Die ooreenkoms om die nuwe gemeente te stig moet ook voorstelle bevat oor die wyse waarop die gemeente se bediening sal geskied en ook voorstelle oor die wyse waarop en wanneer ‘n bedienaar van die Woord bekostig sal word.

1.1.3.2 Wanneer die kerkraad oortuig is van die wenslikheid van die stigting van ‘n nuwe gemeente en dat dit lewensvatbaar is, stuur die kerkraad die versoekskrif en die ooreenkoms kragtens Art. 31.4 saam met aanbevelings oor die volgende sake aan die skriba van die ringskommissie:

1.1.3.2.1 die voorgestelde naam en grense van die nuwe gemeente;

1.1.3.2.2 of, indien die gemeente nie geografies saamgestel word nie, die bedieningsfokus van die nuwe gemeente. (Die bedieningsfokus sluit die volgende moontlike in: kerkplanting in snelgroeiende gebiede of gebiede waar die sosio-ekonomiese omstandighede verander; kerkplanting waar bestaande gemeentes nie meer aan bedieningsbehoeftes kan voldoen nie; kerkplanting waar geen gemeente funksioneer nie; kerkplanting waar bestaande gemeente(s) kwynend is soos blyk uit ‘n dramatiese daling in lidmaatgetalle en ‘n ernstige daling in finansiële vermoë van gemeente(s)).

1.1.3.2.3 die ooreenkoms tot gemeentestigting;

1.1.3.2.4 aanverwante sake wat die aandag van die ring moet geniet.

1.1.4 Wanneer by die ring aansoek gedoen word om die stigting van ’n gemeente, beoordeel die ring die ingekome stukke en indien die ring oordeel dat die nuwe gemeente in staat sal wees om te bestaan, word verlof tot gemeentestigting gegee.

1.1.5 Die stigting van ’n nuwe gemeente geskied deur die ringskommissie op las van die ring op ’n vergadering waarvan vier (4) weke vooraf in *Kerkbode* kennis gegee is, en waarheen die belanghebbendes uit die betrokke gemeente(s) opgeroep is. Die betrokke lidmate het deur die ondertekening van die ooreenkoms reeds die stigting van die gemeente goedgekeur en stem op hierdie vergadering nie weer oor die saak nie.

1.1.6 Op hierdie vergadering stel die ringskommissie die grense van die gemeente so duidelik moontlik vas en gee ’n noukeurige beskrywing van die grense van reeds bestaande gemeentes wat met die grense van die nuwe gemeente saamval. Indien die ringskommissie toestemming gee dat die nuwe gemeente nie geografies saamgestel word nie, word die bedieningsfokus van die nuwe gemeente so duidelik moontlik bepaal. (Sien 1.1.3.2.2. hierbo).

1.1.7 Op hierdie vergadering wat onder leiding van die ringskommissie staan, word die kerkraadslede van die nuwe gemeente met opsteek van hande verkies en wel deur die belydende lidmate wat deur hul handtekeninge reeds tot die stigting van die gemeente ooreengekom het.

1.1.8 Die bevestiging van hierdie kerkraadslede geskied sonder afkondiging van hul name deur die konsulent of op sy versoek deur ’n ander bedienaar van die Woord binne die

kerkverband. Indien daar teen ’n persoon wat verkies is, beswaar ingebring word, word sy/haar bevestiging uitgestel totdat die saak deur die kerkraad ondersoek is.

1.1.9 Die kerkraad benoem een van sy lede as die bewaarder van die boeke en dokumente van die gemeente totdat ’n skriba en/of kassier benoem is. ’n Inventaris van die boeke en dokumente moet opgestel word en ’n duplikaat aan die konsulent oorhandig word.

1.1.10 Die koste van die ring(e) of ringskommissie(s) in verband met die stigting van nuwe gemeente(s) word deur die sinodale kas gedra.

1.1.11 Indien die kerkraad op versoek van sy lidmate weier om voorbereidende stappe te doen of te laat doen met die oog op die stigting van ’n nuwe gemeente, het sodanige lidmate die reg om hulle na die ring met hul versoek te wend. ’n Afskrif van die versoekskrif met volle besonderhede moet minstens drie (3) weke voor die vergadering van die ring by die betrokke kerkraad vir kennisname ingedien word.

1.2 Wanneer meer as een gemeente en/of ring by die afstigting betrokke is

1.2.1 Indien dit blyk dat die beoogde nuwe gemeente uit gedeeltes van meer as een gemeente moet bestaan, terwyl die saak slegs deur lidmate van een gemeente aanhangig gemaak is, het die betrokke kerkraad die reg om die ander kerkraad(e) regstreeks om hul medewerking te nader.

1.2.2 Indien die aangrensende kerkraad(e) wat genader is, weier om voorbereidende stappe te doen of te laat doen met die oog op die stigting van ’n nuwe gemeente, het die betrokke kerkraad die reg om sy versoek aan die ring voor te lê.

1.2.3 Die ring(e) het die reg om te besluit dat maatreëls in die betrokke wyke van die gemeente(s) in die ressort van daardie ring(e) met die oog op moontlike afstigting getref word.

1.2.4 Waar die nuwe gemeente met lidmate uit gemeentes van meer as een ring gestig word, moet die betrokke ringe onderling besluit watter ring die stigting moet waarneem.

1.2.5 Wanneer die ring ’n opdrag tot stigting gee, moet die kerkraad dadelik die versoekskrif en ooreenkoms laat onderteken deur die lidmate wat deel van die nuwe gemeente wil wees.

1.2.6 Die kerkraad van elke gemeente wat deel van die nuwe gemeente uitmaak, moet die versoekskrif en die ooreenkoms saam met sy aanbevelings daaroor aan die ring voorlê.

1.3 Die Ring kan self inisiatief neem

1.3.1 Waar ’n ring dit nodig ag, kan hy een of meer kerkrade opdrag gee om die stigting van ’n nuwe gemeente te ondersoek. Die ring kan ook aan sy ringskommissie opdrag gee om ’n kerkraad(e) te ontmoet en tot stigting van ’n nuwe gemeente(s) aan te spoor.

1.3.2 Ringe kan die stigting van ‘n nuwe gemeentes oor of binne bestaande gemeentegrense aanbeveel met inagneming van kategorieë, fokusgroepe, bedieningsverskeidenheid in omliggende gemeentes en bedieningsbehoeftes.

1.3.3 In buitengewone omstandighede kan ‘n ring, wanneer geen kerkraad gevind kan word om ‘n nuwe gemeente te stig nie, self poog om lidmate te vind wat oortuig is van die noodsaaklikheid van die stigting van ’n nuwe gemeente. Die ooreenkoms tot nuwe gemeentestigting word in sulke buitengewone omstandighede in die lig van 1.3 hierbo met die ring gesluit.

1.3.4 In buitengewone omstandighede kan die sinodale verband aan die ring opdragte gee om die stigting van ‘n nuwe gemeente te ondersoek. Die sinodale verband kan in sulke omstandighede ‘n kerkraad (e) ontmoet en tot stigting van ‘n nuwe gemeente(s) aanspoor.

1.4 Kennisgewing van afstigting

1.4.1 Die skriba van die ringskommissie oorhandig aan die kerkraad van die nuwe gemeente ’n uittreksel uit die notule van die ringskommissie, bevattende die naam van die gemeente, beskrywing van die grense of, indien toepaslik, omskrywing van die bedieningsfokus, name

van kerkraadslede, aanbevelings, genoem in punt 1.1.3.2, die naam van die konsulent en ander sake waarby die nuwe gemeente belang mag hê.

1.4.2 Die skriba van die ringskommissie gee aan die skriba van die Sinodale Kommissie kennis van die stigting van die nuwe gemeente met vermelding van die grenslyne of, indien toepaslik, omskrywing van die bedieningsfokus, asook die name van die eerste lede van die kerkraad met die oog op publikasie in *Kerkbode*.

1.4.3 Die skriba van die Sinodale Kommissie gee aan die Registrateur van Aktes kennis van die stigting van die nuwe gemeente.

1.4.4 Die naam van die nuwe gemeente word in die kennisgewing soos volg aangegee: Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente _____

1.4.5 Indien dit by die vermeerdering van gemeentes sou blyk dat verteenwoordigers nie aangewys is vir die ondertekening van dokumente en stukke namens die nuwe gemeente vir doeleindes van uitvoering van stigting nie, moet sulke dokumente of stukke geteken word deur die voorsitter en skriba van die ringskommissie van die ring in wie se gebied die te stigte gemeente geleë is.

2. KOMBINERING VAN GEMEENTES

Kombinasie beteken dat twee of meer gemeentes, wat selfstandig voortbestaan, kontraktueel ooreenkomste met mekaar aangaan ter wille van die effektiewe Evangeliebediening.

2.1 Prosedure vir kombinering

2.1.1 Die kerkraad stel ondersoek in na die moontlikheid van kombinasie as hy self oordeel dat dit nodig is of ook op versoek van ’n groep lidmate.

2.1.2 In alle gevalle van kombinasie word ’n geskrewe ooreenkoms opgestel en aan die betrokke kerkrade vir goedkeuring voorgelê. Indien van toepassing moet Artikel 12b2.3 van *Die Kerkorde* in ag geneem word. Ten minste 66% van die kerkraadslede van elke betrokke kerkraad moet die ooreenkoms goedkeur.

2.1.3 Nadat die kerkrade die kombinasie-ooreenkoms goedgekeur het, word die ooreenkoms op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan elkeen van die betrokke gemeentes vir approbasie bekend gemaak, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba ingedien moet word.

2.1.4 Nadat die gemeente approbasie verleen het, word die kombinasie-ooreenkoms aan die betrokke Ring/Ringskommissie vir goedkeuring en bekragtiging voorgelê. Nadat die Ring die ooreenkoms bekragtig het, word dié ooreenkoms van krag of op ’n datum wat in die ooreenkoms bepaal word.

2.1.5 Die koste van die Ring(e) of Ringskommissie(s) met betrekking tot die kombinasie van gemeentes, word deur die Sinodale Fonds gedra.

2.1.6 Indien die kerkraad weier om op versoek van ’n groep lidmate die moontlikheid van kombinasie te ondersoek, het die lidmate die reg om hulle tot die Ring met hulle versoek te wend. ’n Afskrif van die versoekskrif moet minstens drie (3) weke voor die vergadering van die Ring by die betrokke kerkraad vir kennisname deur die skriba van die ringskommissie ingedien word.

2.1.7 Wanneer meer as een Ring by kombinasie betrokke is, moet vooraf, na ooreenkoms deur die ringe, by die sinode aansoek gedoen word vir hergroepering van die betrokke gemeentes wat wil kombineer.

2.1.8 Die Ring kan self die inisiatief neem en waar hy dit nodig ag, aan twee of meer kerkrade opdrag gee om kombinasie te ondersoek. Die Ring kan ook aan sy ringskommissie opdrag gee om die betrokke kerkrade te ontmoet en tot kombinasie aan te spoor.

2.1.9 Die kombinasie-ooreenkoms kan in beraad met die ringe en approbasie van die gemeentes na wedersydse kennisgewing en ooreenkoms gewysig of beëindig word as al die betrokke kerkrade in hulle aparte vergaderings hulle goedkeuring daaraan heg.

2.1.10 Wanneer die gemeentes wat wil kombineer nie vakant is nie, kan daar nie tot kombinasie oorgegaan word voordat die betrokke bedienaar van die Woord en die Ring/Rings-kommissie tevrede is dat daar billike voorsiening vir die betrokke leraar gemaak is nie.

2.1.11 Die beroeping en demittering van ’n bedienaar van die Woord vir kombinasiegemeentes geskied op ’n gesamentlike vergadering van die betrokke kerkrade onder voorsitterskap van die konsulent van die gemeente waar die vergadering plaasvind. Vir die gemeentes in die kombinasie word ’n konsulent benoem. Die naam van die beroepene word op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens vir approbasie aan elke gemeente van die kombinasie bekend gemaak.

2.1.12 ’n Bedienaar van die Woord moet in een van die kombinasie-gemeentes bevestig word.

2.1.13 ’n Bedienaar van die Woord in kombinasie-gemeentes, word deur die gemeente wat hom/haar beroep en bevestig het afgevaardig na meerdere vergaderings. Hy/Sy het egter as afgevaardigde net een stem. Elke kombinasie-gemeente verkies en vaardig volgens voorskrif van *Die Kerkorde* ook ’n ouderling/diaken af.

2.1.14 Die kombinasie-gemeentes is verplig om gesamentlik ’n aandeel in die Sinodale Pensioenfonds vir die bedienaar van die Woord te hou. Alle ander koste met betrekking tot die bedienaar van die Woord moet in die ooreenkoms van kombinasie gereël word.

2.1.15 Die ooreenkoms met die leraar kan, na wedersydse kennisgewing, gewysig of beëindig word indien al die betrokke kerkrade, in hul aparte vergaderinge, hul goedkeuring daaraan heg.

2.1.16 Indien dit by die kombinering van gemeentes sou blyk dat verteenwoordigers nie aangewys is vir die ondertekening van dokumente en stukke namens die gemeentes vir doeleindes van uitvoering van ooreenkomste nie, moet sulke dokumente of stukke geteken word deur die voorsitter en skriba van die Ringskommissie van die Ring in wie se gebied die kombinerende gemeentes geleë is.

3 EENWORDING VAN GEMEENTES

Eenwording beteken dat 'n gemeente wat nie langer selfstandig wil of kan voortbestaan nie, ontbind en dat die betrokke lidmate by 'n ander bestaande gemeente(s) ingelyf word.

3.1 Prosedure vir eenwording

3.1.1 Die kerkraad van die gemeente wat wil ontbind, moet 'n besluit tot ontbinding neem en die kerkraad(e) van die gemeente(s) waarby die betrokke lidmate ingelyf word, moet toestemming tot inlywing gee. Ten minste 66% van die dienende kerkraadslede van elke betrokke kerkraad moet ten gunste van eenwording besluit.

3.1.2 Die betrokke kerkrade moet oor die voorwaardes vir ontbinding en inlywing ooreenkom. Indien van toepassing moet Artikel *12b2.3* van *Die Kerkorde* in ag geneem word.

3.1.3 Die ooreenkoms waartoe die kerkrade gekom het, moet vir approbasie op twee agtereenvolgende Sondae by al die openbare eredienste van die betrokke gemeentes bekend gemaak word, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba ingedien moet word.

3.1.4 Nadat die approbasie van die ongesensureerde belydende lidmate op dié wyse verkry is, word die ooreenkoms aan die betrokke Ring(e) vir goedkeuring voorgelê. Nadat hierdie goedkeuring verkry is of op ’n datum wat in die ooreenkoms bepaal word, word die ooreenkoms van krag.

3.1.5 Aangesien hiermee ’n verandering van gemeentegrense geïmpliseer word, moet die ooreenkoms ’n duidelike omskrywing van grenslyne bevat.

3.1.6 Die betrokke ringskriba gee aan die Skriba van die Sinode en aan die Saakgelastigde van die Sinode kennis van die ontbinding van die gemeente, asook van die nuwe grenslyne van die inlywende gemeente(s). Die Skriba van die Sinode sorg vir die publikasie van bostaande feite in *Kerkbode*.

3.1.7 ’n Afskrif van die ooreenkoms tussen die gemeentes word aan die Saakgelastigde van die Sinode op papier soos deur die argief voorgeskryf en in tweevoud gestuur.

3.1.8 Die kerkraad van die gemeente wat ontbind gee aan die Registrateur van Aktes kennis van die ontbinding en van die oordrag van sy eiendomme.

3.1.9 Die dienende kerkraadslede van die gemeente wat ontbind, dien ook, indien dit so ooreengekom word, in die inlywende gemeente.

3.1.10 Die onroerende eiendomme van die ontbonde gemeente word, tensy anders ooreengekom, op die naam van die inlywende gemeente geregistreer en alle roerende goed van die ontbonde gemeente, met die regte en verpligtinge daaraan verbonde, gaan op die inlywende gemeente oor.

3.1.11 Die eenwording van gemeentes kan alleen plaasvind wanneer die gemeente wat ontbind, vakant is of indien nie, as daar vir die bedienaar van die Woord, na die oordeel van die ring, billike voorsiening gemaak is.

3.1.12 Indien dit by die eenwording van gemeentes sou blyk dat verteenwoordigers nie aangewys is vir die ondertekening van dokumente en stukke namens ’n gemeente wat ontbind het vir doeleindes van uitvoering van ooreenkomste nie, moet sulke dokumente of stukke geteken word deur die voorsitter en skriba van die ringskommissie van die ring in wie se gebied die ontbinde gemeente geleë was.

4. SAMESMELTING VAN GEMEENTES

Samesmelting beteken dat twee of meer gemeentes, wat nie langer selfstandig wil of kan voortbestaan nie, afsonderlik ontbind om saam een totaal nuwe gemeente te stig binne dieselfde geografiese gebied as waarbinne die onderskeie samestellende gemeentes aanvanklik voor ontbinding bestaan het.

4.1 Prosedure

4.1.1 Die kerkrade van die onderskeie samesmeltende gemeentes neem afsonderlik ’n besluit tot samesmelting.

4.1.2 Aan alle ongesensureerde belydende lidmate van die onderskeie samesmeltende gemeentes word aan die hand van ’n vraelys-stembrief geleentheid gebied om skriftelik aan te dui of hulle ten gunste van die samesmelting is al dan nie.

4.1.2.1 Die genoemde vraelys-stembrief word persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die onderskeie kerkrade van die samesmeltende gemeentes aan elke ongesensureerde belydende lidmaat binne die bepaalde gemeente beskikbaar gestel.

4.1.2.2 Dit is elke lidmaat se eie verantwoordelikheid om toe te sien dat sy/haar voltooide vraelysstembrief die kerkkantoor van sy/haar gemeente bereik voor/op die sperdatum wat deur die kerkraad bepaal is.

4.1.2.3 Goedkeuring moet van ’n meerderheid van die lidmate wat vraelys-stembriewe ingehandig het, verkry word alvorens met die proses van samesmelting voortgegaan kan word.

4.1.3 Nadat die goedkeuring van die lidmate volgens prosedure 4.1.2. hierbo verkry is, kom die kerkrade afsonderlik én gesamentlik ooreen tot ’n Samesmeltingsakte bevattende onder andere ’n duidelike grensbeskrywing van die nuwe gemeente, die posisie van die leraar/s en kerkraadslede in die nuwe saamgestelde gemeente en reëlings in verband met die hantering van die onderskeie gemeentes se bates (roerend en onroerend), en elke kerkraad benoem 2 (twee) persone om namens hom alle nodige dokumentasie te onderteken.

4.1.4 Die ooreenkoms (Samesmeltingsakte) word vir approbasie op 2 (twee) agtereenvolgende Sondae by al die openbare eredienste van die betrokke gemeentes bekend gemaak, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba ingedien moet word.

4.1.4.1 Lidmate wat wil beswaar maak, moet dit skriftelik met gemotiveerde opgaaf van redes doen voor verstryking van die week eindigend na die tweede afkondiging.

4.1.4.2 Besware word aan die Ringskommissie voorgelê vir oorweging van die geldigheid daarvan.

4.1.5 Nadat approbasie verkry is, word die ooreenkoms aan die Ring voorgelê vir goedkeuring.

4.1.5.1 Die Ringskriba gee kennis aan die Skriba en Saakgelastigde van die betrokke Sinode.

4.1.5.2 Die Kerkraad van die nuwe gemeente gee kennis aan die Registrateur van Aktes van die oordrag van eiendomme.

5. KOMBINASIE VAN WERKSAAMHEDE VAN GEMEENTES, RINGE EN SINODES/KOMMISSIES VAN SINODES UIT VERSKILLENDE KERKVERBANDE

Kombinasie beteken hier dat twee of meer kerkvergaderinge van verskillende kerkverbande, of kommissies van kerkvergaderinge, as deel van die soeke na kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie, ten bate van die koninkryk van God en as gelyke deelgenote van mekaar, kontraktuele ooreenkomste aangaan vir die uitvoering van sekere gemeenskaplike werksaamhede.

5.1 Praktiese en kerkregtelike riglyne

5.1.1 Die aspekte of saak ten opsigte waarvan die partye ’n kombinasie beoog, moet duidelik omskryf word.

5.1.2 ’n Skriftelike ooreenkoms word opgestel wat alle regte, pligte en verantwoordelikhede (insluitende finansies) van die partye duidelik omskryf.

5.1.3 Die bestaande Reglement 9 wat handel oor Kerklike Eiendomme, Goedere en Fondse, moet by die opstel van die ooreenkoms in berekening gebring word.

5.1.4 Waar die standplaas of ander pos van ’n leraar kragtens die beoogde kontrak in gedrang kan kom, moet Artikel 12 van die *Kerkorde* in ag geneem word.

5.1.5 Indien dit die bedoeling is dat die gekombineerde liggaam die reg sal hê om sake te hanteer soos die beroep en indiensstelling van ’n leraar, moet aspekte soos konstituering, kworumvereistes, wyse van besluitneming, stemreg, befondsing, verantwoordelikheid vir die standplaas of aanstelling, pensioen, medies, administrasie ens. noukeurig uitgeklaar word.

5.1.6 Die kontrak moet dit duidelik stel dat die daarstelling van die gemeenskaplike doelwitte kragtens die kontraktuele ooreenkoms, nie die regte en verantwoordelikhede van die kontrakterende kerkvergaderinge/kommissies kan ophef of tot niet verklaar nie.

5.1.7 Die ooreenkoms kan voor die verstryking van die vasgestelde termyn gewysig of beëindig word indien die betrokke partye, na wedersydse kennisgewing, in hulle afsonderlike vergaderinge hulle goedkeuring daaraan heg.

5.1.8 Die kontrakterende party val steeds onder die regering, opsig en tug van sy/haar verantwoordelike kerkvergadering.

5.2 Werkswyse

5.2.1 Die betrokke kerkvergaderinge/kommissies moet die skriftelike ooreenkoms afsonderlik in hulle onderskeie vergaderinge goedkeur.

5.2.2 Nadat die instansies onderling tot ’n ooreenkoms gekom het, moet die liggaam wat vir die opsig/toesig verantwoordelik is die ooreenkoms finaal bekragtig. In die geval van ’n kerkraad is dit die ring. By ’n ring of by ’n kommissie van ’n sinode, is dit die sinode/sinodale kommissie, en by ’n sinode is dit die Algemene Sinode/Moderamen.

REGLEMENT AS9 - REGLEMENT VIR DIE REËLING VAN EIENDOMME, GOEDERE EN FONDSE

1. ALGEMENE SINODALE EIENDOMME, GOEDERE EN FONDSE

1.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in algemene sinodale verband is ’n regspersoon en die Algemene Sinode of sy gemagtigde(s) is sy orgaan.

1.2 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dus eienaar van alle roerende en onroerende bates wat deur die Algemene Sinode beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk* geregistreer.

1.3 Eiendomme, goedere en fondse word geadministreer deur die Algemene Taakspan vir Fondse (ATF) ingevolge besluite van die Algemene Sinode.

1.3.1 Ten opsigte van die werksaamhede genoem in 1.3.4 (hieronder) administreer die betrokke kommissie die eiendomme, goedere en fondse, met dien verstande dat die kommissie die volgende stukke voorlê:

1.3.1.1 Aan die Moderamen: Die reglemente en/of konstitusies van al die betrokke werksaamhede en/of regsentiteite wat aan die kommissie verslag doen, asook enige wysigings daaraan.

1.3.1.2 Aan die ATF (jaarliks):

- Goedgekeurde finansiële state van die vorige jaar
- Die begroting van die huidige jaar
- Bestuursinligting soos deur die ATF versoek.

1.3.2 Alhoewel die Algemene Sinode nie regsaanspreeklikheid aanvaar vir die werksaamhede en verpligtinge van afsonderlike regsentiteite (bv maatskappye) wat direk of indirek deur ’n kommissie geadministreer of beheer word nie, is dit vir die oorhoofse beplanning van die kerk se werksaamhede noodsaaklik dat die gegewens genoem in 1.3.1.1 en 1.3.1.2 ten opsigte van die aparte regsentiteite vir die Algemene Sinode beskikbaar moet wees.

1.3.3 Die Moderamen beslis in gevalle waar die ATF en die betrokke kommissie en/of die betrokke kommissies en/of regsentiteite onderling nie eenstemmigheid kan bereik nie.

1.3.4 Die bepalings in 1.3.1 tot 1.3.3 hierbo geld ten opsigte van die volgende:

1.3.4.1 die fondse en werksaamhede van die Algemene Taakspan vir die Diens van Barmhartigheid of sy opvolger;

1.3.4.2 fondse en werksaamhede van die Algemene Jeugkommissie of sy opvolger;

1.3.4.3 fondse en werksaamhede van die Algemene Taakspan vir Diens en Getuienis of sy opvolger;

1.3.4.4 fondse en werksaamhede verteenwoordig in die Algemene Taakspan vir Kerklike Media of sy opvolger;

1.3.4.5 asook enige afsonderlike regsentiteit wat direk of indirek deur enige van die kommissies gelys in 1.3.4, bestuur of beheer word, en vir doeleindes van hierdie bepaling word geag dat ’n regsentiteit deur ’n kommissie beheer en bestuur word indien die kommissie direk of indirek die bevoegdheid het om minstens die helfte van die bestuurslede/direkteure of trustees van die betrokke regsentiteit aan te stel.

Onderhewig daaraan dat die inkomste en eiendom van die Algemene Sinode, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur enige kommissie bestuur word, nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite van die Algemene Sinode en die bevordering van die oogmerke waarvoor dit ingestel is en om tussentydse belegging te maak (met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling ter goeder trou belet van redelike besoldiging (synde vergoeding wat nie oormatig is, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die sektor en met betrekking tot die diens gelewer nie) aan enige werknemer of beampte van die Algemene Sinode vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die Algemene Sinode gelewer het nie), is die Algemene Taakspan vir Fondse bevoeg om in opdrag van die Algemene Sinode enige regshandeling wat verband hou met die beskikking, verkryging, ontvangs van

testamentêre bemakings, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates te verrig met insluiting van die volgende:

1.4.1 Om oordrag van alle eiendomme, goedere of fondse van die ontbinde Raad van Kerke te ontvang.

1.4.2 Om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse.

1.4.2.1 Alle skenkings en bemakings aan die Kerk of ’n diensgroep, taakspan of kommissie van die Algemene Sinode moet deur die Algemene Taakspan vir Fondse hanteer en beheer word. Wanneer skenkings en bemakings volgens wetlike eise anders hanteer moet word, moet die korrekte voorskrifte nagekom word met verantwoording aan die Algemene Taakspan vir Fondse. Die Algemene Sinode, met inbegrip van enige diensgroep, taakspan of kommissie deur die Algemene Sinode ingestel, sal nie ’n skenking wat herroeplik op aandrang van die skenker is, vir ander redes as die wesenlike versuim om aan die aangewese oogmerke en voorwaardes van bedoelde skenking te voldoen (met inbegrip van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet) aanvaar nie: Met dien verstande ’n skenker nie enige voorwaarde mag oplê wat bedoelde skenker of enige verbonde persoon met betrekking tot bedoelde skenker in staat kan stel om enige direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie.

1.4.2.2 Indien ’n skenking/bemaking aan ’n spesifieke diensgroep, taakspan of kommissie gedoen word, moet dit ten behoewe van daardie diensgroep, taakspan of kommissie aangewend word.

1.4.2.3 Indien ’n skenking/bemaking vir ’n goedgekeurde werksaamheid gedoen word, mag die betrokke diensgroep, taakspan of kommissie dit daarvoor aanwend.

1.4.2.4 Indien ’n diensgroep, taakspan of kommissie ’n skenking/bemaking wil aanwend vir ’n doel of werksaamheid waarvoor daar nog nie goedkeuring ontvang is nie, moet die advies en goedkeuring van die Algemene Taakspan vir Fondse eers verkry word.

1.4.2.5 In geval die Algemene Taakspan vir Fondse nie goedkeuring gee nie, mag die diensgroep, taakspan of kommissie hom na die Moderamen wend.

1.4.3 Om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkoop, te verruil, te verhuur, te skenk of op enige ander manier te vervreem, te verbind, in pand, as sekuriteit te gee, of op enige ander wyse te beswaar met dien verstande dat:

1.4.3.1 skenkings slegs gemaak mag word ter bevordering van die doelstellings van die Algemene Sinode of aan teologiese studente, leraars, werknemers en amptenare van die NG Kerk asook aan godsdienstige, liefdadigheids- en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is;

1.4.3.2 slegs sekuriteit gegee mag word vir die verpligtinge van die Algemene Sinode.

1.4.4 Om gelde onder sy beheer te belê en om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel met dien verstande dat beleggings slegs gemaak mag word:

1.4.4.1 by geregistreerde finansiële instellings, soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984 (Wet no.39 van 1984);

1.4.4.2 in aandele genoteer op ’n aandelebeurs soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985 (Wet no. 1 van 1985) omskryf; en/of

1.4.4.3 in die ander versigtige beleggings in finansiële instrumente en bates wat die Kommissaris: Suid-Afrikaanse Inkomstediens bepaal, na oorlegpleging met die Uitvoerende Beampte van die Raad op Finansiële Dienste en die Direkteur van Organisasies Sonder Winsoogmerk; met dien verstande dat die Taakspan nieteenstaande bostaande beperkings:

(A) ’n belegging (uitgesluit ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as ’n skenking, bemaking of erflating verkry, mag behou in die vorm waarin dit verkry is;

(B) ’n belegging in die vorm van ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as ’n skenking, bemaking

of erflating voor 1 Januarie 2001 verkry het, mag behou of voortsit in die vorm waarin dit verkry is vir ’n tydperk van 5 jaar na 1 Januarie 2001.

1.4.5 Om gelde uit te leen op eerste verband oor vaste eiendom of ander sekuriteit wat hy mag goeddink aan teologiese studente, leraars, werknemers en amptenare van die NG Kerk asook aan godsdienstige, liefdadigheids- en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is.

1.5 In alle regsgedinge of dispute oor eiendomme, goedere en fondse tree die Algemene Taakspan vir Fondse sonder meer bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend ten behoewe van die Algemene Sinode op ná raadpleging van die Algemene Taakspan Regte.

1.6 Ten einde hierdie handelinge te verrig, word alle stukke onderteken deur twee lede van die Algemene Taakspan vir Fondse wat daartoe deur die Algemene Taakspan vir Fondse gemagtig is.

1.7 Die Algemene Sinode het geen aanspraak op die eiendomme, goedere en fondse wat aan die samestellende sinodes, ringe of kerkrade behoort en onder aparte reglemente besit en beheer word nie.

1.8 Waar enige vaste eiendom aan die NG Kerk geskenk of nagelaat word ten behoewe van ’n werksaamheid of inrigting binne die gebied van ’n sinode, word dit met wedersydse instemming vir beheer en administrasie opgedra aan die betrokke sinode om vir die werksaamhede of inrigting aangewend te word.

1.9 Eiendomme wat voor die totstandkoming van die Algemene Sinode van die NG Kerk in gefedereerde verband gevestig was (soos byvoorbeeld die eiendomme onder die toesig en beheer van die Algemene Sondagskoolkommissie) het in 1962 met kerkvereniging die eiendomme van die NG Kerk in die algemene sinodale verband geword. Transportaktes van sodanige eiendomme wat op naam van die verskillende sinodes geregistreer staan, kan met die oog op besparing van oordragkoste, onveranderd bly. Enige handeling in verband met sodanige eiendomme geskied egter in terme van die bepalings van hierdie Reglement. Hierdie eiendomme kan verbind of vervreem word volgens die bepalings van die *Kerkorde* van die betrokke sinode in wie se naam dit geregistreer is, slegs nadat die Algemene Taakspan vir Fondse daaroor besluit het.

1.10 Die Algemene Sinode sal nie ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteite bedryf nie, behalwe in die mate wat:

1.10.1 die bruto inkomste uit bedoelde besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit verkry, nie die grootste van:

(A) 15 persent van die bruto ontvangste van die Algemene Sinode; of

(B) R25 000;

of sodanige hoër bedrag of persentasie as wat die Inkomstebelastingwet van tyd tot tyd mag toelaat, te bowe gaan nie;

1.10.2 die onderneming of aktiwiteit:

(A) integraal en direk verwant is tot die oogmerk van die Algemene Sinode; en

(B) beoefen of uitgevoer word op ’n grondslag waarvan wesenlik die geheel gerig is op die verhaling van koste en wat nie onregverdige mededinging met betrekking tot belasbare entiteite tot gevolg sal hê nie;

1.10.3 die onderneming of aktiwiteit, indien nie integraal en direk verwant aan die oogmerk van die Algemene Sinode nie, van ’n toevallige aard is en wesenlik onderneem word met vrywillige bystand sonder vergoeding; of

1.10.4 die onderneming of aktiwiteit deur die Minister van Finansies by kennisgewing in die Staatskoerant goedgekeur is.

1.11 In geval van ontbinding van die Algemene Sinode moet alle eiendomme, goedere en fondse tussen die samestellende sinodes na verhouding van die getal belydende lidmate binne die gebied van elke sinode ten tye van die ontbinding verdeel word met dien verstande dat ’n sinode slegs in die verdeling van die Algemene Sinode se bates mag deel indien dit ingevolge Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet, no. 58 van 1962, soos

gewysig, goedgekeur is as ’n openbare weldaadsorganisasie. Sien ook Basisdokument vir die Algemene Sinode, klousules 8.7 en 13.

2. SINODALE EIENDOMME, GOEDERE EN FONDSE

2.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in sinodale verband is ’n regspersoon en die sinode of sy gemagtigde(s) is sy orgaan/organe.

2.2 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van/in ..... is dus die eienaar van alle roerende en onroerende bates wat deur die sinode beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van/in ..... geregistreer.

2.3 Eiendomme, goedere en fondse word geadministreer deur ’n kommissie deur die sinode benoem met verslag aan die sinode.

2.4 Onderhewig daaraan dat die inkomste en eiendom van die Sinode, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur enige kommissie bestuur word, nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite van die Sinode en die bevordering van die oogmerke waarvoor dit ingestel is en om tussentydse belegging te maak, (met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling ter goeder trou belet van redelike besoldiging (synde vergoeding wat nie oormatig is, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die sektor en met betrekking tot die diens gelewer nie) aan enige werknemer of beampte van die Sinode vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die Sinode gelewer het nie) is die kommissie soos in 2.3 aangedui, bevoeg om in opdrag van die sinode enige regshandeling wat verband hou met die beskikking, verkryging, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates te verrig met insluiting van die volgende:

2.4.1 Om eiendomme, roerend en/of onroerend te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur of enige ander wyse; Met dien verstande dat die Sinode, met inbegrip van enige diensgroep, taakspan of kommissie deur die Sinode ingestel, nie ’n skenking wat herroeplik op aandrang van die skenker is, vir ander redes as die wesenlike versuim om aan die aangewese oogmerke en voorwaardes van bedoelde skenking te voldoen (met inbegrip van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet) sal aanvaar nie: Met dien verstande verder dat ’n skenker nie enige voorwaarde mag oplê wat bedoelde skenker of enige verbonde persoon met betrekking tot bedoelde skenker in staat kan stel om enige direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie.

2.4.2 Om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkoop, te verruil, te verhuur, te skenk of op enige ander wyse te vervreem, te verbind, in pand, as sekuriteit of as borge te gee, of op enige ander wyse te beswaar met dien verstande dat:

2.4.2.1 skenkings slegs gemaak mag word ter bevordering van die doelstellings van die Sinode of aan teologiese studente, leraars, werknemers en amptenare van die NG Kerk asook aan godsdienstige, liefdadigheids en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is;

2.4.2.2 slegs borg gestel of sekuriteit gegee mag word vir die verpligtinge van die sinode, teologiese studente, leraars, werknemers en amptenare van die NG Kerk asook aan godsdienstige, liefdadigheids en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is.

2.4.3 Om gelde onder sy beheer te belê en om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel met dien verstande dat beleggings slegs gemaak mag word:

2.4.3.1 by geregistreerde finansiële instellings, soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984 (Wet no.39 van 1984);

2.4.3.2 in aandele genoteer op ’n aandelebeurs soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985 (Wet no. 1 van 1985) omskryf; en/of

2.4.3.3 in die ander versigtige beleggings in finansiële instrumente en bates wat die Kommissaris: Suid-Afrikaanse Inkomstediens bepaal, na oorlegpleging met die Uitvoerende Beampte van

die Raad op Finansiële Dienste en die Direkteur van Organisasies Sonder Winsoogmerk; met dien verstande dat die Sinode of Kommissie nieteenstaande bostaande beperkings:

(A) 'n belegging (uitgesluit 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as 'n skenking, bemaking of erflating verkry, mag behou in die vorm waarin dit verkry is;

(B) 'n belegging in die vorm van 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as 'n skenking, bemaking of erflating voor 1 Januarie 2001 verkry het, mag behou of voortsit in die vorm waarin dit verkry is vir 'n tydperk van 5 jaar na 1 Januarie 2001.

2.4.4 Om gelde uit te leen op eerste verband oor vaste eiendom of ander sekuriteit wat hy mag goeddink aan teologiese studente, leraars, werknemers en amptenare van die NG Kerk asook aan godsdienstige, liefdadigheids- en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is.

2.5 In alle regsgedinge of dispute oor eiendomme, goedere en fondse tree die kommissie soos in 2.3 aangedui, sonder meer bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend ten behoewe van die sinode op na goedkeuring van die sinodale regskommissie.

2.6 Die Sinode sal nie 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteite bedryf nie, behalwe in die mate wat:

2.6.1 die bruto inkomste uit bedoelde besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit verkry, nie die grootste van:

(A) 15 persent van die bruto ontvangste van die Sinode; of

(B) R25 000;

of sodanige hoër bedrag of persentasie as wat die Inkomstebelastingwet van tyd tot tyd mag toelaat, te bowe gaan nie;

2.6.2 die onderneming of aktiwiteit:

(A) integraal en direk verwant is tot die oogmerk van die Sinode; en

(B) beoefen of uitgevoer word op 'n grondslag waarvan wesenlik die geheel gerig is op die verhaling van koste en wat nie onregverdige mededinging met betrekking tot belasbare entiteite tot gevolg sal hê nie;

2.6.3 die onderneming of aktiwiteit, indien nie integraal en direk verwant aan die oogmerk van die Sinode nie, van 'n toevallige aard is en wesenlik onderneem word met vrywillige bystand sonder vergoeding; of

2.6.4 die onderneming of aktiwiteit deur die Minister van Finansies by kennisgewing in die Staatskoerant goedgekeur is.

2.7 In geval van ontbinding van die Sinode moet alle eiendomme, goedere en fondse tussen die samestellende gemeentes na verhouding van die getal belydende lidmate in elke gemeente ten tye van die ontbinding verdeel word met dien verstande dat 'n ring slegs in die verdeling van die Sinode se bates mag deel indien dit ingevolge Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet no. 58 van 1962, soos gewysig, goedgekeur is as 'n openbare weldaadsorganisasie.

3. RINGSEIENDOMME, GOEDERE EN FONDSE

3.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in ringsverband is 'n regspersoon en die ringsvergadering of sy gemagtigde(s) is sy orgaan.

3.2 Die Nederduitse Gereformeerde Ring van ..... is dus die eienaar van alle roerende en onroerende bates wat deur die Ring beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van *Die Nederduitse Gereformeerde Ring van .....* geregistreer.

3.3 Eiendomme, goedere en fondse word geadministreer deur 'n kommissie deur die ring benoem met verslag aan die ringsvergadering.

3.4 Onderhewig daaraan dat die inkomste en eiendom van die Ring, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur enige kommissie bestuur word, nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite van die Ring en die bevordering van die oogmerke waarvoor dit ingestel is en om tussentydse

belegging te maak, (met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling ter goeder trou belet van redelike besoldiging (syne vergoeding wat nie oormatig is, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die sektor en met betrekking tot die diens gelewer) aan enige werknemer of beampte van die Ring vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die Ring gelewer het nie) is die kommissie soos in 3.3 aangedui, bevoeg om in opdrag van die ring enige regshandeling wat verband hou met die beskikking, verkryging, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates te verrig met insluiting van die volgende:

3.4.1 Om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse; Met dien verstande dat die Ring, met inbegrip van enige Kommissie deur die Ring ingestel, nie ’n skenking wat herroeplik op aandrang van die skenker is, vir ander redes as die wesenlike versuim om aan die aangewese oogmerke en voorwaardes van bedoelde skenking te voldoen (met inbegrip van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet) sal aanvaar nie; Met dien verstande verder dat ’n skenker nie enige voorwaarde mag oplê wat bedoelde skenker of enige verbonde persoon met betrekking tot bedoelde skenker in staat kan stel om enige direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie.

4. GEMEENTELIKE EIENDOMME, GOEDERE EN FONDSE

4.1 Elke gemeente is ’n regspersoon en die kerkraad of sy gemagtigde(s) is sy orgaan.

4.2 Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente ..... is dus die eienaar van alle roerende en onroerende bates wat deur die kerkraad beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van *Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente .....* geregistreer.

4.3 Eiendomme, goedere en fondse word geadministreer deur die kerkraad met jaarlikse verslag aan die gemeente en ring.

4.4 Onderhewig daaraan dat die inkomste en eiendom van die gemeente nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite van die gemeente en die bevordering van die oogmerke waarvoor dit ingestel is en om tussentydse belegging te maak, (met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling ter goeder trou belet van redelike besoldiging (synde vergoeding wat nie oormatig is, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die sektor en met betrekking tot die diens gelewer) aan enige werknemer, lidmaat of beampte van die gemeente vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die gemeente gelewer het nie) is die kerkraad bevoeg om enige regshandeling wat verband hou met die beskikking, verkryging, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates te verrig met insluiting van die volgende:

4.4.1 Om eiendomme, roerend en/of onroerend te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse; met dien verstande dat die kerkraad nie ’n skenking wat herroeplik op aandrang van die skenker is, vir ander redes as die wesenlike versuim om aan die aangewese oogmerke en voorwaardes van bedoelde skenking te voldoen (met inbegrip van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge artikel 18A van die Inkomstebelastingwet) sal aanvaar nie: met dien verstande verder dat ’n skenker nie enige voorwaarde mag oplê wat bedoelde skenker of enige verbonde persoon met betrekking tot bedoelde skenker in staat kan stel om enige direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie.

4.4.2 Om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkoop, te verruil, te verhuur, te skenk of op enige ander wyse te vervreem, te verbind, in pand, as sekuriteit of as borg te gee, of op enige ander wyse te beswaar met dien verstande dat:

4.4.2.1 skenkings slegs gemaak mag word ter bevordering van die doelstellings van die gemeente of aan teologiese studente, leraars, werknemers en amptenare van die NG Kerk asook aan godsdienstige, liefdadigheids- en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is;

4.4.2.2 slegs borg gestel of sekuriteit gegee mag word vir die verpligtinge van die gemeente, teologiese studente, leraars, werknemers en amptenare van die NG Kerk asook aan godsdienstige, liefdadigheids- en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is.

4.4.3 Om gelde onder sy beheer te belê en om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel met dien verstande dat beleggings slegs gemaak mag word:

4.4.3.1 by geregistreerde finansiële instellings, soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984 (Wet no.39 van 1984);

4.4.3.2 in aandele genoteer op 'n aandelebeurs soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985 (Wet no. 1 van 1985) omskryf; en/of

4.4.3.3 in die ander versigtige beleggings in finansiële instrumente en bates wat die Kommissaris: Suid-Afrikaanse Inkomstediens bepaal, na oorlegpleging met die Uitvoerende Beampte van die Raad op Finansiële Dienste en die Direkteur van Organisasies Sonder Winsoogmerk; met dien verstande dat die kerkraad nieteenstaande bostaande beperkings:

(A) 'n belegging (uitgesluit 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as 'n skenking, bemaking of erflating verkry, mag behou in die vorm waarin dit verkry is;

(B) 'n belegging in die vorm van 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as 'n skenking, bemaking of erflating voor 1 Januarie 2001 verkry het, mag behou of voortsit in die vorm waarin dit verkry is vir 'n tydperk van 5 jaar na 1 Januarie 2001.

4.4.4 Om gelde uit te leen op eerste verband oor vaste eiendom of ander sekuriteit wat hy mag goeddink aan teologiese studente, leraars, werknemers en amptenare van die NG Kerk asook aan godsdienstige, liefdadigheids- en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is.

4.5 In alle regsgedinge of dispute oor eiendomme, goedere en fondse tree die kerkraad sonder meer bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend en ten behoewe van die gemeente op. Die kerkraad word egter ten sterkste aanbeveel om in sodanige situasie die advies van die sinodale regskommissie te verkry.

(Bostaande is besluit met dien verstande dat punte 2, 3 en 4 as leidrade vir sinodes dien.)

4.6 Die gemeente sal nie 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteite bedryf nie, behalwe in die mate wat:

4.6.1 die bruto inkomste uit bedoelde besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit verkry, nie die grootste van:

(A) 15 persent van die bruto ontvangste van die gemeente; of

(B) R25 000;

of sodanige hoër bedrag of persentasie as wat die Inkomstebelastingwet van tyd tot tyd mag toelaat, te bowe gaan nie;

4.6.2 die onderneming of aktiwiteit:

(A) integraal en direk verwant is tot die oogmerk van die gemeente; en

(B) beoefen of uitgevoer word op 'n grondslag waarvan wesenlik die geheel gerig is op die verhaling van koste en wat nie onregverdige mededinging met betrekking tot belasbare entiteite tot gevolg sal hê nie;

4.6.3 die onderneming of aktiwiteit, indien nie integraal en direk verwant aan die oogmerk van die gemeente nie, van 'n toevallige aard is en wesenlik onderneem word met vrywillige bystand sonder vergoeding; of

4.6.4 die onderneming of aktiwiteit deur die Minister van Finansies by kennisgewing in die Staatskoerant goedgekeur is.

4.7 In geval van ontbinding van 'n gemeente sonder dat die gemeente by 'n ander gemeente van die NG Kerk ingelyf word, word die bates van die gemeente wat oorbly na voldoening aan al sy verpligtinge, gegee of oorgemaak aan 'n ander gemeente of inrigting, met doelstellings soortgelyk aan die van die gemeente en wat ingevolge artikel 30 van die

Inkomstebelastingwet no. 58 van 1962, soos gewysig, goedgekeur is as ’n openbare weldaadsorganisasie, wat ingevolge die prosedure voorgeskryf in die betrokke Kerkorde, Bepalings en Reglemente wat op die gemeente van toepassing is deur die Kerkraad en/of Ring aangewys is. Sien ook Basisdokument vir gemeentes klousule 8.7 en 13.

5 RIGLYNE VIR FINANSIËLE BESTUUR SOOS GOEDGEKEUR DEUR DIE ALGEMENE SINODE 2002

5.1 Riglyne vir bestuur van kerklike fondse

Riglyne en voorskrifte vir die bestuur van kerklike fondse word weergegee in die Kerkorde Artikels 43.2.1, Art. 57 en Regl. 7 en 9.

5.2 Riglyne vir bedryfsinstansies van en in belang van die kerk.

Die volgende riglyne word goedgekeur vir die bestuur van bedryfsinstansies wat aan diensgroep, taakspan of kommissies van die Algemene Sinode verslag doen:

5.2.1 Alle werksaamhede, diensgroepe, taakspanne en kommissies wat opgeneem is in die begroting van die Algemene Sinode se fondse word deur die betrokke kommissie onder leiding en toesig van die ATF bedryf en bestuur.

5.2.2 Diensgroepe, taakspanne of kommissies wat oor die vermoë beskik om selfstandig fondse te genereer, hetsy deur handelsaktiwiteite en/of beleggingsinkomste en selfonderhoudend is (geen fondse vanaf die Algemene Sinode bekom nie) en voldoen aan die reglemente van die Algemene Sinode ten opsigte van eiendomme en finansies, administreer en bestuur hulle eie fondse en doen jaarliks verslag aan die ATF met die nodige stawende dokumente soos finansële state, begrotings, toekenningsbeleid, ens. Hierdie kommissies doen selfstandig verslag aan die Algemene Sinode.

5.3 Bestaande ooreenkomste of reglemente (Aktes van oprigting en statute) ten opsigte van Artikel 21-maatskappy en ander tipe regsentiteite, word gehonoreer. Bogenoemde instansies wat ’n noue verbintenis met die NG Kerk het en aan die kerk dienste lewer, behoort ook jaarliks verslag te lewer aan die Moderamen en ATF met die voorsiening van die nodige finansiële inligting.

5.4 Indien ’n kerklike kommissie of instansie ’n Artikel 21-maatskappy of ander regsentiteit wil vorm moet dit in noue samewerking en met die goedkeuring van die Moderamen geskied.

5.5 Enige oordrag van fondse of beleggings van een kerklike kommissie of werksaamheid, aan ’n ander kommissie, instansie of sinode, behoort met die nodige samewerking en konsultasie van die ATF te geskied.

5.6 Die gebruik van die naam van die kerk deur Art 21-maatskappy en ander instansies, behoort nie sondermeer toegelaat te word nie vanweë die latente risiko’s wat dit vir die Kerk skep. (vgl. besluit Algemene Sinode 1990 Handelinge bl. 638 pt 8).

5.7 Ten opsigte van korporatiewe bestuur verwag die Algemene Sinode dat kerklike instansies aan die hoogste standaarde en norme sal voldoen (bv die Riglyne van die King-Kommissie 2002).

REGLEMENT AS12 - REGLEMENT VIR DIE REËLING VAN DIE OPLEIDING EN LEGITIMASIE VAN EVANGELIEDIENAARS

1 OOREENKOMS MET DIE UNIVERSITEIT

Die opleiding van predikante vir die NG Kerk geskied aan die teologiese fakulteite van die Universiteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein, en word by wyse van skriftelike ooreenkoms tussen die betrokke sinode(s) en universiteite bepaal, op voorwaarde dat dit nie in stryd is met die besluite van die Algemene Sinode soos in hierdie Reglement vervat nie.

2 SAMESTELLING EN FUNKSIES VAN DIE KOMMISSIES EN TAAKSPANNE BETROKKE BY DIE TEOLOGIESE OPLEIDING

2.1 Die Algemene Taakspan vir Teologiese Opleiding (ATTO)

ATTO is die taakspan van die Algemene Sinode wat die oorhoofse verantwoordelikheid dra vir teologiese opleiding (sien reglement vir ATTO).

2.2 Die Kuratoria

2.2.1 Samestelling

Die kuratorium word saamgestel uit verteenwoordigers van die sinode(s) binne wie se gebied die teologiese fakulteite geleë is. Die getal lede in ’n kuratorium word bepaal

deur die betrokke sinodes (Wes- en Suid-Kaapland, gesamentlik deur die Wes

Transvaal Sinode, Noordelike Sinode, Hoëveld, Sinode van Oos-Transvaal, en Sinode van die Oranje-Vrystaat). Ander sinodes het die reg om op eie koste elk een verteenwoordiger in die kuratoria te benoem. Indien daar ’n predikant in Sinodale Diens Teologiese Opleiding deur ’n kuratorium benoem is, dien hy/sy as lid op die kuratorium.

2.2.2 Funksies

2.2.2.1 Opleiding

Elke kuratorium dra sorg vir, beheer en hou toesig oor die opleiding en die voortgesette opleiding van evangeliedienaars (KO Art. 5.3).

2.2.2.2 Studente

2.2.2.2.1 Elke kuratorium dra finale verantwoordelikheid vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van alle teologiese studente wat by hom ingeskryf is en wat in die bediening van die NG Kerk wil gaan. Hy kan hierdie verantwoordelikheid deur 'n subkommissie(s) behartig.

2.2.2.2.2 Elke kuratorium word in hierdie taak bygestaan en geadviseer deur die begeleidingskommissie, eksamenkommissie en raad van NG Kerk-dosente as subkommissies van elke kuratorium. Saam hou hulle toesig oor studente se akademiese vordering en hulle leer en lewe.

2.2.2.2.3 Teologiese studente staan vir die duur van hulle studie onder die toesig van die betrokke kuratorium en die raad van dosente, soos in KO Art. 5.3 neergelê, en hulle hou ’n voortgaande toesig oor die studente se leer en lewe. As lidmate staan die studente onder die opsig, regering en tug van die kerkvergadering wat opsig en tug oor hulle uitoefen. Die kuratorium kan die betrokke kerkvergadering raadpleeg. Die Dagbestuur hanteer die appèl van ’n student teen dissiplinêre maatreëls wat die dissiplinêre kommissie getref het.

2.2.2.3 Dosente

2.2.2.3.1 Die kuratorium hou saam met die betrokke kerkraad toesig oor die leer en lewe van die dosente in teologie wat bevestig of net kerklik geakkrediteer[17] is. Wanneer daar ’n klag of nadelige gerugte oor ’n dosent tot hulle kennis kom, gee die kuratorium kennis daarvan aan die kerkvergadering wat opsig en tug oor die dosent uitoefen. ’n Lid van die kuratorium kan as waarnemer betrek word tydens so ’n tugondersoek.

2.2.2.3.2 Die kuratorium hou óók toesig oor die dosente in die teologie wat bevestig of kerklik geakkrediteer is wat betref die uitoefening van hulle ampspligte as teologiese dosente. Indien die dissiplinêre kommissie in die lig van ’n skriftelike voorlegging en ’n behoorlike ondersoek ’n dosent onbevoeg of ongeskik vind om ampspligte tot bevrediging van die Kerk uit te voer, besluit die kuratorium om kerklike akkreditering met die oog op die opleiding van die kerklike bediening terug te trek. Die Dagbestuur hanteer die appèl van ’n dosent teen dissiplinêre maatreëls wat deur die dissiplinêre kommissie getref is.

2.2.2.4 Hierdie toesig hef nie die normale toesig van die universiteitsowerheid oor sowel studente as dosente op nie. Noue skakeling tussen die kerk en die universiteit is te alle tye ’n vereiste.

2.3 Subkommissies van die kuratoria

2.3.1 Dagbestuur

Elke kuratorium wys 'n dagbestuur aan ooreenkomstig die bepalings en reglemente van die bepaalde sinode(s).

2.3.2 Die Begeleidingskommissie

2.3.2.1 Elke kuratorium benoem 'n kommissie(s) wat die teologiese studente begelei en wat die kuratorium adviseer ten opsigte van die keuring, toesig en begeleiding van studente tydens die tydperk van hulle voorbereiding vir die evangeliebediening. Die kuratorium verleen op grond hiervan jaarliks toestemming aan studente om voort te gaan met hulle teologiese studie met die oog op legitimasie in hulle finale jaar.

2.3.2.2 Sinodes in wie se gebied daar teologiese opleidingsentra anders as die drie erkende sentra van die NG Kerk is, moet in oorleg met 'n kuratorium toesien dat studente wat daar studeer met die oog op die bediening die nodige begeleiding ontvang.

2.3.3 Die Eksamenkommissie

2.3.3.1 Samestelling

Elke kuratorium benoem 'n eksamenkommissie ooreenkomstig die bepalings en reglemente van die bepaalde sinode(s).

17 “Akademiese akkreditering” .. gee amptelike erkenning deur die betrokke Universiteit van die geskiktheid en die bevoegdheid van 'n persoon om as dosent klas te gee aan studente in die Fakulteit Teologie.

“Kerklike akkreditering” is die amptelike erkenning deur 'n denominasie van die geskiktheid en bevoegdheid van 'n dosent om voornemende leraars akademies te begelei met die oog op die kerklike bediening in die betrokke denominasie.

2.3.3.2 Funksies

2.3.3.2.1 Die eksamenkommissie neem die proponentseksamen asook *colloquium doctum* af en beveel die suksesvolle kandidate by die kuratorium aan vir legitimasie deur die Algemene Taakspan Regte. In die proponentseksamen val die klem op die student se algemene gereedheid en geskiktheid vir die bediening, roepingsbewustheid, persoonlike godsvrug, innerlike gehegtheid aan die leer en die aanwending van akademiese kennis in die praktyk van die bediening.

2.3.3.2.2 Die eksamenkommissie is deurlopend betrokke by die proses van opleiding ten einde te verseker dat dié opleiding beantwoord aan die behoeftes van die NG Kerk.

2.4 Die Raad van NG Kerk-dosente

2.4.1 Die NG Kerk-dosente wat kerklik bevestig is en voltyds doseer, vorm die Raad van NG Kerk-dosente.

2.4.2 Die Raad van NG Kerk-dosente is, benewens doseerwerk, onder toesig van die kuratorium verantwoordelik vir die vorming van NG Kerk-studente met die oog op die bediening in die NG Kerk.

2.5 Dissiplinêre kommissie

2.5.1 Samestelling

Elke kuratorium wys ’n gevolmagtigde dissiplinêre kommissie van drie tot vyf lede aan uit lede van die kuratorium en ander kundige persone binne die sinodale streek of streke. Die kommissie het die reg om met raadpleging van die kuratorium ’n maksimum van twee kundige persone wat raadgewend kan optree op die kommissie te koöpteer.

2.5.2 Funksie

2.5.2.1 Die dissiplinêre kommissie hanteer in die geval van studente dissiplinêre sake wat nie op die terrein van die kerklike opsig en tug of die toesig van die universiteit ressorteer nie[18] en wat deur die kuratorium na die kommissie verwys word.

2.5.2.2 Die dissiplinêre kommissie kan na ’n behoorlike ondersoek die toelating van die student met die oog op die bediening opskort of enige dissiplinêre maatreël teen studente instel, wat binne die bevoegdheid van die kuratorium val.

2.5.2.3 Die dissiplinêre kommissie hanteer in die geval van dosente dissiplinêre sake wat nie op die terrein van die kerklike opsig en tug of die toesig van die universiteit ressorteer nie en wat deur die kuratorium na die kommissie verwys word[19].

2.5.2.4 Die dissiplinêre kommissie kan na ’n behoorlike ondersoek bevind dat ’n dosent onbevoeg of ongeskik is om ampspligte tot bevrediging van die Kerk uit te voer en by die kuratorium aanbeveel om die dosent se kerklike akkreditering met die oog op die opleiding van die kerklike bediening terug te trek.

2.5.2.5 ’n Student kan in ’n dissiplinêre verhoor deur ’n student bygestaan word en ’n dosent deur ’n ander dosent uit die teologiese fakulteit.

2.5 Kieskollege

2.5.1 Samestelling

Die kieskollege word saamgestel soos die betrokke sinode(s) bepaal. Ander sinodes het die reg om elkeen een verteenwoordiger op eie koste te benoem.

[18] Sake soos klasbywoning, vereistes wat deur die kuratorium gestel is en kerkeie opleiding.

[19] Hieronder ressorteer sake soos die in gevaar stelling van die Kerk se ooreenkoms met die universiteit.

2.5.2 Funksie

In die geval waar NG Kerk-dosente deur die universiteit aangestel word, word die moontlike beroeping van só 'n dosent deur die kieskollege hanteer. Die kieskollege is ook verantwoordelik vir die beroeping van dosente wat op eie koste deur die kerk, ná oorleg met die universiteit, beroep en besoldig word.

3 DOSERENDE PERSONEEL AAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEITE WAAR NG KERK-PREDIKANTE OPGELEI WORD

3.1 Aanstelling en beroeping van dosente

Die aanstelling van dosente in die teologiese fakulteite waar predikante vir die NG Kerk opgelei word, kan op een van twee maniere geskied.

3.1.1 Die universiteit kan 'n dosent aanstel ná inspraak deur die kerk soos bepaal in die ooreenkoms tussen die betrokke universiteit en sinode(s). Die kerk kan so 'n dosent kerklik akkrediteer of beroep.

3.1.2 Die NG Kerk sou ook, ná oorleg met die betrokke universiteit, kon besluit om op sy eie 'n NG Kerk-dosent te beroep wat deur die NG Kerk besoldig word en spesifiek die NG Kerk-studente moet onderrig. In hierdie geval word die vakature ook aan die hand van 'n posbeskrywing en profiel bekendgestel in die kerk se amptelike blad. Dit kan gedoen word indien die kerk oordeel dat daar 'n leemte is in die onderrig wat sy studente ontvang.

3.2 Vereistes by beroeping

Waar die kerk 'n dosent wat deur die universiteit aangestel is wil beroep, of waar die kerk 'n dosent op eie koste beroep, moet die persoon aan die volgende vereistes voldoen.

3.2.1 Predikant- of proponentsbevoegdheid besit.

3.2.2 Die nodige kwalifikasies vir die betrokke pos besit.

3.2.3 Goeie getuienis aangaande gemeente betrokkenheid, bekwaamheid en godsvrug hê.

3.2.4 Onbetwyfelbare voorstander van die gereformeerde leer wees.

3.3 Prosedure by beroeping

3.3.1 Elke kuratorium neem die leiding by die beroeping van eie dosente.

3.3.2 Prosedure by beroeping van dosent deur universiteit aangestel

Indien 'n NG Kerk-dosent reeds deur die universiteit aangestel is, sal daar net een naam voor die Kieskollege wees, en word daar óf vir óf teen die dosent gestem. Normaalweg kan só 'n beroep per omsendskrywe afgehandel word.

3.3.3 Prosedure by beroeping van uitsluitlik kerklike besoldigde dosente

3.3.3.1 Elke lid van die kieskollege het die reg om vroegtydig skriftelik 'n nominasie vir 'n vakature in te dien.

3.3.3.2 By die sluitingsdatum vir nominasies suiwer die kuratorium die lys en stel 'n nominasielys op met 'n volledige *curriculum vitae* van elke kandidaat, wat aan die universiteit voorgelê word met die oog op akademiese akkreditering, waarna dit in die hande van lede van die kieskollege gestel word. Hierdie stukke dien as vertroulike inligtingstukke met die oog op die beroeping.

3.3.3.3 Die kieskollege bring 'n beroep uit met inagneming dat aan die bepalinge van die betrokke sinode(s) uitvoering gegee is en die voorwaardes van die universiteit nagekom is.

3.3.3.4 Beide by die beroeping soos in 3.3.2 en 3.3.3 word die naam in die amptelike kerkblad gepubliseer met die oog op approbasie deur die hele kerkverband.

3.3.3.5 Proponente wat as dosente/professore na een van die drie teologiese fakulteite van die Kerk beroep en bevestig word, verkry predikantsbevoegdheid na bevestiging met handoplegging.

4 TEOLOGIESE OPLEIDING

4.1 Toelating

4.1.1 Die begeleidingskommissie roep aan die begin van die akademiese jaar alle voornemende studente wat vir die eerste keer wil inskryf om hulle vir die bediening voor te berei op om voor die kommissie te verskyn ten einde as student met die oog op die evangeliebediening toegelaat te word.

Advies en inligting oor kursusse, akademiese vereistes vir toelating tot die bediening en beurse/lenings word aan voornemende studente gegee.

4.1.2 Die toelating geskied op grond van

4.1.2.1 'n Skriftelike verklaring van die kandidaat met betrekking tot die redes waarom die evangeliebediening as roeping gekies is asook sy/haar persoonlike geloof en ondervinding van die genade van God.

4.1.2.2 'n Gemotiveerde skriftelike verklaring van die kerkraad aangaande die kandidaat se kerklike meelewing.

4.1.2.3 'n Onlangse vertroulike verslag van die kandidaat se leraar.

4.1.2.4 'n Skriftelike verklaring dat die kandidaat se attestaat/bewys van lidmaatskap ingelewer is by die gemeente waar hy/sy lidmaat is.

4.1.2.5 Deurlopende skriftelike verslae aangaande mediese en sielkundige welstand, minstens twee maal tydens studie.

4.2 Akademiese vereistes

4.2.1 Die NG Kerk vereis van sy studente 'n sesjarige opleiding in gereformeerde teologie, wat die verkryging van die gepaardgaande grade insluit. Hierdie sesjarige opleiding moet ten minste 'n tweejarige opleiding in Grieks en Hebreeus, asook 'n praktiese gemeentejaar in die laaste jaar insluit.

4.2.2 Die ander minimum vereistes vir toelating tot die NG Kerk word deur ATTO geformuleer vir onderhandeling deur die onderskeie eksamenkommissies met die fakulteite met die oog op die ontwerp van die akademiese programme.

4.2.3 Wanneer 'n kandidaat die eerste deel van sy/haar teologiese opleiding voltooi het en hom/haar daarna by Stellenbosch, Pretoria of Bloemfontein aansluit, moet sy/haar aansoek vergesel wees van 'n bewys van akademiese kwalifikasies, kerklike meelewing en 'n mediese verslag.

4.2.4 Die NG Kerk vereis dat persone wat toegelaat wil word tot die bediening ten minste die laaste drie jaar van die opleiding voltyds aan een van die kerklik-erkende opleidingsentra moet voltooi. In die geval van tweedeloopbaanstudente en ander hoogs uitsonderlike gevalle kan ATTO, op voorlegging van 'n kuratorium, hiervan afstand doen.

4.3 Vereiste kursusse

4.3.1 Die inhoud van die kursus behels die volgende

4.3.1.1 Ou-Testamentiese Wetenskap

4.3.1.2 Nuwe-Testamentiese Wetenskap

4.3.1.3 Historiese vakke en Kerkreg, insluitende Kerkgeskiedenis van die NG Kerk en Gereformeerde Kerkreg

4.3.1.4 Dogmatologiese en etiese vakke/Sistematiese Teologie

4.3.1.5 Godsdiens- en Sendingwetenskap/Missiologie

4.3.1.6 Praktiese (amptelike) vakke/Praktiese Teologie

4.3.1.7 Spesialisering in 'n bepaalde studiegebied, insluitend 'n verhandeling oor 'n gespesialiseerde onderwerp

4.3.1.8 Enige ad hoc-vereistes kan by die onderskeie fakulteite gestel word

4.3.1.9 Naas bogenoemde kursusse word kandidate se kennis van die Bybel en die belydenisskrifte geëksamineer en hulle taalvaardigheid in Afrikaans getoets.

4.3.2 Klasbywoning

Studente is verplig om die kursusse van die betrokke teologiese fakulteit gereeld by te woon en in die eksamen te slaag.

4.4 Praktykopleiding

Opleiding in bedieningspraktyk geskied hoofsaaklik in die finale studiejaar. Gedurende hierdie jaar word studente opgelei en vir hierdie doel werk studente vir die volle jaar onder toesig van 'n gemeenteleraar. Die inhoud van die gemeentejaar sowel as die aanwysing van gemeentes en begeleiers (supervisors) word deur die fakulteit ná oorlegpleging met die betrokke kuratorium bepaal.

4.5 Proefpreke

Van elke student in die finale jaar word verwag om 'n proefpreek vóór 30 Augustus onder toesig van 'n dosent in 'n gemeente te lewer.

4.6 Praktiese werk

Teologiese studente moet die volgende onderneming onderteken voordat hulle praktiese werk in gemeentes mag doen:

Ek, die ondergetekende, onderskryf hiermee opreg en as voor die Here die leer soos vervat in die Formuliere van Eenheid van die gereformeerde kerke, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Ek verklaar met my hele hart dat ek dit aanvaar en bely as in ooreenstemming met die Woord van God; dat ek die leer getrou sal handhaaf; dat ek my op die bevordering van godsdienskennis, Christelike sedes, orde en eendrag met alle ywer sal toelê; en ek verbind my om, sou dit bevind word dat ek teen enige gedeelte van hierdie verklaring en belofte gehandel het, my aan die uitsprake van die bevoegde kerkvergadering te onderwerp.

5 TOELATING TOT DIE EVANGELIEBEDIENING

Die eksamenkommissie ondersoek kandidate met die oog op toelating tot die evangeliebediening volgens onderstaande prosedures en vereistes.

5.1 Proponentseksamen

5.1.1 Tyd van eksamen

Die proponentseksamen word aan die einde van die teologiese studie afgeneem. As tegemoetkoming aan studente kan die eksamen op 'n buitengewone tyd afgeneem word, indien die kuratorium dit nodig ag.

5.1.2 Omvang van proponentseksamen

5.1.2.1 Die proponentseksamen bestaan uit 'n ondersoek na die akademiese kennis en bedieningsvaardighede van die studente en word deur die eksamenkommissie van die kuratoria afgeneem.

5.1.2.2 Die ondersoek na die bedieningsvaardigheid word deur die eksamenkommissie gedoen met die oog op die volgende:

5.1.2.2.1 die geskiktheid van die kandidaat om die Kerk ooreenkomstig die Skrif en die Belydenis te dien en sy/haar innerlike gehegtheid aan die leer van die Kerk;

5.1.2.2.2 sy/haar beweegredes om bedienaar van die Woord te word en sy/haar persoonlike godsvrug (soos onder meer verwoord in die Profiel van die Afgestudeerde student);

5.1.2.2.3 sy/haar bekwaamheid in die beoefening van die predikkunde, ook deur mondelinge voordrag wat, indien moontlik, voor 'n lid van die eksamenkommissie gelewer is. Met die oog hierop moet 'n voorgeskrewe proefpreek 'n maand voor die eksamen ingelewer word;

5.1.2.2.4 sy/haar bekwaamheid in die beoefening van pastorale sorg, waarvoor die eksamenkommissie insae het in die vertroulike verslag van die leraar(s) onder wie die student sy/haar praktiese werk in 'n gemeente gedoen het.

5.1.2.2.5 Verder word die geskiktheid van die kandidaat in ’n samespreking tussen die eksamenkommissie en die raad van NG Kerk-dosente bespreek. Die raad van NG Kerkdosente bevestig skriftelik dat die kandidaat die voorgeskrewe kursusse met vrug gevolg het en die eksamen suksesvol afgelê het; dat onder toesig van 'n diensdoende leraar van die Kerk ondervinding opgedoen het van die vereiste praktiese aspekte van die gemeentelike bediening; dat onder die toesig van een van die dosente 'n proefpreek gelewer is en dat die kandidaat se gedrag onbesproke is.

5.1.3 Bykomende vereistes

5.1.3.1 'n Verklaring van die kerkraad waar die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag.

5.1.3.2 'n Mediese sertifikaat op 'n voorgeskrewe vorm ten opsigte van goeie gesondheid. Bostaande stukke moet een maand voor die eksamen by die skriba van die Eksamenkommissie ingelewer wees. Die skriba lê by die aanvang van die eksamen die stukke aan die eksamenkommissie voor.

5.1.3.3 Bewys van deurlopende sielkundige evaluering soos deur die kuratorium bepaal.

5.1.4 Stemming

Oor die aanbeveling van die kandidaat vir die formele legitimasie word deur 'n volstrekte meerderheid van stemme met geslote stembriefies beslis. Die eksamenkommissie bevel die kandidate wat in die ondersoek geslaag het by die kuratorium aan vir sy beslissing. Die kuratorium lê die name van die toegelate kandidate aan die Algemene Taakspan Regte vir legitimasie voor.

5.1.5 Afwysing van ’n kandidaat

'n Kandidaat wat afgewys is, kan volgens die diskresie van die kuratorium weer op 'n tyd deur die kommissie bepaal, tot die eksamen toegelaat word.

5.2 *Colloquium Doctum* (KO Artikel 5.5.2)

5.2.1 Vereistes vir toelating

5.2.1.1 bewys van goeie sedelike gedrag deur middel van 'n getuigskrif uitgereik deur 'n bevoegde instansie;

5.2.1.2 bewys dat hy/sy 'n volledige teologiese kursus gelykstaande aan die sesjarige teologiese opleiding aan 'n teologiese opleidingsinrigting wat deur die NG Kerk erken word, voltooi het;

5.2.1.3 bewys dat hy/sy deur die betrokke sinode/sinodale kommissie ondersoek is met betrekking tot sy persoonlike geloofsekerheid, persoonlike ondervinding van die genade van God, roepingsbewustheid en geskiktheid vir die evangeliebediening.

5.2.1.4 Die kuratorium verwys alle persone wat vir *colloquium doctum* aanmeld, vooraf vir persoonlikheidsevaluering.

5.2.2 Inhoud van colloquium doctum

5.2.2.1 Die *colloquium doctum* is ’n toets van die kandidaat se wetenskaplike bekwaamheid, asook sy/haar kennis van die Gereformeerde teologie en sy/haar gehegtheid aan die leer van die Kerk. Dié ondersoek kan mondeling of skriftelik afgeneem word.

5.2.2.2 Elke eksamenkommissie moet 'n voorgeskrewe bestek aan kandidate vir *colloquium doctum* voorsien, sodat die leergehegtheid en die kennisvaardigheid van die kandidate onder andere aan die hand daarvan getoets kan word.

5.2.3 Afwysing by die colloquium doctum

Indien iemand by die *colloquium doctum* deur die betrokke eksamenkommissie afgewys word, mag hy/sy hom/haar na ses maande weer aanmeld vir herondersoek.

5.2.4 Aanbeveling vir legitimasie

Nadat *colloquium doctum* tot bevrediging van die eksamenkommissie afgelê is, word die kandidaat by die kuratorium vir sy/haar beslissing aanbeveel. Die kuratorium lê die naam van die kandidaat aan die Algemene Taakspan Regte voor vir legitimasie.

5.3 Legitimasie

5.3.1 Die Algemene Taakspan Regte behartig die legitimasie van goedgekeurde kandidate (KO Artikel 6). Hierdie kommissie sien toe dat die legitimasie-verklaring afgelê en onderteken word.

5.3.2 Plegtige toelating

Die geëksamineerde word met 'n gepaste woord deur die aktuarius van die Algemene Sinode of 'n lid van die Algemene Taakspan Regte tot die evangeliebediening toegelaat. In die reël geskied dit by geleentheid van 'n openbare kerklike byeenkoms wat vir die doel as afsluiting van die jaar se werksaamhede in oorleg met die kuratorium gereël is. 'n Akte van Legitimasie namens die Algemene Sinode, onderteken deur twee lede van die Regskommissie, word aan hom/haar uitgereik. Die gelegitimeerde kry die bevoegdheid van proponent.

5.3.3 Kennisgewing in die amptelike blad

Van sy/haar legitimasie word in die amptelike blad van die Kerk kennis gegee.

5.3.4 Die bevoegdhede van ’n proponent

Die bevoegdheid van 'n proponent word gereël deur die reglement vir die bevoegdheid van predikante en proponente van die Algemene Sinode. (Kyk Reglement 3: 3).

5.3.5 Studente wat in die buiteland studeer het

Studente van die NG Kerk wat in die buiteland studeer het, moet ook die proponentseksamen aflê voordat hulle gelegitimeer kan word.

5.3.6 Eise vir legitimasie van predikante of proponente uit ander kerke

'n Predikant van 'n ander kerk wat begeer om tot die bediening in die NG Kerk toegelaat te word, dien skriftelik 'n gemotiveerde aansoek in by die kuratorium van een van die teologiese fakulteite waar predikante vir die NG Kerk opgelei word. Hierdie aansoek moet vergesel wees van die getuienis van die ring van die NG Kerk binne wie se grense hierdie persoon as predikant in die bediening is, of woon (indien nie meer in die aktiewe bediening nie) en/ of van die kerk of gemeente van waaruit hy kom. Die kuratorium bepaal watter aanvullende opleiding nodig is, indien enige. Lidmaatskap van 'n gemeente van die NG Kerk word vereis voor enige verdere handeling. In die geval van aanvullende opleiding word so 'n persoon normaalweg saam met ander studente en na suksesvolle voltooiing van die vereiste studie gelegitimeer. Indien geen verdere aanvullende opleiding vereis word nie, word die persoon na *colloquium doctum* op die gebruiklike wyse gelegitimeer.

5.3.7 Persone uit inrigtings van erkende kerke

’n Persoon wat ’n volledige of gedeeltelike teologiese opleiding aan inrigtings van erkende kerke gevolg het, en wat na die eise van lidmaatskap van ’n gemeente van die NG Kerk gehandel het, word deur die kuratorium in oorleg met die raad van NG Kerkdosente aanbeveel nadat bewys gelewer is dat die opleiding van die betrokke kandidaat beantwoord aan vereistes wat gelykstaande is aan die standaard van opleiding van die NG Kerk. ’n Sodanige aansoeker word dan toegelaat om die deel van die opleiding wat nog ontbreek, aan te vul om te voldoen aan die vereistes van ’n volledige kursus en mag, na aflegging van die proponentseksamen (gewysig volgens die bepaalde omstandighede) gelegitimeer word.

5.3.8 Persone uit inrigtings van nie-erkende kerke

Van persone wat ’n volledige of gedeeltelike teologiese opleiding aan inrigtings van nie-erkende kerke gevolg het, word verwag om die vereiste teologiese studie aan een van die fakulteite waar predikante van die NG Kerk opgelei word, te voltooi.

5.3.9 Persone uit nie-kerklike inrigtings of fakulteite

’n Persoon wat sy teologiese opleiding geheel of gedeeltelik aan ’n inrigting/fakulteit wat nie aan die Kerk verbind is nie en waar die NG Kerk geen inspraak by die aanstelling van dosente of by die keuring, toesig, dissipline, opleiding en begeleiding van studente het nie, moet die vereiste teologiese kursus aan een van die teologiese fakulteite waar predikante van die NG Kerk opgelei word, voltooi alvorens hy/sy gelegitimeer kan word.

6 BYKOMENDE SINODALE BEPALINGE

Die betrokke sinode(s) wat kerklike beheer oor die teologiese opleiding uitoefen, kan na gelang van plaaslike omstandighede en verhoudinge met die universiteite verdere bepalinge neerlê, op voorwaarde dat dit nie in stryd is met die besluite van die Algemene Sinode soos in hierdie Reglement vervat nie.

7 PLEGTIGE LEGITIMASIE-VERKLARING DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Ek, die ondergetekende, ..., oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here

1. dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drieFormuliere van Eenheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;
2. dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;
3. dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer;
4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie;
5. dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou;
6. dat ek, om beroep te word, volgens die *Kerkorde* en besluite van die NederduitseGereformeerde Kerk sal optree;
7. dat ek my op die uitbreiding van die Koninkryk van God sal toelê deur die bevordering van die kennis van, vertroue in en gehoorsaamheid aan die Drie-enige God;
8. dat ek myself verbind tot voortgesette teologiese opleiding.

Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormelde.

_____

Geteken te _____op hierdie _____ dag

van 20_____

Geteken in my teenwoordigheid: _____

(Namens die Algemene Taakspan Regte)

8. VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING (VBO)

8.1 Die kommissie wat voortgesette bedieningsontwikkeling koördineer en die Algemene Sinode ten opsigte van beleid adviseer, is ATTO.

8.2 Op grond van die besluite van die Algemene Sinode is dit onontbeerlik vir alle predikante om gereeld kursusse en programme in voortgesette bedieningsontwikkeling te volg.

8.3 Elke kuratorium sien toe dat voortgesette bedieningsontwikkeling tot bevrediging van die kerk aangebied word.

8.4 ’n Verteenwoordiger van die VBO-Forum dien in ATTO.

REGLEMENT AS15 - REGLEMENT VIR DIE SENDING/GETUIENIS VAN DIE NG KERK

1 DEFINISIE

1.1 Sending is die heilshandeling van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader.

Deur dié gemeente

* laat God sy Woord aan die gevalle wêreld verkondig,
* bring Hy die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies tot stand; en
* laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,
* laat Hy sy opdrag om die skepping te bewaar en te bewerk sigbaar tot uitdrukking kom;
* en word sy geregtigheid aan die samelewing en die wêreld verkondig.

So laat Hy sy koninkryk kom tot by die voleinding van die wêreld.

1.2 Daarom aanvaar die NG Kerk dit as die bestaansin en -bestemming om deur God gebruik te word in sy handeling met die mens en die wêreld.

1.3 Gelowiges uit elke taal en nasie wat sodoende vergader word, vorm met al die gelowiges 'n eenheid in die ware geloof in Christus.

1.4 Deur getuienis bedien die Kerk die evangelie in al sy dimensies aan mense buite die Kerk.

1.5 Getuienis is die roeping van elke lidmaat asook van die plaaslike gemeente. Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband van ringe en sinodes onderneem.

1.6 Waar binne een geografiese gebied meer as een NG Kerkverband bestaan, word getuieniswerk in oorleg en samewerking met mekaar gedoen.

2 UITVOERING

2.1 Kerklike sendingbetrokkenheid

2.1.1 Waar sending die heilshandeling van God met die wêreld is met die oog op die koms van sy koninkryk, is die Kerk as sy dienaar wesenlik daarby betrokke.

2.1.2 Dit is die plig van die kerkraad om die gemeente te motiveer en toe te rus om as missionêre gemeente betrokke te wees by die heilshandeling van God met die wêreld. Hierdie betrokkenheid sluit in persoonlike getuienis deur woord en lewe, die beoefening van geloofsgemeenskap, voorbidding, rentmeesterskap, die diens van barmhartigheid en die ywer vir reg en geregtigheid in die samelewing.

2.1.3 Vir die koördinering, stimulering en uitvoering van die sendingtaak benoem die kerkraad 'n getuieniskommissie.

2.1.4 Elke kerkraad onderneem getuieniswerk binne sowel as buite eie gemeentegrense na gelang van omstandighede. In alle gevalle geskied hierdie werk in oorlegpleging met, en waar moontlik in samewerking met ander lede van die NG Kerkfamilie (gemeente, ring of sinode) wat belang mag hê by die betrokke werksaamheid.

2.1.5 Waar die omvang van die getuienistaak dit vereis, kan die kerkverband deur ring en sinode die plaaslike kerkraad in die uitvoering van die getuienistaak steun.

2.1.6 Die Ringsendingkommissie (RSK) / Ringskommissie vir Getuienis (RKG) en die Sinodale Sendingkommissie (SSK) / Sinodale Kommissie vir Getuienis (SKG) neem respektiewelik die verantwoordelikheid vir die sending-/ getuienisaangeleenthede in die rings- en sinodale gebiede.

2.1.7 Waar getuieniswerk buite die grense van die gemeente of buite die RSA geskied, moet waar moontlik, skakeling en samewerking wees met ander kerke en getuienis/sendinginstansies wat reeds daar bestaan.

2.1.8 Waar 'n sinode 'n getuienisaksie begin met spontane bydraes van lidmate vanuit die hele Kerk ('n "geloofsending"), moet ander sinodes wie se lidmate daarby betrokke word, ook in die saak geken word.

2.1.9 Die Algemene Sinode bepaal die getuienis/sendingbeleid van die NG Kerk. Die Algemene Kommissie vir Getuienis (ASKG) dien die sinode met advies in dié verband.

2.1.10 Deur middel van bedienings op die terreine van byvoorbeeld mediese werk, onderwys, l ektuurvoorsiening, tegniese hulpmiddels, sosio-ekonomiese opheffing, getuienis teenoor die owerheid en missionêre barmhartigheidsdiens streef die Kerk daarna om die koninkryk van God op omvattende wyse met woord en daad te bedien.

2.2 Toerusting vir Getuienis

Die NG Kerk aanvaar dit as sy taak en verantwoordelikheid om lidmate en ander werkkragte op te lei en toe te rus met die oog op sy eie getuienisverantwoordelikheid asook met die oog op beskikbaarstelling van werkkragte, waar verlang of benodig, vir diens by ander lede van die NG Kerkfamilie. Die opleiding en toerusting geskied op die volgende wyse:

2.2.1 deur lidmate te skool en te aktiveer vir getuienis met woord en daad;

2.2.2 deur getuieniswerkkragte op te lei en toe te rus vir 'n bepaalde deeltydse of heeltydse taak waarvoor hulle 'n roeping het, of vir die dienswerk wat hulle gevra mag word om by ander lede van die NG Kerkfamilie te verrig;

2.2.3 deur die opleiding van bedienaars van die Woord vir missionêre diens op die volgende terreine:

2.2.3.1 die opbou van gemeentes tot missionêre gemeentes;

2.2.3.2 die bediening as sendelinge op 'n bepaalde sendingakker;

2.2.3.3 die bediening as heeltydse leraar by 'n ander lid van die NG Kerkfamilie waarheen hy/sy beroep mag word;

2.2.3.4 'n bediening van spesialiteitswerk op bepaalde terreine as gesekondeerdes na 'n ander lid van die NG Kerkfamilie indien daarvoor 'n behoefte bestaan;

2.2.3.5 'n bediening in die wêreldsending.

2.3 Lidmate vir getuienisdiens onder die vleuels van ander kerke en getuienis/sending-organisasies

Die NG Kerk keur dit goed dat lidmate hulle by kerke en sendingorganisasies wat vir die Kerk aanvaarbaar is, kan aansluit vir getuienisdiens veral in ander wêrelddele, mits hulle by hul Belydenis bly en die NG Kerk se sending/getuienisbeleid daardeur gedien word. Vir hierdie soort diens word die volgende bepaal:

2.3.1 Die sinodale sendingkommissie(s)/kommissie(s) vir getuienis bepaal met watter kerke en organisasies ooreenkomste in dié verband aangegaan mag word.

2.3.2 Wanneer lidmate begerig is om by 'n erkende kerk of organisasie te gaan werk, word 'n ooreenkoms met die werkgewers aangegaan insake aangeleenthede soos lewensonderhoud, reiskoste, verblyf, pensioenvoordele en kerklike lidmaatskap van en toesig oor die betrokke werker.

2.3.3 Lidmate wat begerig is om getuieniswerk buite 'n arbeidsterrein van die NG Kerk te doen, verkry, indien nodig, 'n buitelandse reisattestaat van hul kerkraad.

2.3.4 Lidmate wat voornemens of begerig is om by so 'n erkende kerk of organisasie in te skakel, tree met die betrokke sinodale sending/getuieniskommissie in verbinding.

2.4 Basis waarvolgens met ander kerke en organisasies saamgewerk kan word

2.4.1 Die kerke en organisasies moet van Protestants-Christelike belydenis wees;

2.4.2 NG Kerkwerkers moet die vryheid hê om hul geloofsbeskouing ooreenkomstig die Drie Formuliere van Eenheid te behou;

2.4.3 Lidmate moet eweneens die vryheid behou om in beskouinge waaroor daar verskille tussen gelowiges bestaan, hul eie standpunt daarop na te hou;

2.4.4 Van NG Kerkwerkers word verwag om getrou te bly aan die leer van hulle Kerk.

2.5 Gelegitimeerdes in getuienisdiens onder die vleuels van ander kerke en sending(getuienis) organisasies

2.5.1 Ten opsigte van hul bedieningsbevoegdheid is daar drie kategorieë waarvolgens gelegitimeerdes in sending/getuienisdiens gebruik kan word.

2.5.1.1 Evangeliedienaars van die NG Kerk wat in erkende kerke vir getuienis/sendingwerk beroep en bevestig word. Omdat hulle bevoegdheid in daardie kerk kry, verloor hulle bevoegdheid in die NG Kerk (predikante van die lidkerke van die NG Kerkfamilie en kerke waarmee die ADD of 'n SSK/SKG 'n bedienings/sekonderingsooreenkoms het, uitgesluit).

2.5.1.2 Predikante en proponente van die NG Kerk wat deur kerkvergaderings of hul gemagtigdes uitgestuur word vir getuieniswerk saam met ander kerke en organisasies behou hul bevoegdheid solank hulle met hierdie opdrag besig is.

2.5.1.3 Predikante en proponente van die NG Kerk wat 'n werk saam ander kerke of organisasies wil aanvaar wat

* na die oordeel van die Algemene Taakspan Regte 'n geestelike karakter dra;
* met die verkondiging van die Woord in regstreekse verband staan; en
* ten bate van die NG Kerk geag word, kan by die Algemene Taakspan Regte aansoek doen vir die behoud van proponentbevoegdheid. Indien proponentbevoegdheid aan hulle toegeken word, moet hulle elke jaar voor 30 Junie by die Algemene Taakspan Regte aanmeld ten einde aan te dui of hulle steeds beskikbaar is vir beroeping.

2.5.2 Pensioen van hierdie gelegitimeerdes

'n NG Kerk-instansie wat 'n gelegitimeerde beroep en uitstuur, moet in belang van so 'n persoon deelhebber word van een van die sinodale pensioenfondse.

2.5.3 Lewensonderhoud van hierdie gelegitimeerdes

Waar 'n NG Kerk-instansie 'n proponent of predikant vir 'n eie getuienisaksie beroep en uitstuur, kan die lewensonderhoud op een van die volgende wyses gereël word: (volgens 2.5.1.2)

2.5.3.1 Die beroepende instansie is verantwoordelik vir pensioen en ander verpligtinge (KO Art 13).

2.5.3.2 Die pensioen word deur die beroepende instansie in stand gehou terwyl die verdere ondersteuning van die pos op 'n vrywillige bydrae-basis gevind word met die goedkeuring van die betrokke sinodale kommissie of ring.

2.5.3.3 Die pensioenaandeel en diensvoordele word deur die beroepende instansie in stand gehou en oor die verdere lewensonderhoud word met die samewerkende kerk of organisasie ooreengekom (vgl Riglyne vir die bevoegdheid van leraars van die NG Kerk wat saam met ander organisasies of kerke werk, Handelinge Algemene Sinode 1998, p421, 3.5.4).

(Vgl ook Riglyne vir die bevoegdheid van leraars van die NG Kerk wat saam met ander organisasies of kerke werk, Handelinge Algemene Sinode 1998, bl. 421, 3.5.4).

2.5.4 Kerklike inskakeling van gelegitimeerdes volgens 2.5.1.2

2.5.4.1 Gestuurdes skakel kerkregtelik volledig in by die gemeente wat hulle stuur, en is ook deel van die kerkregering van die sturende gemeente.

2.5.4.2 Waar gestuurdes ver van die sturende gemeente woon, gaan die sturende gemeente ‘n ooreenkoms aan met ‘n gemeente waar die gestuurde woonagtig is. Die ooreenkoms reël onder andere dat die gestuurde sy/haar lidmaatsregte daar geniet, wat deelname aan die kerkregering kan insluit.

2.6 Lidmaatskap en kerkverband

2.6.1 Gelowiges uit elke taal en nasie wat deur die getuienisaksie van die NG Kerk vergader word, en deur doop en belydenis lidmate word van die Kerk van Christus, vorm met alle gelowiges 'n eenheid in die ware geloof in Christus as lidmate van sy liggaam.

2.6.2 Sulke lidmate sal waar moontlik inskakel by 'n gemeente van die NG Kerkfamilie. By gebrek aan sodanige gemeente kan hulle, ná onderhandeling, by 'n ander kerkverband inskakel of kan daar, wanneer genoegsaam getalle bestaan, tot selfstandige gemeentevorming oorgegaan word.

2.6.3 Ter wille van meer doeltreffende Woordbediening is dit wenslik dat elkeen "in sy eie taal praat oor die groot dinge wat God gedoen het" (Handelinge 2:11). Daarom behoort daarvoor ruimte te bestaan dat Woordbediening en aanbidding kan geskied met inagneming van eiesoortige taal- en kultuuragtergrond en bedieningsbehoeftes.

2.6.4 Indien 'n bepaalde groep gelowiges dit mettertyd sou verlang en omstandighede dit regverdig, kan daar ruimte vir hulle geskep word om in eie gemeenteverband op te tree ooreenkomstig hul eie bedieningsbehoeftes binne die verband van eie taal en kultuur, maar verkieslik word aansluiting gesoek by die staande kerk in die streek waarmee die NG Kerk die nouste bande het.

2.6.5 Eie gemeentevorming impliseer ook die moontlikheid van eie breër verbande van ring en sinode. Hier sal faktore soos geografiese verwyderdheid, staatkundige bestel en die behoefte aan inkleding van die evangelie in eie kulturele konteks 'n rol speel. Voorop bly egter staan dat die eenheidsband met die bestaande kerk in die NG Kerkfamilie in die streek sover moontlik behoue bly en steeds uitdrukking sal vind op die mees sinvolle en effektiewe wyse.

2.7 Die NG Kerkfamilie

2.7.1 Die NG Kerk aanvaar dat die eenheid van die kerk 'n onmisbare toetssteen is vir die egtheid en geloofwaardigheid van die kerk se getuienis in die wêreld (Kerk en Samelewing, par 83).

2.7.2 Daarom onderskryf die NG Kerk die ideaal van één kerkverband binne die NG Kerkfamilie (Kerk en Samelewing, par 236).

2.7.3 Met die oog op die opbou van die kerk tot getuienislewering in die wêreld, onderskryf die NG Kerk die beginsel van wederkerige hulp en bystand ten opsigte van behoeftes binne die hele NG Kerkfamilie.

2.7.4 Solank die hele NG Kerkfamilie nog nie in een kerkverband verenig is nie, geld die volgende ten opsigte van die wedersydse beskikbaarstelling van werkkragte binne die NG Kerkfamilie:

2.7.4.1 Die NG Kerk kan bedienaars van die Woord vir ander lede beskikbaar stel as hulle dit versoek. Hierdie leraars word in ooreenstemming met die kerkordes en bepalinge van die onderskeie kerkverbande beroep en bevestig, of soos ooreengekom in die ooreenkomste tussen die betrokke sinodes.

2.7.4.2 Bedienaars van die Woord wat deur die NG Kerk beskikbaar gestel word en beroep en bevestig is in 'n ander kerkverband van die NG Kerkfamilie, se bevoegdheid en opsig en tug word bepaal deur die kerkorde van daardie kerkverband.

2.7.4.3 Die NG Kerk kan kundiges op die gebied van teologiese opleiding, jeugwerk, sending, evangelisasie, kerklike administrasie, diakonaat, ensovoorts op versoek van 'n ander lid van die NG Kerkfamilie vir tydelike diens in daardie kerkverband beskikbaar stel. Hulle posisie met betrekking tot die strukture van die ander kerkverband word by wyse van onderlinge ooreenkomste gereël.

2.7.4.4 Ander werkkragte uit die NG Kerk wat volgens ooreenkoms dienswerk in 'n lidkerk van die NG Kerkfamilie verrig, word lidmate van die betrokke kerk. In 'n gebied waar nie 'n gemeente van die NG Kerkfamilie bestaan nie, bly hulle lidmate van die NG Kerk.

2.8 Gesamentlike Getuieniswerk

2.8.1 Die NG Kerk aanvaar die beleid van gesamentlike getuienis/sending as verantwoorde benadering. Indien getuieniswerk in 'n gebied of land gedoen word waar daar reeds 'n kerk uit die NG Kerkfamilie bestaan, word samewerking gesoek.

2.8.2 Indien die NG Kerk in 'n gebied of land werk waar daar nog nie 'n gemeente van een van die lidkerke van die NG Kerkfamilie is nie, kan die NG Kerk self of saam met ander lidkerke sendelinge beroep, bevestig en uitstuur.

2.8.3 Waar geleentheid tot gesamentlike getuiens voorkom, kan gesamentlike kommissies vir getuienis van die betrokke lidkerke van die NG Kerkfamilie in die lewe geroep word om verantwoordelikheid vir die werk te aanvaar.

2.8.4 Gesamentlike getuienisaksies word gereël volgens onderlinge ooreenkoms tussen die betrokke kerklike liggame.

2.9 Skakeling met die owerheid

2.9.1 Die kerk se roeping tot getuienis behels ook skakeling met die owerheid op alle vlakke oor aangeleenthede op die terrein van getuienis.

2.9.2 Skakeling met die owerheid wat betref die terrein van die getuienis geskied volgens Art 67 van die *Kerkorde*.

REGLEMENT AS16 – REGLEMENT VIR TENTMAKERBEDIENING

1 BESTAANDE POSTE

1.1 Indien 'n gemeente nie finansieel in staat is om 'n bestaande predikantspos langer ten volle te dra nie, mag daar met inagneming van Art 7.6 en die besluite by *Kerkorde* Art 12 (bedryfsvereistes) tot 'n tentmakerbediening oorgegaan word.

2 NUWE POSTE

2.1 Indien 'n gemeente 'n behoefte het aan 'n verdere leraarspos in die gemeente, maar nie in staat is om 'n volle predikantspos te dra nie, mag daar tot die beroeping van 'n leraar vir tentmakerbediening oorgegaan word.

3 PROSEDURE VIR IMPLEMENTERING

3.1 Indien 'n kerkraad 'n bestaande gevulde pos na 'n tentmakerbediening wil omskep, beding die kerkraad 'n gewysigde diensooreenkoms met die betrokke leraar. 'n Verteenwoordiger van die ring is in adviserende hoedanigheid deel van hierdie onderhandelinge.

3.2 Indien 'n kerkraad oorgaan tot die omskepping van 'n bestaande vakante pos na tentmakerbediening of die skepping van 'n nuwe pos vir tentmakerbediening, vervat die kerkraad die vereistes, voorwaardes en diensvoordele verbonde aan die pos in 'n konsepooreenkoms. 'n Verteenwoordiger van die ring adviseer die kerkraad hierin.

3.3 Die Kerkraad bring 'n beroep in ooreenstemming met die voorgeskrewe kerklike bepalings en by wyse van 'n groslys uit. Die kerkraad sien toe dat die vereistes van die plegtige legitimasieverklaring nagekom word en dat daar geen ooreenkoms of afspraak is nie. By oorweging en aanvaarding van die beroep, word uitvoering gegee aan *Kerkorde* Art 7.4 tot 7.8.

4 SAKE WAT DIE AANDAG VAN DIE KERKRAAD MOET GENIET BY DIE IMPLEMENTERING VAN TENTMAKERBEDIENING

4.1 'n Tentmakerspos moet die karakter van 'n gewone leraarspos vertoon. 'n Tentmaker is 'n gemeenteleraar wat deeltyds, soos ooreengekom, die ampspligte van Art 9 van die *Kerkorde* onder lidmate van die gemeente of onder ander persone binne die gemeentegrense vervul.[20]

4.2 Die kerkraad moet te alle tye daarteen waak dat 'n tentmakerspos geskep en/of misbruik word bloot vir die verkryging/behoud van predikantsbevoegdheid of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry.

4.3 Tentmakersposte mag nie meer wees as die voltydse leraarsposte van die gemeente nie, tensy die gemeente slegs 'n tentmakerspos het.[21]

4.4 By die oorweging van 'n tentmakerspos, bepaal die kerkraad of dit nie eerder 'n pos vir pastorale hulp moet wees nie.

4.5 Die kerkraad lewer voor die implementering van tentmakerbediening waarborg van genoegsame finansiële voorsiening vir die gemeente se kontraktuele deel van die tentmaker se lewensonderhoud. As 'n bedienaar van die Woord binne of buite die gemeente ondersteuners moet werf om in die gemeente se kontraktuele bydrae tot sy/haar lewensonderhoud te voorsien, kan dit nie as tentmakerbediening geag word nie (kyk *Kerkorde* Art 13).

---

[20] Die begrip ‘deeltyds’ verwys na die bediening van ‘n leraar wat in ‘n bepaalde gemeente bevestigis en wat volgens diensooreenkoms vir ‘n vasgestelde gedeelte van sy tyd slegs ‘n gedeelte van sy lewensonderhoud van die gemeente ontvang.

[21] Die begrip ‘voltyds’ verwys na die bediening van ‘n leraar wat in ‘n bepaalde gemeente bevestig is en wat volgens dienskontrak sy volle lewensonderhoud van die gemeente ontvang.

4.6 Tentmakerbediening staan met die werksaamhede van die gemeente in direkte verband. Dit mag nie gebruik word as dekmantel om 'n eie bediening of gevestigde praktyk of afsonderlike werksaamheid buite gemeenteverband te vestig of voort te sit nie.

4.7 Die tentmaker beoefen sy/haar bediening deurentyd ooreenkomstig Art 9 van die *Kerkorde*.

4.8 Die Kerkraad sien toe dat 'n tentmaker se pensioenvoorsiening in orde is.

4.8.1 Indien 'n tentmaker ook in diens van 'n ander werkgewer staan, kan hy/sy met vooraf toestemming van die trustees van die sinodale pensioenfonds ten volle by die ander werkgewer se wetlik-goedgekeurde pensioenskema, groeplewensdekking en/of mediese fonds inskakel.

4.8.2 Indien 'n tentmaker nie in diens van 'n ander werkgewer staan nie, of in diens staan van 'n ander werkgewer wat nie oor 'n wetlik-goedgekeurde pensioenskema, groeplewensdekking en/of mediese fonds beskik nie, moet die tentmaker by die betrokke sinodale pensioenfonds, groeplewensdekking en/of mediese fonds inskakel. Die pensioenaandeel en/of lidmaatskap van die groepversekering- en/of mediese fonds word deur die kerkraad geadministreer. Tentmakers mag by hulle eggenoot se mediese fonds by 'n ander werkgewer inskakel indien so versoek word.

4.9 Die wyse van diensbeëindiging

Soos enige voltydse predikant in kerkdiens word 'n tentmaker se verbintenis met 'n gemeente kontraktueel vasgestel tot op die datum waarop 'n beroep na 'n ander gemeente/werkkring aanvaar (demissie) word of totdat die vasgestelde aftree-ouderdom (emeritaat) bereik is. Ander wyses van diensbeëindiging, soos van toepassing op 'n predikant wat ten volle deur 'n gemeente versorg word is ook op 'n tentmaker van toepassing.

4.10 Dienskontrakte met die ander werkgewer(s)

By die aangaan van 'n diensooreenkoms met 'n tentmaker, bepaal die kerkraad sy voorwaarde(s) vir die tentmaker se diens aan die ander werkgewer(s). Die aangaan van alle toekomstige diensooreenkomste met ander werkgewers, moet vooraf deur die kerkraad goedgekeur word.

5 AFVAARDIGING NA MEERDERE VERGADERINGS

Kerkrade behoort nie onderskeid te maak tussen 'n tentmaker en 'n ander leraar wanneer die afvaardiging van 'n gemeente na meerdere vergaderings aangewys word nie, tensy verpligtinge deur die ander werkgewer opgelê, dit verhinder.[22]

[22] 'n Pos vir pastorale hulp, byvoorbeeld proponent of emeritus, moet nie beskou word as 'n tydelike leraarspos nie, maar as 'n pos vir 'n kontrakwerker met 'n vooraf vasgestelde dienstermyn. Sodanige werkkragte word nie beroep en in die gemeente bevestig nie.

REGLEMENT AS18 - DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK EN ANDER CHRISTELIKE KERKE EN GROEPE

1 BEPALING VAN DIE VERHOUDING TOT ANDER KERKE EN GROEPE

1.1 Die Woord van God is die primêre maatstaf en basis by die bepaling van die NG Kerk se houding teenoor en verhouding tot ander kerke en godsdienstige groepe.

1.2 Hoe 'n kerk die Bybel verstaan, die hoofsaak van die boodskap van die Bybel interpreteer en dit op die lewe toepas, staan uitgedruk in die kerk se belydenisskrif(te).

1.3 Die belydenisgrondslag wat die NG Kerk onderskryf en waaraan hy hom gebonde ag, is:

1.3.1 Die drie ekumeniese belydenisse, nl die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius, wat die NG Kerk met die meeste ander Christelike kerke deel.

1.3.2 Die drie Formuliere van Eenheid, nl die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, wat die NG Kerk met 'n aantal gereformeerde kerke deel en wat die eiendomlike van die NG Kerk is.

1.4 Die NG Kerk se belydenisgrondslag is ondergeskik aan die Bybel en moet steeds daaraan getoets word.

1.5 Dit is nie voldoende dat 'n belydenis op papier staan of dat iemand dit op 'n stadium in die verlede onderskryf het nie. Daar moet ook gevra word of 'n bepaalde kerk en sy lidmate hulle daardeur gebonde ag en of die belydenis in 'n godvrugtige lewe konkreet word.

1.6 Die gesamentlike kriteria vir bepaling van die NG Kerk se houding teenoor en verhouding tot ander kerke en groepe is dus die wil van God Drie-enig soos in die Bybel weergegee, en weerspieël in

* die Belydenis
* die Kerkorde
* die erediens
* die Christelike lewenswandel, diens en getuienis.

(Vgl. Agenda van die Algemene Sinode 1994, p 66, punt 14.2.1 tot 14.2.5 vir 'n bespreking van dié kriteria.)

2 GROEPERINGE VAN DIE CHRISTENDOM

2.1 Om kerke en Christelike groepe in te deel, is moeilik omdat sekeres in meer as een kategorie pas en ander nêrens. Verder moet daar rekening gehou word met die feit dat kerke nie staties is nie, maar gedurig besig is om te verander en dat sekere kerke gekenmerk word deur 'n patroon van wyduiteenlopende modaliteite wat onder een struktuur gehuisves word. Oor die aard en graad van die NG Kerk se verhouding tot onderstaande kerke word deur die Algemene Sinode beslis (vgl ook 3.1.2, 3.1.4, 3.2 en 3.3).

2.2 Hier word uitgegaan van die groot groeperinge van die Christendom soos dit in die geskiedenis ontvou het, nl

2.2.1 Gereformeerde kerke

Waaronder die Familie van NG Kerke, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die Afrikaanse Protestantse Kerk, die Presbiteriaanse Kerke, die Church of England in Southern Africa en die Congregational Church.

2.2.2 Ander Protestantse kerke

Waaronder die Lutherse kerke, die Church of the Province of South Africa (die Anglikaanse Kerk), die Methodist Church, die Baptiste Kerke (in onderskeiding van die Hatfield Christian Church/Centre) en die Evangelies Gereformeerde Kerk.

2.2.3 Pinkster en Charismatiese kerke

Die pinkstergroepe, bv die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, die Volle Evangelie

Kerk, die Pinkster Protestantse Kerk en die Assemblies of God. Charismatiese groepe, bv die Hatfield Christian Church/Centre en Rhema. Ander, bv die Kerk van die Nasarener en die Sewende Dag Adventiste.[23]

2.2.4 Nie-Reformatoriese Kerke

Waaronder die Rooms Katolieke Kerk en die Oosters Ortodokse Kerke.

2.2.5 Afrika Onafhanklike Kerke

2.2.6 Ander groepe

Waaronder die Jehovasgetuies, die Christian Science, die Church of Jesus Christ of the Latter Day Saints (die Mormone) en die Apostelkerke (die Ou Apostel Kerk, die Nuwe Apostel Kerk, die Apostel Eenheid, die Twaalf Apostels, ensovoorts).

3 PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE KRITERIA

3.1 Samewerking met ander Christelike kerke

3.1.1 Die NG Kerk stel hom ten doel om op 'n verantwoordelike wyse, sonder prysgawe van die eie standpunt, met ander Christelike kerke saam te werk ter bevordering van die Koninkryk van God.

3.1.2 Die graad en wyse van samewerking sal in elke geval bepaal word deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, Kerkorde, erediens en die Christelike lewenswandel van die betrokke kerk (vgl 1.6 hierbo).

3.1.3 Ekumene moet deur alle kerkvergaderinge beoefen word te wete die Algemene Sinode, sinodes, ringe en kerkrade. Dit is nodig om te beklemtoon dat plaaslike ekumene op die agenda van elke kerkraad moet bly.

3.1.4 Die Algemene Sinode bepaal die beleid oor die aard en graad van ekumeniese verhoudinge (vgl KO Art 70 en gepaardgaande Besluit).

3.2 Verlening van kerklike voorregte sonder oordrag van lidmaatskap

3.2.1 Die doop

3.2.1.1 Die doop word aan kinders van lidmate van kerke uit die eerste vier groeperinge, wat nie die verbondsdoop verwerp nie, bedien, mits hulle skriftelike verlof daartoe van die betrokke kerkraad of instansie van die kerk waaraan hulle behoort, ontvang het.

3.2.1.2 Lidmate van kerke uit die eerste vier groeperinge wat nie die verbondsdoop verwerp nie, kan, met toestemming van hulle eie kerkraad en na die dooponderhoud, toegelaat word om saam met hulle eggenoot/eggenote, wat lidmaat van die NG Kerk is, by te staan by die doopbediening van hulle kinders en ook op die vrae te antwoord.

3.2.1.3 Lidmate van kerke wat die verbondsdoop verwerp, persone uit groepering 5 en 6, asook mense wat Christus bely, maar nie formeel aan 'n kerk behoort nie, kan na die dooponderhoud toegelaat word om saam met hulle eggenoot/eggenote, wat lidmaat van die NG Kerk is, by te staan by die doopbediening van hulle kinders sonder dat die vrae aan hulle gestel word en hulle daarop moet antwoord.

3.2.1.4 Die kerkraad van 'n NG gemeente kan aan lidmate toestemming verleen om hulle kinders in 'n gemeente van 'n kerk uit die eerste twee groeperinge (vgl 2.2.1 en 2.2.2) te laat doop.

3.2.2 Die nagmaal

3.2.2.1 In gemeentes van die NG Kerk mag besoekers die nagmaal gebruik op voorwaarde dat hulle toegang en vrymoedigheid daartoe in hulle eie gemeentes het.

Die volgende sou as moontlike voorbeeld kon dien van 'n uitnodiging tot deelname aan die nagmaal:

'Aangesien die kerk van Christus meer omvattend is as slegs hierdie gemeente word elkeen van u wat u persoonlike verlossing in Jesus Christus gevind het, in u eie gemeente

[23] Hierdie twee kerke word vir praktiese redes hier geplaas.

toegang tot die nagmaal en vrymoedigheid daartoe het en wat u kan vereenselwig met die leer oor die nagmaal, soos dit in die formulier aan u voorgehou is, uitgenooi om aan hierdie nagmaalsfees deel te neem. Wie egter die genadewerk van God minag en tog deelneem, eet en drink 'n oordeel oor hulle self'.

3.2.2.3 In ekumeniese verhoudinge op sowel gemeentelike as sinodale vlak word wedersydse toeganklikheid al dan nie van die betrokke kerke bespreek en dienooreenkomstige gedragswyses bepaal.

3.2.2.4 Lidmate van 'n NG gemeente kan op besoek in 'n ander kerk nagmaal gebruik indien daardie kerk dit toelaat. Lidmate behoort dus voortdurend ingelig te word oor die sin van die nagmaal en die implikasies wat dit het vir die wyse waarop 'n mens as nagmaalsgas in ander gemeentes en kerke optree. Hierdie inligting kan verskaf word deur die prediking, die inkleding van die liturgie en die kategese.

3.3 Oorkoms na 'n Nederduitse Gereformeerde Gemeente

3.3.1 Algemeen

3.3.1.1 Geloof in die God van die Heilige Skrif soos dit in die Formuliere van Eenheid tot uitdrukking kom, is die enigste voorwaarde om aan 'n NG gemeente as gemeente van Christus te behoort.

3.3.1.2 Lidmaatskap van alle NG gemeentes is oop vir enige gelowige wat die belydenis van hierdie kerk aanvaar.

3.3.1.3 Die opneem van lidmate uit ander kerke is in beginsel en praktyk 'n gemeentelike aangeleentheid wat onder die toesig van die kerkraad en in ooreenstemming met die amptelike ordereëlings plaasvind.

3.3.1.4 In elke geval waar iemand uit 'n ander kerk of groep na 'n NG gemeente wil oorkom/terugkom, moet 'n deeglike pastorale gesprek gevoer word oor alle aspekte van die leer en lewe van so iemand (vgl hier ook 1.6) en oor die beweegredes vir die aansoek.

3.3.1.5 Tydens hierdie pastorale gesprek moet rekening gehou word met die feit dat nie alle lede van 'n bepaalde kerk dieselfde geestelike ingesteldheid en geestelike peil het of dieselfde opvattinge huldig nie.

3.3.2 Aanvaarding van doop

3.3.2.1 Die doop van persone uit ander kerke word aanvaar mits dit

* geskied het in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees;
* met water bedien is, en
* bedien is deur 'n persoon wat afgesonder is vir die bediening van die Woord en die sakramente.

3.3.2.2 Die doop van persone wat in een van die Apostelkerke (waaronder die Ou Apostel Kerk, die Nuwe Apostel Kerk, die Apostel Eenheid en die Twaalf Apostels) gedoop is, word nie aanvaar nie.

3.3.3 Belydende lidmaatskap

3.3.3.1 In die pastorale gesprek met persone wat uit kerke uit die eerste twee groeperinge van kerke na 'n NG gemeente wil oorkom, word gelet op punte van verskil in leer en lewe sodat die persoon die leer van die NG Kerk heelhartig kan onderskryf.

3.3.3.2 Van persone uit kerke uit groepering 3 en 4 word naas die pastorale gesprek ook gedeeltelike of volledige onderrig met belydenis van geloof voor 'n kommissie van die kerkraad of voor die gemeente vereis.

3.3.3.3 Persone uit die vyfde en sesde groeperinge moet 'n deeglike kategese deurloop en openbare belydenis van geloof aflê.

REGLEMENT AS19 - REGLEMENT VIR DIE VERLOF VAN PREDIKANTE EN SINODALE AMPTENARE

(Sinodale amptenare hierna predikante genoem)

1 JAARLIKSE VERLOF

1.1 Kerkrade/kommissies reel en notuleer verlof waarop die predikant soos ooreengekom jaarliks geregtig is, met inagneming van die besondere omstandighede van die gemeente en advies wat van tyd tot tyd deur die ATDV gegee word. Ongereelde werksure, werksdruk en gesinsomstandighede word ook in ag geneem. ‘n Minimum van 30 dae en ‘n maksimum van 42 kalenderdae verlof per jaar kan toegeken word.

1.2 Verlof val 'n predikant pro rata vanaf bevestiging (diensaanvaarding) toe.[24]

1.3 Verlof kan oorgedra word na 'n volgende jaar, onderhewig aan die bepaling dat:

1.3.1 'n predikant in enige stadium slegs 30 dae opgehoopte verlof tot krediet mag hê;

1.3.2 'n maksimum van 30 dae opgehoopte verlof[25] by diensbeëindiging uitbetaalbaar is. Vir die berekening van die waarde van die verlof geld lewensonderhoud en alle toelaes met die insluiting van behuisingsvoordele.[26]

2 SIEKTEVERLOF

2.1 Kerkrade/kommissies kan aan predikante siekteverlof met volle lewensonderhoud en toelaes toestaan:

2.1.1 120 dae siekteverlof word in siklusse van 3 jaar toegestaan;

2.2.2 In die geval van oorskryding van toegekende siekteverlof binne ‘n siklus van drie jaar, kan ‘n werknemer kies om enige vakansieverlof tot sy/haar beskikking aan te wend vir siekteverlof. Indien geen toegekende siekteverlof of vakansieverlof meer vir ‘n werknemer beskikbaar is nie en die werknemer steeds deur swak gesondheid verhinder word om sy/haar werksaamhede doeltreffend te verrig, kan so ‘n werknermer aansoek doen vir verdere siekteverlof en in die geval waar so ‘n aansoek goedgekeur word neem die werkgewer ‘n besluit oor vergoeding vir daardie tydperk.

2.2.3 In die geval van ‘n werknemer wat aansoek doen om verdere siekteverlof soos hierbo bedoel kan die werkgewer, benewens deur te oorweeg om die aansoek vir verdere siekteverlof goed of af te keur, ook oorweeg om ‘n gepaste alternatiewe reëling te tref.

2.2.3 By ‘n aansoek om siekteverlof vir meer as 3 dae kan die werkgewer aandring op ‘n verslag van ‘n geregistreerde mediese praktisyn in sodanige bewoording wat die werkgewer in staat stel om:

* te bepaal dat die applikant nie in ‘n geskikte toestand van gesondheid verkeer om sy/haar pligte te verrig nie; en

---

[24] Dit beteken dat ‘n predikantna een jaar diens reeds 12 dae verlof moes geneem het, sodat daar nie meer as 30 dae opgehoop word nie.

[25] Sien die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997, hoofstuk 3, artikel 20. In ander state geld die wetgewing wat daar van toepassing is.

[26] Opgehoopte verlof is ongebruikte verlof van die vorige jaar of jare. Ander regsgeldige verlof is die pro rata-deel van die huidige jaar se verlof wat nog nie gebruik is nie. Albei is uitbetaalbaar by diensbeëindiging.

* dat die tydperk van verlof waarvoor aansoek gedoen word, vir die herstel van sy/haar gesondheid nodig is.

2.2.5 Die werkgewer sal die reg hê om ‘n mediese sertifikaat deur ‘n geneesheer, op koste van die werkgewer te verkry, voordat siekteverlof goedgekeur word, indien hy van mening is dat die omstandighede dit regverdig.

2.2.6 Indien die siekteverlof 120 dae oorskry, word die advies van die ringskommissie ingewin met die oog op die voortgang van die Evangeliebediening in die gemeente.

3 LANGVERLOF

3.1 Predikante is bo en behalwe verlof, met goedkeuring van die kerkraad/kommissie, geregtig op langverlof onderhewig aan die volgende voorwaardes:

3.1.1 Ná verloop van drie jaar in dieselfde werkkring is 'n predikant geregtig op 30 dae langverlof;

3.1.2 Langverlof word daarná bereken op die basis van 10 dae per jaar diens;

3.1.3 'n Predikant mag in enige stadium slegs 90 dae langverlof tot sy krediet hê;

3.1.4 Langverlof kan nie van een gemeente/werkkring na 'n ander oorgedra word nie;

3.1.5 Langverlof kan slegs in periodes van 30 dae of langer geneem word, tensy met die kerkraad/kommissie anders gereël word.

3.1.6 Die waarde van die helfte van uitstaande regsgeldige langverlof (lewensonderhoud en alle toelaes met insluiting van die behuisingsvoordele) is met die goedkeuring van die kerkraad/kommissie, slegs by diensbeëindiging uitbetaalbaar.

4 STUDIEVERLOF

4.1 Studieverlof is ‘n vergunning en werkgewers en predikante moet in die lig van plaaslike omstandighede ooreenkom oor studieverlof.

4.2 Indien die studietydperk langer as ses maande duur, is ‘n predikant verplig om demissie by die werkgewer aan te vra.

4.3 Die predikant tref self reëlings met die Algemene Taakspan Regte met betrekking tot behoud van bevoegdheid indien van toepassing.

4.4 Predikante is verplig om eers opgehoopte verlof te gebruik voordat hulle kan aanspraak maak op studieverlof. ‘n Werknemer kan aansoek doen om ‘n terugskrywing op verlof, vir verlof wat hy/sy vir toepaslike studiedoeleindes gebruik het, mits in ‘n kursus(se) wat vooraf deur die werkgewer goedgekeur is, geslaag is.

4.5 Wanneer die werkgewer ‘n predikant verplig om opleiding te ondergaan (bv VBO) of om ‘n kursus/predikantekonferensie by te woon, geld dit nie as studieverlof of gewone verlof nie.

5 KRAAMVERLOF

5.1 'n Vrou in die amp as predikant is geregtig op minstens 4 opeenvolgende maande kraamverlof. So 'n predikant kan met kraamverlof begin vanaf 4 weke voor die verwagte datum van geboorte, tensy anders ooreengekom.

5.2 Die predikant ontvang gedurende kraamverlof volle lewensonderhoud en toelaes, minus die bedrag wat sy uit die Werkloosheidsversekeringsfonds kan verkry.

6 OPENBARE VAKANSIEDAE

'n Predikant is geregtig op openbare vakansiedae. Indien die predikant ‘n diensverpligting het, kom die predikant en werkgewer ooreen op ‘n gepaste reëling.

7 VERLOF VIR GESINSVERANTWOORDELIKHEID

'n Predikant is, met die oog op gesinsverantwoordelikhede, geregtig op 3 dae menslikheidsverlof per jaar, wat nie oploopbaar is nie.

VORMS VIR KERKLIKE GEBRUIK

1	Doopseel	162
2	Verkorte Doopseel	163
3	Aansoek om wysiging of laatinskrywing in doopregister	164
4	Aansoek om wysiging of laatinskrywing in lidmateregister	166
5	Attestaat	168
6	Reisattestaat	169
7	Verklaring vir die ondertekening deur lidmate van ander erkende kerke	170
8	Bewys van lidmaatskap	171
9	Verklaring insake lidmaatskap	172
10	Plegtige Legitimasie-verklaring	173
11	Akte van Legitimasie	174
12	Beroepsbrief vir leraars	175
13	Akte van Bevestiging	176
14	Akte van Demissie	177
15	Akte van Demissie by emeritaat	179
16	Geloofsbrief vir Ring en Sinode	180
17	Afstigtingsvorm	181
18	Vorm vir die indiening van klagtes by die kerkraad	182
19	Vorm vir die oproep van aangeklaagdes	183
20	Vorm vir die oproep van getuies	184
21	Konsepooreenkoms vir gebruik deur kerkrade binne die familie van NG Kerke in geval van gelyktydige diens van die leraar in twee gemeentes	185
22	Ander vorms	186

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

DOOPSEEL

Die ondergetekende leraar/skriba van die NG Gemeente

_____

sertifiseer dat die sakrament van die heilige doop op _____20____,

bedien is aan

_____

gebore _____ 20_____,

en dat dit in die dooplidmateregister van die gemeente aangeteken is.

VADER _____

MOEDER _____

Uitgereik te _____

Vandag _____20____

_____

Leraar/Skriba

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

VERKORTE DOOPSEEL

Die ondergetekende leraar/skriba van die NG Gemeente _____ sertifiseer dat dit uit die dooplidmateregister van die gemeente blyk dat die sakrament van die heilige doop aan die kind

_____

gebore _____(Datum), bedien is op _____(Datum)

deur _____ (Leraar

Datum _____

_____

Leraar/Skriba

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN OOS-KAAPLAND

AANSOEK OM WYSIGING OF LAATINSKRYWING IN DOOPREGISTER

_____

_____

_____

_____20___

Ondergetekende doen hiermee aansoek om die volgende wysiging/inskrywing in die doopregister van die NG Gemeente:

_____

VOLLE BESONDERHEDE SOOS TANS IN REGISTER (indien LAATINSKRYWING, moenie hierdie deel invul nie)

Van: _____

Naam: _____

Geboortedatum: _____ Doopdatum: _____

In gemeente: _____ Deur (leraar): _____

Vader: _____

Moeder: _____

Oorgekom na HUIDIGE gemeente op: _____

Vanaf (Gemeente): _____

VOLLE BESONDERHEDE SOOS VERLANG (Skryf VOLLEDIG en DUIDELIK in DRUKSKRIF)

Van: _____

Naam: _____

Geboortedatum: _____ Doopdatum: _____

In gemeente: _____ Deur (leraar): _____

Vader: _____

Moeder: _____

Getuies: _____

Oorgekom na HUIDIGE gemeente op: _____

Vanaf (Gemeente): _____

REDE(s) VIR AANSOEK: _____

_____

_____

Handtekening van Aansoeker

AANBEVELING VAN KERKRAAD

Die Kerkraad het die aansoek oorweeg en beveel aan dat die ring die wysiging/inskrywing goedkeur. Die kerkraad het die volgende bewysstukke voor hom gehad

1 _____

2 _____

3 _____

_____20____ _____

Skriba van kerkraad

BESLUIT VAN RING OF RINGSKOMMISSIE

Die Ring/Ringskommissie van _____ het besluit om die aansoek

GOED TE KEUR / NIE GOED TE KEUR NIE

_____20____ _____

Ringskriba

Adres _____

_____

_____

L.W.: Hierdie aansoek moet in TWEEVOUD en saam met alle BEWYSSTUKKE by die betrokke kerkraad ingelewer word. Na goedkeuring deur die kerkraad, gaan die vorms en BEWYSSTUKKE na die ringskriba. Na goedkeuring deur die ring stuur die ringskriba een vorm terug na die kerkraad en die ander vorm, saam met die BEWYSSTUKKE, na die argivaris in Kaapstad.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN OOS-KAAPLAND

AANSOEK OM WYSIGING OF LAATINSKRYWING IN LIDMATEREGISTER

_____

_____

_____

_____20___

Ondergetekende doen hiermee aansoek om die volgende wysiging / inskrywing in die lidmateregister van die NG Gemeente

_____

VOLLE BESONDERHEDE SOOS TANS IN DIE REGISTER (indien LAATINSKRYWING moenie hierdie deel invul nie)

Van: _____

Naam: _____

Geboortedatum: _____

Datum tot belydenis toegelaat: _____

Datum van belydenisaflegging: _____

In gemeente: _____ Voor (Leraar): _____

Oorgekom na HUIDIGE gemeente op: _____

Vanaf (Gemeente): _____

VOLLE BESONDERHEDE SOOS VERLANG: (Skryf VOLLEDIG en DUIDELIK in DRUKSKRIF)

Geboortedatum: _____

Datum tot belydenis toegelaat: _____

Datum van belydenisaflegging: _____

In gemeente: _____ Voor (Leraar): _____

Oorgekom na HUIDIGE gemeente op: _____

Vanaf (Gemeente): _____

REDE(s) VIR AANSOEK: _____

_____

_____

Aansoeker

AANBEVELING VAN KERKRAAD

Die kerkraad het die aansoek oorweeg en beveel aan dat die ring die wysiging/inskrywing goedkeur. Die kerkraad het die volgende bewysstukke voor hom gehad:

1 _____

2 _____

3 _____

_____20____ _____

Skriba van kerkraad

BESLUIT VAN RING OF RINGSKOMMISSIE

Die ring/ringskommissie van _____ het besluit om die aansoek

GOED TE KEUR/NIE GOED TE KEUR NIE

_____20____ _____

Skriba van ring

L.W.: Hierdie aansoek moet in TWEEVOUD en saam met alle BEWYSSTUKKE by die betrokke kerkraad ingelewer word. Na goedkeuring deur die kerkraad, gaan die vorms en BEWYSSTUKKE na die ringskriba. Na goedkeuring deur die ring stuur die ringskriba een vorm terug na die kerkraad en die ander vorm, saam met die BEWYSSTUKKE, na die argivaris in Kaapstad.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

ATTESTAAT

Ons, die ondergetekendes, daartoe gemagtig deur die kerkraad, verklaar dat

_____ Gebore: _____

_____ Gebore: _____

(Volle name en van - nooiensvan in geval van vrouelidmate)

belydende lidmaat/lidmate van die NG Gemeente _____

is en getuig dat hy/sy/hulle sover aan ons bekend, gesond in leer en lewenswandel is.

Die kerkraad van die NG Kerk _____

word hiermee versoek om genoemde lidmaat/lidmate as sodanig te erken, onder sy opsig te neem en tot gebruik van die sakramente toe te laat.

Hulle word vergesel van die volgende dooplidmate:

VOLLE NAME	GEBOORTEDATUM	DOOPDATUM	LERAAR
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____

Adres van Lidmaat/lidmate: _____

Namens Kommissie van die Kerkraad:

_____

_____

Datum _____

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

REISATTESTAAT/TRANSIT ATTESTATION

Hiermee word verklaar dat/It is hereby certified that

1 _____

2 _____

3 _____

belydende lidmaat(e) is van die NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK _____

is/are professing member(s) of the DUTCH REFORMED CHURCH _____

en dat hy/sy/hulle gesond is in leer en lewe.

and that he/she/they is/are sound in profession of doctrine and in conduct.

Waar hy/sy/hulle op verskeie plekke in die buiteland op reis is, of vir korter of langer tyd op verskeie plekke in die buiteland sal vertoef, word hy/sy/hulle aan die sorg en toesig van die betrokke kerkraad(e) van die gemeente(s) van gereformeerde of evangeliese protestantse belydenis opgedra en aanbeveel vir toegang tot die sakramente.

Whereas it is his/her/their intention to be en route to or to sojourn at several places abroad for shorter or longer periods, he/she/they is/are committed to the care and pastoral supervision of the Consistory(ies) concerned of Churches of Reformed or Evangelical Protestant Confession and recommended for the privilege of participation in the Sacraments.

Maak asseblief die nodige aantekening hieronder.

Kindly make the relevant annotations hereunder.

GEGEE TE /GIVEN AT _____

op/on _____

Namens die Kerkraad/On behalf of the Consistory: _____

VOORSITTER/SKRIBA

CHAIRMAN/SCRIBE

Gemeente	Kerkverband	Datum van aanmelding	Handtekening van leraar	Datum van vertrek	Handtekening van leraar
Congregation	Denomination	Date of presentment	Signature of minister	Date of departure	Signature of minister

Opmerkings/Remarks _____

_____

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

VERKLARING VIR ONDERTEKENING DEUR LIDMATE VAN ANDER ERKENDE KERKE

Ek, die ondergetekende _____ verklaar hiermee dat ek die leer van die Nederduitse Gereformeerde Kerk heelhartig onderskryf en my voorgeneem het om deur die genade van God by hierdie leer te bly, die sonde te versaak en 'n Christelike lewe te lei.

So ook onderwerp ek my aan die kerklike opsig en tug.

_____

Handtekening

Leraar _____ Gemeente _____

Datum _____

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

BEWYS VAN LIDMAATSKAP

Ons, die ondergetekendes, daartoe gemagtig deur die kerkraad van die NG Gemeente

_____

verklaar dat die volgende persoon(e) lidmaat(e) van hierdie gemeente is:

BELYDENDE LIDMATE

VOLLE NAME	GEBOORTEDATUM
1 _____	_____
2 _____	_____
3 _____	_____
4 _____	_____

DOOPLIDMATE

VOLLE NAME	GEBOORTEDATUM	DOOPDATUM	LERAAR
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____

Die kerkraad van die NG Kerk _____ word hiermee versoek om hom/haar/hulle as sodanig te erken en onder sy opsig te neem.

Adres in nuwe gemeente _____

_____

Namens kerkraad: _____

Voorsitter/Skriba

Datum _____

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

VERKLARING INSAKE LIDMAATSKAP

Ondergetekende leraar/skriba van die NG Gemeente _____ verklaar hiermee dat

Volle naam: _____ Geb datum: _____

Volle naam: _____ Geb datum: _____

tot op _____20___ lidmaat/lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was.

Op dieselfde datum is die lidmaatskap van die volgende dooplidmate ook deur bogenoemde ouers opgesê:

VOLLE NAME	GEBOORTEDATUM	DOOPDATUM
_____	_____	_____
_____	_____	_____
_____	_____	_____
_____	_____	_____

Gegee te _____ op _____20____

_____

Leraar/skriba

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

PLEGTIGE LEGITIMASIE-VERKLARING

Ek, die ondergetekende, _____, oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here

1 dat ek dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid – naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;

2 dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;

3 dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer;

4 dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek die nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie;

5 dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou;

6 dat ek, om beroep te word, volgens die Kerkorde en besluite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal optree;

7 dat ek my op die uitbreiding van die Koninkryk van God sal toelê deur die bevordering van die kennis van, vertroue in en gehoorsaamheid aan die Drie-enige God;

8 dat ek myself verbind tot voortgesette teologiese opleiding.

Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormelde.

Geteken te _____ op hierdie _____dag van_____ 20____

Geteken in my teenwoordigheid: _____

(Namens die Algemene Taakspan Regte)

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

AKTE VAN LEGITIMASIE

Aangesien _____ voldoen het aan al die vereistes vir toelating tot die diens van die Woord soos neergelê deur die Algemene Sinode van die NG Kerk, van goeie getuienis is en die voorgeskrewe ampsbeloftes plegtig afgelê en onderteken het, word hy/sy hiermee toegelaat as Bedienaar van die Woord.

_____

Voorsitter

_____

Skriba - Algemene Taakspan Regte

Gegee te _____

Op _____

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

BEROEPSBRIEF VIR LERAARS

Verwys asseblief na Besluit 7b1 by Artikel 7 van die **Kerkorde en Aanvullende Bepalinge en Reglemente** en die **Konsep Beroepsbrief vir 'n Bedienaar van die Woord** (p 54 van die Bestuursgids vir diensverhoudinge in die Nederduitse Gereformeerde Kerk).

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

AKTE VAN BEVESTIGING

Aan _____

Aangesien u op _____ in ooreenstemming met al die betrokke bepalinge deur _____ met oplegging van hande tot herder en leraar van die gemeente _____ binne die gebied van die Ring van _____ bevestig is, word hiermee verklaar dat u die bevoegdheid van bedienaar van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk beklee en al die voorregte en verantwoordelikhede aan die amp deel.

Die Sinode bid u die rykste seën van die Here toe in die uitoefening van hierdie heilige en heerlike amp ooreenkomstig die Woord van God, die Belydenisskrifte en die Kerkorde en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Gegee te _____

Op _____20_____

_____

Aktuarius

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

AKTE VAN DEMISSIE

Die Kerkraad van die NG Gemeente _____ het die stukke in verband met die beroep van _____ na die gemeente _____ gesien, en getuig hiermee in waarheid dat hy/sy hom/haar gedurende sy/haar verblyf in ons midde onberispelik in leer en wandel op 'n wyse wat 'n Evangeliedienaar waardig is, gedra het. Op sy/haar versoek ontslaan die kerkraad hom/haar hiermee op 'n eervolle wyse van alle betrekking tot die kerkraad en die gemeente alhier, en oorhandig aan hom/haar hierdie Akte van Demissie wat ook dien as sy/haar attestaat en wens hom/haar daarby van harte toe dat hy/sy in sy/haar nuwe werkkring met die meeste vrug mag arbei en steeds die ryke seën van die Here mag geniet.

Die broeder/suster word vergesel deur sy/haar eggenoot (nooiensvan in geval van dame)

_____ _____(geb datum)

en die volgende belydende lidmate

_____ _____(geb datum)

_____ _____(geb datum)

en die volgende dooplidmate:

Volle name	Geboortedatum	Doopdatum	Gedoop deur
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____

Gegee op _____20___ deur die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde gemeente _____ en geldig vanaf _____20_____

Geteken namens die kerkraad

Voorsitter _____Skriba _____

Gegee in teenwoordigheid van my/ons as gekommitteerde(s) van die Ring van _____

1 _____

2 _____

L.W.: Hierdie akte kan volgens omstandighede gewysig word, bv benoeming as predikant in sinodale diens of as hoogleraar, verdere studie, ens

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

AKTE VAN DEMISSIE BY EMERITAAT

Die ringskommissie van die Ring van _____ het die stukke in verband met die emeritaat van _____, herder en leraar van die gemeente _____ gesien (of, het verstaan dat _____ van plan is om sy/haar diens as herder en leraar van die gemeente _____ neer te lê) en ontslaan hom/haar hiermee op 'n eervolle wyse van sy/haar diens in genoemde gemeente en wens hom/haar van harte toe dat die rus van sy/haar dienswerk vir hom/haar nuttig en genoeglik sal wees en dat hy/sy steeds Gods rykste seën mag geniet.

Gegee op _____20___ deur die Ring van _____

en geldig vanaf _____20____

Onderteken deur

_____

Voorsitter

_____

Skriba

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN OOS-KAAPLAND
Geloofsbrief vir Ring en Sinode

Die kerkraad van die NG Gemeente _____ het op sy vergadering van _____ (volledige datum) tot sy verteenwoordigers na die aanstaande vergadering van die ring/sinode van _____, wat gehou sal word op _____, en volgende dae, te _____ die volgende kerkraadslede aangewys (verskaf asb volle name en volledige kontakbesonderhede):

PREDIKANTE:

1. _____

Woonadres: _____

Selfoon: _____ E-pos: _____

2. _____

Woonadres: _____

Selfoon: _____ E-pos: _____

PRIMARIUS OUDERLING(E) / DIAKEN(S):

1. _____

Woonadres: _____

Selfoon: _____ E-pos: _____

2. _____

Woonadres: _____

Selfoon: _____ E-pos: _____

SEKUNDUS OUDERLING(E) / DIAKEN(S):

1. _____

Woonadres: _____

Selfoon: _____ E-pos: _____

2. _____

Woonadres: _____

Selfoon: _____ E-pos: _____

Hierdie afgevaardigdes het opdrag om by die genoemde vergadering die kerkraad in alles te verteenwoordig en aan die beraadslaginge en besluite oor alle sake wat wettig ter tafel kom, namens die kerkraad deel te neem, in onderworpenheid aan die Woord van God, die belydenis en Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Met toebidding van Gods rykste seën op die werksaamhede van die vergadering.

Datum: _____

_____ _____

Voorsitter Skriba

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN OOS-KAAPLAND

AFSTIGTINGSVORM

Ons, die ondergetekendes, lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente _____ rig hiermee 'n versoek aan die ring van _____ vir die afstigting van 'n nuwe gemeente vir die wyke _____.

En aangesien volgens die kerklike bepalinge van ons 'n waarborg vereis word vir die instandhouding van die gemeente sowel as vir die lewensonderhoud en woning van 'n leraar vir die nuwe gemeente, getuig ons met hierdie akte dat ons, die ondergetekendes, gedurende ons verblyf in hierdie gemeente ons jaarliks verantwoordelik stel vir die bedrag agter ons naam.

Aldus gedoen en geteken op die datums hieronder vermeld:

Datum	Handtekening	Adres in gemeente	Bedrag
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____
_____	_____	_____	_____

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

VORM VIR DIE INDIENING VAN KLAGTES BY DIE KERKRAAD

KLAGTES MET BETREKKING TOT DIE LEWENSWANDEL EN LEER

Klagtes mag by die kerkraad/ring in die vorm van 'n brief ingedien word, met dien verstande dat dit die volgende primêre gegewens bevat:

1. Dit moet behoorlik onderteken wees.

2. Dit moet die aangeklaagde(s) ondubbelsinnig aandui.

3. Dit moet die tugwaardige sonde waaroor gekla word, beskrywe.

4. Indien dit van toepassing kan wees, moet die tyd en plek van die beweerde wandaad vermeld word.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

VORM VIR DIE OPROEP VAN AANGEKLAAGDES

Aangesien daar by die kerkraad/ring 'n klag (gerug) teen u _____(1)_____ ingedien is dat u u skuldig gemaak het aan die sonde van _____(2)_____ op die _____(3)_____ dag van die maand _____ van die jaar _____ of daaromtrent, word u hiermee opgeroep om met u getuies te verskyn voor 'n vergadering van die _____(4)_____ wat gehou sal word in die _____(5)_____ van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente _____(6)_____ op _____(7)_____20____ om _____ uur ten einde u op die gemelde klag (gerug) te verantwoord.

Gegee te _____(8)_____ op _____20_____

Namens die kerkraad/ring

_____(9)_____

Skriba

NB: In die ruimte deur die syfers in die bostaande vorm aangedui, moet die volgende ingevul word:

1. Die naam van die aangeklaagde.

2. Die naam van die kwaad wat gepleeg is, bv dronkenskap.

3. Die datum wanneer die kwaad bedryf is.

4. Kerkraad of ring.

5. Plek van vergadering.

6. Die naam van die gemeente waar die vergadering gehou word.

7. Die datum en tyd van die vergadering.

8. Die plek en dagtekening.

9. Handtekening van die skriba.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

VORM VIR DIE OPROEP VAN GETUIES

Hiermee geskied kennisgewing dat u, _____(1)_____ , as getuie gehoor sal word insake die klag (gerug) teen _____(2)_____ dat hy/sy hom/haar skuldig gemaak het aan die sonde van _____(3)_____ . Derhalwe word u opgeroep om te verskyn voor die vergadering van die _____(4)_____ in die _____(5)_____ van die Nederduitse Gereformeerde gemeente _____(6)_____ op _____(7)_____20_____ om _____ uur.

Gegee te _____(8)_____ op _____20_____

Namens die kerkraad/ring

_____(9)_____

Skriba

NB: In die ruimte deur die syfers in die bostaande vorm aangedui, moet die volgende ingevul word:

1. Naam van die getuie.

2. Die naam van die aangeklaagde.

3. Die naam van die kwaad wat bedryf is, bv dronkenskap.

4. Kerkraad of ring.

5. Plek van vergadering.

6. Die naam van die gemeente waar die vergadering gehou word.

7. Die datum en tyd van die vergadering.

8. Die plek en dagtekening.

9. Handtekening van die skriba.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

KONSEPOOREENKOMS VIR GEBRUIK DEUR KERKRADE BINNE DIE FAMILIE VAN NG KERKE INGEVAL VAN GELYKTYDIGE DIENS VAN DIE LERAAR IN TWEE GEMEENTES

Akte van ooreenkoms opgestel tussen die kerkraad van _____ (hierna genoem Kerkraad A), en die kerkraad van _____ (hierna genoem Kerkraad B), insake gelyktydige diens in beide gemeentes.

1. Kerkraad A onderneem om 'n leraar aan Kerkraad B beskikbaar te stel vir bepaalde diens verbonde aan die amp, soos hieronder nader omskrywe.

2. Kerkraad B onderneem om sodanige leraar te aanvaar as sy leraar met volle ampsbevoegdheid en sal aan hom die verskuldigde agting en gehoorsaamheid betoon wat aan 'n bevestigde leraar van 'n gemeente volgens die bepalinge van die beroepsbrief en diensooreenkoms toekom.

3. Kerkraad B onderneem om jaarliks R_____ by te dra ter bestryding van die koste aan die pos verbonde.

4. Die leraar is verantwoordelik vir die taak van bedienaar van die Woord volgens Art 9 van die Kerkorde en wat verder soos volg ten opsigte van die twee gemeentes nader omskryf word: _____

5. Die opsig oor en die toepassing van kerklike tug berus by Kerkraad A - die leraar se werkgewer.

6. Verder word ooreengekom dat 'n gesamentlike kommissie van Kerkraad A en Kerkraad B van tyd tot tyd saam vergader om alle sake wat uit die ooreenkoms voortvloei, of ander sake van gesamentlike belang te bespreek.

7. Die ooreenkoms bly van krag

7.1 Solank die betrokke leraar in die besondere diens staan, of

7.2 totdat die twee kerkrade na onderlinge oorlegpleging die ooreenkoms beëindig, of

7.3 totdat Kerkraad B in staat is of in staat gestel word om 'n eie leraar te beroep en bevredigende reëlings ten opsig te van die leraar in hierdie ooreenkoms genoem, waarmee hy ook moet saamstem, getref is.

Geteken te _____ op _____20____

Namens Kerkraad A _____ Namens Kerkraad B _____

Getuies: _____ _____

_____ _____

Die volgende vorms is beskikbaar by die Direkteur Administrasie:

1 **Vorm A:** Vorm vir Kerklike ondersoek: Gegewens insake gemeentestatistiek, administrasie en finansies.

2 **Vorm B:** Finansiële state

3 **Reis- en Verblyfkostevorm**

RIGLYNE EN FUNKSIONELE BESLUITE

1	Beginsels, besluite, riglyne en handleidings	188
2	Riglyne vir die beslegting van kerklike geskille	188
3	Riglyne vir die bediening van die nagmaal buite die erediens	189
4	Riglyne vir samewerking met ander sendingorganisasies	189
5	Riglyne vir die bevoegdheid van leraars van die NG Kerk wat saam met ander organisasies of kerke werk	189
6	Riglyne vir arbeidsverhoudinge	190
7	Riglyne vir vergoeding aan werkgewers	190
8	Bediening van dooplidmate in skoolkoshuise	190
9	Bediening van sakramente deur proponente	190
10	Beroepbaarheid van leraars binne die familie van NG Kerke	191
11	Bybel	191
12	Doop	193
13	Geloftedag as versoeningsdag	195
14	Kapelane	195
15	Kerklied	196
16	Kerklike lidmaatskap	196
17	Legitimasie met beperkte opdrag	198
18	NG Kerkseel	199
19	Nagmaal	199
20	Omruiling van standplase	201
21	Outeursreg en sangbundels	202
22	Predikante	203
23	Buitelandse bediening	204
24	Kerkhereniging	204
25	Homoseksualiteit	209
26	Die NG Kerk en die Grondwet	209
27	Nagmaalwyn	209
28	Beroepbaarheid en die Belharbelydenis	209
29	Misbruike rondom die beroepstelsel	210
30	Besluite oor die funksionering van die Algemene Sinode	210
31	Kerklike tug – groter erns met toepassing	211
32	Amptelike verklarings namens die kerk	211
33	Die gee van tiendes	211
34	Egskeiding en hertrou	212
35	Vrymesselary	212
36	Riglyne vir persoonlike kerkvisitasie	212
37	Lys van spesiale kollektes en bydraes wat deur gemeentes oorweeg kan word	216

RIGLYNE EN FUNKSIONELE BESLUITE

1. BEGINSELS, BESLUITE, RIGLYNE EN HANDLEIDINGS

1. As gereformeerdes aanvaar ons die Skrif as hoogste *norm*.
2. Uit die Skrif lei ons sekere beginsels af.
3. Wanneer ’n *beginsel(s)* en die daaruit voortvloeiende *standpunt* tot ’n geheel saamgevoeg word om ’n program/gedragslyn vir optrede in die kerklike lewe aan te dui, kan van ’n *beleid* gepraat word.
4. Daar kan tussen twee soorte besluite deur kerkvergaderings onderskei word, naamlik:

   * besluite wat gebiedend/voorskriftelik van aard is; en

   * besluite wat aanwysend/rigtinggewend van aard is.

4.1 **Voorskriftelike besluite (waaronder *Kerkorde*, bepalings en reglemente)**

4.1.1 Voorskriftelike besluite kom dikwels voor in die vorm van *Kerkorde*-artikels, bepalings by die *Kerkorde* en reglemente, maar besluite wat nie spesifiek aandui dat dit ’n "reglement" is nie, is nie daarom nie-voorskriftelik of van enige mindere gesag nie. ’n Spaarsamige gebruik van bewoordings soos "die sinode keur die volgende as reglement/riglyn/beleid goed" ten gunste van "die sinode besluit" sal help om groter duidelikheid te bring en sal voorkom dat "gewone" besluite gesien word as "mindere" besluite.

4.1.2 Alle besluite is voorskriftelik, tensy die woordgebruik of algemene samehang die teendeel aandui.

4.2 **Aanwysende besluite (waaronder riglyne en handleidings)**

4.2.1 Riglyne vir die uitvoering van 'n kerklike beleid word deur aanwysende besluite gegee.

(Vgl DCG Fourie: *Die Gesag van kerkvergadering* in Die Kerkbode 24 Desember 1980, bl 805).

4.2.2 ’n *Riglyn* dui die weg aan waarlangs/wyse waarop ’n saak/beleid prakties toegepas of uitgevoer kan word. *Daar is ruimte vir diskresie om aanpassings te maak*, mits daar nie afgewyk word van die beginsels waarvan uitgegaan word of die beleid wat vasgelê is nie. (Tussen ’n riglyn en ’n leidraad is daar nie ’n werklike verskil nie).

4.2.3 ’n *Handleiding* is die uiteensetting van ’n reeks riglyne, reëls of prosedurestappe wat gevolg moet word by die hantering van ’n sekere soort saak. Waar ’n handleiding egter nie elke stap wat gevolg moet word voorskryf nie, kan daar ruimte vir aanwending van diskresie wees mits die doelwit wat gestel word bevredigend bereik word en geeneen van die neergelegde reëls oortree word nie.

(Handelinge 1994, bl 457, 2)

2. RIGLYNE VIR DIE BESLEGTINGVAN KERKLIKE GESKILLE

1. Ampsdraers en lidmate poog allereers om onderlinge konflik op ’n persoonlike en pastorale wyse op te los.
2. ’n Kerkvergadering kan, waar konflik onder sy aandag kom, persone benoem om die oplossing daarvan te begelei.
3. Oplossing word bereik wanneer:

3.1 ’n alternatief as oplossing vir die probleem gevind is wat vir al die betrokkenes aanvaarbaar is, of

3.2 die betrokkenes ooreenkom om ruimte vir mekaar te maak om van mekaar te kan verskil en met mekaar versoen.

4. In die hantering van konflik geld onder meer die volgende:

4.1 Duidelikheid moet verkry word oor die presiese aard en omvang van die konflik.

4.2 Alle betrokkenes moet volle geleentheid kry om hulle siening van die saak te stel.

4.3 Die begeleier(s) tree altyd so op dat hy/sy nie by die konflik betrokke raak nie.

4.4 Alle betrokkenes behoort hulle volle samewerking te gee om ’n oplossing te bereik.

4.5 Die begeleiers rapporteer aan die kerkvergadering wat hulle benoem het.

4.6 ’n Kerkvergadering kan ook ’n ander kerkvergadering vra om die hantering van die konflik oor te neem.

(Handelinge 1998, bl 462, 2.10)

3 RIGLYNE VIR DIE BEDIENING VAN DIE NAGMAAL BUITE DIE EREDIENS

1 Dit is die verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad om toe te sien dat die nagmaal ordelik en in ooreenstemming met die Skrif geskied.

2 Die nagmaal word, behalwe by hoë uitsondering, in 'n erediens bedien.

3 Die kerkraad besluit oor die bediening van die nagmaal in sulke uitsonderlike gevalle.

4 Die volgende algemene riglyne word deur die kerkraad gehandhaaf in die bediening van die nagmaal buite die erediens:

4.1 Die kerkraad evalueer die meriete van elke aansoek.

4.2 Die Woord moet bedien word.

4.3 Die ware betekenis van die nagmaal word verduidelik sodat bygeloof uitgeskakel kan word hetsy deur die formulier of andersins.

4.4 Minstens een ampsdraer, verkieslik die wyksouderling, woon die nagmaalbediening by. Waar moontlik word gereël dat ander medegelowiges dit ook bywoon sodat die gemeenskapskarakter van die nagmaal bewaar kan bly.

(Handelinge 1994, p 514-515, 4.2)

4 RIGLYNE VIR SAMEWERKING MET ANDER SENDINGORGANISASIES

(Agenda 1998, p 178-179, 3.5.2; Handelinge 1998, p 421)

5 RIGLYNE VIR DIE BEVOEGDHEID VAN LERAARS VAN DIE NG KERK WAT SAAM MET ANDER ORGANISASIES OF KERKE WERK

1 Waar 'n geordende deur 'n gemeente (of gemeentes saam), of ring of sinode beroep word en dan onder toesig van 'n ander kerk of genootskap gaan werk as sendeling van die NG Kerk en sy/haar lidmaatskap behou, moet daar by die Algemene Taakspan Regte aansoek gedoen word vir behoud van predikants- of proponentsbevoegdheid.

2 Waar 'n geordende van die NG Kerk deur 'n ander kerk beroep word en daarvan lidmaat word, moet vooraf by die Algemene Taakspan Regte toestemming gevra word om beroepbaarheid in die NG Kerk te behou (vgl Reglement vir die Reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente, bepaling 4.2).

3 Prosedure wat gevolg moet word deur geordendes vir aansoeke om behoud van bevoegdheid in die NG Kerk

3.1 Die Netwerkbestuurder: Getuienis, in oorleg met die betrokke ring, beveel die organisasie aan. Dit word gedoen aan die hand van 'n vraelys wat deur die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis (ADD) goedgekeur is.

3.2 Die ADD hou 'n lys van sendingorganisasies wat reeds aan die hand van die vraelys goedgekeur is. Wat hierdie organisasies betref, hoef die vraelys dus nie elke keer weer ingevul te word nie. Die Netwerkbestuurder: Getuienis vergewis hom vooraf van hierdie lys goedgekeurde organisasies.

3.3 Die Netwerkbestuurder: Getuienis beveel die behoud van bevoegdheid aan by die Algemene Taakspan Regte. 'n Afskrif van die voltooide vraelys of 'n verklaring deur die ADD dat die betrokke organisasie reeds geëvalueer en goedgekeur is, word saam met die aanbeveling aan die Algemene Taakspan Regte voorsien.

(Agenda 1998, p 179, 3.5.3; Handelinge 1998, p 421)

6. RIGLYNE VIR ARBEIDSVERHOUDINGE

1. Die beginsel van vryheid van godsdiens staan as *a priori* vas.
2. Die staat se reg om die burgerlike samelewing deur middel van wette te reguleer, word erken.
3. Die kerk aanvaar dat hy hom aan al die landswette onderwerp – maar dat hy ’n eie, Bybels-bepaalde inhoud gee vir die uitlewing van die sake wat in die wette gereguleer word.
4. Ten opsigte van diensverhoudinge het die kerk die reg om sy eie interne reëlings op te stel.
5. Hierdie reëlings, wat in die *Kerkorde* opgeneem word, moet die Bybelse beginsels as primêre vertrekpunt hê.
6. Praktiese riglyne vir die toepassing van diensverhoudinge word in die Bestuursgids vir diensverhoudinge opgeneem.
7. Die *Kerkorde* en Bestuursgids moet met arbeidswetgewing resoneer en minstens die minimumstandaarde van die wetgewing reflekteer.
8. Waar die kerk spesifieke behoeftes het waaroor die arbeidswetgewing se bepalings nie genoegsame duidelikheid of beskerming gee nie, kan hy sy eie reëlings bepaal.
9. Alhoewel kerkrade en ander kerkvergaderinge as selfstandige werkgewers selfstandige besluite rakende diensverhoudinge kan neem, moet hulle steeds besef dat elke gemeente in die kerkverband ingebed is en dat hulle besluite nie die kerkverband in die verleentheid moet stel nie.

7. RIGLYNE VIR VERGOEDING AAN WERKGEWERS

1. Vanweë die aard van die NG Kerk as ’n kerkverband en nie net losstaande gemeentes nie, kan van kerkrade en gemeentes verwag word om hulle leraars en ook kerkraadslede beskikbaar te stel vir diens in die kerkverband (ring, sinode en Algemene Sinode).
2. Wanneer ’n predikant ’n buitengewone deel van sy/haar dienstyd in die diens van die kerkverband bestee, kan die kerkraad en die betrokke kommissie(s) met mekaar in gesprek tree oor kompenserende vergoeding aan die kerkraad of moontlike ander reëlings – die kerkraad of die betrokke kommissie neem die inisiatief. Onderhandelinge oor kompenserende vergoeding moet vroegtydig gereël word.
3. Vergaderinge en kommissies van die kerkverband moet toesien dat die werk wat deur ’n predikant in kerkverband gedoen word nie ten koste van sy/haar gemeentewerk geskied nie. Indien dit wel gebeur, moet die kommissie(s) eers ’n poging aanwend om die werk te verdeel alvorens daar om kompenserende vergoeding gevra word en met ’n behoorlike motivering die nodige goedkeuring verkry word.
4. Kommissies kan in oorleg met die verantwoordelike kommissie reël om ’n spesiale vergoeding aan ’n persoon te betaal vir die verrigting van besondere dienste aan ’n kommissie. Hiervoor moet voorsiening gemaak word in die begroting van die kommissie.
5. Waar nodig, behoort persone wat dienste vir ’n kommissie van die kerkvergadering lewer, deur die kerkvergadering van ’n administratiewe infrastruktuur voorsien te word, waaronder die vergoeding vir sekretariële dienste, fotokopieerkoste, telefoon- en fakskostes.
6. Billike vergoeding vir reis- en verblyfkoste en daggelde aan persone wat in kommissies van die kerkverband dien, behoort betaal te word. (Handelinge AS 2002, bl. 570: 8.10.2.3).

8 BEDIENING VAN DOOPLIDMATE IN SKOOLKOSHUISE

(Handelinge 1990, p605, 2.1.9.4)

9 BEDIENING VAN SAKRAMENTE DEUR PROPONENTE

1 Die Algemene Sinode neem daarvan kennis dat die wyse waarop die amp van die bedienaar van die Woord in Kerkorde Art 9 en van die proponente in Reglement 4 pt 3 omskryf word, die indruk kan wek dat proponente ongeveer alle ampshandelinge in 'n

gemeente mag uitvoer, behalwe die bediening van sakramente en handelinge van kerkregering. Dit is 'n foutiewe indruk vanweë die volgende redes:

1.1 'n Proponent is nog nie georden nie en het dus nog nie die volle bevoegdhede van 'n leraar nie, wat dan ook die rede is waarom proponente nie die sakramente mag bedien nie.

1.2 'n Proponent kan die funksies van Kerkorde 9.1, 9.3, 9.4, 9.5 en 9.6 slegs op uitnodiging van 'n kerkraad verrig.

1.3 'n Proponent kan die funksies van Kerkorde 9.8, 9.9 en 9.10 slegs as lid van 'n kerkraad - hetsy as bevestigde leraar of ouderling- uitoefen.

2 Die Algemene Sinode bevestig dat daar nie méér waarde aan die bediening van die sakramente bo die bediening van die Woord toegeken mag word nie.

3 Die Algemene Sinode wys daarop dat die verkondiging van die Woord deur proponente (wat nog nie in die amp van leraar in 'n plaaslike gemeente bevestig is nie) nie as amptelike bediening van die Woord beskou moet word nie.

4 Die Algemene Sinode bevestig die gebruik van eeue wat ook in ander erkende kerke gehandhaaf word, dat proponente nie die bevoegdheid het om die sakramente te bedien nie. Dit impliseer dat slegs 'n geordende (bevestigde) bedienaar van die Woord die sakramente mag bedien.

5 Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Taakspan Regte op om Art 9 en Reglement 4 pt 3 van die *Kerkorde* so te herformuleer dat moontlike misverstande rondom die bevoegdheid van proponente uit die weg geruim kan word.

6 Die Algemene Sinode doen aan die hand dat, waar gemeentes vir 'n langer termyn van die dienste van 'n proponent as pastorale hulp gebruik maak, aanbeveel word dat hulle eerder die instelling van tentmakerbediening oorweeg.

(Handelinge 1998, p 463, 1.7)

10 BEROEPBAARHEID VAN LERAARS BINNE DIE FAMILIE VAN NG KERKE

1 Die Algemene Sinode besluit dat Kerkorde Artikels 5 en 6, Reglemente 3 en 4 en verbandhoudende besluite van die Algemene Sinode oor die opleiding, legitimasie en bevoegdheid van leraars in die NG Kerk geld vir die NG Kerkverband en is as sodanig ook bepalend vir die interpretasie van die besluit van die Algemene Sinode oor die erkenning van die opleiding en legimitasie van die ander lede van die NG Kerkfamilie asook die besluit oor die oor-en-weer-beroepbaarheid van leraars binne die Familie van NG Kerke.

2 Die Algemene Sinode gee aan ringe opdrag om toe te sien dat by goedkeuring van beroepe uit die NG Kerkfamilie daar aan die vereistes van die NG Kerk vir opleiding en legitimasie voldoen word.

(Handelinge 1994, p 452, 2.8.6)

11. BYBEL

11.1 Skrifgebruik en Skrifgesag

Die Algemene Sinode keur die volgende verklaring goed en verwys dit na gemeentes en ringe vir bespreking:

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk bely, as kerk wat in die Gereformeerde tradisie staan, dat die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom:

* gesag het oor ons hele lewe, omdat dit aan ons betuig dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan die Here, sodat ons geroep word om in vertroue op Hom en in gehoorsaamheid aan Hom te leef;

* betroubaar is, omdat ons vas glo dat God werklik is soos Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak: die Vader, Seun en Gees wat uit genade ons God is;

* duidelik is, omdat die kerk hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor;

* voldoende is, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om sy wil te gehoorsaam (vlg NGB Artikel 7).

Daarom bely ons steeds gelowig dat dié waarheid bo alles is.

2. Soos nog altyd vir die Gereformeerde tradisie, beteken hierdie belydenis vir ons nié:

* dat die Bybel vereis dat ons ons denkvermoë, wat ’n gawe van God is, moet opoffer nie;

* dat die Bybel gesien kan word as ’n eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis nie;

* dat die hele Bybel so maklik is om te verstaan dat enige mens selfstandig en onmiddellik alles daarin kan begryp nie;

* dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee, sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie.

3. Ons bely verder dat God deur die Heilige Gees die kerk deur die eeue in die waarheid van hierdie Woord lei. Dit beteken vir ons dat ons die Skrif as die lewende Woord van God hoor in gemeenskap met die Heilige Gees en met mekaar. Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd oortuig van die belangrikheid van ’n verantwoordelike interpretasie van die Skrif waardeur die kerk as geloofsgemeenskap onder leiding van die Heilige Gees soek na die waarheid, geregtigheid en barmhartigheid wat God deur sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie oortuiging dat die kerk die Skrif moet interpreteer, blyk onder meer uit:

* die klem wat van die begin af gelê is op ’n grondige kennis van die oorspronklike tale (Hebreeus, Grieks en Aramees) waarin die Bybel geskryf is, asook die soeke na die beste metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg;

* die beklemtoning dat die hele Skrif gelees moet word in die lig van die konteks waarin dit ontstaan het, sodat die tyd- en kultuurbetrokkenheid daarvan verreken kan word in die uitleg;

* die soeke na reëls vir die uitleg van die Skrif (voorbeelde van sulke uitlegreëls uit ons tradisie is: dat die Skrif as totaliteit gelees moet word, dat Skrif met Skrif vergelyk moet word en dat die moeiliker dele in die lig van die makliker dele vertolk moet word en dat die Skrif uit sy hart, die evangelie van Jesus Christus, verstaan moet word);

* die onderskeid wat in die uitleg van die Skrif gemaak is tussen verskillende dele van die Skrif wat ’n verskillende soort gesag het (byvoorbeeld die onderskeid tussen die historiese en normatiewe dele van die Skrif, asook die onderskeid tussen die kultiese en morele wetgewing);

* die dankbare, maar kritiese luister na die manier waarop die Skrif in die geskiedenis van die kerk uitgelê is en in ons eie tyd deur medegelowiges in ons eie kerk en ander kerke uitgelê word;

* die vestiging van kerklike praktyke vir die interpretasie van die Skrif, soos veral die prediking, maar ook kategese, Bybelstudie, teologiese studie en andere;

* en veral ook in die daarstel van belydenisskrifte waarin die kerk streef om die hart van die Skrifboodskap duidelik te vertolk en gehoorsaam te aanvaar.

4. Hoewel die kerk in elke tyd anders mag oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg, bly dit vir ons ’n basiese oortuiging dat die belydenis van die Skrif as Woord van God nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. Die belydenis roep ons juis op om onsself, in gemeenskap met mekaar en met al die gawes wat God vir sy kerk gegee het, toe te lê op die soeke na die waarheid.

5. In die lig van hierdie belydenis glo ons dat God ook in die uitdagende tye waarin ons leef, sy kerk deur sy Woord en Gees in die waarheid sal lei. As Gereformeerdes verbind ons ons daartoe om, ook wat die komplekse leerstellinge en etiese kwessies van ons tyd betref, in hierdie oortuiging saam te soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid. Ons glo dat hierdie soeke ’n ekumeniese strewe is, in verbondenheid met die kerk van alle eeue en die kerk dwarsoor die wêreld. Waar ons van mekaar verskil, glo ons dat ons in gesprek met mekaar moet bly, in die gebed dat God ons liefde al meer sal laat toeneem in begrip en

fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Filippense 1:9-10).

11.2 Bybelsondag

Die Algemene Sinode besluit die laaste Sondag in Augustus word as Bybelsondag in die Jaarboek van die NG Kerk aangeteken. (Handelinge AS 2002, bl. 570:7.4.1.2).

11.3 Nuwe Bybelvertalings

Die Algemene Sinode wys lidmate en gemeentes daarop dat die 1933(1953)- en 1983-vertalings die Bybels in Afrikaans is wat amptelik deur die kerk vir gebruik in die erediens aanvaar is. Die Bybelvertalerspaneel van die Nuwe Afrikaanse Bybel (1983-vertaling) is vooraf deur die betrokke kerke goedgekeur en hierdie Bybel is op 2 November 1983 as amptelike Bybel deur die NG Kerk aanvaar. Alternatiewe vertalings kan daarom baie waardevol en nuttig wees, maar behoort nie die amptelik goedgekeurde Bybel op die kansel te vervang nie. Dit sluit egter nie uit dat selfs in die erediens by geleentheid op verantwoordelike wyse na ander vertalings verwys kan word nie.

12. DOOP

12.1 DOOP VAN KINDERS IN PLEEGSORG

Die Algemene Sinode besluit dat kinders in pleegsorg gedoop kan word en lê die volgende riglyne neer:

1 Die finale besluite berus by die betrokke kerkraad wat in alle gevalle moet waak teen die misbruik van die sakramente.

2 Waar die doop van 'n kindjie gewoonlik die resultaat is van die besluite van 'n ouer(s) en 'n kerkraad, kom in die geval van 'n pleegkind ook ander instansies wat die pleegplasing bestuur, ter sprake. Daar kan eers tot die doop oorgegaan word nadat die kerkraad deur samesprekinge met pleegouers en die pleegsorginstansie homself daarvan vergewis het dat die betrokke pleegplasing na alle waarskynlikheid van 'n langtermyn aard is.

(Handelinge 1994, p 474, 10.2.2.1)

12.2 DOOP VAN KINDERHUISKINDERS

1. Die Algemene Sinode 2002 oordeel dat die besluit van die Algemene Sinode 1998 oor die bediening van die doop aan ’n kinderhuiskind ouer as 7 jaar wat dit begeer, die implikasie het dat ’n persoon of persone naas die eie, pleeg- of aanneemouer(s) by die doop op die formulier kan antwoord en vir die geestelike opvoeding van ’n kinderhuiskind verantwoordelikheid kan neem. Die moontlikheid bestaan dus dat ’n ongedoopte kinderhuiskind van 7 jaar en ouer, wie se kinderhuisplasing ’n min of meer permanente vorm aangeneem het, gedoop kan word.
2. Die Algemene Sinode handhaaf die besluit dat die kinderhuis of gemeente nie korporatief as pleegouer kan optree vir doeleindes van die aflê van en die uitvoering van die doopgelofte nie. Kerkrade kan wel, nadat die biologiese ouers, waar moontlik, daaroor geraadpleeg is, lidmate van die gemeente wat bereid is om verantwoordelikheid te neem vir die verbondsopvoeding, aanwys om as doopgetuies of geestelike voogde op die formulier te antwoord by die bediening van die doop aan ’n kinderhuiskind ouer as 7 jaar.
3. Die Algemene Sinode oordeel dat by die doop van en daarna by die nagmaalbediening aan ’n kinderhuiskind die begeerte eers van die kinderhuiskind self moet kom en dat kerkrade daarteen moet waak dat ander oorweginge nie ’n aanleidende rol speel nie. Net soos alle kinderhuiskinders bo 7 jaar nie sonder meer gedoop kan word nie, kan alle dooplidmate nie sonder meer tot die nagmaaltafel toegelaat word nie. Dit is dus nie besluite wat kerkrade sonder die uitgesproke begeerte van die ongedoopte of dooplidmate en sonder die versekering van behoorlike ouerlike of plaasvervangende begeleiding en sorg kan neem nie. (Handelinge AS 2002, bl. 567: 3.3.2).

12.3 DOOP VAN KINDERS UIT BUITELAND

1. As lidmate wat net tydelik in die buiteland woon, hul kind in ’n ander gemeente as hul tuisgemeente in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hul tuisgemeente verkry.
2. As lidmate wat permanent in die buiteland woon en daar by ’n gemeente inskakel, hul kind hier wil laat doop, is die prosedure soos volg:

2.1 Hulle moet toestemming van hul gemeente in die buiteland kry;

2.2 Daar word met hulle ’n doopgesprek gevoer.

3. As lidmate wat permanent in die buiteland woon nie daar by ’n gemeente kan inskakel nie, maar hier wil laat doop, word die volgende prosedure gevolg:

3.1 Die kerkraad van die gemeente waar hulle wil laat doop, vra hulle attestaat aan van die gemeente waar hulle lidmate was totdat hulle geëmigreer het;

3.2 Daar word met hulle ’n doopgesprek gevoer;

3.3 Hulle word tydens die gesprek gevra na die redes waarom hulle nie by ’n gemeente kan inskakel nie, en hulle word aangespoor om wel by ’n gemeente in die buiteland in te skakel.

(Handelinge AS 2002, bl. 560: 5.1.2).

12.4 OORDOOP EN HERDOOP

1.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gereformeerde geloofsoortuiging oor die genadeverbond en oor die doop wat in die vorm van die grootdoop (as sendingdoop) mense buite die kerk wat tot geloof kom, in die genadeverbond inlyf, en in die vorm van die kinderdoop kinders van gelowige ouers in dieselfde verbond inlyf.

1.2 Die Algemene Sinode is oortuig dat die herdoop van lidmate die eenmalige betekenis van die doop geweld aandoen. In beginsel moet dit egter as "'n dwaling binne die Christenskap" gesien word en daarom pastoraal gehanteer word.

1.3 Hierdie eiendomlike pastoraat sluit 'n algemene en 'n persoonlike faset in:

1.3.1 as algemene pastoraat moet die betekenis van die genadeverbond en die doop in albei sy vorme as teken en seël van die verbond op alle beskikbare maniere in die kerk in die algemeen, en ook in besonder in elke gemeente, behandel en verduidelik word sodat die probleme wat die herdoop skep, deeglik onder die aandag kan kom; en

1.3.2 as persoonlike pastoraat behoort individuele aandag gegee te word aan alle lidmate wat hulle laat oordoop het en, as voorsorgmaatreël, ook aan lidmate wat besondere vrae in dié verband het.

1.4 Oorgedoopte lidmate moet in die beginsel behandel word soos alle ander lidmate wat probleme het met een of ander aspek van die leer of praktyk van die kerk. Enersyds moet hulle met hartlikheid behandel word as mense wat deel is van die gemeente, en moet daar baie noukeurig ingegaan word op elkeen se spesifieke probleme en omstandighede. Daar moet ten alle koste vermy word om met stereotipes te werk en vooraf uitgewerkte antwoorde te bied wat nie regtig die probleme van die spesifieke lidmaat hanteer nie. Andersyds moet hierdie lidmate egter onder die besef gebring word dat die Kerk nie hulle optrede goedkeur nie en sy bes sal doen om hulle tot beter insigte te bring.

1.5 In die persoonlike pastoraat aan oorgedooptes moet in gedagte gehou word dat hulle meestal hul oordoop as 'n positiewe ervaring beleef het, en dit gewoonlik direk met die wil van God (veral met die leiding van die Gees) in verband bring. In sulke gevalle sal dit waarskynlik nie pas om te probeer om hulle binne 'n kwessie van weke of maande tot beter insigte te probeer bring nie. Dit sou eerder gepas wees om oor 'n tydperk heen hul vertroue te probeer behou of terug te wen sodat hulle geleidelik gelei kan word tot 'n beter insig in die verbond en die doop - wat heel waarskynlik ook beteken 'n beter insig in die evangelie as sodanig. Intussen moet kerkrade nie vergeet nie dat baie ander gemeentelede waarskynlik net so 'n behoefte het aan 'n beter insig in die evangelie as geheel.

1.6 Indien dit tydens enige fase van die persoonlike pastoraat duidelik word dat die oorgedoopte, en trouens enige ander lidmaat, oortuigings het wat die wese van die evangelie aantas, behoort verder met die kerklike tug teen so iemand opgetree te word wat uiteindelik ook op die uiterste stap van afsnyding kan uitloop.

1.7 Die Algemene Sinode besluit dat daar teenoor ampsdraers wat in hierdie opsig dwaal, strenger opgetree moet word as teenoor gemeentelede en dat hulle voorlopig in die amp gestuit word totdat die saak ondersoek en opgelos is. Die Algemene Sinode besluit dat 1.6 sodanig verstaan word dat persone wat hulle laat oordoop soos trouens enige ander lidmaat wel aan verdere kerklike tug onderworpe is, alhoewel nie sondermeer omdat hulle hulle laat oordoop het nie.

(Handelinge 1998, p 417, 10.5 en p 469-470, 1.3.6)

13. GELOFTEDAG AS VERSOENINGSDAG

In die lig van die besluite van die Algemene Sinode van 1990 oor Geloftedag (Handelinge 1994, p 560, 694) besluit die Sinode dat:

1 Die regte verstaan van die betekenis van Geloftedag en versoening en vrede in Suid-Afrika met mekaar versoenbaar is;

2 16 Desember in die toekoms dus ook vanuit hierdie verstaan van die Gelofte van 1838 gevier moet word;

3 Die instansie betrokke by die viering van die dag hierdie standpunt in ag moet neem.

(Handelinge 1994, p 437)

14. KAPELANE

Besluite 2002

1. Kapelane vir diens in die SANW, SAPD, DKD en NIA word as predikante benoem deur die Algemene Sinode/Moderamen op aanbeveling van die Subkommissie vir Kapelaansdienste en verkry/behou op hierdie wyse predikantsbevoegdheid. Hierdie benoeming impliseer NIE dat die Algemene Sinodale verband enige huidige of toekomstige finansiële verantwoordelikheid teenoor kapelane het of dat enige diensooreenkoms tussen die kapelane en die Algemene Sinode tot stand kom nie.
2. Kapelane kan ook na ’n gemeente beroep word. Die Subkommissie vir Kapelaansdienste kan gevra word om hierin behulpsaam te wees.
3. Dit bly die gewenste keuse dat ’n kapelaan aan ’n gemeente gekoppel sal wees. Die keuse van die verbintenis aan ’n gemeente lê by die kapelaan self. Indien hy teen ’n verbintenis aan ’n gemeente besluit, moet hyself die groepversekeringspremie betaal.
4. Kapelane wat graag gekoppel/beroep wil wees, maar dit vind om een of ander rede nie plaas nie, se premie moet deur die ring waarbinne hy/sy bly, gedra word of deur die sinode totdat hy/sy weer gekoppel word aan ’n gemeente of beroep word na ’n gemeente.
5. Die Algemene Sinode besluit dat alle huidige kapelane deur ’n eenmalige besluit van die Algemene Sinode / Moderamen op voorlegging deur die Subkommissie vir Kapelaans-dienste benoem word as kapelane vir die onderskeie kapelaansdienste en verkry/behou op dieselfde wyse as in punt 1 hierbo hulle predikantsbevoegdheid.

(Handelinge AS 2002, bl. 568: 6.3.4 en 569: 6.3.8.2).

Besluite 2007

KAPELAANSDIENSTE (vgl Agenda Deel I bl 99, A.2.1 Verslag van die Moderamen, pt 4.4 asook Agenda Deel II bl 13)

1. Die Algemene Sinode versoek gemeentes om, waar hulle genader word om ’n kapelaan aan die gemeente te koppel, dit ernstig te oorweeg.
2. Die Algemene Sinode verwys die behoefte aan bydraes van gemeentes ten bate van die Kapelaansfonds na sinodes.

3. Die Algemene Sinode versoek sinodes om kapelane wat binne hulle grense werk, te betrek by die verskillende dienskommissies van die sinode.

4. Die Algemene Sinode besluit om die Subkommissie vir Kapelaansdienste soos volg saam te stel: ’n verteenwoordiger van elk van die vier kerke van die NG Kerkfamilie en ’n benoemde kapelaan van elk van die vier afdelings van die Veiligheidsdienste (SAW, SAPD, Korrektiewe Dienste, Nasionale Intelligensie), op eie koste. Indien die hoofkapelaan(e) van die NG Kerkfamilie is, word hy/sy/hulle benoem - indien nie, een van die leiersgroep van die betrokke afdeling wat ’n gelegitimeerde van die NG Kerkfamilie is.

5. Die Algemene Sinode besluit om ’n dienende kapelaan uit elk van die vier afdelings van die Veiligheidsdienste op die Diensgroep vir Diens en Getuienis te benoem.

6. Die Algemene Sinode besluit om voort te gaan met sy steun en betrokkenheid by die Veiligheidsdienste Christelike Adviesraad deur middel van sy verteenwoordiger op die Raad.

15. KERKLIED

15.1 AMPTELIKE LIEDBUNDEL

Die Algemene Sinode bevestig sy besluit dat die nuwe *Liedboek van die Kerk* die amptelike liedbundel van die NG Kerk is en doen ’n beroep op al die gemeentes om dit met ywer te benut.

(Handelinge AS 2002, bl. 536: 2.1.1.3).

16. KERKLIKE LIDMAATSKAP

16.1 Besluite 1998

1 Die Algemene Sinode bevestig dat dooplidmate en belydende lidmate op grond van die verbond volledig lidmate van die kerk is.

2 Die Algemene Sinode handhaaf die praktiese onderskeiding van dooplidmate en belydende lidmate om uitdrukking te gee aan die verskil in verantwoordelikhede rondom lidmaatskap.

3 Die Algemene Sinode besluit dat oordrag van lidmaatskap van een gemeente na 'n ander by wyse van attestaat sal geskied.

Die attestaat is 'n getuigskrif van die kerkraad oor die lewe en leer van 'n belydende lidmaat tydens sy/haar verblyf in die gemeente. Die naam van 'n lidmaat wat gedoop is, word saam met dié van sy/haar ouer(s) op die attestaat vermeld. Indien dit nie moontlik is nie, word 'n doopattestaat uitgereik as getuienis dat die lidmaat gedoop is en, indien moontlik, te getuig oor die lewe en leer van die lidmaat.

4 Die Algemene Sinode besluit dat die kerkraad die attestaat van die lidmaat in ontvangs neem en die pastorale verantwoordelikheid vir die lidmaat moet aanvaar. As sodanig het die kerkraad toesig oor die lewe en leer van die lidmaat. Die kerkraad moet toesien dat die lidmaat aktief meeleef in die gemeente deur sy/haar gawes beskikbaar te stel tot opbou van die gemeente en die uitbou van die koninkryk van God in die wêreld.

(Handelinge 1998, p 454, 4)

16.2 Besluite 2002

1 Die Algemene Sinode aanvaar die volgende uitgangspunte vir die hantering van kerklike lidmaatskap:

1.1 Insluiting in die verbond (soos deur die doop bekragtig) is die grond vir volledige lidmaatskap.

1.2 Lidmaatskap van 'n gemeente (nie noodwendig die een binne wie se geografiese grense gewoon word nie) is verpligtend.

1.3 By watter gemeente ingeskakel word, is primêr die verantwoordelikheid van die lidmaat.

1.4 Gemeentes bly geografies ingedeel sover die geografiese gebied verstaan word as daardie gebied waarvoor die gemeente die institusionele verantwoordelikheid aanvaar om daar die koninkryk van God op elke terrein te bevorder.

2 Die Algemene Sinode handhaaf die gebruik om gemeentes geografies af te baken.

3 Die Algemene Sinode besluit dat die formele aflegging van geloofsbelydenis ingeklee word as ’n getuienis van persoonlike geloof in Jesus Christus, onderskrywing van die Gereformeerde leer soos vervat in die Ou- en Nuwe Testament en die artikels van die Christelike geloof en gereedheid om leiding te neem in die gemeente.

4 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Jeugkommissie om toe te sien dat die kategetiese materiaal doelgerig aandag gee aan leerstellinge en praktiese toerusting van lidmate om hulle diens verantwoordelikheid in die gemeente en gemeenskap te kan aanvaar.

5 Die Algemene Sinode besluit dat die onderskeid tussen doop- en belydende lidmaatskap nie dui op dubbele lidmaatskap nie, maar slegs ’n onderskeid in die proses van lidmaatskap ontwikkeling aandui.

6 Omdat die ontwikkeling na belydende lidmaatskap gepaard gaan met die gereedheid om meerdere verantwoordelikheid tot diens leiding in die gemeente te aanvaar, besluit die Algemene Sinode dat slegs belydende lidmate tot die ampte (diensleierskap) gekies word.

7 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKG om ’n studie te doen oor die faktore wat ’n rol speel in die besluitnemingsproses van lidmate wanneer by ’n gemeente ingeskakel m oet word. Aan die hand hiervan word die AKG opdrag gegee om so gou moontlik riglyne aan gemeentes beskikbaar te stel aan die hand waarvan lidmate gelei kan word om op verantwoordelike en sinvolle wyse by gemeentes in te skakel.

8 Die Algemene Sinode besluit om punte 3.2.2.1 tot 3.2.2.4 te aanvaar as praktieseriglyne vir die hantering van lidmaatskap en attestasie.

Die bewoording in die laaste paragraaf van 3.2.2.2 word vervang met:

(1) Kerkrade wat ’n lidmaat van buite die gemeente grense ontvang, gee daarvan kennis aan die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat woon. Dieselfde bewoording geld ook wat 3.2.2.3 betref.

(2) Die ARK kry opdrag om die riglyne te integreer en in die *Kerkorde* op te neem in plek van die huidige beleidsbesluit 14.

Die Sinode besluit dat die praktiese hantering van attestate en spesifiek die prosedure met betrekking tot lidmaatskap oor grense heen, onmiddellik van krag is.

9 Lidmate van ander kerke wat versoek om in te skakel, word hanteer in terme van bestaande besluite van die Algemene Sinode. Waar sulke persone se doop erken word, kan hulle inskakel in die gemeente en deelneem aan die sakramente.

10 Die Algemene Sinode besluit om die volgende Begripverklaring oor kerklike lidmaatskap in Die *Kerkorde* op te neem: Die term *kerklidmaat* of *lidmaat* is ‘n aanduiding van 'n bepaalde band tussen ‘n gemeente en 'n indiwidu waarvolgens die gemeente van Jesus Christus die indiwidu as deel van daardie gemeente se verbondsverhouding met die drie-enige-God aanvaar en waarvolgens die indiwidu deelneem aan die diens van die gemeente aan God, medemens en skepping. 'n *Dooplidmaat* in hierdie verband is 'n lidmaat wat gedoop is, maar nog nie belydenis van geloof afgelê het nie. ‘n *Belydende lidmaat* is ‘n lidmaat wat in 'n erediens belydenis van geloof afgelê het. Hierdie onderskeiding dui nie op dubbele lidmaatskap nie, maar is slegs aanduiding van 'n lidmaat se gereedheid tot aanvaarding van meerdere verantwoordelikheid in leidinggewende verband in 'n gemeente as belydende lidmaat.

11 Die Algemene Sinode besluit dat belydende lidmaatskap deur 'n tughandeling beëindig kan word as uiterste stap van tug. So 'n persoon kan slegs deur belydenis van geloof weer belydende lidmaat word nadat die tug opgehef is.

12 Vanweë die implikasie van hierdie besluit van die Algemene Sinode in die lig van Art.10 van die *Kerkorde* (1998) en die NGB art. 16, besluit die Algemene Sinode om die hele verslag van die Ad Hoc-kommissie vir Kerklidmaatskap (Agenda bl. 306-311 punt 2.6) na

die ARK te verwys om opnuut te kyk na al die aanbevelings.

(Handelinge AS 2002, bl. 559: 2.6.4 en 560).

16.3 Riglyne vir Praktiese hantering van lidmaatskap

1 Persone kan binne geografiese grense van ‘n bepaalde gemeente *intrek* en lidmaatskap van daardie gemeente verlang.

1.1 Lidmate handig self hulle attestate by die nuwe gemeente in of versoek die administratiewe amptenaar van die gemeente om dit van die vorige gemeente aan te vra.

2 Persone kan binne die geografiese grense van ‘n gemeente *intrek* en *lidmaatskap van ‘n ander gemeente verlang*.

2.1 Gemeentes behoort nie sonder meer sulke lidmate te verwelkom as die motivering vir hulle keuse om in te skakel verband hou met slegte verhoudings tussen die persoon(-ne) en iemand anders in die gemeente vanwaar hulle kom nie. In so ’n geval moet die kerkraad deur pastorale begeleiding die saak hanteer en in die reine bring.

2.2 Gemeentes behoort net lidmate van buite hulle geografiese grense te aanvaar indien dit prakties moontlik is om sulke lidmate te bedien waar hulle won en dit vir sulke lidmate prakties moontlik is om aktiewe lidmate te wees van die geloofsgemeenskap. (’n Uiterste voorbeeld illustreer dit: Dit sal bv. onprakties en onaanvaarbaar wees as ’n lidmaat van Laingsburg sou besluit om by Roodepoort in te skakel. Die kerkraad van Roodepoort sou in die geval van so ’n versoek om erkenning as lidmaat dit alleen kon aanvaar as die kerkraad die vermoë het om die lidmaat in Laingsburg te versorg en as die lidmaat in Laingsburg die vermoë het om in te skakel by die gemeente-aktiwiteite in Roodepoort.)

2.3 Lidmate versoek skriftelik die gemeente waar hulle wil inskakel om as lidmate aanvaar te word en verskaf die nodige dokumentasie soos attestate en doopbewyse waar nodig. Die gemeente wat so ‘n aansoek ontvang kan lidmate help met die verkryging van hierdie dokumente.

2.4 Kerkrade wat 'n lidmaat van buite die gemeentegrentse ontvang, gee daarvan kennis aan die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat woon.

3 Persone kan binne die geografiese grense van 'n bepaalde gemeente *intrek en verlang om lidmaat te bly van die gemeente waar hulle lidmaat was*.

3.1 Kerkrade wat 'n lidmaat van buite die gemeentegrense ontvang, gee daarvan kennis aan die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat woon.

4 Persone kan vir 'n *tydperk lidmaat van ‘n bepaalde gemeente wees* (hetsy omdat hulle binne die grense woon of oor grense lidmaatskap bekom het) *en besluit om lidmaat van ‘n ander gemeente te word*.

4.1 Lidmate moet die kerkraad waar hulle lidmaat is daarvan in kennis stel met opgaaf van redes. Indien die kerkraad bevind dat die redes vir verandering van lidmaatskap nie kwaadwillig is nie, kan die attestaat na die nuwe gemeente oorgeplaas word.

17. LEGITIMASIE MET BEPERKTE OPDRAG

Die Algemene Sinode keur goed dat:

1. ’n Aansoek om legitimasie met beperkte opdrag vanaf ’n kerkraad, met goedkeuring van die plaaslike ring, aan die ATR gerig word.

2. Die gronde vir die aansoek, in terme van die vereistes van legitimasie (Art 5) deur die ATR beoordeel moet word alvorens die ATR ’n besluit daaroor neem, met verslag aan die Algemene Sinode.

3. Dat die beperking slegs betrekking het op die opdrag van die kandidaat (dws ’n beperking van beroepbaarheid tot ’n besondere streek, of kategoriale bediening) en nie op bevoegdheid as sulks nie. (Volle predikantsbevoegdheid bly ’n vereiste).

4. Dat beroeping slegs mag plaasvind nadat die ATR skriftelike toelating tot die bediening gegee het (= legitimasie).

5. Kandidate uit nie-lidkerke van die NG Kerk-familie *colloquium doctum* voor ’n Eksamenkommissie van die NG Kerk moet aflê.

(Handelinge AS 2002, bl. 556: 1.3.3).

18. NG KERKSEEL

Die Algemene Sinode bevestig die volgende as sy standpunt tov die NG Kerkseel: Die kerkseel is die eiendom van die Algemene Sinode; dit is ’n seel van “amptelikheid” en is beperk tot die Algemene Sinode se werksaamhede; persone/instansies kan die seel slegs gebruik met die verlof van die Moderamen; hulle moet skriftelik daarvoor aansoek doen.

(Handelinge AS 2002, bl. 568: 3.5.2).

19. NAGMAAL

19.1 Oop of geslote

Die Algemene Sinode besluit soos volg:

1 In die gemeentes van die NG Kerk mag besoekers uit sowel ander gemeentes as uit ander Protestantse kerke die nagmaal gebruik op voorwaarde dat hulle toegang en vrymoedigheid daartoe in hulle eie gemeentes het.

2 In ekumeniese verhoudings op sowel gemeentelike as sinodale vlak word wedersydse toeganklikheid al dan nie van die betrokke kerke bespreek en dienooreenkomstige gedragswyses bepaal.

3 Lidmate moet voortdurend ingelig word aangaande die sin van die nagmaal en die implikasies wat dit het vir die wyse waarop 'n mens as nagmaalsgas in ander gemeentes en kerke optree. Hierdie inligting kan verskaf word deur die prediking, die inkleding van die liturgie en die kategese.

4 Die volgende sou as moontlike voorbeeld kon dien van 'n uitnodiging tot deelname aan die nagmaal: "Aangesien die kerk van Christus meer omvattend is as slegs hierdie gemeente, word elkeen van u wat u persoonlike verlossing in Jesus Christus gevind het, uitgenooi om deel te neem aan hierdie nagmaalsfees. Wie egter die genadewerk van God minag en tog deelneem, eet en drink 'n oordeel oor hulleself."

(Handelinge 1994, p 434, 27.6)

19.2 Gereelde viering van nagmaal

1. Die Algemene Sinode bevestig ’n vorige besluit dat die volledige Christelike erediens beide Woordbediening en Nagmaalviering insluit.

2. Die Algemene Sinode moedig gemeentes weer eens aan om nader te beweeg aan die rigting van ’n weeklikse viering van die nagmaal. Die Algemene Sinode doen dit met die oortuiging dat dit die beste Bybelse praktyk is, dat die sakramente maniere is waarop God na ons kom en dat dit ook die Woordbediening kan versterk.

3. Die Algemene Sinode is daarvan oortuig dat die meer gereelde viering van die nagmaal ’n onbereikte ideaal sal bly indien die gemeente nie die geloofversterkende nut daarvan beleef nie. Gemeentes en liturge word aangemoedig om die volgende paar jaar besondere erns te maak met die inkleding van die nagmaal.

4. Die Algemene Sinode aanvaar dat wat betref die hoe van die viering van die nagmaal die gereformeerde tradisie nooit voorskriftelik was nie. Daar is in die gereformeerde tradisie byvoorbeeld verskillende praktyke rondom die kommunie van die gemeente gangbaar. Die Algemene Sinode handhaaf die beginsel van vryheid, en versoek gemeentes om hulle in hul besluite hieroor te laat lei deur die beginsels van die Skrif en die wens dat die gemeente opgebou en gestig sal word deur die viering van die nagmaal.

(Handelinge AS 2002, bl. 537: 2.2.4.2).

19.3 Nagmaal in kleingroepe

Aangesien daar by ’n toenemende aantal lidmate ’n behoefte is aan ’n nagmaalsbelewing 'n kleiner, meer intieme groepe, en daar geen Bybelse beswaar daarteen is nie, besluit die Sinode dat nagmaal voortaan ook in kleingroepe in die gemeente bedien mag word onder dieselfde voorwaardes as wat in die gemeentes as geheel geld.

(Handelinge AS 2002, bl. 537).

19.4 Toelating van kinders tot Nagmaal

1. Die Algemene Sinode besluit dat

   * gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo,

   * aan die vereistes van 1 Kor 11 voldoen, en

   * die begeerte het om nagmaal te gebruik tot die nagmaal toegelaat mag word.

2. Praktyk van toelating van kinders by die Nagmaal

   Die Algemene Sinode besluit dat ter wille van die goeie orde en eenheid van die kerk die toelating van kinders tot die nagmaal op die volgende wyse geskied:

2.1 Kerkrade besluit wanneer die gemeente daarvoor gereed is. Die Algemene Sinode besluit om kerkrade te versoek om die gemeentes te begelei en toe te rus, en so tot gereedheid te voer vir toelating van kinders tot die gebruik van nagmaal as ’n gesinsmaal. Hierdie leiding moet op ’n pastorale wyse met groot liefde en toewyding gedoen word.

2.2 Ouers se verantwoordelikheid

Ouers het die verantwoordelikheid om hulle kinders voortdurend te begelei en te onderrig in die volle rykdom van die betekenis van die nagmaal, net soos kerkrade die plig het om volwassenes te begelei.

2.3 Dit is die verantwoordelikheid van elke kerkraad om spesifieke reëlings te tref oor die wyse waarop die toelating plaasvind.

2.4 Die Algemene Sinode beklemtoon dat ouers hulle kinders moet begelei met die oog op die kinders se deelname aan die nagmaal en om die besondere geleentheid te benut om saam met hulle kinders die nagmaal te gebruik.

2.5 Die Algemene Sinode versoek kerkrade om deurlopend aandag te gee aan die toerusting en begeleiding van ouers sodat hulle hulle kinders kan begelei in die deelname aan die nagmaal.

2.6 Die Algemene Sinode besluit:

2.6.1 By die toelating van kinders tot die nagmaal verval belydenisaflegging as toelatingsvoorwaarde vir die nagmaal.

2.6.2 Die praktyk van kategese en belydenisaflegging word gehandhaaf in ooreenstemming met die vorige besluite van die Algemene Sinode.

(Handelinge 1998, bl 432, 4)

19.5 Kinders aan die Nagmaalstafel

1. Die Algemene Sinode handhaaf sy besluit van 1998 dat gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo, aan die vereistes van 1 Kor 11 voldoen, en die begeerte het om nagmaal te gebruik, tot die nagmaal toegelaat mag word.

2. Die Algemene Sinode keur die volgende aanbevelings van die Moderamen (Agenda 2002 bl 344) as beginsel-standpunt goed:

2.1 Kerkrade het ’n deurlopende verantwoordelikheid om doop- en belydende lidmate toe te rus en te begelei vir die Christelike leer en lewe.

2.2 Kerkrade het daarom ook ’n verantwoordelikheid om die besluit van die Algemene Sinode 1998 oor die toelating van kinders tot die nagmaal uit te voer. In hierdie proses moet daar deurlopende begeleiding van ouers en kinders plaasvind, omdat die ouers so ’n belangrike rol by die kind se sinvolle gebruik van die sakrament speel. Kerkrade kan hiervoor die

prediking, kategese, die pastorale werk van predikant, ouderling en diaken en ander vorme van begeleiding, inligting en voorligting gebruik.

2.3 Met betrekking tot die toelating van dooplidmate tot die nagmaal tref elke kerkraad toepaslike reëlings in die lig van plaaslike omstandighede. Wykskerkraadslede en/of kategete kan ook in die opsig saam met die ouers betrek word.

(Handelinge AS 2002, bl. 552: 15/16).

20. OMRUILING VAN STANDPLASE

20.1 Besluite 1994

1 Leraars wat weens buitengewone omstandighede daartoe verplig word of wat 'n omruiling van standplaas begeer, kan in oorleg met die betrokke kerkrade reëlings tref vir die omruiling van hulle standplase.

2 Sodanige reëlings moet in 'n geskrewe ooreenkoms deur die betrokke kerkrade goedgekeur word waarna dit vir goedkeuring aan die ring/ringskommissie voorgelê word.

3 Hierdie ooreenkoms tot omruiling moet eers deur die betrokke ringskommissies goedgekeur word voordat uitvoering daaraan gegee mag word.

4 Kennisgewing hiervan word in die amptelike blad van die Kerk gegee.

5 Die bepalings ten opsigte van die bevestiging van 'n leraar in 'n gemeente is ook hier van toepassing.

(Handelinge 1994, p 516, 14)

20.2 Besluite 2002

1 Die NG Kerk aanvaar steeds die beroepstelsel as die normale en gewenste praktyk vir die plasing en wisseling van predikante.

2 In die lig van navorsing (Kerkspieël 6) moet erken word dat die groot oorvoorsiening van leraars en weinig vakatures, veroorsaak het dat die beroepstelsel tans nie die nodige gesonde rotasie van predikante te weeg bring nie. Daar is dus behoefte aan 'n aanvullende meganisme wat gesonde wisseling kan help bevorder.

3 Die Algemene Sinode het reeds die beginsel van standplaasruiling goedgekeur as 'n aanvullende meganisme (vgl oa. 1994). Standplaasruiling as 'n aanvullende stelsel kan help om die huidige probleme te hanteer, mits dit as volg gewysig word:

3.1 Die Algemene Sinode benoem 'n kommissie met die bevoegdheid om die omruiling van leraarstandplaas met verskillende sinodale gebiede te inisieer, te onderhandel en te finaliseer. Die Algemene Sinode adviseer sinodes om kommissies binne die Sinodale gebiede saam te stel wat standplaasruilings binne die streke kan inisieer, onderhandel en finaliseer. Die Algemene Kommissie word saamgestel met een verteenwoordiger van elke streeksinode. Die voorsitter van die ATPB tree op as sameroeper.

3.2 Die Algemene Sinode versoek die kommissie om binne die raamwerk van die volgende uitgangspunte riglyne op te stel vir die implementering van die stelsel:

3.2.1 *Roeping*: In die proses van standplaasverwisseling moet die roeping van die leraar en die werk van die Heilige Gees in ag geneem word. Hierdie proses word gesien as een van die maniere waarop die Here leraars na gemeentes kan roep.

3.2.2 *Bona fides* en persoonlike omstandighede dien (onder andere) as bona fide redes vir verwisseling. Die betrokke partye oorweeg die meriete van die saak Dit gaan om *bona fide* redes vir verwisseling van standplase. Die proses mag bv nie gebruik word om dreigende tughandeling te ontduik nie.

3.2.3 *Ooreenkoms*: Aangesien die leraar en kerkraad in ’n werksverhouding staan wat amptelik by wyse van Kerkordebepalings gereguleer word, sal dit in die handelinge rondom verwisseling van standplase verreken moet word. Die regte en voorregte van albei partye, die kerkraad en die leraar, sal in ag geneem moet word. Dit bied egter wel die geleentheid dat verwisseling by wyse van ooreenkoms gereël kan word (na analogie van Art.7 van die *Kerkorde* 1998). 'n Proses waarvolgens kerkrade en leraars 'n ooreenkoms tot

verwisseling aangaan, waarvoor albei partye eienaarskap aanvaar, moet moontlik gemaak word.

3.2.4 *Verwisseling*: Die kerkverband en sinodale begeleiers dwing nie verwisseling af nie maar skep 'n geleentheid vir die partye tot verwisseling. Dit vervang nie die huidige beroepstelsel nie.

3.2.5 *Die Kerkverband:* Die kerkverband speel in die verband 'n bemiddelende en fasiliterende rol. Hier het ringe, sinodes en die Algemene Sinode elk 'n eie rol te vervul.

3.2.6 *Beroeping:* Die skriftelike ooreenkoms waartoe deelnemende partye kom om van standplaas te verwissel, is 'n geldige beroep en vereis nie 'n aparte beroepshandeling nie. Die ooreenkoms moet voor finale ondertekening vir twee agtereenvolgende Sondae vir approbasie aan die betrokke gemeentes voorgelê word. (Vgl. die analogie in Reglement 6: 3.1.3)

3.2.7 *Multilaterale verwisseling:* In gevalle waar 'n bilaterale passing nie bewerkstellig kan word nie, sou multilaterale passings oorweeg kon word.

3.3 Ter wille van die verdere ondersteuning van die nuwe stelsel versoek die Algemene Sinode die kommissie om ondersoek in te stel na 'n sisteem waarvolgens alle predikante in die reël na 7 jaar in 'n gemeente op 'n standplaasverwisselingslys kom. Die kommissie lewer hieroor verslag met aanbevelings aan die ASK in die interim.

(Handelinge AS 2002, bl. 444: 7.3.1).

21. OUTEURSREG EN SANGBUNDELS

Die Algemene Sinode betuig instemming met die besluit van die Moderamen, nl.

1. dat die algemeen-aanvaarde beginsel van tantieme by die gebruik van publikasies ook in die geval van kerklike sangbundels gehandhaaf word omdat dit onder andere die uitgewers geldelik in staat stel om voort te gaan om hierdie diens aan die kerk te lewer;

2. dat enige gemeente wat ’n seleksie van kerkliedere publiseer, hulle aan moontlike geregtelike vervolging blootstel;

3. dat gemeentes wat liedere op skerms wil vertoon, aan die volgende voorwaardes moet voldoen:

3.1 hulle moet verlof by die uitgewer kry om die betrokke kerklied te mag vertoon op skerms of vertoonapparaat;

3.2 gemeentes en ander kerklike gebruikers moet elektroniese pakkette of truprojektormateriaal, indien beskikbaar, vir die vertoon van liedere by die uitgewer aankoop;

3.3 gemeentes en ander kerklike gebruikers moet jaarliks ’n lisensiegeld aan die uitgewer betaal vir die voortgaande vertoonreg van kerkliedere wat self gereproduseer word.

(Handelinge 1998, bl 403, 2.5.4)

4. Die Algemene Sinode versoek:

4.1 gemeentes om nie onwettige bundels saam te stel uit bestaande bundels van die kerk of uit ander bundels nie; om waar dit wel bestaan, dit nie langer te gebruik nie; om kopie- en outeursregte te eerbiedig;

4.2 gemeentes om die aangewese weg te volg vir die keuse en gebruik van nuwe of ander liedere en om nie ongekeurde liedere te sing nie.

(Handelinge 1998, bl 433, 6.5)

5. die Algemene Sinode bevestig sy besluit dat die nuwe *Liedboek van die Kerk* die amptelike liedbundel van die NG Kerk is en doen ’n beroep op al die gemeentes om dit met ywer te benut.

5.1 die Algemene Sinode moedig gemeentes aan wat liedere elektronies projekteer, om te verseker dat die nodige lisensie(s) uitgeneem is en jaarliks hernu word.

(Handelinge AS 2002, bl. 536: 2.1.1.3 en bl. 573: 8.3).

22. PREDIKANTE

22.1 Jaarlikse aanmelding

Die Algemene Sinode besluit dat alle dienende predikante jaarliks via hulle gemeenteskriba die skriba (bevoegdheidsregister) van die ATR moet inlig oor hulle huidige gemeente en posisie.

(Handelinge AS 2002, bl. 562: 3.1).

22.2 Predikante A-Z

Die Agemene Sinode 2007 het (met die uitsondering van hoofstuk 6) die A-Z Beleid aangaande Predikante goedgekeur. In hierdie dokument word volledig gehandel met Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO).

22.3 Besluite 2007

22.3.1 Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.

22.3.2 BEDIENINGSBEVOEGDHEID (vgl Agenda Deel I bl 326, A.3.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Regte pt 1.2.3 asook Agenda Deel II bl 23)

Die Algemene Sinode besluit op versoek van die ATR om 'n klein taakspan van kundiges aan te wys en om daarvoor te begroot, met die doel om ’n omvattende ondersoek te doen na:

1. Alle sake rakende die toetrede tot die bediening en die behoud van bedienings-bevoegdheid;

2. Die problematiek rondom die predikant “as werknemer van die kerkraad” aan die een kant en sy/haar ampsbevoegdheid kragtens sy legitimasie en bevestiging aan die ander kant;

3 Of daar seker bedieningstake (bv. Sakramentsbediening) slegs aan die bevestigde leraar toevertrou kan word en of sodanige take ook deur nie-bevestigde leraars uitgevoer mag word;

4. die moontlikheid van verskillende kategorieë van predikante, beide wat opleiding, legitimasie en verantwoordelikhede betref;

5. Verdere sake deur die Algemene Sinode geïdentifiseer.

6. Hierdie ondersoek moet spoedeisend afgehandel word met verslag en afhandelingsbevoegdheid aan die Moderamen.

22.3.3 DOWE: TOELATING VAN TOT DIE AMP (vgl Aanvullende Verslae bl 19 - 21, A.3.4.1 Algemene Taakspan Regte pt 7)

Die Algemene Sinode neem kennis dat ATTO aandag aan die saak gegee en na die kuratorium van Stellenbosch verwys het. Die ATR wys die skrywers daarop dat die moontlikheid van legitimasie met beperkings bestaan en dat die ATR elke aansoek op meriete oorweeg.

22.3.4 HUWELIKSBEVESTIGERS (vgl Agenda Deel I bl 287, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling pt 6.2 (vgl ook ADGO Bylaag 6 bl 313) asook Agenda Deel II bl 23)

1 Die Sinode besluit dat die huweliksdiens nie ’n gewone samekoms van die gemeente (erediens) onder leiding van die ampte is nie. Die persone by ’n huweliksluiting kom nie as gemeente van God met die oog op ’n openbare erediens saam nie.

2 Die Sinode besluit dat die leraar as individuele lerende ouderling pastoraal optree by die huweliksbevestiging en dat die toesig van die ander ampte nie noodsaaklik is nie.

3 Die Sinode beklemtoon dat die Bybelse eise met betrekking tot die huwelik suiwer moet weerklink met die huweliksvoorbereiding, -bevestiging en begeleiding binne die dampkring van die kerk as gemeenskap van die gelowiges. Gesien teen hierdie agtergrond kan die huwelik van belydende lidmate van ’n gemeente nie maar bloot deur enige persoon wat staatsregtelik daartoe bevoeg is, bevestig word nie. Dit bly die taak van die bevoegde bedienaar van die Woord.

4 Die Sinode besluit dat verdere ondersoek gedoen word oor ’n kerklike huweliksinseëning (geestelike ooreenkoms) as genoegsame verbintenis vir gelowiges om saam te woon en of die staat se wetlike ooreenkoms noodsaaklik is (Gesien teen die agtergrond van byvoorbeeld bejaardes wat verplig word om saam te woon omdat mediese en pensioenvoordele in ’n volgende staatsregtelike huwelik verbeur word).

22.3.5 SABBATSJAAR VIR PREDIKANTE

Die Algemene Sinode dra dit aan ATPB /ATR op om die konsep van 'n Sabbatsjaar vir predikante as sinvolle aanwending van langverlof te ondersoek en indien werkbaar na goeddunke te implementeer.

23. BUITELANDSE BEDIENING

Die besluite van die Algemene Sinode is op aanvraag by die Algemene Sekretaris beskikbaar.

24. KERKHERENIGING

Besluite 2004

1 Inleiding

Die NG Kerk is hartseer en verleë omdat ons na baie jare se gesprekke oor kerkhereniging nog nie veel gevorder het nie. Terwyl daar faktore is wat die proses werklik baie moeilik maak, weet ons dat dit nie ’n verskoning is nie.

By die Sinode het ons voor die aangesig van die Here opnuut oortuig geraak van die belangrikheid van kerkeenheid en ons wil onsself met nuwe toewyding daaraan wy. Ons glo dat die Here van ons vra om so spoedig moontlik ou breuke te heel en as volle familie van kerke byeen te kom in een kerkverband. Ons glo ook dat ’n verdeelde kerk baie moeilik die roeping wat die Here vir ons as kerk het, sal kan uitvoer. Ons huiwer om dit te sê, maar ons oordeel dat versuim in hierdie verband nie net sal beteken dat ons die Here gefaal het nie, maar ook ons Suider-Afrikaanse samelewing – en miskien veral die kinders en jongmense.

Ons pleit by die ander kerke van die NG Kerkfamilie vir ’n ínklusiewe herenigingsproses waarin ons poog om sover moontlik almal wat deel is van ons kerke, saam te neem op die pad vorentoe.

Ons is verbind aan die VGKSA wat vir ons sê dat die Belharbelydenis vir hulle baie belangrik is en dat hulle dit sal wil inbring in die nuwe verband. Ons is egter ook verbind aan die NGKA en die RCA wat vir ons sê dat hulle nie kans sien om Belhar volledig as belydenisskrif te onderskryf nie.

Wat ons eie kerk betref, het ons ’n verantwoordelikheid teenoor baie predikante en lidmate wat gereed is vir ’n hegte eenheid en graag Belhar sou wou onderskryf, maar ook baie predikante en lidmate wat om verskillende redes nie kans sien om Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie.

Ons glo dat ons ’n verantwoordelikheid teenoor al hierdie groepe het en sou onsself wou gee vir ’n proses waarin ons so gou as moontlik een word in ’n “ruim huis” wat plek maak vir almal van ons - met die baie waaroor ons saamstem, maar ook dit waaroor ons verskil. Ons glo dat dit ironies sal wees as ons rondom ’n belydenisskrif wat juis die eenheid van die kerk bely, by ’n punt kom waar ons die kerk maar laat skeur omdat ons nie meer glo dat die Here ons almal bymekaar kan hou en in een herenigde kerk kan saambring nie. Ons pleit by ons broers en susters vir ’n spoedige hereniging in ’n ruim en breë eenheid waarin ons mekaar aanvaar en aanneem met al ons bagasie, en ook kans kry vir ’n groeiproses waarin ons mekaar leer ken en leer liefkry.

Ons bied die volgende voorstel aan die ander lede van die Familie aan as ons aanbeveling oor hoe ons mekaar iewers in die middel kan ontmoet en ’n pad saam kan begin loop. Ons gaan ook so spoedig moontlik met ons eie gemeentes in gesprek tree oor hierdie voorgestelde proses vir kerkhereniging.

Ons hoop dat ons spoedig “iewers in die middel” een nuwe herenigde kerk kan vorm waar ons almal saam voor Christus buig en voor mekaar en as ’n saam-kerk die pad vorentoe aanpak.

2 Verbintenis Tot Kerkhereniging

Die NG Kerk herbevestig sy ernstige en duidelike verbintenis tot die herstel van een kerkverband met die ander drie kerke van die Familie, nl die VGKSA, die NGKA en die RCA. Hierdie verbintenis is gegrond in die oortuiging dat die Here dit van ons vra - ter wille van sy eer (Joh 17:23) en ter wille van ons gesamentlike roeping (Ef 4:4) en getuienis in Afrika nóú. Ons glo dat ons as Familie bymekaar hoort, mekaar nodig het en saam ’n wesenlike taak te vervul het in ons lande.

3 ’n Keuse om gou weer op gang te kom met die proses en saam te groei na groter eenheid

3.1 Die NG Kerk is jammer dat die herenigingsproses sloer. Ons is oortuig dat daar genoeg gronde is waarom ons spoedig met die kerkherenigingsproses kan begin.

(1) Ons het ’n gedeelde geskiedenis en weet almal dat ons bymekaar hoort;

(2) Al die kerke aanvaar reeds die formuliere van eenheid as ’n gemeenskaplike belydenisbasis.

(3) Die Algemene Sinode het reeds in 1998 gesê dat hy die wesenlike inhoud van die Belharbelydenis aanvaar.

(4) Daar bestaan in baie gemeentes, ringe en sinode reeds baie goeie samewerkingsverbande en strukture en op sommige plekke is daar reeds eenheidstrukture opgerig.

3.2 Ons is van oordeel dat hierdie sake genoeg geloofskonsensus bied sodat ons saam weer die proses op pad na een kerkverband kan begin. Ons doen ’n beroep op die ander kerke van die Familie dat ons so gou doenlik die voorbereidende proses op gang sal kry.

3.3 Ons glo dat ons so ’n pad nie alleen aanpak nie. Die getuienis van ander wat die pad reeds geloop het, help ons om ons vertroue te stel op die versoenende krag van die evangelie van Christus wat ons steeds nader aan mekaar kan bring en ons kan laat groei in ons liefde en begrip vir mekaar.

4 ’n Pad wat baie geduld, begrip en tegemoetkomendheid van almal vra

Die geskiedenis leer ons dat verenigingsprosesse tussen kerke nooit eenvoudig is nie. Dit vra van alle betrokkenes geestelike toewyding, geduld, liefde en veral tegemoetkomendheid. Dit beteken dat ons almal bereid sal moet wees om mekaar iewers in die middel te ontmoet. In die proses sal ons deurentyd moet rekening hou met vrae en onsekerheid wat mense het en dit met groot geduld, sensitiwiteit en baie gesprek hanteer.

5 Die Belharbelydenis

Omdat die Belharbelydenis ’n belydenisskrif van een van die Familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word (vgl besluit AS 1998). Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van Belhar (ons verbintenis aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998). Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te onderskryf nie.

Ons is oortuig dat die verskille oor Belhar meer te doen het met historiese, emosionele en simboliese faktore as met die wesenlike inhoud self. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onsself hiertoe.

6 Model: ’n verenigde kerkverband van selfstandige plaaslike gemeentes

Ons stel voor dat die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel as model vir die organisering van die nuwe een kerkverband gebruik word. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in ringe, sinodes en een algemene sinode. In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en ’n groei na mekaar.

7 Gemeentes se reg om hul oor hul eie werk te besluit, word erken

Al die bestaande gemeentes van die verenigde verband sal so behoue bly en almal saam die gemeentes van die nuwe verband wees. Gemeentes is onderling oop vir bywoning en lidmaatskap.

Waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, staan dit gemeentes vry om hulle onderlinge sake en samestelling spontaan en sonder voorskrif of dwang te reël volgens plaaslike behoeftes.

Kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die gemeente.

8 Ander kwessies word gedurende die proses onderhandel

Daar is 'n aantal sake waaroor saam onderhandel moet word as die voorbereidende proses aan die gang kom. Dit sluit in die skryf van 'n nuwe Kerkorde, die naam van die kerk, teologiese opleiding, organisasie van kerklike werksaamhede, finansies en eiendomme, taal, ens. Ons is bewus daarvan dat van hierdie sake baie sensitief en emosioneel van aard is en dat die onderhandelings hieroor met baie wysheid, oorleg en sensitiwiteit hanteer sal moet word. Tog is ons van oordeel dat meningsverskille oor hierdie meer praktiese sake nie in die pad van kerkhereniging behoort te staan nie.

9 Wesenlike rol van gesamentlike gesprek en besinning op alle vlakke

Ons glo dat die proses van kerkhereniging indringende gesprekke en begeleiding op alle vlakke gaan vra - veral ook op grondvlak met gemeentes en lidmate. Ons verbind onsself tot hierdie gesprekke en oordeel dat dit 'n groot wins gaan wees as van hierdie gesprekke ook saam gevoer kan word. Ons is oortuig dat dit die proses sal aanhelp as die gesprekke oor eenheid gevoer word in die lig van ons gesamentlike roeping in ons lande en ons gesamentlike geloof in die evangelie.

10 Kerkskeuring moet ten alle koste probeer vermy word

Ons spreek die oortuiging uit dat ons in die herstel van een kerkverband kerkskeuring na enige kant ten alle koste moet probeer vermy. Dit het te dikwels gebeur - ook in ons gereformeerde tradisie - dat kerkverenigingsprosesse aanleiding gegee het tot kerkskeuring, die vorming van nuwe kerke en nuwe twiste. Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak.

11 Die byeenbring van alle gereformeerde kerke

Ons spreek die hoop uit dat die hereniging van die familie 'n tree sal wees op pad na die byeenbring van alle kerke van gereformeerde belydenis in SA.

12 Raadpleging van gemeentes

Hoewel die Algemene Sinode en sy kommissies 'n taak het om leiding te neem, onderhandelings te voer en voorstelle te maak ten opsigte van hierdie proses, bevestig ons weer eens dat ons verbind is om ons gemeentes te raadpleeg en te toets sodat ons saam hierdie pad kan loop. Ons is oortuig dat ons kerkskeuring ten alle koste moet probeer vermy. Dit gaan waarskynlik vra vir 'n proses waarin ons vorentoe beweeg maar heeltyd sensitief is en ruimte maak vir mense met huiweringe en vrae.

13 Proses verder

Vir die proses van raadpleging met die sinodes en kerkrade in die NG Kerk ten opsigte van die eenheidsproses in die NG Kerk-familie, stel die Algemene Sinode die volgende riglyne:

1. Die besluite van die Algemene Sinode van 2004 oor die herstel van een kerkverband in die NG Kerk-familie (ASK verslag 13:4 pt 4.3) het die status van aanbevelings vir gebruik in die verdere verloop van die gesprek met hierdie familie.

2. Hierdie aanbevelings word in 'n konsultasieproses deurgegee na die sinodes, kerkrade en gemeentes vir kommentaar en verdere aanbevelings. Die konsultasieproses met kerkrade en gemeentes is die verantwoordelikheid van elke sinode / sinodale kommissie / sinodale diensraad / moderamen en word in oorleg met die Moderamen (plus ander kundiges) as die lede van die taakspan vir kerkhereniging uitgevoer sodat die resultaat nie later nie as einde Januarie 2006 by die Moderamen is. Die konsultasieproses gaan oor die volgende:

2.1 Die besluite oor kerkhereniging van die Algemene Sinode 2004;

2.2 Die praktiese implikasies van elemente van die proses soos gevisualiseer in hierdie besluite plus die bepalings van Die Kerkorde (onder andere Artikel 36, 37 en 44) en die Algemene Sinode se besluit oor ’n moontlike konsensus of ’n tweederdemeerderheid van kerkrade (in 1998 en 2002). In dié verband is die volgende by 1.1.9 van die besluite van 2004 belangrik: "Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak".

3. Na die afhandeling van hierdie konsultasieproses word die resultaat deur die taakspan verwerk en by die voortgaande gesprek in die NG Kerk-familie betrek. Intussen is die aanbevelings van die Algemene Sinode 2004 beskikbaar vir kommentaar vanuit die hele NG Kerkfamilie en vorm dit deel van die gesprek en onderhandelings in die Familie.

4. Die toetsing van kerkrade en sinodes oor "finale" of eindvoorstelle vir die herstel van hierdie verband word gelaat totdat ’n behoorlike proses van konsultasie en saampraat met sinodes en gemeentes na die oordeel van die Algemene Sinode of die Moderamen plaasgevind het.

5. Werklike kerkeenheid staan of val by die wyse waarop dit op gemeentevlak sigbaar word. Daarom moet gemeentes gemotiveer en konkreet gehelp word om na gelang van hulle plaaslike omstandighede met die ander gemeentes van die NG Kerk-familie in hulle omgewing, asook binne ander samewerkingstrukture, daadwerklik saam te werk. Aangesien hierdie ’n saak is wat binne die hele kerkverband belangrik is, is dit ’n dringende prioriteit wat die Moderamen in samewerking met en deur sinodes en ringe moet hanteer.

Besluite 2007

1 GESAMENTLIKE GESPREK TUSSEN DIE VIER KERKE

(vgl Agenda Deel I bl 393-396, A.5.1 Verslag van die Moderamen, pt 2.6 asook Aanvullende Verslae bl 23-25 pt 1.1.4)

1. Die Algemene Sinode ondersteun die inisiatiewe wat die Moderamen sedert Junie 2006 in oorleg met die Moderamens/Sinodale Kommissies/Sinodale Diensrade van al die sinodes asook die Moderamens/ Sinodale Kommissies van die VGKSA, NGKA en die RCA geneem het tot hereniging van die vier kerke in die NG Kerk-familie.

2. Die Algemene Sinode is dankbaar teenoor die Here vir die nuwe gesindheid wat die Here sedert Junie 2006 tussen die vier kerke gegee het in hierdie eenheidstrewe en die vordering wat gemaak kon word ten opsigte van die bou van verhoudinge en die vind van konsensus.

3. Die Algemene Sinode neem kennis van die Achterbergh II-dokumente.

4 Aangesien die proses tussen die vier kerke sodanig gevorder het dat daar iets konkreet op die tafel is, versoek die Algemene Sinode sinodes om die Achterbergh II-dokumente saam met die besluite van die Algemene Sinode 2004, aan gemeentes deur te gee vir bespreking en kommentaar aan die hand van die volgende proses:

* die Moderamen voorsien teen einde Julie 2007 'n dokument met riglyne vir gemeentes oor hoe om sulke gesprekke op die mees konstruktiewe manier te voer;

* die Moderamen stel ’n pro-forma verslagwyse op, wat ook in die riglyne aan gemeentes opgeneem word, aan die hand waarvan kerkvergaderings hulle mening en insette kan gee;

* die sinodes versamel alle kommentaar en insette van gemeentes nie later nie as 1 Desember 2007 en gee dit deur aan die kantoor van die Algemene Sekretaris vir verwerking;

* hierdie fase is slegs vir konsultasie, bespreking en insette/ kommentaar.

5. Die Algemene Sinode dra dit verder aan die Moderamen op om, in die lig van die kommentaar en insette van gemeentes asook die besluite van die Algemene Sinode 2004, verder met die ander drie kerke te onderhandel oor konkrete voorstelle aan kerkrade/ gemeentes van al vier die kerke.

Hierdie konkrete voorstelle word, indien moontlik, gedurende die tweede helfte van 2008 deur elke kerk aan kerkrade/gemeentes voorgelê met die oog op hulle goedkeuring. Dit word deur elke kerk gedoen in ooreenstemming met die prosedures wat tans in daardie

kerk se Kerkorde/ besluite daarvoor voorgeskryf word (Die NG Kerk se proses word uitgespel in Agenda Deel I A.5.1 bladsy 384 pt 14).

6. Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om in hierdie proses verder leiding te neem en om, soos die afgelope maande sedert Junie 2006, telkens die moderature van al die sinodes te betrek in konsensus-soekende onderhandelinge met die ander kerke. Die onderhandelinge geskied aan die hand van die besluite van 2004 asook die uitkoms van die proses in pt 4 hierbo.

2 POSISIE TOV KERKEENHEID/KERKHERENIGING

(vgl Aanvullende Verslae bl 27 pt 1.2.2.2)

Die Algemene Sinode bevestig weereens dat ten opsigte van die saak van kerkhereniging dit by vergaderings van Algemene Sinodes nie meer oor die "of " (maw die wenslikheid) van kerkhereniging gaan nie, maar oor die "hoe" daarvan (maw die beste manier waarop dit bereik kan word) aangesien uitvoerige besluite waardeur die NG Kerk haarself verbind het tot hereniging met die ander drie kerke van die NG Kerk-familie reeds sedert 1990 by verskillende Algemene Sinodes geneem is, en al die (streek-) sinodes ook duidelike besluite ten gunste van kerkeenheid geneem het.

3 REGSADVIES TEN OPSIGTE VAN KERKVERENIGING

(vgl Agenda Deel I Beskrywingspunt B.5.1 (Wes-Transvaal) bladsy 495, Agenda Deel II bladsy 15 asook T.2.1 Eerste Verslag van die Tydelike Kommissie vir Algemene en Ekumeniese Sake bl 1 pt 2)

Die Algemene Sinode neem kennis van die Beskrywingspunt en versoek die ATR om die saak tov regsadvies te hanteer en die advies aan die Algemene Sinodale verband deur te gee.

4 TEOLOGIESE OPLEIDING: BETROKKENHEID VAN FAMILIE VAN NG KERKE BY GESPREK MET DIE OOG OP

(vgl Agenda Deel I bladsy 345, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding, pt 3.2 asook Agenda Deel II bladsy 15)

1. Die Algemene Sinode neem dankbaar kennis van die feit dat die familie van NG Kerke betrokke is by die gesprek oor teologiese opleiding.
2. Die Algemene Sinode versoek AKTO om betrokke te bly by die gesprek met die familie van NG Kerke deur ook te bepaal hoedanig teologiese opleiding kan meehelp om die eenheidsproses te dien en verder aandag te gee aan alle sake rakende teologiese opleiding soos bv. die plekke van opleiding, die duur en inhoud van die kursus ens.

5 TAAKSPAN KERKHERENIGING

1. Die Algemene Sinode besluit om 'n Ad Hoc-taakspan vir Kerkhereniging saam te stel om die gesprek- en besluitnemingsprosesse in die verskillende sinodes te belyn en sinkroniseer.
2. Die Taakspan bestaan uit een persoon uit elke sinode wat deur die sinodes self aangewys word.
3. Die Taakspan rapporteer aan die ASM.
4. Die ASM reël hoe vir die Taakspan se werk begroot word.

6 VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS

(vgl Agenda Deel I bl 433, A.5.3 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis, pt 1.3 asook Agenda Deel II bl 15)

Die Algemene Sinode

1 Keur die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis goed en moedig sinodes aan om in sinodale verband moeite te doen dat hulle diens van barmhartigheid en getuienisbediening met die ooreenstemmende bedieninge van die ander drie kerke in die NG Kerk-familie 'n verenigde struktuur vir Diens en Getuienis vorm.

2 Neem kennis dat die Algemene Kommissie vir Getuienisaksie (AKGA) in die lig van die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis kan verval.

25. HOMOSEKSUALITEIT

Besluite 2007[27]

1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.
2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.
3. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.
5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.
8. Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

26. DIE NG KERK EN DIE GRONDWET

(vgl Agenda Deel I bladsy 99, A.2.1 Verslag van die Moderamen pt 3.4.2 (vgl ook Moderamen Bylaag 1 bladsy 111) asook Agenda Deel II bl 13)

Die Algemene Sinode keur die dokument “Die NG Kerk en die Grondwet” goed as beleidstuk van die NG Kerk. Dit geld ook as uitgangspunt vir die werk van die Parlementêre Lessenaar.

27 NAGMAALWYN

1 Die Algemene Sinode handhaaf die standpunt dat gegiste wyn by die nagmaal bedien word.

2 Omdat gegiste wyn by die gebruik van die nagmaal gevare vir die gerehabiliteerde alkoholis inhou, kan daar op bepaalde plekke op elke skinkbord - of in bepaalde bekers - druiwesap aan hierdie lidmate beskikbaar gestel word.

3 In sy pastorale versorging wys die kerk die gerehabiliteerde alkoholis daarop dat hy/sy sonder enige verlies van God se genade hom/haar van die gebruik van wyn by die nagmaal kan onthou.

28 BEROEPBAARHEID EN DIE BELHARBELYDENIS

Die Algemene Sinode besluit dat predikante en proponente van die Familie van die NG Kerke wat die Belharbelydenis onderteken het, opnuut moet verklaar dat die drie Formuliere van Eenheid as die enigste belydenisgrondslag van die NG Kerk aanvaar word (KO Art 1 en 5) alvorens hulle in 'n gemeente van die NG Kerk bevestig kan word.

(Handelinge 1990, p 707, 1.4)

27 Hierdie 8 punte moet as 'n geheel hanteer word.

29 MISBRUIKE RONDOM DIE BEROEPSTELSEL

1 Die Algemene Sinode oordeel dat daar talle misbruike rondom die "advertering" van vakatures van leraarsposte en die samestelling van groslyste in die huidige beroepstelsel ontstaan het.

2 Die Algemene Sinode wys beroepende vergaderinge, ringe en sinodes daarop dat die vergunning wat die Algemene Sinode in 1990 gemaak het ten opsigte van bekendstelling van vakatures en 'n alternatiewe wyse van samestelling van groslyste slegs die volgende behels:

2.1 Die kerkraad kan die vakature in die *Kerkbode* bekendstel met 'n aanduiding van die besondere vereistes wat ten opsigte van die vakature gestel word. Predikante en proponente kan dan op die bekendstelling reageer deur hulle name tesame met 'n *curriculum vitae* aan die kerkraad voor te lê.

2.2 Kerkrade het die reg om predikante te versoek om hulle *curriculum vitae* met die oog op beroeping te voorsien.

(Handelinge 1998, p 406, 1.3.2)

30 BESLUITE OOR DIE FUNKSIONERING VAN DIE ALGEMENE SINODE

30.1 Geldigheid van besluite

30.1.1 'n Besluit van die Algemene Sinode tree in werking met die publikasie van die Handelinge van die Sinode tensy die sinode anders besluit.

30.1.2 Die Kerkorde en reglemente tree in werking by die publikasie daarvan.

(Handelinge 1994, p 426, 11.4)

30.2 Gesag en status van die Algemene Sinode

30.2.1 Die Algemene Sinode ontleen sy besluitnemingsbevoegdheid:

* aan 'n Christus-gebonde gesag vanuit die Woord van God soos bevestig in Art 20 van die Kerkorde;

* vanuit sy bedieningsverantwoordelikheid soos vervat in Artikels 22 en 43 van die Kerkorde; en

* in sy verteenwoordigende konstituering (Art 38).

30.2.2 Hiervolgens moet die besluite van die Algemene Sinode as bindend aanvaar word. Die sinode vind dus geen gronde vir 'n verdere besinning oor die betrokke saak nie en laat dit daar.

30.2.3 Dit dien daarop gelet te word dat alle besluite van die Algemene Sinode in elk geval in revisie geneem kan word óf deur beskrywingspunte óf deur 'n gravamen.

(Handelinge 1994, p 439, 2.5.3.4)

Die Algemene Sinode keur die volgende omskrywing van sy status goed:

Die Algemene Sinode is as meerdere vergadering 'n sigbare uitdrukking van die eenheid van die kerkverband in die breedste sin van die woord. Kragtens KO Art 43 het die Algemene Sinode die bepaling van beleid en die hantering van spesifieke werksaamhede tot taak. KO Art 22 maak in 'n beperkte sin ook die agenda van die Algemene Sinode oop vir "mindere" vergaderings.

(Handelinge 1998, p 446, 4.2)

30.3 Sittingsreg van ouderling wat predikantsbevoegdheid verkry

Die Algemene Sinode besluit dat 'n persoon wat as ouderling na 'n sinode afgevaardig was en daarna predikantstatus verkry het, nie as ouderling-afgevaardigde sittingsreg in die Algemene Sinode kan hê nie.

(Handelinge 1994, p 452, 2.11.6)

31 KERKLIKE TUG - GROTER ERNS MET TOEPASSING

Die sinode rig dit as 'n dringende werkroep tot die Kerk om baie groter erns te maak met die daadwerklike toepassing van die kerklike tug soos beveel in die Skrif en duidelik vervat in die Kerkorde en daarmee gepaardgaande die getroue funksionering van die herderlike amp.

(AS 1966)

32 AMPTELIKE VERKLARINGS NAMENS DIE KERK

1 Die sinode beklemtoon dat amptelike verklarings namens die Kerk slegs deur die sinode as sodanig uitgereik mag word. Gedurende die tydperk waarin daar geen sinode is nie, sal die permanente kommissies van die Sinode verklarings mag uitreik oor spoedeisende sake wat op hulle terreine lê, en die Sinodale Kommissie oor algemene sake wat nie spesifiek tot die veld van een of ander van die permanente kommissie behoort nie, desnoods deur spesiale vergaderings te belê in tye van krisis, maar steeds met die uitdruklike verstandhouding dat derglike verklarings die standpunt van die betrokke kommissie as sodanig verteenwoordig en eers deur die sinode bekragtig sal moet word.

2 Die sinode versoek alle predikante en persone in amptelike posisies wat verklarings oor kerklike aangeleenthede uitreik, om duidelik te spesifiseer dat die verklarings wat hulle uitgereik het net hulle persoonlike standpunt verteenwoordig.

(AS 1962)

33 DIE GEE VAN TIENDES

Uit die Skrif is dit duidelik dat die OT-gelowiges langs die weg van verskillende offergawes baie meer as een tiende van hulle inkomste aan die Here gegee het. Hiertoe was hulle, naas hulle vrywillige offers, wetlik verplig.

Die NT-gelowige is egter nie meer onder die uiterlike dwang van die wet nie omdat dit in Christus vervul is en daarmee het ook die wetlike verpligting tot die gee van offergawes vir die werk van die Here in 'n nuwe lig te staan gekom.

Ons gee nie uit die dwang van die wet nie, maar in die vryheid van die kind van God, die vryheid wat ons in Christus besit.

In hierdie vryheid, waarin tewens die hoogste gebondenheid van die liefde spreek, vra die Christelike gemoed tog na 'n skriftuurlike leidraad.

Alhoewel die bring van die tiende, en dit as 'n absolute minimum (vgl Mal 3:8) alle wetlike dwang vir ons verloor het, vind die soekende gemoed tog hierin 'n van God geïnspireerde voorbeeld en aanduiding in die OT. Die kind van die vryheid onder die nuwe verbond wil tog immers nie in sy/haar offervaardigheid agterstaan by die OT- gelowige nie. Hulle het tog in die skemer van die wet geleef terwyl ons in die volle middag van die evangelie verkeer.

Ons gee as mense wat alles ontvang het: "uit u hand het ons dit aan U gegee" (1 Kron 29:14). Met alles wat ons is en het, behoort ons aan die Here (1 Kor 4:7). Selfs al sou ons alles gee, het ons nog niks verdien nie (Lk 17:10). En tog kom God ons in Sy grote barmhartigheid tegemoet met die belofte van Mal 3:10 in die roep van Sy genadetrou: "Beproef my tog hierin" (Sinode 1975).

Alhoewel die sinode die gee van tiendes nie beskou as 'n wetlike verpligting op lidmate nie, vind die sinode genoeg gronde in die Skrif om sterk by sy lidmate aan te dring om, uit liefde en dankbaarheid tot God vir hul eie verlossing, en in gehoorsaamheid aan die Here om Sy Koninkryk uit te brei, met 'n blymoedige hart, ruim by te dra tot die werk van Sy Kerk en om die Bybelse leidraad van 'n tiende te aanvaar as 'n riglyn vir derglike bydraes (Sinode 1979).

34 EGSKEIDING EN HERTROU

Die sinode besluit in verband met egskeiding en hertrou soos volg:

1 Die huwelik word erken as 'n Godgegewe instelling wat in sy wese onontbindbaar is, en daar bestaan nie werklike gronde vir egskeiding nie.

2 Alles moontlik moet gedoen word om 'n gesonde huweliks- en gesinslewe te bevorder.

3 In die lig van die Skrif behoort egskeiding nie onder Christene plaas te vind nie. Vir Christene is die uitgangspunt en enigste begaanbare weg nie egskeiding nie, maar huweliksherstel waarby alle weë, hulpmiddels en raad ernstig, biddend en volhardend benut moet word in die geloof dat God se genade in Christus inderdaad sterker as die sonde is en ons geroep word tot versoening.

4 Indien volhardende en biddende herstelpogings met die aanwend van alle beskikbare hulp, uiteindelik nie slaag nie en die gebrokenheid van die huwelik so ingrypend is dat 'n egskeiding nie voorkom kan word nie, moet dit ons tot diepe verootmoediging en skuldbelydenis bring in die wete dat selfs onder hierdie omstandighede dit nooit as God se wil vir die huwelik beskryf kan word nie, en daarom as 'n ramp beleef moet word.

5 Indien egskeiding dan tog op hierdie wyse onafwendbaar word, moet intensiewe pastorale begeleiding deur die kerk aangebied word sodat egte berou betoon en vergifnis beleef kan word.

6 Indien pastorale begeleiding nie tot berou lei nie, moet oorgegaan word tot die toepassing van die tug.

7 Hertrou na egskeiding met iemand anders as die oorspronklike huweliksmaat sou eties gesproke en in die lig van die bestaande Skrifgetuienis moeilik as 'n algemene praktyk aanvaar kan word en daarom moet so 'n stap met baie ernstige en verantwoordelike geloofsafhanklikheid voor God oorweeg word, omdat huweliksherstel ook na die egskeiding 'n prinsipiële moontlikheid moet bly.

8 Die sinode doen 'n ernstige beroep op sy ampsdraers om die slagoffers van elke huweliksontbinding met begrip en deernis pastoraal te begelei in die strewe na 'n sinvolle en gelukkige nuwe lewe, hetsy op hulle eie of in 'n moontlike volgende huwelik.

(Besluit 22 – AS 1986)

35 VRYMESSELARY

1 Die Algemene Sinode herbevestig sy sterk afwysing van daardie beginsels in Vrymesselary wat onbybels is.

2 Die Algemene Sinode versoek kerkrade om Vrymesselaars op 'n simpatieke wyse daarop te wys dat die kerk nie anders kan as om te sê dat die beginsels van die Vrymesselary onversoenbaar is met die beginsels van die evangelie nie. Daarom word op hulle 'n ernstige beroep gedoen om hulleself in die lig van hulle gewete af te vra of hulle lidmaatskap van die organisasie met hulle lidmaatskap van die kerk en bekleër van die ampte versoen kan word.

3 Dit is die verantwoordelikheid van die kerkraad om die Bybelse vereistes vir die ampte konsekwent toe te pas.

(Handleiding AS 1990: p 71-74)

36 RIGLYNE VIR PERSOONLIKE KERKVISITASIE

1 'n Amptelike besoek

Persoonlike visitasie is 'n amptelike besoek aan 'n gemeente deur afgevaardigdes van die ring (visitatore) en behels 'n ontmoeting met die kerkraad, die leraar (s) en die gemeente in konferensie.

2 'n Navraag

Visitasie is 'n navraag oor hoe dit met die gemeente gaan (Handelinge 15:36). Dit moet sy amptelike karakter behou as deel van die opsig wat die ring in staat stel om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom. Dit is nie 'n "terloopse besoek" nie, maar

mag ook nie ontaard in 'n "inspeksiebesoek" of 'n "klaagbank" nie. Dit behou daarom die karakter van broederlike gesprekvoering rondom besprekingsvrae wat moet lei tot grondiger kennis van die gemeente met die oog op hulp, inligting, advies en bemoediging van die gemeente.

3 Hantering van probleme

Indien probleme in 'n gemeente geïdentifiseer sou word wat die aandag van die ring volgens KO Art 12 of Art 58 ev mag verdien, hanteer die visitatore dit nie self nie, maar hulle rapporteer dit so spoedig moontlik aan die ringskommissie wat verder daarmee handel volgens die bestaande bepalings. Probleme wat nie KO Art 12 en Bep 58 raak nie, kan deur die visitatore in hulle diskresie, met takt en omsigtigheid, hanteer word.

4 Terrein

4.1 Ten einde deurlopend aandag te gee aan die sake in Bep 31.7 genoem, voer die visitatore gesprek met die kerkraad as geheel, die kerkraad sonder die leraar(s) en die leraar(s) afsonderlik.

4.2 Die ring besluit telkens watter dienswerk in 'n bepaalde jaar besondere aandag moet geniet. Die ringskommissie wat verantwoordelik is vir die bepaalde werksaamheid, kan versoek word om 'n aantal besprekingsvrae vir die kerkvisitasie saam te stel. Die ooreenstemmende sinodale kommissie kan gevra word om insette te lewer.

5 Afhandeling

Die visitasie in al die gemeentes word voor die einde van Julie voltooi en die verslae van die visitatore word aan die ringskriba versend teen 'n datum soos deur die ring bepaal. (Die Finansiële verslae [vorms A en B] word aan die ringskriba en die afskrifte van die Lidmaat- en Dooplidmaatregisters aan die Argiefkommissie teen bepaalde datums versend.)

6 Die visitatore

6.1 Die ring benoem die visitatore in een of meer groepe van drie lede elk en wys die gemeentes aan wat deur hulle besoek moet word. Een van die drie lede van 'n groep moet 'n ouderling wees. Twee lede vorm 'n kworum.

6.2 Indien die ring so verkies, kan die konsulent van 'n bepaalde gemeente een van die visitatore wees. Ander faktore wat by die aanwysing van visitatore in aanmerking geneem kan word is ervaring, geskiktheid en takt, kontinuïteit en afwisseling.

7 Die besoek

7.1 Die visitatore reël betyds met die betrokke kerkraad in verband met die voorgenome besoek aan die gemeente.

7.2 Die ideaal is dat die visitatore die gesprek met die kerkraad op 'n buitengewone kerkraadsvergadering voer. Wanneer die visitatore se besoek in 'n gewone kerkraadsvergadering plaasvind, moet die voorsitter toesien dat daar genoeg tyd daarvoor afgestaan word. Die visitatore kan ook 'n kommissie van die kerkraad in plaas van die kerkraad ontmoet.

7.3 Die plaaslike leraar tree as voorsitter van die vergadering op. Die voorsitterskap word deur 'n ouderling, deur die vergadering aangewys, waargeneem slegs wanneer die werk van die leraar en sy/haar verhouding met die gemeente/kerkraad/medeleraar in sy/haar afwesigheid en met sy/haar instemming bespreek word.

7.4 Dit is noodsaaklik dat die visitatore die kerkraad se opmerkings oor die werk en verhoudings van die leraar(s), positief en/of negatief, onmiddelik na hierdiegesprek ter vergadering aan die leraar oordra ten einde hom/haar die geleentheid te gee om daarop te antwoord. Die visitatore moet die geleentheid benut om die goeie verhouding en samewerking tussen leraar en kerkraad te bevorder. Daar moet gewaak word dat hierdie gesprek nie verwydering tussen hulle skep of bevorder nie.

8 Konferensie met gemeente

Die visitatore lei die konferensie met die gemeente. 'n Bepaalde onderwerp kan met die gemeente behandel word in aansluiting by die diensterrein wat die betrokke jaar besondere

klem ontvang. Indien die konferensie ná die ringsitting plaasvind, kan aspekte van die herderlike brief aan die gemeente voorgehou word.

9 Besoek kerkkantoor

Die visitatore bring besoek aan die kerkkantoor met die oog op verslag oor die hou en bewaring van die finansiële boeke, notules, registers, korrespondensie, esm, asook die samewerking met die ringskriba en die saakgelastigde.

10 Verslag aan en deur ring

10.1 Die visitatore lewer verslag aan die ring oor elke gemeente afsonderlik. Die ring neem hierdie verslae in behandeling en doen aan elke kerkraad verslag.

11 Reiskoste

Die reiskoste verbonde aan die besoek van die visitatore word uit die ringsfonds gedek.

12 Moontlike gespreksvrae by kerkvisitasie

12.1 Ampte

* Word daar probleme ondervind om genoeg kerkraadslede te verkry?
* Waaraan skryf die kerkraad dit toe dat daar geen probleme/wel probleme bestaan?
* Maak die kerkraad gebruik van 'n kommissie van pre-advies by die verkiesing van kerkraadslede, en hoe funksioneer dit (Bep 15.4.3)? Word die gemeente op enige wyse by die verkiesing van kerkraadslede betrek?
* Maak die kerkraad seker dat verkose kerkraadslede as lidmate van die gemeente geregistreer is, en word daar aan die vereistes van kennisgewing en afkondiging voldoen (Bep 15.10, Bep 15.5, 15.3.2)?
* In watter mate is die kerkraadslede getrou in die uitvoering van hulle ampte soos in die bevestigingsformulier en die betrokke kerkorde-artikels beskryf (Art 16 en 17)?
* Hoedanig is die onderlinge gesindheid en samewerking in die kerkraad?
* Indien van toepassing: is die pligte van die leier-ouderling en -diaken, en die bevoegdhede en taak van die dagbestuur duidelik omskryf?

12.2 Die arbeid van die kerk

12.2.1 Erediens

* Hoe gaan dit met die eredienste: waarneming, bywoning esm (KO Art 48)?
* Hoe dikwels word die Nagmaal gevier, en hoe word nuwe belydende lidmate en besoekers daarby betrek (Bep 49.2)?
* Watter reëlings tref die kerkraad ivm die bediening van die doop (Bep 49.1)?
* Hoe ervaar die gemeente die prediking aan die hand van die Belydenisskrifte (KO Art 48.5)?
* Meen die kerkraad dat die prediking gedurende die Kerstyd, Lydenstyd, Paasfees, Hemelvaart en Pinkster doeltreffend was (Bep 48.1)?
* Oordeel die kerkraad dat die prediking Skrifgetrou en aktueel is (KO Art 48.4)?
* Hoe word die gemeentesang bevorder?
* Is die kerkraad tevrede dat daar by die voorgeskrewe erediensorde gehou word (Art 48.2)?

12.2.2 Jeugbediening (KO Art 50)

* Watter aandeel neem die leraar en die ouderlinge in die kategese?
* Is daar enige probleme met die organisasie van die kategeseskool?
* Sien die kerkraad toe dat die voorgeskrewe leerplanne en handboeke gebruik word?
* Hoe handel die kerkraad met volwasse dooplidmate en ander volwassenes wat belydenis van geloof wil aflê?
* Hoe gaan dit by die JKJA, SKJA en BKJA?
* Hoe is die kerkraad by die jeugaksies betrek?

12.2.3 Herderlike sorg (KO Art 51)

* Was daar groei of afname in die aantal lidmate - vanweë watter faktore?
* Wat is die prosedure met inkomende lidmaatsertifikate (Bep 26.4 en 26.5)?
* Hoe is dit gesteld met die huisbesoek en ander pastorale besoeke van die leraar (s), ouderlinge en diakens?
* Op watter wyse word aandag gegee aan die bevordering van 'n gesonde huweliks- en gesinslewe en hoe word huwelikskprobleme in die gemeente hanteer?

12.2.4 Gemeentebediening (KO Art 52)

* Weet die kerkraad van kerkvervreemde persone binne die gemeentegrense, en hoe is daar tov sodaniges opgetree?
* Op watter besondere maniere word die gemeentelede toegerus vir hulle getuienistaak?

12.2.4.1 Vrouediens

* Op watter wyse skakel die vrouelidmate as belangegroep in die gemeente met mekaar, met ander lidmate en met die kerkraad?
* Noem enkele hoogtepunte van die werk van die vrouelidmate.
* In watter mate is die vrouelidmate buite gemeenteverband betrokke, byvoorbeeld by rings- en sinodale projekte en byeenkomste?
* Is daar enige aanbevelings (bv wenke, bande, video's, kursusse, sprekers, boeke, programmateriaal of ander hulpmiddels)?

12.2.5 Sending en Evangelisasie (KO Art 53)

* Hoe is die sendingsaak onder die aandag van die gemeente gebring en tot watter mate is die gemeente bewus van sy sending- en evangelisasieroeping?

12.2.6 Diens van barmhartigheid (KO Art 54)

* Hoe funksioneer die diakonie?
* By watter aspekte van die diens van barmhartigheid is die kerkraad nouer gemoeid (inrigtings, CMR, CAD)?

12.2.7 Dienswerk van gelowiges (KO Art 55)

* Hoe skakel die kerkraad met die Vrouediens en in watter mate word die werksaamhede van kerkraad en Vrouediens gekoördineer?
* Geniet die kerkraad finansiële steun van die kant van die Vrouediens?

12.2.8 Leer en Aktuele sake (KO Art 56)

* Tot watter mate funksioneer die kerkraad se kommissie vir Leer en Aktuele sake?

12.2.9 Stoflike aangeleenthede (KO Art 57)

* Hoe behartig die kerkraad die gereelde insameling van dankoffers en ander fondse om die finansiële verantwoordelikhede van die gemeente na te kom?
* Hoe kontroleer die kerkraad sy inkomste en uitgawes en is die gemeente op hoogte van sy finansiële omstandighede?
* Verloop die administrasie van die gemeente behoorlik en vlot?

12.3 Kerklike opsig en tug (KO Art 58 ev)

* Dra die kerkraad kennis van die KO Artikels insake die kerklike tug?
* Kan die kerkraad die reglemente vir die uitoefening van die kerklike tug en die beslegting van geskille hanteer?

12.4 Kerkraad in afwesigheid van die leraar(s)

* Is die kerkraad genoegsaam bekend met die werksprogram van die leraar en word daar van tyd tot tyd met hom/haar daaroor gesprek gevoer?
* Kan die kerkraad meer hulp aan die leraar bied om sy/haar werksprogram uit te voer en te sorg vir 'n behartigbare en groeiende effektiewe bediening?
* Is die verhouding tussen die kerkraadslede en die leraar(s) na wense? En tussen gemeente en kerkraad? Gemeente en leraar(s)?

* Is die kerkraad op hoogte van die finansiële verpligtinge teenoor die leraar en word dit getrou nagekom (Bep 13)?
* Word daar behoorlik aantekening gehou van die vakansieverlof en die langverlof wat die leraar(s) toekom (Bep 13)?
* Enige saak wat die kerkraad met die visitatore wil bespreek, of wat die visitatore aan die kerkraad wil stel.

12.5 Vrae aan leraar alleen

* Hoe getrou is die leraar in die uitvoering van sy/haar amp volgens KO Art 9?
* Is hy/sy nog steeds oortuig van sy/haar roeping en vervul hy/sy dit met entoesiasme?
* Hoe ervaar hy/sy sy/haar verhouding tot die kerkraad, die gemeente en die medeleraar(s)?
* Gee hy/sy genoeg aandag aan die verdieping van sy/haar eie geestelike lewe?
* Is sy/haar gesin vir hom/haar tot steun in sy/haar bediening?
* Enigiets wat hy/sy met die visitatore wil bespreek of die visitatore met hom/haar.

37 LYS VAN SPESIALE KOLLEKTES EN BYDRAES WAT DEUR GEMEENTES OORWEEG KAN WORD

(Let wel: Kollektes en bydraes moet nie aan die Sinodale Kerkkantoor gestuur word nie, maar direk aan die betrokke instansie/inrigting/organisasie)

1 Vir die bearbeiding van seelui in die hawens van Port-Elizabeth en Oos-Londen (Biblia) (Sinode 1979)
2 Vir die Evangelie aan die Eilande deur radioprogram F.E.B.A. (Sinode 1979)
3 Vir Christelike Lektuurfonds (Sinode 1979)
4 Kollektes vir die GEM Geloftefonds op Geloftedag of op die vorige Sondag (Sinode 1979)
5 Vir Sending onder Kommuniste (Sinode 1979)
6 Bydraes vir VCSV
7 Vir die Maatskappy vir Immigrasie (MVI)
8 Jan Kriel Skool
9 Sendingnoodfonds
10 Kapelanefonds
11 Siekesorg (Hospitaalleraar)
12 Studentebearbeiding
13 Arbeidsbediening
14 Werk onder Andertaliges
15 Transnetbediening
16 Bybelgenootskap van Suid-Afrika
17 Connie Humanfonds
18 De la Bat-skool (gehoorgestremdes)
19 Pionierskool (gesiggestremdes)
20 Welbedacht Terapeutiese Sentrum
21 Hugenote Kollege
22 Kinderoord MTR Smit
23 Oosterland Kinderhuis
24 Stellenbosch Kweekskool
25 VGK - Opleiding van Leraars
26 Livingstone Hospitaalbediening
27 Kampbediening (Besluit 2002)

-oo0oo-

ALFABETIESE SAKEREGISTER

Hierdie sakeregister poog nie om volledig te wees nie – die mees algemene trefwoorde word gegee. Waar ‘n reglement oor ‘n bepaalde saak handel, bv bevoegdheid van predikante en proponente, word slegs enkele trefwoorde gegee – gebruikers van die Kerkordeboek word verwys na die inhoud van die reglement as geheel. 'n Volledige lys van reglemente, vorms en funksionele besluite kan gevind word in die Inhoudsopgawe.

A

aanbevelings
- van kommissies ---- 82
aanmelding
- jaarlikse ----203
aanname
- van beroep ---- 11
aanvangsdatum ----6
Achterbergh II----207
Adventstyd---- 48
adviserend
- geen stem ---- 83
afgevaardigde
- na sinode ---- 38
afgevaardigdes
- na Algemene Sinode---- 39
afsnyding---- 66
afsterwe
- bedienaar van die Woord---- 19, 91
- van leraar ---- 20
aftree-ouderdom ---- 19
afvaardiging
- meerdere vergaderings ---- 28
- van tentmaker ----155
akademiese vereistes----144
akte
- van bevestiging---- 12, 93
- van demissie---- 10, 11, 12, 15, 16
- van demissie by emeritaat---- 19
- van legitimasie----10, 11, 93, 147
aktuarius ----19, 39, 93, 102
Algemene Sinode
- afgevaardigdes na---- 39
- frekwensie van vergaderings ---- 46
- samestelling van ---- 45
- taak van ---- 46
- werksaamhede van ---- 46
amendement ---- 82
amp
- van diaken---- 23
- van ouderling ---- 22
- van predikant ---- 12
ampsbevoegdheid ---- 14
- verlening van----5
- verlies van ---- 14
- vertoë oor----125
- wegneem van----5
ampsdraers
- opsig oor ---- 63
ampspligte
- bedienaar van die Woord---- 13
- predikant ---- 12
ampte ----212
- besondere ----4
- gelykwaardig----4
- onderskeiding van ----4
- verantwoordlikheid van ----12
amptelike verklarings
- namens die kerk ----211
apologie ----81
appèl
- besluite van kerkrade----25
- by diensbeëindiging----17
- na Sinodale Kommissie----42
- teen besluit van vergadering ----24
- teen besluite van Algemene Sinode----25
- teen besluite van ring----25
- teen besluite van sinode----25
- teen tugmaatreëls ----68
appèlkommissie
- van die ring---- 9, 25
- van die sinode----25
appèlprosedures----24
approbasie ----4, 129
arbeidsverhoudinge
- riglyne vir ----190
arbeidswetgewing ----190
argief----61
argief- en museummateriaal----106
assessor ----39
attestaat----10, 12, 30
- by bevestiging----10
- duplikaat ----30
- reis ----30
- tydsgeldigheid----30

B

barmhartigheidsprojekte ----58
bedienaar van die Woord----4, 6, 48
- afsterwe van ----20
- ampsbevoegdheid---- 5
- ampspligte----12, 13
- bedanking van----19
- beroep van ---- 5
- emeritering ----19
- finale diensooreenkoms ---- 6
- in diens van kerkverband---- 5
- versorging van ----17
bedieningsontwikkeling ----122
bedieningsvaardigheid
- van predikant ----15
begrafnis ----12
behuising ----18
behuisingsvoordele
- by diensbeëindiging----16
Belharbelydenis ----205
belydenis
- wysiging van ----47
belydenisaflegging ----13, 52
belydenisskrifte----46, 51
beroep ----4, 7, 20, 205, 212
- advies van kerkraad ----10
- bedienaar van die Woord---- 5

- bekendmaak van---9
- beswaar teen ---5, 9
- betrokkenheid van gemeente by---8
- by gemeentes in kominasie ---8
- kennis van ---9
- ongeldig verklaar---8
- uitstel van ---7
- van konsulent---9
- van predikant ---14
beroep op Algemene Sinode---25
beroepbaarheid---191
- word bepaal deur ---7
beroepene
- beswaar teen ---5, 10
- kennis aan ---9
beroeping
- onderhandeling tydens ---7
- van bedienaars van die Woord---7
- van leraars---8
beroepsbrief---11
- afstuur van---5
- bepalinge in ---6
- onderteken ---10
- ondertekening van---8, 9
- opstel van---5
- pro forma---6
- versending van ---9
- wat is ~ ---6
beroepsontwikkeling
- van predikant ---17
beroepstelsel
- misbruike---210
beroepsvergadering---5, 87
- afkondig van ---8
beskrywingspunte---40
beslissende stem ---80
besluit
- van vergadering---84
besluite
- bindingsgesag ---24
- krag van ---88
- uitvoering van---88
bestuursgids vir diensverhoudinge ---190
beswaarskrif---25
besware
- teen beroep ---9
bevestig ---4, 202
bevestiging ---91
- in diens van kerkverband ---10
- kennis van ---11
- met oplegging van hande---10
- prosedure by---11
- spoedig moontlik---11
- sterf voor---18
- van gemeenteleraar---10
- van huwelike ---12
- van kerkraadslede---13, 22
- van proponente---10, 11
- wanneer---6
goekeuring tot ---11
bevestigingsrede---11
bevoegdheid
- appèl by verlies---17
- as met ander kerke/organisasies saamwerk---189
- as proponent behou---13
- na termynpos ---14
- proponent---13
- verlies van ---123
bevoegdheidsregister---123, 125
buitelandse bediening ---204
burgerlike hof ---24
Bybelverspreiding ---43
Bybelvertaling ---46

C

Christelike feesdae---12
colloquium doctum ---5, 69, 124, 146, 147, 199
curriculum vitae ---7, 143, 210

D

daggeld---100, 101
demissie ---10
- by emeritaat---19
- datum van ---12
- skep vakature ---7
- verlening van ---11
diaken ---4
- amp van---23
- gereelde aftrede ---20
- verantwoordelikheid van---23
diens van barmhartigheid---57
- kommissie van kerkraad---58
diensaanbod
- beroepene---6
diensbeëindiging---14, 17
- appèl by---17
- bedryfsvereistes ---15
- finansiële onvermoë ---15
- prosedures by ---15
- rol van ring ---15
- van predikant ---14
- voorsiening by---16
diensjaar ---18
dienslewering
- van predikant ---15
diensomskrywing ---6
diensooreenkoms---6, 10, 12
- finale---6
- nie-predikante ---61
- tentmaker---155
- tot stand kom van ~---6
- wysiging van---6
dienstermyn
- diakens---20
- ouderlinge ---20
- van kerkraadslede---22
diensverhouding ---190
- kommissie vir ---10, 14
- nie-predikante ---61
diensverpligtinge---6
diensvoordele---6, 154
dienswerk van die gelowiges ---59
Direkteur Administrasie ---19, 38, 41, 43, 60, 90
- aanstelling van ---42, 97
- aftrede van ---95
Direkteur Begeleiding---38, 41, 43, 90
- aanstelling van ---42
dissiplinêre
- optrede---13
doop---13, 31, 49
- bediening van ---49
- besware teen ---50
- in pleegsorg---193
- kinderhuiskind---193
- reëlings in verband met---50
doopgetuie(s) ---49

dooplidmate
- skoolkoshuise----------52, 190
Dordtse Leerreëls----------3, 12, 48, 145, 148, 156

E

egskeiding ----------212
eiendomskommissie
- van kerkraad ---------- 60
eksamenkommissie
- samestelling van ----------5
- taak van ----------5
ekumeniese beleid---------- 71
ekumeniese betrekkinge ---------- 70
ekumeniese kommissie
- taak en funksie ---------- 74
ekumeniese verhoudinge
- buite RSA ---------- 75
emeritus
- hertoelating tot bediening---------- 20
- ouer as 65 jaar ---------- 14
emolumente ---------- 10
erediens ---------- 48
evangeliedienaar
- opleiding van---------- 39
evangeliedienaars ---------- 77
- opleiding van----------4

F

finansiële jaar
- einde van ---------- 32
finansiële onvermoë---------- 14
Formuliere van Eenheid-------3, 145, 150, 156, 158, 209
- ondertekening van----------4

G

Geloftedag----------195
Geloofsbelydenis
- Apostoliese---------- 3, 156
- Athanasius---------- 3, 156
- Nicea---------- 3, 156
geloofsbrief ---------- 33
- ring ---------- 35
- voorsien aan afgevaardigdes---------- 32
gemeente
- bestaan uit---------- 28
gemeentebediening ---------- 53
gemeentegrense
- lidmaatskap oor ---------- 28
gemeentestatistiek---------- 32
gerug ---------- 64
gesag
- van kerkvergaderinge---------- 24
gesinsverantwoordelikhede ----------160
geskille
- beslegting van ---------- 24
- kerklike ----------188
gesondheid
- verswakte---------- 18
getuieniskommissie
- van kerkraad ---------- 56
getuienistaak
- uitvoering van---------- 56
getuieniswerk
- gesamentlik ----------152
getuigskrif----------10
gravamen ----------25
grenswysiginge----------35
groepversekering ----------17
grootdoop----------194
groslys
- samestelling van---------- 6

H

handoplegging----------11
Heidelbergse Kategismus ------- 3, 12, 48, 145, 148, 156
herdoop en oordoop ----------194
hertoelating----------123
hertrou----------212
homoseksualiteit----------209
homoseksuele----------203
huisbesoek
- deur ampte----------53
huweliksbevestiger ----------11, 19, 95, 203
huweliksdiens----------203
huweliksinseëning
- kerklik----------204
huweliksregister----------118

I

indiensneming----------14
interkommunie----------51
inwoning
- na afsterwe van leraar ----------20

J

jeug
- bediening van ----------51
jeugkommissie ----------51

K

kapelane ----------195
beroep van---------- 8
kassier
- reglement vir----------92
- van kerkraad----------99
kategese ----------52
kerk en onderwys----------70
kerk en staat ----------70
kerkhereniging----------204
Kerkhervorming ----------13
kerklied ----------196
kerklike huweliksinseëning ----------204
kerkraad
- desentraliseer ----------30
- kworum----------31
- samestelling ----------31
- samestelling van----------27
- taak van----------27, 31
- vergadering ----------31
- verkleinde ----------27
- voorsitter van ----------33
- werksaamhede----------31
kerkraadslede
- bevestiging van ----------22
- dienstermyn van ----------22
- verkiesing van----------20
kerkseel ----------199

kerkvergaderinge ---------- 24
kerkvisitasie ---------- 32, 35
- riglyne vir ---------- 212
kieskollege ---------- 142
kinders
- aan nagmaalstafel ---------- 200
klag ---------- 64
kollektes
- sinodale ---------- 94, 96
- spesiale ---------- 94
Kommissie van Orde ---------- 43
kommissie vir administrasie
- van kerkraad ---------- 60
kompenserende vergoeding ---------- 190
konstituering
- sinodale vergadering ---------- 89
konsulent ---------- 48
- koste van ---------- 34
- pligte van ---------- 33
kraamverlof ---------- 160
kuratorium ---------- 4, 124, 142, 144
- dissiplinêre kommissie ---------- 142
kworum ---------- 31, 80

L

langverlof ---------- 160
leer en aktuele sake ---------- 59
leergeskille ---------- 25
leesdiens
- ouderling ---------- 48
legitimasie
- met beperkte opdrag ---------- 198
legitimasieverklaring ---------- 154
- ondertekening van ---------- 4
legitimasie-verklaring ---------- 147
legitimasie-verklaring ---------- 148
leraar
- lewensonderhoud ---------- 18
lewensonderhoud
- by diensbeëidiging ---------- 17
- by diensbeëindiging ---------- 16
- by finansiële onvermoë van werkgewer ---------- 17
- by mediese ongeskiktheid ---------- 17
- van leraars ---------- 18
- van predikant ---------- 17
lidmaat
- belydend ---------- 28
- doop ---------- 29
- vertrekkende ---------- 30
lidmaatskap
- bewys van ---------- 30
- geldigheidstyd van bewys ---------- 30
- kerklike ---------- 196
- oor gemeentegrense ---------- 28
- praktiese hantering ---------- 198
- van gemeente ---------- 28
- verval ---------- 29
lidmateregister ---------- 12, 111
Liedboek van die Kerk ---------- 196, 202
lydensgeskiedenis ---------- 12
Lydenstyd ---------- 48

M

mediese fonds ---------- 17, 18
meerdere vergaderings
- afvaardiging na ---------- 28
menslikheidsverlof ---------- 160
mentorprogram ---------- 122
moderator ---------- 39
moderatuur
- van Algemene Sinode ---------- 45
- van sinode ---------- 39

N

nagmaal ---------- 13, 31, 50
- buite die erediens ---------- 50
- buite erediens ---------- 189
- frekwensie van ---------- 50, 51, 199
- in kleingroepe ---------- 200
- oop of geslote ---------- 199
- toelating tot ---------- 50
- toelating van kinders ---------- 200
nagmaalwyn ---------- 209
Nederlandse Geloofsbelydenis 3, 12, 48, 145, 148, 156
notule
- goedkeuring van ---------- 87
- ondertekening van ---------- 87
- uittreksel uit ---------- 88
- wat is ---------- 86
- wysiging van ---------- 87

O

onbekwaamheid ---------- 14, 17
onbevredigende diens ---------- 15
ondersoekliggaam ---------- 63
onderwys ---------- 70
ongedoopte kinders ---------- 29
ongeskiktheid ---------- 14
onreëlmatighede
- by beroep ---------- 9
oordoop en herdoop ---------- 194
openbare vakansiedae ---------- 160
oplegging van hande ---------- 10
opsig en tug ---------- 63
ordemosie ---------- 84
ouderling
- amp ---------- 22
- gereelde aftrede ---------- 20
- lei erediens ---------- 48
- lerende ---------- 4
- regerende ---------- 4
- verantwoordelikheid van ---------- 22
oudit ---------- 94
ouditeure ---------- 96
outeursreg ---------- 202

P

pensioenbydrae ---------- 10
pensioendekking ---------- 17
pensioenfonds ---------- 18, 20, 60, 98
- kerkraad se verpligting ---------- 60
- leraar se verpligting ---------- 60
- predikante ---------- 19
- tentmaker ---------- 155
Pinkster ---------- 48
pleegsorg
- doop van kinders ---------- 193
pre-advieskommissie ---------- 6, 7
predikant ---------- 12, 14, 122, 160
- amp van ---------- 12

- ampspligte ---- 12
- diens in kerkverband ---- 12
- diensbeëindiging ---- 14
- geskiktheid van ---- 15
- hou op om ~ te wees ---- 13
- jaarlikse aanmelding ---- 203
- lewensonderhoud ---- 17
- se vrou ---- 55
- uit ander kerk ---- 125
- verantwoordelikheid van ---- 12
- verlies van bevoegdheid ---- 19, 123
- verlof ---- 159
- verlof van ---- 18
- vir bepaalde taak beroep ---- 14
- vir bepaalde termyn beroep ---- 14
Predikante A-Z ---- 203
predikantsbevoegdheid ---- 10
predikantspos
- vakant ---- 34
prediking ---- 48
- sistematies ---- 12
primarius ---- 79
proponente
- bediening van sakramente ---- 190
- bevesting van ---- 10
proponentseksamen ---- 145
prosedures
- by diensbeëindiging ---- 15
protes
- aantekening van ---- 88
punt van orde ---- 84

R

raad van dosente ---- 5
registerafskrifte ---- 118
reglement
- argief en museum ---- 106
- bevoegdheid van predikante en proponente ---- 121
- Direkteur Administrasie ---- 94
- Direkteur Begeleiding ---- 105
- opleiding en legitimasie ---- 140
- van orde ---- 79
- vir fondse en goedere ---- 132
- vir kerkkantoor ---- 96
- vir kerklike fondse ---- 98
- vir lidmateregister ---- 111
- vir pensioenfonds ---- 120
- vir sending/getuienis ---- 149
- vir tentmakerbediening ---- 154
- vir verlof van predikante ---- 159
reisattestaat ---- 30
reiskoste ---- 18, 100, 101
- kommissielede ---- 94
rentmeesterskap ---- 59
repliek ---- 82
revisie ---- 24, 84
- prosedure by ---- 85
ring
- kennisgewing van vergadering ---- 34
- opsig en tug ---- 35
- samestelling van ---- 34
- samstelling van ---- 34
- skriba ---- 35
- werksaamhede ---- 35
ringsfonds ---- 37, 99
ringskommissie ---- 7, 31, 37, 86, 87, 109, 128
- onderteken akte van demissie ---- 19
- samestelling van ---- 36, 41
- vir administrasie ---- 60
- voorsitter ---- 35

S

Sabbatsjaar ---- 204
sakramente ---- 48
- bediening van ---- 12
- deur proponente ---- 191
sangbundels ---- 202
sekondant ---- 82
sekundus ---- 79
- vir ringsafgevaardigdes ---- 34
sending ---- 56
sensusdatum ---- 32
sensuur ---- 66
siekteverlof ---- 159
sinodale
- aanslae ---- 94
- kollektes ---- 94, 98, 99
Sinodale Bystandsfonds ---- 99, 103, 104
sinodale dankoffers ---- 33, 37, 98
sinodale fondse ---- 99
Sinodale Hulpfonds ---- 96
- doel ---- 102
sinodale kollektes ---- 33, 96
- jaarliks vasgestel ---- 96
Sinodale Kommissie
- samestelling van ---- 41
- samestelling van dagbestuur ---- 43
- take van dagbestuur ---- 43
- vergadering van ---- 41
- werksaamhede van ---- 42
Sinodale Kommissie vir Begeleiding ---- 44
Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge ---- 44
Sinodale Regskommissie
- samestelling van ---- 44
- take van ---- 44
sinode
- afgevaardigde na ---- 38
- afvaardiging na AS ---- 45
- bevoegdhede ---- 39
- biddag vir ---- 39
- bindingsgesag van besluite ---- 39
- buitengewone vergadering ---- 39
- samestelling van ---- 38
- skriba van ---- 38, 40
- taak van ---- 39
- verslae voor ---- 40
- versoekskrif voor ---- 40
skeidingspakket ---- 16
skorsing
- diakens en ouderlinge ---- 67
skriba
- reglement vir ---- 91
- van die ring ---- 91
- van die sinode ---- 91, 102
- verantwoordelikheid van ---- 27
Skrifgebruik ---- 191
Skrifgesag ---- 191
spesiale kollektes ---- 94
standplaas ---- 7
- omruil van ---- 7, 201
- verandering van ---- 7
standplaasruiling ---- 201
stembrief
- geslote ---- 8
stemme
- staking van ---- 83

stemming
- in kerkvergaderinge ---- 83
- oor persone ---- 83
- prosedure by ---- 8
studieverlof ---- 160
stuiting ---- 65

T

telefoon
- amptelike ---- 18, 102
tentmaker
- as afgevaardigde ---- 155
- diensooreenkoms ---- 155
- pensioenfonds ---- 155
tentmakerbediening ---- 154
tentmakerspos ---- 20
teologiese fakulteit ---- 5
teologiese opleiding ---- 144
termynbepaalde pos ---- 14
tiendes
- gee van ---- 211
toelating tot die bediening ---- 4
traktement
- bepaling van ---- 8
- na afsterwe ---- 20
trustfondse ---- 99, 104
tug
- kerklike ---- 15, 42, 62, 211
- ring ---- 35
kerklike ---- 30, 195
tughandeling ---- 6
tugmaatreëls ---- 66
- appèl teen ---- 68
- belydende lidmate ---- 66
- dooplidmate ---- 66
- evangeliedienaars ---- 67
- opheffing van ---- 68
- ouderlinge en diakens ---- 67
tugondersoek
- vereistes vir ---- 65
tugoptrede ---- 13
tugwaardige sondes ---- 63
tydelike fondsekommissie ---- 41
tydelike kommissies
- van sinode ---- 40
tydelike regskommissie ---- 40

U

uittreeloon ---- 16

V

vakansiebonus ---- 18
vakant(e)
- predikantspos ---- 34
vakature
- aanvulling van ---- 7
- dieselfde ---- 8
vakatures ---- 7
- langdurige ---- 7
- ontstaan van ---- 7
vergaderinge
- gesag van ---- 24
verlof
- uitbetaal van uitstaande ---- 17
- van predikante ---- 18
verslae
- voor sinode ---- 40
versoekskrif ---- 40
vervoerkoste
- by verhuising ---- 18
vervoertoelaag ---- 18
volstrekte meerderheid ---- 83
- by beroep ---- 8
voorlopige ondersoek ---- 65
voorsitter
- afwesigheid van ---- 81
- pligte van ---- 80
- verantwoordelikheid van ---- 27
voorstel ---- 82
voortgesette bedieningsontwikkeling ---- 148, 203
vrouelidmate ---- 55
vrye vereniging ---- 70
Vrymesselary ---- 212

W

wangedrag ---- 14, 15
wêreldsending ---- 57
werkgewer ---- 14, 17
Werkloosheidsversekeringsfonds ---- 160
werknemers ---- 14
werksaamhede
- van Algemene Sinode ---- 46
woningstoelae ---- 18, 96
wykskerkraad ---- 28